# DIE BRITSE VEROWERING

# VAN DIE KAAP IN 1795.

University of Cape Town

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

Opgedra

aan my moeder, Albertha Magdalena Nel.

# DIE BRITSE VEROWERING VAN DIE KAAP IN 1795.

deur

HENDRIK FREDERIK NEL

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte aan die

UNIVERSITEIT KAAPSTAD.

Desember 1967

------oOo------

Promotor

PROF. DR. E. AXELSON.

## VOORWOORD

Die hoofnadruk van hierdie verhandeling val op die militêre operasies wat daartoe gelei het dat die Kaap in 1795 deur Brittanje verower is. Alvorens dit beskryf word, word aandag geskenk aan die toenemende strategiese belangrikheid van die suidpunt van Afrika teen die einde van die 18de eeu, wat Engeland se belangstelling in die Kaap, veral vanweë sy handel met Indië laat verskerp het en 'n besetting van hierdie gewes vir hom dringende noodsaak gemaak het. 'n Gunstige klimaat vir dergelike optrede is in hierdie stadium geskep deur die politieke onstabiliteit in die Nederland, asook die ekonomiese insinking en binnelandse onrus, veral in die grensdistrikte, aan die Kaap. Voeg ook hierby die geringe weerbaarheid van dié nedersetting van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie.

Ten slotte, word getrag om redes te vind vir die Kapenaars se neerlaag en die Britte se militêre welslae deur 'n ontleding van die rol van verskillende persone en instansies aan die Kaap aan die kryg, mitsgaders deur die beproefde krygsnorme as maatstaf aan te lê.

Die belangrikste bronne wat by die beskrywing van die militêre operasies gebruik word, is die ooggetuie verslae van lt. Marnitz, H.D. Campagne en C.L. Neethling, benewens 'n beskrywing deur Sluysken, in sy Verbaal, van wat plaasgevind het. Hoewel 'n mens moet aanvaar dat die werk van eersgenoemde drie here deur vooroordeel gekleur is, omdat hulle die burgers se optrede heftig verdedig en 'n felle afkeur van die optrede van Sluysken en die militêre bevelhebbers openbaar, is daar genoegsame ander bewyse om die meeste van hulle bewerings te staaf.

My hartlike dank aan my promotor, prof. dr. E. Axelson vir sy gewaardeerde hulp en raad en kmdt. C.M. Bakkes en mnr. A. Davey vir gawe wenke. Les bes 'n woord van waardering aan die Vlootgimnasium, die bibliotekaresse van die Militêre Akademie, mev. C.M. Müller, en mev. F. Bracher vir hulle bydraes.

INHOUD.

Bladsy

HOOFSTUK I.

Inleiding ... ... ... ... ... ... ... ... ... 1

HOOFSTUK II.

Die Weerbaarheid van die Kaap onder die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie teen die Einde van die Agtiende Eeu ... ... ... 14

HOOFSTUK III.

Die Koms van die Britte na die Kaap:-

(1) Die Strategiese Belangrikheid van die Kaap vir Brittanje en die Diplomatieke Voorspel tot die Verowering ... ... ... ... ... ... ... 28

(2) Die Voorbereiding en Koms van die Britse Mag om die Kaap te Verower ... ... ... ... ... 40

HOOFSTUK IV.

Aankoms van die Britse Eskaders onder kmdoor. Blankett en adml. Elphinstone in Valsbaai .. ... ... ... ... ... ... 48

HOOFSTUK V.

Die Ontruiming van Simonsbaai ... ... ... ... ... ... 73

HOOFSTUK VI.

Die Slag van Muizenberg .. ... ... ... ... ... ... 85

HOOFSTUK VII.

Skermutseling by Sandvlei en die Terugtog na Wynberg ... ... 99

HOOFSTUK VIII.

Aankoms van die Britse Versterkings en Voorbereiding vir 'n Aanval op die Kaap ... ... ... ... ... ... ... ... 112

HOOFSTUK IX.

Verowering van Wynberg en Kapitulasie ... ... ... ... 134

HOOFSTUK X.

Slotsom:-

(1) Die Rol van die Kommissaris-Generaal, Militêre Bevelhebbers, Garnisoen en Burgermilisie Tydens die Verowering van die Kaap ... ... ... ... ... ... 150

(2) Die Toepassing van Erkende Krygsnorme op die Militêre Operasies .. ... ... ... ... ... ... ... 165

Bylae .. ... ... ... ... ... ... ... ... ... 172

Literatuur en Bronne ... ... ... ... ... ... ... 184

## HOOFSTUK I

## INLEIDING

As Nederlandse handels- en ververversingspos, wat 'n onmisbare skakel met dié land se besittings in die Ooste gevorm het, sou enige Europese konflik waarby Holland betrokke geraak het, die posisie van die Kaap aantas. Weens dié nou verbintenis mét en afhanklik ván die moederland, sou ook die interne politieke en ekonomiese woelinge in die Nederland aan die Kaap weerspieël word.

Teen die einde van die Sewentiende Eeu het die Nederland die toppunt van sy luister, mag en welvaart bereik en dientengevolge 'n regmatige plek in die voorgestoelte van Europese nasies beklee. Die grondslag hiervoor is deur 'n ongeëwenaarde handelsopbloei gelê, wat aan die staat die materiële stukrag besorg het om ook 'n kragtige buitelandse beleid te volg. In Europa kon Holland hom in die heftigste Europese twiste handhaaf en terselfdertyd in verre lande oorsee 'n waardevolle koloniale ryk opbou. Op vrywel elke terrein van die volkslewe is die Nederlandse Goue Eeu ingelui en was die stigting van 'n volksplanting aan die suidpunt van Afrika 'n uitvloeisel hiervan.

Die verhouding tussen die Nederlandse staat en die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie was veral baie intiem en die lotgevalle van die één sou sy onmiskenbare invloed op die ander hê. Die handelsopbloei het tot die stigting van die Kompanjie gelei en bygevolg sou die agteruitgang van die staat ook vir die handelsmaatskappy noodlottig wees. Dat daar 'n noue verbintenis tussen maatskappy en staat was, kon aan die feit herken word dat die staat nominale soewereiniteit oor al die besittings en beoogde besittings van die maatskappy van die Kaap af weswaarts en van die Straat van Magellaan ooswaarts, geëis het; die Nederlandse regering twintig persent van die aandele in die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie besit het en van die vooraanstaande staatkundige leiers ook direkteure van dié maatskappy was.[1)]

Nadat die Nederland die toppunt van sy mag in die sewentiende eeu bereik het, was dit besig om in agttiende eeu agteruit te gaan. Waar dié land tevore maritieme en handelsvoorrang in Europa geniet het, het dit nou tot onbeduidenheid verval. Hierdie toestand is deur die uit-

---

1) Walker, Eric A. : A History of South Africa, (2de Uitgawe.) Londen, 1941, p.27.

puttende stryd teen Lodewyk XIV van Frankryk ingelui, wat die Nederlandse handel geknou en die Nederlanders met skuld opgesaal het. Toe Engeland 'n bondgenoot van die Nederland teen Frankryk word, is daar ooreengekom dat Engeland die verantwoordelikheid op see sou aanvaar en Nederland dié op land. Die Hollandse vloot sou voortaan verwaarloos word omdat die handelaars verkies het om hulle handelsware in die beter beskermde Britse skepe te versend.[2] Holland se deelname aan die Oorlog van die Gewapende Neutraliteitsverbond (1780-84), het sy handel en skeepvaart die genadeslag toegedien. Die Nederlandse seemag was glad nie meer teen die Engelse skepe, wat getalsterkte en uitrusting betref, opgewasse nie en 'n groot aantal handelsvaartuie, waaronder ook Oos-Indiëvaarders is deur die Engelse gebuit. Soos hulle Portugese voorgangers het die Nederlanders gevind dat die instandhouding van só 'n uitgebreide handelstelsel té uitputtend vir hulle beperkte bronne en mannekrag was.

Ook op ekonomiese gebied was die toestand in die Nederland besig om te verswak. Wetenskaplike boerdery in die Engeland van Turnip Townshend en die koring wat Europa ten gevolge van Katarina se verowering van Odessa vanaf Suid-Rusland binnegevloei het, het die bloeiende Hollandse koringhandel 'n harde slag toegedien.

Deur hom met die lotgevalle van die staat te identifiseer is die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie baie direk en uiters nadelig deur die agteruitgang van die Nederland op staatkundige en ekonomiese gebied geraak. Die Kompanjie kon die konkurrensie van Engeland, wie se beheer oor die see hom 'n geweldige kommersiële voorsprong gegee het, en ook Frankryk, nie verduur nie en moes eindelik by die staat om geldelike ondersteuning smeek om dreigende bankrotskap af te weer. Selfs staatshulp kon die finansiële verval nie stuit nie en in 1795 beloop die skuld van die Kompanjie 117 miljoen gulde.[3]

Toenemende ekonomiese verskille tuis het die politieke verskille verskerp. Twee partye, het lynreg met mekaar gebots: die Oranjeparty en die Patriotte. Die Oranjeparty was die ondersteuners van die Huis van Oranje, wat meegewerk het om die Prins van Oranje, Willem V, lewenslank Stadhouer te maak; hom in die amp van generaal en kaptein-generaal

---

2) Bleby, A.S. : South Africa and the British Empire, Kaapstad, 1912, p.76.

3) Gie, S.F.N. : Geskiedenis van Suid-Afrika, (2de Uitgawe.) Stellenbosch, 1928, Dl. I, p.211.

te herstel en hom op die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie as direkteur-generaal en goewerneur-generaal af te dwing.

Die winde van liberalisme het egter vanaf Brittanje en Frankryk oorgewaai en 'n toenemende reaksie het teen die groeiende mag van die monargie ingetree. Ook in die grondwet van die Verenigde State van Amerika het die Patriotte (t.w. die Demokrate) in die jare tagtig 'n lewendige belangstelling getoon. In besonder het die Gelderse edelman, Joan Derk van der Capellen tot den Pol, wat deur die Amerikaanse denke beïnvloed is, as leier van die Patriotte na vore getree en die simpatie wat hý en sy geestesverwante met die Amerikaanse koloniste betoon het, moes noodsaaklikerwys die verhouding tussen hulle en Willem V ernstig strem. Laasgenoemde het met sy neef, die Engelse koning, gesimpatiseer en die Amerikaners as rebelle beskou. In die vroeë tagtigerjare het dit tot 'n openlike breuk gelei en het die Demokrate 'n gesamentlike front met die regente, die ou Staatsgezinde Party, teen die politiek van die Stadhouer en die bestaande regeringstelsel gemaak.

Die partyskappe en verdeeldhede het tot 'n onrusbarende hoogte gestyg en die land voor 'n geweldige krisis te staan gebring. Deur die tussenkoms van die Pruisiese leër, wat die Nederland op 13 September 1787 op versoek van die Huis van Oranje binnegeruk het, is die orde in die land herstel en die Patriotte-organisasies met geweld die kop ingeslaan en onderdruk. Duisende Patriotte het, om 'n veilige heenkome te soek, indertyd, na die suidelike Nederland en Frankryk uitgewyk.

Gedurende die tydvak van die herstel van die Stadhouerskap, 1787-1795, was die beleid van die premier, Van Spiegel, op die Britte, wat geheel en al die Franse invloed verdring het, georiënteer.[4] In baie van die dade van die Oranjeparty was daar dan ook die hand van Harris, die Britse gesant in Holland, herkenbaar.[5] In teenstelling met die Oranjeparty, wat daarna gestreef het om sy oorheersende posisie veral met Britse hulp te handhaaf, het die Patriotte met die steun van die Franse die oorhand probeer kry.

In 1788 het die Drievoudige Verbond tussen Brittanje, Pruise en die Nederland tot stand gekom. Deur hierdie reëling het Brittanje en

4) <u>Algemene Geschiedenis der Nederlanden</u>, Utrecht, 1949, Dl. VIII, p.396.
5) <u>Ibid.</u>, p.397.

Pruise afsonderlike herversekeringsverdrae met die Verenigde Provinsies aangegaan. In albei gevalle is die stelsel van regering, wat deur die erflike stadhouer verteenwoordig is, en in die Huis van Oranje gesetel het, teen alle vorms van aanval gewaarborg; eweseer, die onafhanklikheid van die Nederlandse Republiek. Die Hollanders en Britte het mekaar vir geval van oorlog gespesifiseerde gewapende hulp beloof en geen party sou ook vrede sluit sonder toestemming van die ander nie. 'n Afsonderlike klousule het voorsiening gemaak vir vloot en militêre samewerking in die Ooste waar Britse en Hollandse offisiere vir geval 'n aanval sou plaasvind, mekaar te hulp sou kom.[6] Dit was dan ook onder handves van hierdie verdrag dat die Eerste Britse Besetting plaasgevind het. Holland het, deur hierdie verdrag te onderteken, lid geword van 'n verbondstelsel onder leiding van Brittanje wat veral teen Frankryk gemik was.

Die Patriotte wat na Frankryk uitgewyk het, het gou met die idees van die Franse rewolusie besiel geraak en 'n Bataafse Revolusionêre Komitee en Bond onder Daendels gestig, wat die bevryding van die Nederland moes aanvoor. Nadat België binnegeval is, het Frankryk op 1 Februarie 1793 gelyktydig teen Brittanje en die Nederland oorlog verklaar. Die Amsterdamse Patriotte het onmiddellik met die Franse leër in verbinding getree en revolusionêre komitees is gestig om kontak tussen die Patriotte en die Franse regering te bewerkstellig.

Toe die Franse leër in die najaar van 1794 vir Staats-Brabant binnedring, was die toestand in die Republiek baie haglik. Holland het teen hierdie tyd feitlik hulpeloos gestaan, want die Oostenrykers het die suidelike Nederland verlaat; Brittanje het weinig steun gegee en Pruise het geen vinger verroer nie. Op 16 Januarie 1795 het die Franse leër Utrecht verower en die pad na Amsterdam het feitlik oopgelê - die Nederlandse leër was in verwarring en die volk passief. In hierdie omstandighede het Willem besluit om pad te gee en saam met sy seuns in 'n vissersboot vanaf Scheveningen na Engeland te vlug. Op hierdie wyse dus, is die regime van 1787 tot 'n roemlose oorgawe gedwing.

Intussen het die afgevaardigdes van 'n groot aantal stemhebbende stede, wat op 24 Januarie in Amsterdam byeengekom het, besluit om hulle

6) The Cambridge History of the British Empire, (2de Uitgawe.) Londen, 1963, Dl. VIII, p.171.

twee dae later in Den Haag as die vergadering van die Provinsiale Representante van die volk van Holland te konstitueer. Stemming per hoof is ingevoer, die soewereiniteit van die volk is erken en die regte van die mens en burger is geproklameer. Hierdie omwenteling is in die Nederland die meeste deur die pro-Franse Comité Revolutionair bevorder, wat gevolmagtigdes deur die hele republiek gestuur het om oral die nuwe orde in te voer.[7]

Op 26 Mei 1795 is 'n verdrag met Frankryk deur die Algemene Staten aangegaan en op 27 Mei deur die Konvensie bekragtig. Met hierdie dokument is die bestaan van die Nederlandse Republiek as 'n vry en onafhanklike moondheid bevestig en die behoud van sy kolonies gewaarborg. Voorts is 'n offensiewe en defensiewe verbond gesluit, wat veral teen Brittanje gemik was. Deur hierdie verdrag het die Hollanders aan Frankryk die beheer oor die vloot en militêre magte afgestaan; die reg om 'n garnisoen in Vliesingen te plaas en ook ooreengekom om 'n oorlogskuld van 100,000,000 Hollandse gulde te betaal. Op Bataafse koste sou 25,000 Franse troepe dus strategiese posisies beset. Weens die oplê van sulke voorwaardes op 'n belangrike maritieme en koloniale moondheid is die oorlog, in stede daarvan om 'n Europese aangeleentheid te bly, in 'n wêreldwye stryd omgeskep, waarin die koloniale aspekte toenemend belangrik geword het.[8]

. . . . . . . . . .

Aan die Kaap is die laaste sewentien jaar, wat die Eerste Britse Verowering voorafgegaan het, deur toenemende ontevredenheid, onrus en beroering gekenmerk.[9] Tydens hierdie tydperk is, o.m., twee afvaardigings deur die Kaapse burgers na Europa gestuur en is versoekskrifte, waarin politieke en ekonomiese griewe vervat is, aan die Here XVII en die State-Generaal van die Nederland gerig. In hierdie stormagtige jare het die distrikte Swellendam en Graaff-Reinet hulle ook onafhanklik

---

7) Algemene Geschiedenis der Nederlanden, Dl. IX, p.1.
8) Ibid., p.9.
9) Gie, S.F.N. : Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel I, p.243.

van die Kompanjiesbestuur verklaar.

Tót 1795 is die Kaap nog steeds deur die Nederlandse bevelhebbers en amptenare as ŉ verversingspos beskou en dienooreenkomstig behandel, en is veral die ekonomiese belange van die burgers ondergeskik aan dié van die moederland gestel. Die Kompanjie was nog steeds die alleenhandelaar aan die Kaap en van tyd tot tyd is die gemoedere van die koloniste gaande gemaak deur die onbestendige en onvoldoende afsetgebied vir hulle produkte.[10)]

Ook op politieke gebied was daar ontevredenheid, want die regeringstelsel aan die Kaap het onder die wanbestuur en korrupsie van die Kompanjiesamptenare gebuk gegaan. Dit was veral die knellende monopolistiese beleid en sy weiering om sy amptenare voldoende te betaal wat die Kompanjie hier te lande duur te staan gekom het. Die Kaap, wat slegs ŉ verversingspos vir verbygaande Kompanjieskepe moes wees, het jaarliks ŉ byna ewe groot tekort aangetoon as al die ander oorsese poste saam.[11)] Hiertoe het die meer as twintig buiteposte waarvandaan koring en vleis vir die garnisoen en skepe voorsien moes word en waar 400 beamptes en ŉ groot aantal slawe werksaam was, baie bygedra. Om sy handelsmonopolie te handhaaf, moes die Kompanjie ŉ groot aantal amptenare aanhou - in 1790 was dit 1500[12)] en omdat hulle swak besoldig was, het hulle ŉ bloeiende sluikhandel gevoer, wat die Kompanjie se winste nog verder verminder het. Die landdroste in die buitedistrikte het ook nagelaat om die belastings getrou in te vorder en na die sentrale kas te laat toevloei, en slegs ŉ geringe gedeelte daarvan het Kaapstad bereik.

Die burgers was veral verbitterd omdat die slegte mark aan die Kaap in ŉ hoë mate toegeskryf moes word aan die konkurrensie wat van die Kompanjiesamptenare ondervind is. Verder was hulle gegrief deur die grootskeepse korrupsie en afpersing deur dié amptenare en weergalose geldverspilling en onreëlmatighede wat dwarsdeur die diens waargeneem

---

10) Sien Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L. verwerk en bygewerk deur Krüger, D.W. : Geskiedenis van Suid-Afrika, (2de Uitgawe.) Kaapstad, 1965.
11) Gie, S.F.N. : Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel I, p.243.
12) Ibid., p.245.

kon word.[13]

Die ontevredenheid van die burgers is geformuleer en verder aangehits deur naamlose geskrifte wat versprei is. In 'n stuk, "De Magt en de Vrijheden eener Burgerlijke Maatschappij verdedigt door de gevoelens der voornaamste regtsgeleerden opgedragen aan het oordeel der Caapse Burgerij", word aangetoon dat die heil van die volk steeds die opperste wet van die regering moet wees. Nie alleen het die volk die reg nie, maar is dit ook sy plig om regeerders wat sy ondergang bewerkstellig af te sit en ander in die plek daarvan aan te stel. Dít is 'n Goddelike en natuurlike reg! Geskrifte is nie slegs versprei nie, maar vergaderings is ook téén die Kompanjie gehou.[14]

Die Burgerpetisie van 1779, wat aan die Here XVII gerig is, was dus nie alleen 'n poging van die burgers om hulle griewe, veral die ekonomiese, uit die weg geruim te kry nie, maar om in ooreenstemming met bogenoemde opvattinge, deur die verkryging van groter verteenwoordiging in die regering, hulle belange beter te probeer beskerm. 'n Nadere Memorie is ook in 1782 deur die afgevaardigdes ingedien op grond van berigte en verklarings wat uit die Kaap ontvang is en as aanvulling vir die oorspronklike petisie moes dien. Die Here XVII het hierdie petisies in twee besluite besleg: die eerste was op 3 Des. 1783 en die tweede in 1785. Hulle bevindinge was oor die algemeen negatief en die belangrikste politieke toegewinge was dat die Raad van Justisie, wat tevore uit nege Kompanjiesdienare en drie burgerrade bestaan het, voortaan uit nege Kompanjiesdienaars en ses burgerrade saamgestel sal word.[15]

Ten spyte van die ekonomiese welvaart wat met die landing van die Franse troepe aan die Kaap en die toename in skeepsbesoek, wat tydens hulle verblyf hier, en selfs daarna, ingetree het, het die ontevredenheid onder die koloniste, nadat die eerste besluit en daarna die finale besluit van die Here XVII bekend geword het, geweldig toegeneem. Daarna tree 'n nuwe stadium in: die burgers het begin om hul af te wend van die bewindhebbers van die Kompanjie en hul oë te rig op die State-generaal van die Nederland, wat hulle geleidelik al hoe meer as hulle

---

13) Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L. : <u>Geskiedenis van Suid-Afrika</u>, p.108.
14) <u>Ibid</u>., pp. 110-111.
15) <u>Ibid</u>., pp. 116-117.

wettige soewerein beskou het.[16)]

Die ontevredenes het hulself Patriotte genoem en in 1784 'n kollege van Volksrepresentante, 'n liggaam deur die volk gekies, in die lewe geroep. Dié liggaam sou die burgers van Kaapstad en die buitedistrikte verteenwoordig, hulle belange behartig, hul voorlig en hulle besware aan die Kompanjie, of desnoods die State-Generaal, voordra, ten einde vir hulle vryheid en blywende regspleging te verseker. Die Volksrepresentante, ook Gekonstitueerdes genoem, sou gewoonweg drie maal per jaar vergader en uit hulle geledere is 'n komitee bekend as die Gekommiteerde Representante benoem om in spoedeisende gevalle op te tree.[17)]

Reeds in 1784 het die Representante hulle in drie agtereenvolgende adresse op die State-Generaal van die Nederland beroep en gevra dat daardie liggaam die Kaapkolonie teen die roekelose bewind van die Kompanjie onder sy beskerming moes neem. Hulle het ook verlof gevra om regstreeks met die State-Generaal, sonder tussenkoms van die Kompanjie, te korrespondeer. In dié adres spreek hulle die hoop uit dat hulle in staat sal wees om middele en weë aan te toon waardeur die Kolonie, "of liever deesen Volkstaat", sou kon bydra tot die roem, mag en rykdom van die Nederland, selfs al kon die Kompanjie hom nie staande hou nie. Dit blyk hieruit duidelik dat die Kaapse burgery met die Kompanjie as sodanig naastenby klaar was, maar tog nie die band met die Nederland wou verbreek nie. Die drie adresse is sonder tasbare resultaat in 1785 simpatiek oorweeg.[18)]

Die ontevrede burgers het in 1785 'n tweede afvaardiging na die Nederland, dié keer regstreeks na die State-Generaal gestuur. In hierdie petisie het hulle op die buitelandse invloede gewys, wat moontlik 'n ernstige uitwerking op die gemoed van die ontevrede burgers aan die Kaap kon hê, tensy hulle griewe uit die weg geruim word.[19)]

Die stroom van nuwe denkbeelde wat Suid-Afrika ongeveer 1778 bereik het, het die land grotendeels uit die Nederland binnegedring. Volgens Beyers lê die oorsprong daarvan hoofsaaklik by beroemde denkers van

---

16) Ibid., pp. 119.
17) Ibid., p. 120.
18) Ibid., pp. 120-121.
19) Ibid., p. 121.

daardie tye en van die verlede - selfs die ou klassieke tye.[20] In die Nederland het hulle veral hulle besieling gevind in die demokratiese rigting onder Joan Derk van der Capellen tot den Pol, wie se volgelinge ook Patriotte geheet het. Hierbenewens is hulle ook aangespoor deur die denkbeelde van die Engelse en Franse aufklärung, soos geformuleer deur manne soos Locke, Hume, Price, Adam Smith, Montesquieu, Voltaire, Rousseau en die Franse Insiklopidiste. Ook aan die Kaap weerklink dikwels die uitroep: "Vryheid en Gelykheid!"[21]

Ook die gees van vryheid wat in die Amerikaanse Vryheidsoorlog anderkant die Atlantiese Oseaan tot uiting gekom het, het die burgers beïnvloed. In 'n memorandum oor die toestand van die Kaap, wat omstreeks 1795 deur J.F. Kirsten aan die Britse owerheid voorgelê is, word verklaar dat die verset van die burgers van Graaff-Reinet, onder meer, uit die gedagte dat hulle soos Amerika onafhanklik kan wees, gespruit het.[22] Die algemene simpatie met Frankryk as kampvegter vir die nuwe denkbeelde, was vanselfsprekend.[23]

In die oë van die Kaapse Patriotte het die Kompanjie, met sy monopoliestelsel en amptenarebewind, hoe langer hoe meer sy bestaansreg verloor.[24] Dié maatskappy het terselfdertyd 'n gewisse bankrotskap tegemoet gegaan. 'n Brief van die Here XVII, gedateer 2 Oktober 1790, wat op 10 Februarie 1791 in die Kaap aangekom het, het skielik die kunsmatige welvaart beëindig en 'n nuwe tydperk van depressie en besuiniging ingelui. Dit is gevolg deur die koms van die twee Kommissarisse, Nederburgh en Frykenius, wat die inkomste van die Kompanjie moes probeer vermeerder en die uitgawes verminder.[25]

Nederburgh en Frykenius het nie daarin geslaag om aan alle misstande 'n einde te maak of die ekonomiese toestand in die algemeen te verbeter nie. In 'n verslag aan die Bewindhebbers in die Nederland het

---

20) Beyers, Coenraad : Die Kaapse Patriotte, 1779-1791, Kaapstad, 1929, p. 202.
21) Ibid., pp. 169-201.
22) Theal, G.M. : Records of the Cape Colony, 1793-1796, Londen, 1897. Sien Kirsteins: Memorandum on the Conditions of the Colony, p.168.
23) Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L. : Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 122.
24) Ibid., p. 123.
25) Gie, S.F.N. : Geskiedenis van Suid-Afrika, Dl. I, p. 243.

hulle die toestand in somber kleure geskets: die meeste burgers was geruïneer en eise om skuldvereffening was aan die orde van die dag. Weens die feit dat daar in 1791 oor die halfmiljoen kartonriksdaalders aan die Kaap in omloop was, het klinkende munt so goed as uit die Kolonie verdwyn en daardeur het vaste goed feitlik sy waarde verloor. Aan alle kante was 'n algemene gemor en verbittering teen die regering te bespeur. Belastingweiering het dikwels voorgekom en die regering kon nie meer sy gesag handhaaf nie.[26)]

Hoewel die Kommissarisse deur hulle maatreëls daarin geslaag het om die finansies van Kompanjie te verbeter en die begroting te laat klop, was die ekonomiese posisie van die burgers nou treuriger as gedurende enige ander tydperk. Die verbod op sluikhandel met vreemde skepe het baie burgers swaar getref en die belastingsdruk is erger as tevore gevoel. Bestaande belastings is ingevorder en nuwes gehef. Veral die boedel- en vendusiebelasting het die burgers in rep en roer gebring.[27)]

Ten spyte van sekere toegewings aan die burgers was die Kommissarisse se maatreëls slegs lapwerk, want die groot ekonomiese vraagstukke is nie opgelos nie. Toe hulle in 1793 hul reis na Indië voortsit, het hul die Kaap in 'n bankrottoestand agtergelaat. Nederburg het reeds voor sy vertrek uit die Nederland in 'n skrifstuk gesê: "Het banqueroet is onvermydelik".[28)]

Weens 'n tragiese sameloop van omstandighede het die Bantoeprobleem, wat kragdadige optrede van 'n sterk regering vereis het, juis na vore getree in 'n stadium toe die Kompanjie se mag aan die taan was. Die oostelike veeboere het 'n moeilike tyd deurgemaak. In 1793 het 'n groot droogte die binneland geteister en rusverstoring en wanorde het op die grens geheers. Die stryd tussen Slambie en die stamme wes van die Visrivier het toenemende onrus veroorsaak. In die winter van 1793 het die diefstalle en rooftogte van die Bantoe só erg geword dat die burgers van Graaff-Reinet self kommando's op die been gebring het. Die invalle van die Kosas het egter sulke afmetings aangeneem dat die pogings van

---

26) Ibid., p. 243; Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L. : Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 123-124.
27) Ibid., p. 124; Gie, S.F.N.: Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 246-247.
28) Ibid., p. 248.

die Boere dit nie kon stuit nie en die Suurveld ontruim moes word. Van die honderd-en-twintig plase tussen die Kowie- en Swartkopsrivier is 'n honderd-en-sestien verwoes, 'n duisend stuk vee geroof en verskeie blankes vermoor.[29)]

Een van die laaste regeringsdade van Nederburgh en Frykenius was om Honoratius Christiaan David Maynier, 'n Kaapse burger, met humanitêre neigings, as landdros van Graaff-Reinet aan te stel. Die grensbewoners het weinig vertroue in hom gehad en hulle agterdog teen hom is bevestig deur die wyse waarop hy die Tweede Kafferoorlog (1793) saam met landdros Faure van Swellendam gevoer en beëindig het. Dit het geskied sonder om die burgers se geroofde vee te herwin of te sorg vir hulle skadeloosstelling. Die Kosas het boonop nog geskenke gekry om hulle te paai! Die rooftogte het egter voortgeduur en die grens was ewe onveilig as vroeër.[30)]

Maynier het in hierdie stadium 'n rapport vir die nuwe Kommissaris-Generaal, Sluysken, oor die oorsaak van die onluste op die grens opgestel. Sy bevinding was dat die verlies van die boere nie so groot was soos wat hulle voorgegee het nie en hulle reeds genoegsaam vergoed was met die beeste wat hul uit Kafferland teruggebring het. Die skuld vir die invalle van die Kosas het hy op rekening van die blankes geplaas, want die Bantoe was 'n vriendelike en vredeliewende volk wat hulle teen die mishandeling en onreg wat hulle van die boere te verduur gehad het, moes verset.[31)]

Die finansiële toestand van die boere in die binneland, wat onder die rooftogte van die Boesmans en Bantoe gely het, is verder deur die depressie aangetas - veral die waardelose papiergeld en slegte pryse. Sluysken wou nie laat ondersoek instel na hierdie toestand nie en eindelik, in Februarie 1795, het die Graaff-Reinetters in opstand gekom teen 'n regering van wie vir hulle geen heil te wagte was nie. Veral Maynier was die skyf van hulle ontevredenheid. Nie alleen het hy die Hottentotte bó hulle begunstig en die drosters teen hulle base beskerm nie,

---

29) <u>Ibid</u>., pp. 248-9.
30) <u>Ibid</u>., pp. 249-50.
31) Ibid., p. 250. Sien Theal, G.M. : <u>History and Ethnography of South Africa, South of the Zambesi, before 1795</u>, Londen, 1922, Dl. III, pp. 289-290.

maar ook geknoei met kwitansies vir gelde deur burgers inbetaal. Die burgers was vas oortuig dat hy die mag van die Patriotte wou breek.[32)]

Op 29 Januarie 1795 het 'n aantal burgers 'n "te samestemming" onderteken en 'n week later 'n stormagtige vergadering van heemrade, oud-heemrade en burgeroffisiere op Graaff-Reinet gehou. Maynier is deur die burgers gelas om die drosdy te verlaat en na Kaapstad terug te keer. In navolging van wat in Europa gebeur het, het die opstandelinge die naam "Nasionaal" aangeneem en aangesien die Kompanjiesamptenare oranje kokarde voorgesteek het, het hulle die driekleur gedra. Hulle het die gesag van die State-Generaal van die Nederland erken, maar hulle onafhanklik van die Oos-Indiese Kompanjie verklaar. Carel David Gerotz word hulle landdros en siviele hoof, terwyl Adriaan van Jaarsveld, as president van die Krygsraad, die militêre opperbevel sou voer. Die burgers het nou finaal die gesag van die Kompanjie afgesweer en Sluysken se poging, 'n paar maande ná Maynier se uitsetting, om die Kompanjie se gesag te herstel deur 'n kommissie met O.G. de Wet, voorsitter van die Raad van Justisie, na Graaff-Reinet te stuur, sou misluk. Die vernaamste rede hiervoor was dat die kommissie geweier het om die Suurveld te besoek om self te gaan kyk hoe die Kosas dit betrek en 'n groot deel van die distrik van Graaff-Reinet verwoes het.[33)]

Ook in Swellendam speel dieselfde gebeure hom om 17 en 18 Junie 1795 af. Onder hulle selfverkose "Nasionale Kommandant", Petrus Jacobus Delport word die drosdy beset, die amptenare verjaag en 'n Nasionale vergadering ingestel met Harmanus Steyn as President. Gie beweer dat teen die middel van die jaar 1795 die gesag van die Kompanjie dus nie meer oos en noord van die eerste bergreeks erken is nie.[34)]

Daar is aanduidings dat daar baie burgers in Kaapstad en Stellenbosch was, wat met die ontevredenes gesimpatiseer het en op die punt gestaan het om die voorbeeld van Graaff-Reinet en Swellendam te volg toe

---

32) Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L. : <u>Geskiedenis van Suid-Afrika</u>, p. 125.
33) <u>Ibid.</u>, p. 125; Theal, G.M. : <u>History of South Africa</u>, Dl. III, pp. 308-09.
34) Gie, S.F.N. : <u>Geskiedenis van Suid-Afrika</u>, Dl. I, p. 251; Vgl. Theal, G.M. : <u>History of South Africa</u>, Dl. III, pp. 310-311.

die koms van die Britse troepemag op 11 Junie 1795 'n stok in die wiel hiervan gesteek het.[35] Uit die toestand van die burgery op die voor-aand van die Britse verowering in 1795, veral dié in die distrikte Graaff-Reinet en Swellendam, blyk dit duidelik dat hulle reeds hulle gesigte van die Kompanjie weggekeer het, van wie hulle geen heil meer te wagte was nie. Hulle sou dus ook geen geesdrif aan die dag lê om die ongewilde Kompanjiesbewind teen 'n buitelandse vyand te verdedig nie.

---

35) Theal, G.M. : Records of the Cape Colony; Kirstein: Memorandum on the Condition of the Colony, p.172. Vgl. Theal, G.M.: History of South Africa, Dl. III, p. 312.

## HOOFSTUK II

## DIE WEERBAARHEID VAN DIE KAAP ONDER DIE NEDERLANDSE OOS-INDIESE KOMPANJIE TEEN DIE EINDE VAN DIE AGTIENDE EEU.

Alvorens die landing van die Britse troepe aan die Kaap, en die daaropvolgende militêre operasies, behandel word, moet eers bepaal word wat die weerbaarheid van die nedersetting op die vooraand van die Eerste Britse Verowering was. In hierdie verband dien dan vasgestel te word oor welke offensiewe en defensiewe vermoëns die vestingswerke, garnisoen en burgermilisie in daardie stadium beskik het.

In dié beknopte oorsig van die vestingswerke word eerste na dié in Tafelbaai en vervolgens na ander in die Kaapse Skiereiland verwys.

Die Kasteel was die oudste en vernaamste vestingwerk in Tafelbaai. Dit was 'n vyfhoekige bastionfort, volgens die Vauban-model gebou, waarmee in 1666 'n aanvang gemaak is en wat min of meer in 1677 voltooi is. Ná hierdie datum moes die binnegeboue nog opgerig, die grag gegrawe en 'n hele aantal verdedigingskonstruksies bygevoeg word.[1] Hierdie vesting het egter aan heelwat gebreke mank gegaan en die rapport van kol. P.H. Gilquin en L.M. Thibault in 1792 oor die Kaapse verdediging was nie al te vleiend vir die hoofsetel daarvan nie. Hulle het beweer dat die grondwerk swak was en gedurig herstel moes word. Die vergane pallisades moes gereeld deur nuwes vervang en die watergragte uitgediep word. Verder konstateer hulle: "Die Kasteel zoude thans niet lang tegens eenen magtigen wel gedisciplineerde Europeeschen vyand konnen resisteeren : zoo wegens deszelfs ouderwetsche constructie, als omdat het te klein en door de voet des Duyvelsberg gedomineerd is."[2]

As bolwerk teen vreemde moondhede het die Kasteel dus nie baie hoog aangeskrewe gestaan nie. Die enorme koste van die vesting sou beter op ander strategiese punte aangewend kon gewees het - soos bv. Simonsbaai. Daarbenewens het dit veels te laag gelê om van enige militêre waarde te wees en is boonop deur Duiwelskop en Leeuberg beheer.[3]

---

1) Ras, Anna C. : Die Kasteel en ander vroeë Kaapse Vestingswerke, 1652-1713, Kaapstad, 1959, p. 73.
2) Roux, P.E. : Die Verdedigingstel aan die Kaap onder die Hollands-Oosindiese Kompanjie, (1652-1759), Stellenbosch, 1925, p. 8.
3) Barrow, J. : An Account of Travels into the Interior of South Africa, Dl. II, Londen, 1804, pp. 223-4.

Kolbe meen ook dat die trilling van die geskut te veel vir die bolwerke sou gewees het.[4] Die beste bewys dat die Bewindhebbers self geen groot waarde aan die vesting geheg het nie, is die feit dat van tyd tot tyd ŉ reeks kleiner forte en batterye langs die kus van Tafelbaai opgerig is. Dit was dan ook duidelik dat in ŉ aanval van die landsy die Kasteel van geringe waarde sou wees.[5]

Verskeie pogings is aangewend om die terrein tussen die Kasteel en Tafelberg-Duiwelskop in ŉ behoorlike staat van verdediging te bring, veral omdat die Kasteel se kanonne, wat slegs tot op 3,000 tree doeltreffend was, nie met kanonvuur hierdie terrein behoorlik kon bestryk nie.[6] Toe adml. De Suffren in 1782 aan die Kaap land, laat hy dadelik deur kol. de Conway ŉ "retranchement" tussen Fort de Knokke en Duiwelskop opwerp. Dit is later met behulp van die Hollandse garnisoen voltooi. Die sogenaamde <u>Franse Linie</u>, het uit grond en sooie bestaan en tot by die plaas <u>Zonnebloem</u> gestrek. Weens die groot koste van sy onderhoud en geringe waarde is hierdie linie nooit behoorlik herstel nie en het dit ook nie ver genoeg teen Duiwelskop opgeloop om sy flank daarop te laat rus en te verhoed dat dit omvleuel word nie. Genl. Craig, wat self so ŉ omvleuelingsbeweging in gedagte gehad het, het later hierdie swakheid met die bou van ŉ paar batterye en blokhuise tot teen die steilte van die berg uit die weg geruim.[7]

Die <u>Project Retranchement</u> of linie tussen die Kasteel en Duiwelskop, ook die <u>Hollands Linie</u> genoem is deur ŉ brigade Franse ingenieurs, wat op weg na die Ooste aan die Kaap vertoef het, ontwerp. Toe die werk aan die batterye kort voor sy vertrek deur Van de Graaff gestaak is, was daar nog net twee bastionne <u>Coehoorn</u> en <u>Gordon</u> gereed. Dit is nooit voltooi nie en ook nie herstel nie. Hoewel die doel daarmee was om die gebied tussen die Franse Linie en die Kasteel te bestryk, en dus die verdediging van laasgenoemde te help versterk, het dit ook nie ver genoeg langs Tafelberg opgeloop om ŉ deurbraak daar te verhoed nie.[8] Albei

---

4) Kolbe, P. : <u>Naaukeurige en Uitvoerige Beschryving van de Kaap de Goede Hoop</u>, Dl. II, Amsterdam, 1727, p. 224.
5) Roux, P.E. : <u>Die Verdedigingstelsel van die Kaap</u>, p.9.
6) <u>Ibid.</u>, pp. 14-15.
7) <u>Ibid.</u>, p. 13; Barrow, J. : <u>An Account of Travels in S.A.</u>, Dl. II, p. 207.
8) Roux, P.E. : <u>Die Verdedingstelsel aan die Kaap</u>, p. 14.

laasgenoemde linies sou, volgens die mening van Hollandse offisiere, met die verlies van slegs 'n geringe aantal manskappe van die oostekant af oorrompel kon word.[9)]

Langs die strand het daar 'n linie vanaf die Kasteel tot halfpad na die Soutrivier gestrek - die Zeelinie. Die gedagte was dat dit die kus doeltreffender teen 'n vyandelike aanval moes help verseker. Aangesien dit té ver van die ankerplek was om dié met sy batterye te bestryk, was die Zeelinie se vernaamste doel om die versterkings van die garnisoen teen vyandelike geskut te beskerm. Troepe kon hier in gereedheid gehou en na goeddunke gebruik word waar hulle die meeste nodig was. Dit het Fort de Knokke met die Kasteel verbind en uit die Batterye Tulbagh, Charlotte, Helena en Elizabeth bestaan, wat swaar kanonne gevoer en ook oonde gehad het om die koeëls te verwarm.[10)] Hierdie vestingswerk is goed onderhou, soos Gilquin en Thibault in 1792 bevestig het, maar omdat dit uit grond en messelwerk bestaan het, was heelwat herstelwerk soms nodig. Hierdie soort linie was ongetwyfeld goedkoper as 'n vesting, wat met groot koste opgerig is, maar dit het baie manskappe vereis om te verdedig en as daar op een punt deurgebreek sou word, was hulle absoluut nutteloos.[11)]

Fort de Knokke het die uiterste punt van die Zeelinie gevorm en is op die sterpatroon gebou. Dit was deur 'n grag omring en byna uitsluitend uit grond en messelwerk gemaak wat gedurig aan herstelwerk onderhewig was. Gilquin en Thibault, sowel as Sluysken, het die fort as van geringe waarde beskou en laasgenoemde het dit as nutteloos vir die verdediging geag, aangesien die vyand tot aan die rand van die grag kon kom sonder om 'n kanonskoot te vrees.[12)]

'n Swakheid in die verdediging van Tafelbaai was ongetwyfeld die feit dat geen batterye ten ooste van Fort de Knokke opgerig is nie. In 1782 is haastig twee grondbatterye, te wete, die Intermediare Battery en Nieuwe Battery tussen de Knokke en Soutrivier gebou. Die doel hiervan

---

9) Barrow, J. : An Account of Travels in S.A., Dl. II, p. 207.
10) Ibid., p. 207.
11) Sien Roux, P.E. : Die Verdedigingstelsel aan die Kaap, p. 12.
12) Ibid., pp. 11-12.

was om 'n vyandelike landing in die omgewing van laasgenoemde rivier te verhoed. Van de Graaff het egter gemeen dat dit te ver van Kaapstad was om behoorlik verdedig te word, dit dus nie herstel nie en die geskut daarvan op ander plekke opgestel.[13]

Aan die westekant van die Kasteel was daar die Chavonnes of Groote Battery. Dit is aan die voet van Seinheuwel ná aan die see op rotse gebou en goed geplaas om op skepe wat die baai binneseil te vuur. Die regterflank daarvan kon geankerde skepe bestryk, want die 16 kanonne waarmee dit bewapen was, kon laag oor die water vuur. Van de Graaff het dit met twee nuwe vleuels voorsien, maar arbeid hieraan is kort voor sy vertrek gestaak. Gilquin en Thibault het dit as 'n welgeplaaste en gedugte vesting beskou, wat die moeite werd was om te voltooi. Die kanonne was egter na die see gerig en 'n aanval van die landsy sou maar min teenstand ondervind.[14]

Die Chavonnes Battery was onvoldoende om genoegsame beskerming aan Tafelbaai ten weste van die Kasteel te bied, gevolglik is die Battery Amsterdam in 1786 voltooi, wat uit grond en messelwerk bestaan het. Dit kon 200 soldate huisves en binne die mure was ook magasyne en kasernes. Die doel was om skepe wat ten anker kom onder vuur te plaas en met sy geskut die kleiner forte en battery na oos en wes teen inkomende vaartuie te dek. Aan die landsy was dit ook besonder goed beskerm.[15]

Die Battery Imhoff, wat vlak ten noordweste van die Kasteel gebou is, moes hierdie vesting van die seekant help dek en beskerm en aanvalle uit die rigting van die Zeelinie met sy geskut help afslaan. Dit het tegelykertyd 'n aanknopingspunt vir hierdie linie gevorm. Vanaf die linkeraansig kon die ankerplek bestryk word en daarom is die swaarste kanonne daar geplaas.[16]

Aan die Roggebaai was daar ook twee batterye, die Hooge Battery en Laage Battery wat deur die Franse opgewerp en deur Van de Graaff voltooi is. Die doel van die batterye was eweneens om die nadering van vyandelike skepe te belet en die ankerplek te bestryk. Met hulle regterflank

---

13) Ibid., p. 15.
14) Ibid., p. 9.
15) Ibid., pp. 15-16.
16) Ibid., p. 12.

kon die battery 'n kruisvuur met die linkerflank van Battery Imhoff verkry. Dit moes veral die strand tussen die Kasteel en Roggebaai beveilig.[17)]

Verder langs die westekant van Tafelbaai was 'n paar kleiner batterye van geen groot defensiewe waarde nie. Die Battery Mouille, van grond gebou, was bedoel om skepe in die omgewing van Mouillepunt, wat in die windstiltes beland, te bestook. By Drieankerbaai was daar die Battery Heine, wat van geringe waarde was. 'n Paar vyandelike skote sou die garnisoen hier kon uitdryf. Drie ankers is egter in die inham geplaas om 'n vyandelike landing te voorkom. Die strande in hierdie omgewing was oor die algemeen te gevaarlik vir die landing van troepe, want dit was rots- en stormagtig.[18)]

In Kampsbaai is in 1782 'n "retranchement" vir die verdediging van die baai opgewerp. Sluysken het 'n klein battery hier opgerig, waarmee die baai, sowel as die paaie wat na Kaapstad lei, bestryk kon word. Hoë branders en deining het 'n vyandelike landing in hierdie baai bykans onmoontlik gemaak. 'n Militêre pos in die kloof, wat tussen Tafelberg en Leeukop deurloop en na Kaapstad lei, moes dien as steun vir geskut in Kampsbaai.[19)]

Nog verder wes langs die skiereiland, was daar Houtbaai, 'n baai met goeie ankerplek en volop water vir die skepe. Tydens Sluysken se bewind is hier drie batterye aangelê, Sluysken, Gordon en Klein Gibraltar. Die eerste is op groot klippe aan die uiterste regtereinde van die baai, vyftig voet bokant die seevlak, gebou; die tweede, teenoor die eerste aan die uiterste end van die baai, tagtig voet bokant die seevlak en die derde in die baai, honderd-en-vyftien voet bo die oppervlakte van die see.[20)]

Vir 'n aanval vanaf die westekant van die skiereiland was Kaapstad betreklik veilig, maar dieselfde kon nie van die oostekant gesê word nie. Dit was veral onbegryplik omdat die beste hawe daar aangetref word: Simonsbaai, 'n veilige en natuurlike hawe en ook nie ver van Kaapstad af nie. Veral in die winter, wanneer dit weens die noordwestewind en stormweer vir vier maande onmoontlik was om in Kaapstad te land, was dit die

17) Ibid., p. 16.
18) Ibid., pp. 16-17.
19) Ibid., pp. 17-19.
20) Ibid., pp. 18-19.

aangewese landingsplek. Sluysken het die erns van die toestand ingesien en twee klein batterye, die Boetselaar en Zoutman hier laat oprig. Hulle moes die ankerplek en die pad tussen Simonsbaai en Kaapstad bestryk. Weens die uitgestrektheid van Valsbaai het Sluysken dit ook nodig geag om 'n sterk afdeling infanterie en ruitery daar te plaas om die magasyne te beskerm en die vyand te verhoed om daar te land. Barrow het Sluysken se batterye as van weinig nut beskou omdat die vyand tot op 500 tree kon nader sonder om aan die geskut blootgestel te wees.[21)]

Die verwaarlosing van die verdediging van Valsbaai het ooglopende nadele opgelewer: 'n vyandelike mag kon maklik na Soutrivier opruk en die verbindings met die binneland afsny. Indien die helling bokant die Kasteel in die hande van die vyand val, sou die verdediging van die vesting ook in duie stort. Muizenberg was 'n natuurlike vesting van groot krag, maar dit was eers nadat die Britse vloot in Simonstad anker gewerp het, dat hier inderhaas 'n paar skanse opgewerp en kanonne opgestel is. Deur doeltreffend van die "Sleutel tot Kaapstad" gebruik te maak, kon die verdedigers hier aan 'n groot oormag weerstand bied.[22)]

By die verskillende forte, batterye en redoute is magasyne aangelê. Die kaptein-luitenant van die artillerie was aan die hoof van die magasyne. Daar was nie 'n sentrale arsenaal nie, derhalwe is die buskruit nie op een plek geberg nie. Kardoese met kruit is ook by al die batterye in gereedheid geplaas. Die Kompanjie se wapenrusting was ongelukkig swak bedien, want daar was slegs 'n paar kanonniers en sogenaamde Boschschieters, wat niks meer kon doen as om die geskut te laai en te vuur nie. In oorlogstyd is matrose gewoonlik na die Kasteel gestuur om die geskut te bedien, maar ook hulle was ongeoefend.[23)]

Daar was altesame omtrent 324 kanonne in gebruik, waarvan die meeste se affuite in 'n slegte toestand verkeer het. By al die vernaamste batterye was oonde vir die verhitting van koeëls en toestelle om dit mee te laai. Vanaf Kampsbaai tot by Fort de Knokke was daar nie minder as 19 sulke oonde wat binne veertien minute ruim 450 koeëls van 36, 24, 18 en 12 pond kon laat gloei nie. Kolonel Gordon, wat proefnemings met

---

21) Ibid., pp. 19-20; Barrow, J. : An Account of Travels in S.A., Dl. II, 230.
22) Roux, P.E. : Die Verdedigingstelsel aan die Kaap, p. 19.
23) Ibid., pp. 20-21.

hierdie koeëls gedoen het, het 'n groot geloof in hulle verderflike krag gehad. Op 26 Februarie 1795, slegs vier maande voor die Britse landing het kaptein Cornelis de Jong van die Nederlandse fregat Scipio geskryf dat ten gevolge van hierdie toestand 'n vyand met moeite sou land indien daar slegs 2,500 goeie soldate beskikbaar was.[24)]

Die Bewindhebbers het die Kaap as van sekondêre belang beskou en gevolglik was die garnisoen nooit besonder sterk nie - veral nie vóór 1780 nie.[25)] Na die Britte se poging om die Kaap in 1781 te verower het die Nederlandse regering egter die swakheid van die Kaapse verdediging besef en, in samewerking met die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, 'n beter besetting, asook 'n beter verdediging van die Kaap bepleit. Vir hierdie doel is regimente in Europa vir die Kaap gewerf en het 'n regiment van Luxemburg, 'n korps Württembergers van ongeveer 2,000 man en regiment Switsers, die regiment van Meuron, van 1,000 man, na die Kaap gekom. Ook het 'n korps artilleriste en 'n brigade genie-troepe, wat reeds in Europa diens gedoen het, hulle weg hierheen gevind.[26)]

'n Verder stap om die Kaap weerbaarder te maak, was om kol. Jacob van de Graaff,[27)] wat 'n hoë betrekking in die Nederland beklee het en 'n vriend van die Stadhouer was, op 14 Februarie 1785 as Goewerneur van die Kaap aan te stel. Die Bewindhebbers dra dit insonderheid aan hom op om verbeterings aan die vestingwerke aan te bring, asook die nodige batterye te laat aanlê en aandag aan die artillerie te skenk. Aan hierdie opdrag het van de Graaff gevolg gegee deur die Battery Amsterdam te voltooi, die Battery Roggebaai te bou, toevoegings tot die Battery Chavonnes te maak en die Franse Linie en Hollandse Linie te versterk. Die nuwe Goewerneur is voorts beveel om 'n verslag vir die Stadhouer en die Here XVII oor die

---

24) Ibid., p. 24. De Jong, C. : Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen, in de Jaren 1791 tot 1797, Haarlem, 1802, Dl. II, p. 84.

25) Leibbrandt, H.C.V. en Heeres, J.E. : Memoriën van den Goewerneur van de Graaff over de Gebeurtenissen aan de Kaap de Goede Hoop, (1780-1806), J. Gravenhage, 1894, p. 15.

26) Ibid., pp. 19-21.

27) Van de Graaff het op 24 Junie na Holland teruggekeer, waar hy die titel Goewerneur van die Kaapkolonie behou en ook salaris daarvoor ontvang het, hoewel hy in 1793 sy diens in die leër voortgesit het. In 1794 is hy tot die rang van genl.-majoor bevorder en aangestel as direkteur van fortifikasies van die Waal tot die Zuiderzee en het hy uit die Kompanjie se diens bedank. Weens sy verbintenis met die Stadhouer laat die revolusie 'n paar maande later hom werkloos en verhuis hy na Duitsland, waar hy in 1812 oorlede is.

vestingwerke en artillerie en ammunisie wat nodig is, op te stel. In Sept. 1787 dien van de Graaff dan ook sy "Memorie Concerneerende het Defensieweesen aan de Kaap" in. Ook aan ander rapporte en memories oor die Kaapse verdediging het dit in van de Graaff se tyd nie ontbreek nie, waaronder dié van die Direkteur van Fortifikasie aan die Kaap, P.H. Gilquin, wat op 1 Mei 1786 'n verslag oor die verdedigingswese aan die hoofsetel ingelewer het.[28] Böeseken sê: "Goewerneur Van de Graaff het wel veel geld bestee aan die voltooiing van vestingwerke, maar min aandag gegee aan ander noodsaaklike aspekte van die verdediging. In hierdie verband kla kol. Gordon in 1787 dat hy nog sit en wag vir die gewere wat hy sewe jaar tevore bestel het."[29]

Hoeseer die Bewindhebbers vir hulle die militêre staat en sekerheid van die Kaap ter harte geneem het, blyk verder uit die feit dat in die jaar 1788 twee fregatte, die <u>Havik</u> en <u>Zephyr</u> met Vaillant en Verhuell as kapteins gestuur is om saam met lt.-kol. J.F.L. Greyvenstein, 'n militêre kommissie uit te maak. Hierdie kommissie, wat ook uit verskeie offisiere van die infanterie, genie en artillerie bestaan het, is uitdruklik deur die regering van die Nederlandse Republiek versoek om vooral 'n opname van die militêre instellings aan die Kaap, asook die staat van verdediging, te maak. Voorts moes hulle voorstelle indien oor die wyse waarop die verdediging verbeter kan word; opdragte in dié verband gee en toesien dat aan die onmiddellike vereistes voldoen word. Die kommissie het verskeie maande aan die Kaap vertoef en hulle goedkeuring geheg aan wat Goewerneur van de Graaff alreeds gedoen het. Hulle voorstel aan die Here XVII was dat die arbeid aan die vestingswerke sonder versuim moet voortgaan en dat die garnisoen, wat ten tyde van die ondersoek 2,977 man getel het, tot 5,000 uitgebrei moes word.[30]

Voordat die Goewerneur en die Politieke Raad die aanbevelings van die Kommissie kon uitvoer en ook die linie tussen die Kasteel en Duiwels-

---

28) V.C. 64 : <u>Memorie aan Zijne Hoogheid van de Militaire Commissie 25 Sept. 1789</u>, <u>en Brieven en Rapporten van die Militaire Commissie 1790</u>; geen no.K.A.; Leibbrandt, H.C.V. en Heeres, J.E. : <u>Memoriën van de Gouwerneur van de Graaff</u>, pp. 20-21.

29) Böeseken, Anna J. : "Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap", <u>Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis</u>, Kaapstad, Sewende Jaargang, 1944, p. 98. Soos aangehaal uit, C 81 : Res., 1787, pp. 83-93 (26 Jan. 1787).

30) Leibbrandt, H.C.V. en Heeres, J.E. : <u>Memoriën van den Gouwerneur van de Graaff</u>, pp. 22-24.

kop voltooi, het hulle in 1790 'n resolusie van die Bewindhebbers ontvang om terstond alle militêre arbeid aan die fortifikasiewerk en batterye te staak, nie 'n steen meer te bou nie en die hele korps van Württemberg, tesame met 700 Papiniere,[31] dadelik op transportskepe te laai en na Batavia te stuur. Die hele brigade ingenieurs moes op twee na afgedank word en die keuse gestel word om na Europa terug te keer of met die Württembergers na Batavia te gaan. Die Kompanjie se poste wat perde of trekvee bevat, moes verkoop word en die manskappe afgedank en na Batavia of die Nederland gestuur word. Deur die verkoop van die trekvee, die Kompanjie se perde en osse, is die verdediging van die Kaap erg benadeel, want daarmee het die moontlikheid verdwyn om kanonne van die een battery na die ander te verplaas. Omdat die uitgawe tydens sy bestuur reusagtig toegeneem het, is Van de Graaff ook beveel om van die Goewerneurskap afstand te doen en binne drie maande na die Nederland terug te keer.[32]

As gevolg van die finansiële agteruitgang van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie is 'n raad van vier lede met uitgebreide magte aangestel om die skuldelas van die Kompanjie te verminder; ondersoek in te stel na die wanpraktyke in Oos-Indië en maatreëls te tref om dit reg te stel. Twee lede van hierdie raad: Sebastiaan Cornelis Nederburgh, hoofadvokaat van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, en Simon Hendrik Frykenius, 'n vlootkaptein, het in Junie 1792 in die Kaap aangekom en vir veertien maande hier vertoef. Volgens Böeseken is dit in die Instruksiebrief, wat die Kommissarisse by hulle aanstelling gekry het, aan hulle gestel dat die inspeksie van die Kaapse garnisoen en die wapenkamer aan die Kaap een van hulle eerste pligte was. Ook moes rapport uitgebring word, "ofte alle casteelen, forten ende redoubten in behoorlijke versterckinge ende reperatie zijn gehouden ende voor eenen aanval des vyants beschermt soude cunnen worden ...."[33]

Van de Graaf beweer: "Zij lieten wel degelyk hunne gedachten gaan over militêre aangelegenheden, maar hunne beraadslagings op dit punt smolt ineen met die van bovengenoemde militaire commissie die in't najaar

---

31) Die Papiniere was skynbaar die jong rekrute wat nog onder opleiding was.
32) Leibbrandt, H.C.V. en Heeres, J.E. : <u>Memoriën van den Gouwerneur van de Graaff</u>, pp. 29-30.
33) Böeseken, Anna J. : "Die Nederlandse Kommissarisse", p. 93.

van 1792 opnieuw aan de Kaap verscheen en zich bitter beklaagde, dat haare voorstellen van 1789 tot beter defensie van de Kaap tot niets hadden geleid." Nederburgh en Frykenius moes o.m. toesien dat alle openbare bouwerk, soos die vorige jaar besluit, stopgesit word.[34) ] Hierdie besluit het aan die weerbaarheid van die kolonie 'n ernstige knou gegee en was in 'n hoë mate daarvoor verantwoordelik dat die Kaapse vestingswerke tydens die Britse landing in 1795 ontoereikend, afgeskeep en in velerlei opsigte in 'n staat van verval was.

Die garnisoen aan die Kaap was uit verskillende etniese groepe saamgestel - Franse, Engelse, Duitsers, Switsers en Dene - wat almal as huurtroepe in Europa gewerf is en by wie 'n gees van vaderlandsliefde totaal ontbreek het. In 1795 het die garnisoen hier te lande uit 'n regiment infanterie van 25 offisiere en 546 manskappe bestaan. Hierdie infanteriste het die naam Nasionale Bataljon gedra en slegs enkele Nederlanders ingesluit. Die naam Nasionale Bataljon was dus geensins toepaslik nie en met reg word in "Nederlandsch Afrika" van 1783 verklaar: "Al de wêreld weet dat die lieden, voor't grootste gedeelte, 't uitschot der Europeërs zijn, dat het slechte lieden zijn, genoodsaakt om Europa te verlaaten en naar Azië te vertrokken, dat het meestendeels lieden zijn, die door dwang, door geweld en list in diens genomen zijn ... en welke een weinig zucht voor hun beroep hebben, welk vertrouwen kan men dan stelden op soldaten, welk daarenboven, mishandeld wordende, niets dan met den grootsten weerzin dienen?"[35)] Die Engelse het verwag dat hierdie Bataljon nie eens sou veg nie, maar by die afvuur van die eerste skoot na hulle sou oorstap. Dit is deur lt.-kol. de Lille aangevoer en die meeste offisiere was getroue ondersteuners van die Oranjeparty.[36)]

Die getal artilleriste aan die Kaap was onvoldoende om die geskut in al die forte en batterye te hanteer. Aan die hoof van die artillerie was daar die "Chef der Artillerie", wat onmiddellik na die hoof van die milisie in rangorde opgetree het. Die grootste aantal van die artille-

---

34) Leibbrandt, H.C.V. en Heeres, J.E.: <u>Memoriën van den Gouwerneur van de Graaff</u>, pp. 29-30.

35) Idenburg, P.J.: <u>De Kaap de Goede Hoop. Gedurende de Laatste Jaren van het Nederlandsch Bewind</u>. Leiden, 1946, p. 37. Soos aangehaal uit, "Nederlandsch Afrika" pp. 152-154.

36) Roux, P.E.: <u>Die Verdedigingstelsel aan die Kaap</u>, pp. 37-39; Theal, G.M.: <u>History of South Africa</u>, Dl. III, p. 312.

riste was republikeinsgesind en sou eerder met die Franse as die Engelse saamveg.[37)]

Behalwe die manskappe van die Nasionale Bataljon, was daar in 1795 ook nog 57 manskappe wat aan die depots van die regimente Meuron en Würtemberg behoort het.[38)] Daar was ook ŉ korps Pandoere 210 man sterk. Almal wat direk uit die slawerny bevry is, benewens diegene wat slaweouers gehad het maar uit wettige huwelike gebore is, is daarin opgeneem. Aan die hoof van die hele militêre mag het kol. Robert Jacob Gordon gestaan.[39)] Die swakste punt in die verdedigingstelsel van die Kaap was die voortdurende gebrek aan soldate. Kommissaris Hendrik Breton het dit in 1784 treffend uitgedruk: "Dat het militaire weesen in een allergeschikste order was, zoo meede het Corps Arthilleristen, dog dat deese egter in vergelijk van het aantal canons, zo min als de ministeren toereikend waren, om het Casteel voor de Comp^e^ ontsaggelijk te doen zijn, en de kostbare batterijen en buitewerken te besetten, veel minder verdedigen tegen een uitheemschen vyand ..."[40)]

In Wes-Europa het vorste, voordat konskripsie in 1793 in Frankryk ingevoer is, feitlik geheel en al van huurtroepe gebruik gemaak om oorloë mee te voer. In teenstelling hiermee was dit vir die Kaapse burgers vroeg reeds verpligtend om militêre diensplig te verrig, nie alleen om die inboorlinggevaar te help bestry nie, maar ook om buitelandse gevare die hoof te bied. Weens die feit dat hy nie op die beroepsoldate kon staatmaak nie, moes die Kompanjie hom op die burgers vir die verdediging van die kolonie beroep. Hulle sou die gebreke in die vestingwerke en gereëlde krygsmag moes aanvul. Soos ŉ onbekende outeur in "Nederlandsch Afrika" van 1783 skryf: "De regeering heeft [echter] dezelven met hun in vredestijd te onderdrukken den lust benomen ook in tijd van oorlog te dienen. De Regeering behandeld hen op eene wijze om hen afkerig te maaken van een dienst, dien zij alleen voor de belangen den maatschappij

37) Ibid., p. 312. Roux, P.E. : Die Verdedigingstelsel aan die Kaap, p.39.
38) ŉ Dépot is vir gemelde regimente aan die Kaap opgerig vanwaar hulle, wanneer hulle goed geoefen was, na Ceylon en Batavia verskeep is. Solank hulle aan die Kaap gestasioneer was, moes die rekrute ook garnisoendiens verrig.
39) Roux, P.E. : Die Verdedigingstelsel aan die Kaap, p.45. Theal, G.M.: History of South Africa, Dl. III, p. 312.
40) Böeseken, Anna J. : "Die Nederlandse Kommissarisse", p. 93.

zouden moeten aannamen, en waaruit voor hen, na het terugdrijven des vijands niet anders zoude voortspruiten den nieuwe knevelarijen... dan een nieuw middel in de handen den Regeering om hen meer dan ooit in eene schandelijke slavernij te houden."[41] Wat dus aanvanklik 'n vrywillige mag was, bestem om slegs binnelandse onluste te help onderdruk, het, weens die swakheid van die garnisoen, 'n burgermag geword wat opgeroep kon word om hulle deel tot die landsverdediging by te dra.

Aangesien die gereëlde garnisoen meesal uit voetvolk bestaan het, was dit nodig om 'n kompanjie ruiters uit die burgery te werf. Hierdie afdeling ruiters kon baie daartoe bydra om 'n vyandelike landing te belet en, indien dit hom wel geluk, sy verbinding met die binneland te verydel. Dit het elke burger egter vrygestaan om by die infanterie of die ruitery aan te sluit. Nietemin het die dorpenaars hulle, in die reël, by die infanterie en dié in die buitedistrikte hulle by die ruitery gevoeg.[42]

Nie alleen in die Kaap nie, maar ook in Stellenbosch, die oudste buitedistrik, is weldra 'n burgermag op die been gebring. In 1795 was daar in die distrik Stellenbosch altesaam 5 kompanies dragonders. In Swellendam het 3 kompanjies in hierdie selfde jaar 315 koppe getel en in die distrik Graaff-Reinet, wat in die jaar 1786 gestig is, het 3 kompanjies dragonders in 1789 uit 706 man bestaan.[43]

Vir alle burgers tussen 16 en 60 jaar was burgerdiens verpligtend. Alle jongelinge, wat uit die Kompanjie se diens ontslaan is, moes hulle binne drie maande by die ruitery of infanterie laat inskrywe. In 1795 het die burgermilisie uit 1,000 ruiters van die Kaapse, Stellenbosse en Swellendamse distrikte en 400 infanteriste van Kaapstad bestaan.[44]

Wanneer 'n vyandelike vloot in aantog was, moes die waarskuwing dadelik deur die verskillende seinposte in die Kaapse skiereiland na die Kasteel oorgesein word. Deur middel van 'n uitgebreide seinstelsel is die burgery in die binneland dan onder die wapen geroep en na Kaapstad ontbied. Die seinposte was op verskillende plekke opgerig waar die

---

41) Idenburg, P.J. : De Kaap de Goede Hoop, pp. 37-38, soos aangehaal uit "Nederlandsch Afrika", pp. 152-154.
42) Roux, P.E. : Die Verdedigingstelsel aan die Kaap, pp. 51-52.
43) Roux, P.E. : Die Verdedigingstelsel aan die Kaap, pp. 52-53; Dragonders was ruiters wat te voet sowel as te perd moes diens doen. Hulle was swaar bewapen en is gewoonlik gedurende groot gevegte op die gevaarlikste plekke geplaas.
44) Ibid., p. 54 en p. 79.

inwoners dit die beste kon sien. Die seine het uit die afskiet van grofgeskut en die aansteek van vure bestaan. As eerste teken van ŉ "algemene opontbod" vir die burgers in die binneland is ŉ kanonskoot vanaf die Plattekloof gevuur en die Prinsevlag gehys.[45]

Vir die ingesetenes van Kaapstad was daar ŉ spesiale reglement, wat voorgeskryf het hoe hul by die verskyning van ŉ vyand moes optree. Gedurende die dag sou die teken twee skote uit die kanonne op die punt Buren en die hys van ŉ rooi vlag wees; gedurende die nag twee skote en ŉ vlagstok met twee lanterns, die een bo die ander. Wanneer die seine ontvang word, moes elkeen hom na sy aangewese pos haas. Op bevel van die Goewerneur moes die kaptein met die milisie posisie agter die Linie inneem. Burgers wat nie in een of ander regiment diens gedoen het nie, moes, tesame met die Pennistenkorps,[46] dadelik met hulle gewere na die Kasteel kom, ten einde die plek van die uittrekkende milisie te neem. Die Kaapse burgermag moes hulle by die troepe in die Linie aansluit. Ook die landsmilisie moes hulle in volle mondering Kaapwaarts haas om hulle plek agter die Linie in te neem. Selfs die bemanning van skepe in Tafelbaai was aan die "opontbod" onderhewig. Ook aan poshouers in die verskillende baaie is opdragte uitgereik om die vyand te hinder deur al die voedsel, gereedskap, ammunisie en voorrade te verwyder of te vernietig. Tydens ŉ vyandelike aanslag moes die burgers hulle vee verder die land indrywe. Ook die slawe en "Vryzwarten" is verplig om hulle met pikke, skoppe, grawe en mandjies na die Linie te begeef, ten einde die dienste te verrig wat van hulle geverg word.[47]

By die vertrek van Van de Graaff in 1791 is die gesag van hierdie belangrike militêre pos aan Johan Isaac Rhenius opgedra, wat nooit in ŉ ander hoedanigheid in die Kompanjiesdiens opgelei is as tot die teehandel in Sjina nie en selfs hierin ŉ minderwaardige rang beklee het. Vir die goewerneurskap was hy totaal onbekwaam en onbevoeg.[48] Op 23 September

---

45) Ibid., p. 66.
46) Die Pennistenkorps is so genoem omdat dit meesal uit klerke in Kompanjiediens bestaan het, wat daeliks die pen hanteer het of diegene wat dergelike amp beklee en reeds uit die Kompanjiesdiens getree het.
47) Roux, P.E. : Die Verdedigingstelsel aan die Kaap, p. 70.
48) Idenburg, P.J. : De Kaap de Goede Hoop, p. 49.

1793 word egter tot Kommissaris en President van die Politieke Raad benoem Abraham Josias Sluysken, van Soerat Oos-Indië afkomstig, terwyl Rhenius die titel van Gesaghebber behou en die tweede rang in die Politieke Raad beklee. Idenburg verklaar dat Sluysken die bestuur van die Kaap oorgeneem het, "Met een ontevreden bevolking en een garnizoen, zoo beperkt, dat nauwlijks aan verdediging der nederzetting viel te denken ..."[49]

Teen die advies van die Goewerneur en voormalige Goewerneur, is die soldy van die soldate weer verminder en aangesien dit onmoontlik vir hulle was om hieruit te bestaan, is werkpasse aan die Kaap ingevoer. Een derde, indien nie die helfte nie, van die soldate het met dié passe byna vyftig tot sestig myl van die hoofplaas hulle lewe gemaak. Ook die Kommissarisse het hierdie stelsel ten sterkste afgekeur, aangesien dit die militêre dissipline by die soldate verwater het en "deeze zogenaamde pasgangers in effekte haast geen soldaaten meer en niets anders dan arbeiders geworden waaren ..."[50]

Ook Sluysken is deur gebrek aan fondse in sy poging om die Kaap weerbaarder te maak gehinder. Die herstelwerk aan die Battery Elizabeth was 3,822 Rds. meer as verwag is en moes die werk gestaak word. Weens 'n finansiële tekort moes ook die voltooiing van die kruitmagasyn of battery Chavonne uitgestel word.[51]

Böeseken meen dat dit te voorsien was dat 'n handelsmaatskappy, wie se hoofdoel direkte winste was, nie opgewasse sou wees om 'n uitgestrekte gebied teen die vyand te beskerm nie.[52] Van de Graaff beweer dat uit dit alles blyk dat die Kaap uit onkunde of 'n ontoelaatbare gees van "parsimonie" aan sy eie lot oorgelaat is.[53]

---

49) Ibid., p. 49.
50) C 89 : Res., 1790, Deel 3, pp. 1156-1157 (19 Nov. 1790). K.A.
51) Böeseken, Anna J. : "Die Nederlandse Kommissarisse", pp. 107-108.
52) Ibid., p. 108.
53) Leibbrandt, H.C.V. en Heeres, J.E. : Memoriën van den Gouwerneur van de Graaff, p. 33.

## HOOFSTUK III

## DIE KOMS VAN DIE BRITTE NA DIE KAAP

### 1. Die Strategiese Belangrikheid van die Kaap vir Brittanje en Frankryk en die Diplomatieke Voorspel tot die Verowering.

Die hoofdoel van die Britse besetting van die Kaap in 1795 was om te verhoed dat die nedersetting in die hande van die Franse val, ŉ gebeurtenis wat hulle verbindingslinies met die Ooste in gevaar sou stel.[1)]

Hoewel die Engelse Oos-Indiese Kompanjie vanaf ongeveer 1613 sporadiese belangstelling in Suider-Afrika getoon het,[2)] het die Kaap alreeds voor van Riebeeck se aankoms sy waarde vir die Engelse skepe op hulle uitwaartse vaart verloor. Die vernaamste redes hiervoor was: die probleem om voedselvoorrade van die agterdogtige Hottentot-stamme te kry; kwaai winterstorms in Tafelbaai en verraderlike kruisstrome en hoë deinings langs die kus. Hierdie gevare en probleme het die Engelse seekapteins laat besluit om liewer by Mauritius of Madagaskar aan te doen.[3)] Nadat Brittanje in 1652 beheer oor St. Helena verkry het, het dit hulle belangrikste verversingspos op weg na die Ooste geword.

Die Engelse Oos-Indiese Kompanjie het met hierdie eilandbasisse tevrede gebly totdat die Amerikaanse Vryheidsoorlog wêreldwye afmetings aangeneem en die Franse ŉ aansienlike troepemag onder adml. De Suffren na die Kaap gestuur het om ŉ Britse besetting te verhoed. Die Franse admiraal was nét betyds om ŉ Britse eskader onder kommodoor Johnstone, wat voornemens was om die Kaap aan te val en ŉ besettingsgarnisoen hier te laat, in sy planne te dwarsboom.[4)]

Die besluit van die Franse regering om ŉ mag onder De Suffren na die Kaap uit te rus is ŉ goeie aanduiding van die wyse waarop die oorlog ná die ineenstorting van die Britte in Noord-Amerika ooswaarts uitgebrei het.[5)] Die verbrokkeling van die ou koloniale ryk het Indië die brandpunt van Britse belangstelling gemaak en op haar seeroete daarheen was

---

1) Arkin, M.: "John Company at the Cape", <u>Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1960</u>, Dl. II, p. 189.
2) Shillinge en Fitzherbert wat in 1620 met vyf kompanjieskepe aan die Kaap geland, die Engelse vlag gehys en dit in besit geneem het, is ŉ bewys hiervan. Jakobus I se onverskilligheid het egter die anneksasie laat doodloop.
3) Arkin, M.: "John Company at the Cape", p. 189.
4) Sien Harlow, Vincent T.: <u>The Founding of the Second British Empire, 1763-1793</u>, Dl. I, Londen, 1952, p. 110.
5) <u>Ibid.</u>, p. 113.

die Kaap van kardinale belang - kommersieel, sowel as militêr.[6] Om haar verbindingslinies tussen Europa en Indië te beveilig het by die Engelse 'n basiese oorweging geword en met daardie vooropgesette oogmerk het hulle aandag op die Hollandse basisse by die Kaap en Ceylon toegespits geraak.[7] Soos Walker dit stel: "At once the Cape had been dragged out of the political backwater in which it had lain for so long. With Warren Hastings fighting for the life of John Company against the Indian princes and their French Allies, it became a question whether France or Great Britain would occupy the halfway house to India."[8] Vir die Kaap was die dae van agterlike isolasie dus voortaan getel.

Die gebeurtenisse van 1781 het 'n nuwe Britse beleid ten opsigte van die Kaap ingelui, wat onverpoos sou voortduur totdat die nedersetting uiteindelik in 1815 deel van die Britse kroon geword het. Die stuur van kommodoor Johnstone in 1781 om die Kaap te bemeester is gevolg deur pogings om: met Holland, op diplomatieke vlak, tot 'n ooreenkoms aangaande die Kaap te raak; na geskikte hawens in die Suid-Atlantiese Oseaan en langs die kus van Suider-Afrika te soek en, indien alle ander middels misluk, die Kaap en Ceylon te verower.[9]

Dit was veral die direkteure van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie wat die strategiese belangrikheid van die Kaap begin besef het, want op die lang seeweg tussen Europa en Indië was St. Helena die enigste hawe in Britse besit. Ongelukkig was dié eiland skaars selfonderhoudend sodat vrag- en oorlogskepe wat daar aangedoen het, grotendeels van die Kaap af bevoorraad is. Nie alleen was St. Helena as verversingspos waardevol nie, maar híér het Britse oorlogskepe hulle Oos-Indiëvaarders op die terugvaart ontmoet om hulle deur die gevaarsone in die tuiswaters te begelei.[10]

Slegs as verversingspos was die Kaap meerderwaardig bo St. Helena, want dit het oor geen skeepsboumateriaal beskik of geen seevolk gehad wat as bemanning gewerf kon word nie.[11] Indien die Kaap egter in die

---

6) Roux, G.A. : Europese oorloë en die Kaap, 1652-1795, Stellenbosch, 1941, p. 125.
7) Harlow, Vincent T. : The Second British Empire, Dl. I, p.135.
8) Walker, Eric A. : A History of South Africa, p. 108.
9) Harlow, Vincent T. : The Second British Empire, Dl. I, p.110.
10) Ibid., p. 107.
11) Richmond, H. : The Navy in India, 1763-1783, Londen, 1931, pp.122-126.

hande van 'n vyand beland, sou dit nie alleen verversingsprobleme vir St. Helena skep nie, maar sou dié eiland vir 'n aanval uit daardie oord blootgestel wees.

Reeds voor De Suffren se koms, het die direkteure van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie aan die Britse Minister van Buitelandse Sake, Hillsborough, geskryf en hom daarop gewys dat, indien die Franse vloot in aansienlike getalle in Indiese waters verskyn, skepe aan die Kaap uitstekend geplaas sou wees om bystand aan enige plek langs die Indiese kus te verleen.[12] Op 18 Oktober 1781 het 'n Geheime Komitee van die Engelse Oos-Indiese Komitee die moontlikheid om die Kaap in besit te neem, nader oorweeg. In 'n verdere brief aan Hillsborough verduidelik hulle dat die Kaap die algemene ontmoetingsplek vir die vloot kan word, waarvandaan Franse vlootmagte te Mauritius dopgehou en deur die korter seeroete, moontlike stote teen Indië vooruit gewaar kon word. Voorts beweer hulle: "That the Power possessing the Cape of Good Hope has the Key to and from the East Indies, appears to us self-evident and unquestionable. Indeed we must consider the Cape of Good Hope as the Gibraltar of India. This circumstance, My Lord, has not been felt during the long peace subsisting between Great Britain and the States-General: but the present rupture with the Dutch has totally changed the scene, and rendered the possession of the Cape of Good Hope of the last importance."[13] Van die drie verversingshawens op hulle roete - St. Helena, die Kaap en Madagaskar - was eersgenoemde swak en ontoereikend en laasgenoemde gevaarlik, veral as gevolg van die klimaat en vyandiggesinde inboorlinge. Hierdie Geheime Komitee spreek dit as sy oorwoë mening uit dat nie slegs die maatskappy se besittings in Indië nie, maar die omvangryke handel tussen Brittanje en die Ooste in gevaar gestel sal word indien die Kaap in die hande van 'n vyand val. Dienooreenkomstig besluit hulle: "the present crisis demonstrates to us the necessity of the English East Company being permit-

---

12) Harlow, Vincent T. : <u>The Second British Empire</u>, Dl. I, p. 121. Soos aangehaal uit, The Chairs to Hillsborough 8 Sept., 1781, Home Misc. S., 154(6), pp. 119-120.

13) Harlow, Vincent T. : <u>The Second British Empire</u>, Dl. I, pp. 122-123. Soos aangehaal uit, The Chairs to Hillsborough 25 Oct., 1781, Ibid., pp. 277-285.

ted to have a permanent Establishment there, sufficient to enable us at all times to supply our ships and those of His Majesty with all necessary refreshment, and also in time of war to afford the most ample protection."[14])

In antwoord op ŉ vraelys van Hillsborough, gedateer 7 November 1781, benadruk die direkteure van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie verder die gevaar van ŉ Franse besetting van die Kaap, want: "it can be no less than exposing the whole of the Commericial and Territorial interests of Great Britain in India to inevitable ruin at the will and pleasure of the French."[15]) In ŉ voortgesette korrespondensie met Hillsborough beweer hulle dat die besetting van die Kaap ŉ onderneming is, "upon which ... the national welfare depends and in all probability the welfare of the East India Company." Toe die Britse regering versterkings na Indië wou stuur om De Suffren en Hyder Ali te beveg, het die direkteure van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie die aanbod van die hand gewys en gevra dat die Kaap eerder beset moet word: "we beg leave to observe to your Lordship that with the Cape of Good Hope in our hands, we firmly believe that our security and advantages in India... would be greater than could be the case with the addition of the whole Force now proposed to be sent thither, if the Cape of Good Hope and its abundant resources shall be in the hands of the French."[16])

Gedagtig aan die gevare waaraan die oorlogsug van Holland die Britse Ryk in die Ooste blootgestel het, het die Britse Minister van Buitelandse Sake, in ŉ brief aan die voorsitter van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie, op die bedreiging van Britse seeverbindings deur die vyandige koalisie teen haar gewys en aan die hand gedoen dat alle moontlike plekke tussen Engeland en die Kaap, waar water en vars voorrade verkrygbaar is, ondersoek moet word.[17]) Die Britte was dus ook op die uitkyk vir alternatiewe basisse in Afrika. Ten gevolge van onderhandelings wat gevolg het, is die Kompanjie se skip, die Swallow, in September 1783 aangesê om ŉ ontdekkingsreis te onderneem met die doel om aan die noordoostekant van die

14) Ibid., p. 123.
15) Ibid., p. 123.
16) Turner, L. : The Cape of Good Hope and the Trafalgar Campaign, Johannesburg, 1961, p. 122.
17) Harlow, Vincent T. : The Second British Empire, Dl. I, p.125. Soos aangehaal uit,Memorandum communicated to the Chairman of the India Co. in Jan. 1782. C.O. 77/25 (Original correspondence Secretary of States - East Indies) (PR.O.)

Kaap die Goeie Hoop plekke te soek waar skepe water en verversings op hulle uit- en tuiswaartse vaarte kon bekom. Geen belangrike ontdekking is egter gemaak nie.[18)]

Op 2 Mei 1785 is die Pigot, 'n Oos-Indiëvaarder, gedwing om weens ongunstige weersomstandighede te St. Francisbaai tussen Plettenberg- en Algoabaai te gaan skuiling soek en byna 'n maand lank daar te vertoef. Onder die Britte was twee leëroffisiere, lt. Henry Pemberton en lt.-kol. William Dalrymple, wat elkeen, onafhanklik van die ander, by hulle aankoms in Engeland 'n memorandum aan die Britse regering voorgelê het in 'n poging om dié te probeer oorreed om 'n nedersetting daar te stig. Pemberton het sy voorstelle aan Dundas voorgelê en Dalrymple syne aan Pitt. Pemberton beklemtoon die belangrikheid van so 'n nedersetting, "As the principal connection of Great Britain now centres in the great, extensive and opulent Country of India, a port on the South East Coast of Africa would be of the utmost benefit to this Nation in General and to the Honourable East India Company in particular." Volgens hom,kon die besitters van hierdie gebied, wat naby die Kaap die Goeie Hoop met sy baie hawens en wonderlike klimaat geleë is, 'n taai en robuuste volk kweek en, "cannot in time fail to become masters of all India." Voorts meen hy dat so 'n nedersetting mettertyd verversings aan Indiëvaarders kan verskaf; beskerming teen die noordwes-moesonwind kan bied en dus die Engelse Oos-Indiese Kompanjie in staat stel om gedurende enige seisoen van die jaar skepe na Indië en Sjina af te stuur en in oorlogstyd voorrade van Mauritius en Bourbon af te sny.[19)]

Ook kol. Dalrymple, wat 'n persoonlike vriend van William Devaynes, voorsitter van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie,was, het 'n soortgelyke memorandum oor die kommersiële en strategiese voordele van 'n nedersetting langs die "Caffree coast", opgestel. Hy bely hierin: "To be the founder of this colony is my ambition. We have lost America, and a half way house wou'd secure us India, and an Empire to Britain." Ongelukkig vir Dalrymple se verwagting was die diplomatieke toestand in Europa te delikaat om so 'n inbreuk op die Hollandse invloedsfeer moontlik te maak. Brittanje was sonder vriende en die pro-Britse Oranjeparty was in Holland

18) Ibid., pp. 125-126.
19) Ibid., pp. 127-128. Soos aangehaal uit, Narrative of Lt. Henry Pemberton of the 101st Regiment. Factory Records (India Office) - Cape of Good Hope, Vol. I.

besig om 'n verlore stryd teen die Patriotte en hulle Franse beskermhere te voer. Dalrymple self het twee jaar later erken dat hulle nie aanstoot aan die Hollanders òf Franse wou gee nie.[20]

In Junie 1789 is daar weer eens 'n poging aangewend om 'n vlootbasis in Suider-Afrika te vind toe Grenville die instruksies wat in 1783 aan die kaptein van die Swallow gegee is, te voorskyn gehaal het. Nuwe, bykomende en meer omvattende opdragte is opgestel vir 'n ontdekkingsreis, o.a.: "From St. Helena he should proceed to the Cape of Good Hope, and from thence... go on and survey the coast of Africa from the Eastern Limit of the Dutch Possessions (Algoa Bay) to the Portuguese Settlement at Mosambique." Niks is egter deur die Admiraliteit gedoen om uitvoering aan Grenville se konsep-instruksies te gee nie. Die Nootka Sound-krisis met Spanje het intussen ingetree en die Engelse met gedagtes aan verowerings in die Filippyne en Spaans-Amerika vervul.[21]

Die Kaap het vir die Franse ewe belangrik as vir die Engelse geword. Die Franse seemag was, op sý beurt, van die eiland Mauritius, as doeltreffende vlootbasis, afhanklik. Indien van hierdie skuilhawe en bevoorradingsbasis beroof, kon geen Franse eskader hom lank in die Oosterse waters handhaaf nie. Dié eiland het egter aan 'n belangrike gebrek mank gegaan, naamlik dat hy nie in staat was om sy eie inwoners van 'n genoegsame voedselvoorraad te voorsien nie. Besoekende eskaders kon alleen gevoed word deur voorrade wat van die Kaap - en in 'n mindere mate Madagaskar - ingevoer word. Daarsonder sou hulle posisie in die Indiese Oseaan ernstig, moontlik onherstelbaar, verswak word.[22]

In 1784 word die vrede tussen Frankryk en Engeland gesluit, nadat uitputting aan albei kante hulle gedwing het om tydelik die vyandelikhede in Indië te staak. Die Franse is diep beïndruk deur die feit dat De Suffren, met die bystand van Hyder Ali, byna daarin geslaag het om die Britse Ryk in Indië se ondergang te bewerkstellig en net op die geleentheid gewag om die stryd in die Ooste voort te sit. Beheer oor die Hollandse nedersettings, wat op hulle beurt die sleutel tot die Indiese Oseaan vorm, het van soveel kardinale belang vir Frankryk geword, dat

20) Ibid., p. 129. Soos aangehaal uit, Dalrymple, Pitt (1787). Pitt Papers, G.D. 8/128 (PR.O.)
21) Ibid., p. 132.
22) Ibid., p. 107.

Turner sê: "To gain pre-eminence in the councils of the Dutch Republic, was henceforth the primary motive of French policy."[23)]

In 1785 is die Franse Oos-Indiese Kompanjie herstig en dié gebeurtenis sou nie sonder sy invloed op die beleid van die Franse regering ten opsigte van die Kaap wees nie. In hierdie selfde jaar het Frankryk ook 'n ooreenkoms met die Nederlandse Republiek aangegaan, ten gevolge waarvan Frankryk die Hollandse besittings gewaarborg en dié twee regerings mekaar wedersydse steun beloof het. Vergennes, die Franse Minister van Buitelandse Sake, was nou só vol selfvertroue dat hy 'n voorstel van Pitt op 1 April 1786 dat Brittanje en Frankryk hulle eskaders in die Ooste moet verminder van die hand gewys en in dieselfde maand aangekondig het dat Frankryk nie die inmenging van enige mag in Hollandse aangeleenthede sal duld nie en dit met geweld sal teenstaan.[24)] Holland Rose sê: "Dreams of a French Empire of the East haunted many minds at Paris in 1786."[25)]

Hierdie toedrag van sake het groot ontsteltenis in Britse regeringskringe veroorsaak. In 'n brief van Harris, Britse gevolmagtigde minister te Den Haag, aan Carmarthen, Britse Minister van Buitelandse Sake, probeer hy laasgenoemde tot verdere handeling aanspoor deur te skryf: "If the direction of the East India Company falls into their hands (and I much fear it will) you may be assur'd that all its force, wealth and resources... will be employed against us in India the moment France names to give the signal... The most effectual way of defeating their designs would be to anticipate them ... to attack and destroy the Dutch settlement in the East..."[26)]

Omdat die gevaar van Franse inmenging in die lotgevalle van die Kaapkolonie al meer 'n wesenlike bedreiging geword het, is die veiligheid van die Kaap teen 1787 tot sleutelfaktor in die Britse koloniale beleid verhef. Bowenal, omdat hulle besef het dat, "what was a feather in the hands of Holland, will become a sword in the hands of France,[27)] sou die

---

23) Turner, L. : The Cape and the Trafalgar Campaign, p. 117.
24) Ibid., pp. 117-118.
25) J. Holland Rose : William Pitt and National Revival, Londen, 1911, p. 355.
26) Turner, L. : The Cape and the Trafalgar Campaign, pp. 119-120. Soos aangehaal uit, Harris to Carmarthen 3 Feb. 1786 Br. Museum Addit. Manuscripts, 28061.
27) Theal, W.M. : Records of the Cape Colony, Blankett-Nepean, 25 Jan. 1795. p. 26.

besetting van die Kaap, vir geval van 'n oorlog met Frankryk en Holland, een van hulle eerste handelinge wees. Die invloed van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie, op die formulering van hierdie beleid, is ook nie te misken nie.[28)]

In bogenoemde jaar skryf Pitt aan Cornwallis, die Goewerneur-Generaal van Indië, en verduidelik aan hom dat die welslae van die Fransgesinde Patriotte in die Nederland die moontlikheid laat ontstaan het dat hierdie land só afhanklik van Frankryk sal word, dat die bronne en magte van dié land, insluitende die maritieme mag, tot Frankryk se beskikking gestel sal word. Pitt waarsku Cornwallis in dié verband: "In this situation the first struggle will naturally be for the foreign dependencies of the Republic, if at the outset of the war we could gain possession of the Cape and Trincomalee it would go further than anything else to decide the fate of the contest. We should certainly be justified in taking possession of those ports on behalf of the majority of the states and to secure them against France."[29)]

Die ontseteling van die Patriotte in 1787 en die herstel van die gesag van die Prins van Oranje, Willem V, het die invloed van die Franse in Hollandse regeringskringe verswak en dié van die Engelse dermate versterk. In 1788 volg die Drievoudige Verbond tussen Brittanje, Pruise en die Nederland hierop en in 'n aparte klousule word voorsiening gemaak vir vloot- en militêre samewerking in die Ooste, waar Hollandse en Britse offisiere mekaar vir geval van 'n aanval sonder opdrag van die moederland sou bystaan. Hierdie verdrag het, op sy beurt, tydelik, die Britse belange in Indië gewaarborg, maar die ongewildheid van die Stadhouer, vanweë sy steun op 'n vreemde handelsmededinger, verhoog.[30)]

Terwyl hulle die Franse steun te Den Haag teengestaan het, het die Britse regering hulle Oosterse ryk deur twee parallelle beleidsrigtinge probeer beskerm - territoriaal, deur Franse verdrae met Indiese heersers deur Britse te vervang en, op handelsgebied, deur noue samewerking tussen

---

28) Sien Turner, L. : The Cape and the Trafalgar Campaign, pp. 130-131.
29) Turner, L. : The Cape and the Trafalgar Compaign, pp. 127-130. Soos aangehaal uit, Pitt to Cornwallis, 2 Aug. 1787; Public Record Office, Pitt. MSS.102.
30) The Cambridge History of the British Empire, Dl. VIII, p. 171.

die Engelse en Hollandse Oos-Indiese Kompanies te bewerkstellig. Soos die bewyse van die gevaarlike swakheid van die Hollandse Koloniale Regering by Downingstraat opgestapel het en die Franse revolusionêre leiers al meer aggressiewe neigings getoon het, het Dundas [31] in 1791 'n konsep-ooreenkoms opgestel wat vir 'n hele aantal jare in sy gedagte was: laat die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie al sy besittings onder Britse beskerming plaas in ruil vir 'n gewaarborgde monopolie van die speseryhandel (wat hy nie as van groot waarde vir Brittanje beskou het nie) en 'n aandeel in die handel met Sjina. Die Hollanders sou van die neerdrukkende en teen hierdie tyd futiele uitgawes om poste in Indië self en plekke soos die Kaap die Goeie Hoop aan die gang te hou, ontslae wees en terselfdertyd sou hulle speseryehandel beskerm word, terwyl die Engelse in 'n onaantasbare posisie teenoor die Franse geplaas sou wees. Soos te begrype, het die Hollanders hierdie aanbod van die hand gewys - soos ook ander dergelike aanbiedinge! [32]

Soos die revolusie hom in Frankryk ontplooi het, het dit al hoe duideliker geword dat die diplomatieke stryd tussen Frankryk en Brittanje, wat om Holland gewentel het, eersdaags op gewapende konflik tussen dié twee lande sou uitloop. Die finale aanduiding hiervan was die dekreet wat die Franse Konvensie op 16 November 1792 uitgevaardig het, waardeur die Schelde- en Maasrivier vir die handel oopgestel is en Dumouriez op dieselfde dag opdrag gekry het om die Oostenrykers te agtervolg, selfs tot op Hollandse grondgebied.

Soos die oorlogswolke oor Europa saamgepak het, het die direkteure van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie sterk by Dundas begin aandring om sy pogings,om tot vreedsame skikking met die Hollanders aangaande die Kaap te kom, te verdubbel. In 'n memorandum het hulle hom vroeg in 1793 daarop gewys dat die Franse vanaf hulle basisse te Bourbon en Mauritius die Kompanjie se skeepvaart in die Indiese Oseaan kan bedreig en dat dié eilande van hulle naaste verversingspos, die Kaap, afgesny moet word. Hulle het ook voorgestel dat 'n Britse garnisoen van St. Helena na die

---

31) Henry Dundas, (1742-1811) Eerste Burggraaf en Britse parlementslid dien vanaf 1784-1800 onder Pitt as Tesourier van die Vloot; 1784-93 is hy Kommissaris van die Indiese Beheerraad en dieselfde tyd 1784-93 Minister van Binnelandse Sake; 1791-94 dien hy as Oorlogsminister en 1804-5 Eerste Lord van die Admiraliteit.

32) <u>The Cambridge History of the British Empire</u>, Dl. VIII, p.171.

Kaap gestuur word.[33] Die voorsitter het op sy beurt die Engelse Oos-Indiese Kompanjie se houding in 'n skrywe aan die latere Minister van Binnelandse Sake soos volg geformuleer: "The importance of the Cape with regard to ourselves consists more from the detriment which would result to us if it was in the hands of France, than from any advantage we can possibly derive from it as a Colony. It commands the passage to and from India as effectually as Gibraltar doth the Mediterranean...."[34]

Dundas het intussen die diplomatieke masjinerie in werking gestel om die Kaap vir Brittanje te bekom. Gedurende die eerste helfte van 1793 word 'n lewendige korrespondensie tussen die Britse regering en hulle gevolmagtigde minister te Den Haag gevoer, aan wie dit opgedra word om enersyds die Franse invloed te bekamp en andersyds die Hollandse regering te oorreed om die Kaap onder Britse beskerming te plaas. In hierdie trant versoek Grenville, die Britse Minister van Buitelandse Sake, op 2 Februarie 1793 vir Auckland, sy land se gevolmagtigde minister te den Haag, om met die Hollandse ministers te beraadslaag oor sekere stukke wat hy van die Geheime Komitee van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie ontvang het en sê o.m.: "It is highly probable that means might be found at no remote period to send a number of troops to the Cape from St.Helena...."[35]

Uit 'n resolusie deur die State-Generaal, in Maart 1793 geneem, blyk dit duidelik dat hulle begerig is om vlootbeskerming vir die Kaap te verseker, maar glad nie gretig was om Britse troepe daar toe te laat nie. Die versending van lewensmiddele van die Kaap na die Franse eilande word egter verbied.[36] Teen die einde van Maart het vrees vir die Franse egter tydelik die oorhand oor die direksie van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie gekry en versoek 'n deputasie van hierdie liggaam Lord Auckland om Britse skepe sowel as troepe na die Kaap te stuur. Hierop beloof die Britse kabinet amptelik die begeerde ondersteuning.[37] Op 22 Maart ver-

---

33) Arken, M. : "John Company at the Cape", p. 191. Soos aangehaal uit, Committee of Secrecy, Minutes 28 Jan. 1793.
34) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Baring-Dundas, 12 Jan. 1795, p. 22.
35) Ibid., Grenville-Auckland, 2 Feb. 1793, p. 1.
36) Ibid., Extract uit het Register van de Hoog Moogende Heeren Staaten Generaal der Vereenigde Neederlanden, 7 Maart 1793, pp. 4-7.
37) Ibid., pp. 3-10. Sien korrespondensie tussen Grenville en Auckland met Hollandse bylaes vir nader inligting oor hierdie onderhandelings.

seker Grenville vir Auckland dat, "whatever can be done for the protection of the Cape will be the object of the serious and early attention of His Majesty's Government."[38] Ook Dundas, met sy volgehoue belangstelling in die Kaap met betrekking tot Indië, druk dit vir Grenville op die hart dat: "The preservation of the Cape of Good Hope is an object of so much importance, both to Holland and Great Britain, it is impossible to view with indifference any circumstance that can endanger the safety of the Settlement." Hy laat ook blyk dat hy dankbaar sal wees om oor die militêre staat van die Kaap ingelig te word en te verneem in hoeverre die Hollanders geneë sal wees om die Britse troepe aan die Kaap vir defensiewe en moontlik offensiewe operasies toe te laat.[39]

Ongelukkig vir die verwesenliking van Dundas se verwagtinge het die lotgevalle van die Geallieerde leërs gedurende Mei, Junie en Julie verbeter en het die Hollanders van voorneme verander.[40] Op 23 Mei het P.J. Guepin, Hoofadvokaat van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, die begeerde inligting aan Auckland verstrek, maar die militêre sterkte van die Kaap vér oordryf en alle vorige argumente teen die stuur van Britse troepe daarheen herhaal. Indien Brittanje, ten spyte van Holland se aandrang op 'n vloot, daarop sou staan om 'n militêre mag te stuur, moes dit, terwyl dit in 'n Hollandse kolonie gevestig is, direk onder beheer van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie geplaas word.[41]

Die beslissende gebeurtenisse wat die onmiddellike aanleiding tot die Britse besetting van die Kaap vorm, vind gedurende die winter van 1794-5 plaas, toe die Nederlandse Republiek deur Franse soldate oorstroom word; die Stadhouer en sy ondersteuners na Engeland vlug; 'n offensiewe en defensiewe ooreenkoms deur die State-Generaal met Frankryk aangegaan en die Bataafse Republiek gestig word. Dit was nou duidelik dat tensy die Britse regering snel optree, die Kaap, as sleutel tot Indië, Franse besit sou word.[42]

Die noodsaaklikheid vir optrede en die wyse waarop dit moes geskied, is alreeds in November 1794 in 'n brief van Dundas aan Grenville beklemtoon.

---

38) Ibid., Grenville-Auckland, 22 Maart 1793, p. 8.
39) Ibid., Dundas-Grenville, 23 April 1793, pp. 10-11.
40) The Cambridge History of the British Empire, Dl. VIII, pp.172-173.
41) Ibid., p. 173.
42) Ibid., p. 173.

Hy skryf: "If the French, either by conquest or treaty get possession of the seat and instrument of the Dutch Government and have their senses about them, their first act will be to send a French force on board the Dutch shipping to the Cape and take possession of it. We must be beforehand with them, and the means of it are not difficult... The foundation of the transaction ought to be a liberty to us to lodge at the Cape any force we please, to be protected as a Dutch possession, and for their behoof if peace is restored; but, in the meantime to be defended at all events against any attempts of a French force to possess it. I am not sure but the Prince of Orange is properly the head of the Dutch East India Company, and, as such, perhaps to give the order himself to admit our force at the Cape."[43) Barrow, Dundas se sekretaris, konstateer: "... the acquisition of so valuable a settlement was considered of the utmost importance to the British Empire, and particularly to the East India Company, as being a barrier and grand out-work to their vast possessions in India."[44) Dit is om dié rede dat Dundas die besluit geneem het om die Kaap te beset, waarvan hy nie weer wou afwyk nie en "that no foreign power, directly or indirectly, should obtain possession of the Cape of Good Hope for that it was the physical guarantee of the British territories in India."[45)

Opsommenderwys kan gesê word dat die verlies van die Noord-Amerikaanse kolonies in 1783 die swaartepunt van die Britse handel na Indië verplaas het en die beveiliging van haar handelsroete met híérdie gebied lewensbelangrik vir haar gemaak het. Gelyktydig hiermee vind die ekonomiese en politieke agteruitgang van Holland plaas en stort die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie in duie. Weens die toenemende invloed van Frankryk, Brittanje se grootste handelskonkurrent, op die beleid van Holland en ontwikkeling van die sterk moontlikheid dat Holland 'n aanhangsel van Frankryk kan word, word die Kaap die brandpunt van Brittanje en Frankryk se belangstelling. Om sy oostelike handelsroete te beveilig sou Engeland òf die Kaap moes beset òf alternatiewe handelsroetes langs die Afrikaanse

---

43) Ibid., Soos aangehaal uit Dundas & Grenville, 16 Nov. 1794 (pp.173-174) Hist. M.SS. Comm., 14th Rept. App. pt. V. Dropmore, MSS II 645-646.
44) Barrow, J.: An Account of Travels in S.A., Dl. II, p. 147.
45) Turner, L.: The Cape and the Trafalgar Campaign, p. 132. Sien ook V.C.58. Memorandum van Braam Houckgeest, Julie 1789. geen no. K.A.

kus soek. Pogings om alternatiewe basisse te vind het misluk, dus het die besetting van die Kaap dringend noodsaaklik geword.

Die brief van die Prins van Oranje uit Kew, waarin aan Sluysken opgedra word om die Kaap onder Britse beskerming te plaas, verskaf dus aan Brittanje 'n baie gerieflike voorwendsel om die Kaap, soos lank reeds hulle voorneme was, te beset. Adml. Elphinstone en genl. Craig se bewerings in hulle briewe aan die Kaapse owerheid en die koloniste dat hulle motief suiwer en alleen was om die Kaap vir die Huis van Oranje in bewaring te neem, moet in die lig van die voorafgaande Britse beleid ten opsigte van die Kaap as vals verwerp word. Engeland is deur omstandighede genoodsaak om die besetting ter beskerming van haar eie koloniale belang te onderneem. Tereg, sê Furber: "Although the conquest of the Cape was carried out under the nominal authority of the Prince of Orange, there can be no doubt that the British thought of it as a British possession in actual fact."[46)]

. . . . . . . . . . . .

2. <u>Die Voorbereiding en koms van die Britse Mag om die Kaap te Verower.</u>

Soos in 'n voorafgaande gedeelte oor die strategiese belangrikheid van die Kaap aangedui, het dit in 1795 duidelik geword dat die Britse regering, om sy belange in die Indiese Oseaan te beskerm, die Kaap sou móés beset. Die Engelse Oos-Indiese Kompanjie het sy druk op die Britse regering volgehou om 'n besettingsmag na die Kaap te stuur en by monde van sy voorsitter, sir Francis Baring, stel hy voor hóé die besetting moet geskied. Baring aanvaar dat, in die lig van die swak finansiële toestand van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, dié maatskappy nie 'n sterk militêre mag aan die Kaap kon aanhou nie. Van die garnisoen was daar, volgens hom, maar min te vrees, maar die inwoners was vír die Franse en téén die Britte gekant en dit sou 'n besettingsmag noodsaaklik maak. Hy het verneem dat daar versterkings na die Wes-Indië gestuur word en stel voor dat, nadat vir die veiligheid van die Britse besittings in daardie gebied voorsiening gemaak is, die verowering van die Kaap oorweeg moet word, "as more important and equally probable to succeed". Hy beloof dat, onmiddellik nadat die troepemag vir Wes-Indië bestem, verskeep is, die Engelse Oos-Indiese Kompanjie se skepe in gereedheid gebring sal word om manskappe

---

46) Furber, H. : <u>Henry Dundas, first Viscount Melville, 1742-1811,</u> Londen, 1931, p. 167.

vir die Kaapse ekspedisie aan boord te ontvang. Die hele onderneming kon vir die vyand geheim gehou word en die ekspedisie kon in Portsmouth versamel voordat die lede die doel van hulle sending ontdek. Die taakmag sou uit ongeveer 2,500 tot 3,000 man bestaan en hierby sou 300 manskappe, wat St. Helena kon afstaan, gevoeg word.[47)]

Op 12 Januarie 1795 het Baring in 'n tweede brief aan Dundas in detail verder verduidelik hoe hy meen sy skema om 'n besettingsmag na die Kaap te stuur uitgevoer kan word. Om strenge geheimhouding te verseker, moes die ekspedisie só aangekondig en as deel van dié na Wes-Indië behandel word. Die ware doel van die sending moes egter aan die Engelse Oos-Indiese Kompanjie bekendgemaak word, sodat dié se skepe in 'n behoorlike staat van gereedheid kon wees om die troepe te ontvang. Hy verklaar voorts dat hy meen die Kaap by wyse van verrassing, wat baie intensiewer voorbereiding verg, en nie beleg nie, verower sal word. In 'n uitvoerige aanhangsel tot sy brief verduidelik Baring ook hoe hy meen die goeie gesindheid van die inwoners van die Kaap gewen kan word.[48)]

Nadat die Minister van Oorlog besluit het om Baring se versoek gehoor te gee, veral omdat die gebeure in Europa en die vlug van die Stadhouer na Brittanje die stuur van troepe na die Kaap nou uiters wenslik gemaak het, het Dundas in hierdie stadium vir sir George Keith Elphinstone vir die uitvoering van hierdie taak uitgesoek. Uit 'n brief van die Minister van Oorlog aan Spencer gedurende Feb. 1795 lyk dit asof hy eers vir adml. Jervis in bevel van die ekspedisie wou plaas, maar die gedagte laat vaar het, moontlik omdat die admiraal nie te gesond was nie.[49)]

Op 12 April 1794 is sir George Keith Elphinstone tot skout-admiraal bevorder en word hy voortaan dikwels by die Admiraliteit opgemerk, waar Dundas hom oor operasies in die Stille Oseaan raadpleeg. Elphinstone se ervaring in diens van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie het hom in staat gestel om met gesag oor hierdie onderwerp te praat. Sy briewe aan die Minister van Oorlog toon dan ook dat hy 'n goeie begrip van die Europese

---

47) Theal, G.M. : <u>Records of the Cape Colony</u>, Baring-Dundas 4 Jan. 1795, pp. 17-19.
48) Theal, G.M. : <u>Records of the Cape Colony, Baring-Dundas</u>, 12 Jan. 1795, pp. 19-23.
49) Perrin, W.G. : <u>The Keith Papers</u>, Dl.I, Navy Records Society, LXII, Londen, 1927, pp. 213-214.

besittings in die Indiese Oseaan gehad het. Elphinstone en Dundas was dit eens oor die beginsel dat 'n kragdadige stryd teen Frankryk gevoer moet word en word Dundas in die beplanning van sy ekspedisie teen die Franse en Hollandse kolonies in die Stille Oseaan in 'n aansienlike mate deur Elphinstone se raadgewinge en voorstelle beïnvloed.[50)]

Gedurende Maart 1795 was Elphinstone druk besig om alle besonderhede in verband met die voorgenome ekspedisie na die Kaap na te gaan en met Dundas daaroor oorleg te pleeg. Op 10 Maart hys Elphinstone sy vlag op die Monarch en 'n paar dae later stel die Admiraliteit hom aan as, "Commander in Chief of a squadron to be employed upon a particular service."[51)] Hierbenewens word hy voorsien van 'n Koninklike Proklamasie aan die Kaapse koloniste gerig, asook 'n brief van die Stadhouer aan die Kaapse owerheid, van wie gehoop is dat hulle op vreedsame wyse die Britse vloot sal verwelkom. Elphinstone word ook met volmag beklee om te veg of te onderhandel - soos omstandighede dit mag vereis.[52)]

Dundas het intussen, deur middel van Evan Nepean, sy ondersekretaris, vir kapt. John Blankett, wat in die Indiese waters gedien en die Kaap goed geken het, oor toestande aan die Kaap geraadpleeg. Die Britse regering was duidelik erg bevrees dat 'n Franse mag eerste die Kaap sou bereik en Dundas, wat die operasie beheer en sy opdragte direk aan die betrokke vlootoffisiere gegee het, het op 16 Feb. 1795 vir Blankett na Portsmouth gestuur. Blankett se opdrag was om bevel te neem van die skepe wat die Admiraliteit vir hom gereed gehad het, soveel troepe in te skeep as waarvoor hy plek kon vind en met die hulp van genl.-maj. James Henry Craig, onmiddellik te vertrek. Hoe ongeduldig Dundas met die uitvoering van hierdie onderneming was, blyk uit die inhoud van sy brief aan Blankett: "The nature of the Service on which you are employed will point out to you the necessity of the utmost expedition in your proceeding on your Voyage, and in case any unnecessary delay should arise in the equipment of your ships, I desire you will report the same to me, in order that proper measures may be taken for removing them in the present

---

50) Allardyce, A. : Memoir of the Hon. George Keith Elphinstone, K.B., Viscount Keith, Admiral of the Red, Edenburg 1882, pp. 84-85.
51) Perrin, W.G. : The Keith Papers, Dl. I, p. 214.
52) Allardyce, A. : Memoir of Elphinstone, p. 85.

instance, and preventing similar impediments on any future occasion."[53)]

Blankett en Craig moes, indien hulle saamgestem het dat omstandighede gunstig daarvoor was, aan die Kaap land. Craig moes dan sy bes doen om die Duitse regimente wat daar was te oorreed om in diens van die Britse regering te tree deur te beloof om die agterstallige geld wat die Hollandse regering aan hulle verskuldig is, te betaal.[54)] Op 25 Feb. 1795 rapporteer kapt. Blankett met voldoening aan Dundas dat die 78ste regiment soos volg in Sy Majesteit se skepe ingeskeep is: in die America 160 : Ruby 160 : Stately 160 en die sloep die Echo 35: totaal 515. Hierbenewens is ook voorrade, bagasie en kamptoerusting ingelaai. Volgens Blankett was die manskappe erg saamgedring in die beskikbare ruimte.[55)] Op 26 Februarie laat hy aan Dundas weet dat, indien die weer gunstig is, die skepe onder sy bevel gereed is om die volgende oggend te seil.[56)] Die oggend van 27 Feb. vertrek die eskader vanaf Spithead, maar word weens gebrek aan wind gedwing om op 28 Feb. te St. Hellens anker te werp.[57)] Dit is dan ook nie voor 11 Maart dat Craig aan Huskisson, hoofklerk in die oorlogsdepartement, skryf dat hulle hoop om daardie aand vanaf Falmouth te vertrek nie.[58)]

Die gevolg van die groot haas was dat die ekspedisie Brittanje in drie dele verlaat het. Die eskader wat die eerste vertrek het, was dié onder kapt. Blankett, wat vir die geleentheid tot kommodoor bevorder is. Hulle is deur die hoofeskader onder adml. Elphinstone, gevolg, terwyl die vernaamste troepemag, onder bevel van genl.-maj. Alured Clarke, hierdie eskader in skepe van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie sou vergesel. Laasgenoemde was egter nie betyds gereed nie en Elphinstone moes sonder hom en sy manskappe vertrek.[59)]

Allardyce beweer: "Perhaps during no other period in his life was Elphinstone's natural capacity as a commander so strikingly manifested as

---

53) Theal, G.M. : Records of the Cape Colony, Instructions from the Horse Guards to Captain Blankett, 16 Feb. 1795, p. 30.
54) Perrin, W.G. : The Keith Papers, Dl. I, p. 215.
55) Theal, G.M. : Records of the Cape Colony, Blankett-Dundas, 25 Feb. 1795, p. 34.
56) Ibid., Blankett-Dundas, 26 Feb. 1795, p. 35.
57) Ibid., Blankett-Dundas, 28 Feb. 1795, p. 35.
58) Ibid., Craig-Huskisson, 11 Mrt. 1795, p. 35.
59) Perrin, W.G. : The Keith Papers, Dl. I, pp. 215-216.

in the organization of this expedition". Dundas het hom in sy volle vertroue geneem en alle detail van die ekspedisie se organisasie aan hom toevertrou. In die beperkte tyd tot sy beskikking vir die tref van voorbereiding - skaars 'n maand - het hy nie alleen aan alle vlootbesonderhede sy aandag gewy en vir 'n winterveldtog aan die Kaap van storms voorsiening gemaak nie, maar ook reëlings getref met die Engelse Oos-Indiese Kompanjie, die Goewerneur-generaal te Calcutta, die goewerneurs van Madras en Bombaai en die Portugese goewerneurs van Goa en San Salvador, om saam te werk in die uitvoering van die verskillende doelstellings van die ekspedisie.[60)]

Die winterstorms rondom die Kaap het dit besonder ongeskik gemaak as ontmoetingsplek vir die verskillende eskaders. Adml. Elphinstone besluit dus dat San Salvador die aangewese plek is waar die vloot met die Indiese Oseaan se kontingent onder Alured Clarke kon verenig om 'n gesamentlike aanslag op die Kaap uit te voer - indien die Kaapse burgery 'n landing wou betwis. Aan Elphinstone is dit intussen as sy vernaamste plig opgedra om na die Kaap te gaan en die gesindheid van die regering en die koloniste daar te beproef.[61)]

Elphinstone het aan Dundas voorgestel dat die bevelhebbers van die ekspedisie die reg moet hê om aan die Hollandse troepe aan die Kaap (wat volgens hom meestal ontvoerde Duitsers was) toestemming te verleen om by Britse regimente aan te sluit; in Britse diens geneem te word, maar in afsonderlike regimente onder hulle eie offisiere te dien òf in diens van Sy Majesteit se vloot- en marinemagte te tree. Hy was van mening dat die moontlikheid om na Europa te kan terugkeer die gewenste uitwerking op hulle sou hê.[62)]

Voordat hy na die Kaap vertrek het, het Elphinstone homself goed op hoogte gestel van toestande aldaar. Hy het besef dat die lotgevalle van die koloniste so nou aan dié van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie verbonde was, dat hulle verseker moes word dat hulle nie ten gevolge van die ondergang van die Kompanjie skade sou ly nie. Die lening van £20,000 wat die Kompanjie aan die Kaap gemaak het om as dekking vir papiergeld te

---

60) Allardyce, A. : Memoir of Elphinstone, p. 87.
61) Ibid., p. 87.
62) Theal, G.M. : Records of the Cape Colony, Elphinstone-Dundas, 14 Maart 1795, pp. 35-37.

dien, moes gewaarborg word en uit die fondse van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, wat in daardie stadium in Londen gehou is, uitbetaal word.[63)]

Adml. Elphinstone het op 3 April aan boord van sy vlagskip, die Monarch (74)[64)] wat deur sy naamgenoot kapt. John Elphinstone aangevoer is, vertrek. Hy was vergesel van die Arrogant (74), Victorious (74), Rattlesnake (16), Sphynx (24) en die Arniston, 'n Oos-Indiëvaarder. Op 13 April 1795 het die eskader by Santa Cruz aangekom en op 16 April weer voortgegaan. Die Arniston het die eskader op 12 Mei, onderweg na St. Helena, verlaat en briewe vir die goewerneur van dié eiland, vir kapt. Essington van die Sceptre en vir kmdoor. Blankett, indien hy dáár gevind kon word, saamgeneem.[65)] Toe Elphinstone te St. Helena aanland, het hy gevind dat Blankett, nadat hy die voorgeskrewe tyd gewag het, reeds weg was.[66)]

Op 10 Junie het adml. Elphinstone land in die omgewing van Kaapstad gewaar en kort daarna is 'n eskader aan die seekant opgemerk - Blankett syn. Blankett sein dadelik aan hom: "My passage has been miserably long from having met calms where I ought to have found the S.E. trade. I have stopped nowhere nor gained no intelligence since I left England ... the ships are very short of water....[67)] In sy Joernaal, wat blykbaar deur sy sekretaris bygehou is, sê die admiraal dat hy die oggend om half-ses vier skepe gewaar het, wat geblyk het die eskader onder bevel van kmdoor. Blankett te wees. Die wind het toe nog sterk noordoos gewaai. Om tienuur het die America binne hoorafstand gekom en is hulle meegedeel dat Blankett se eskader reeds drie dae tevore die kus bereik het, maar geen verbinding met die land kon bewerkstellig nie aangesien hulle deur die wind verhoed is om in die baai te vaar.[68)] Nadat Blankett hom by Elphinstone aangesluit het, het hulle saam na Valsbaai geseil, waar hulle

63) Ibid., Elphinstone, - Dundas, 21 Maart 1795, p. 37.
64) Die syfer tussen hakies (74) dui die aantal kanonne aan wat die skip gevoer het.
65) Perrin, W.G. : The Keith Papers, Dl. I, pp. 216-217.
66) Allardyce, A. : Memoir of Elphinstone, p. 88.
67) Perrin, W.G. : The Keith Papers, Dl. I, Blankett-Elphinstone, 11 Junie 1795, p. 257.
68) Ibid., p. 256.

op 11 Junie anker gewerp het. Al die skepe van die eskader was bymekaar, behalwe die Rattlesnake, wat stadiger geseil en eers op 15 Junie by die Kaap aangekom het. Elphinstone meld aan Dundas dat toe hy anker, "I observed an uncommon stir and signals all over the country." Daar is ook op die Monarch gevuur. Sedertdien het hy agtergekom dat hierdie optrede aan die agterlosigheid van 'n Hollandse offisier gewyt moes word. Dié offisier is na die vlagskip gestuur met 'n seinvlag in sy boot verberg, wat hy moes hys om te toon of dit vriend of vyand was, maar nadat hy aan boord van die Monarch gekom het, het hy totaal vergeet om sy plig na te kom.[69)]

Genl.-maj. Alured Clarke het eers op 15 Mei onder konvooi van H.M.S. Hector na San Salvador (ook as Bahia bekend) aan die kus van Brasilië vertrek, waar hy op 7 Julie anker gewerp het. In opdrag van Dundas is die volgende troepemagte onder sy bevel in skepe van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie ingeskeep: die 78ste regiment se Tweede Bataljon; die 95ste en 98ste regimente en 'n afdeling van die Royal Artillery. Daar is aan Clarke meegedeel dat hy, by sy aankoms te San Salvador, moontlik 'n gedeelte van die eskader of selfs die hele mag onder bevel van Elphinstone sal vind, wat daar wag om die Indiëvaarders na die Kaap te vergesel. As die eskader met die troepe van genl. Craig aan boord, wat ook deel uitgemaak het van die magte onder sý, Clarke, se bevel, reeds 'n gunstige ontvangs van die Kaap te beurt geval het en in besit van die hawe en garnisoen was, sou hy voor sy vertrek van San Salvador daarvan verwittig word. As hulle egter nie daarin kon slaag om op vreedsame wyse toegang tot die Kaap te verkry, of hulle met geweld daarvan meester te maak voordat hy by hulle aansluit nie, moes hy en die bevelhebber van die vlootmagte, adml. Elphinstone, 'n "immediate and vigorous attack on the Cape", maak en sy uiterste bes doen om dit te beset. Indien hy daarin slaag om die kolonie in naam van Sy Majesteit in besit te neem, moes hy, in samewerking met die bevelhebber van die vlootmagte, sodanige gunstige voorwaardes aan die garnisoen aanbied as wat sou help om die Kaap met die geringste verlies in besit te kry. Indien hy egter 'n vriendskaplike ontvangs aan die Kaap te beurt val, òf die vyand alreeds met 'n oormag

69) Theal, G.M. : Records of the Cape Colony, Elphinstone-Dundas, 17 Junie 1795, p. 60.

aanwesig is, wat 'n aanval onraadsaam maak, moes hy onmiddellik die Kaap verlaat en met ten minste die helfte van sy troepe na Madras vertrek, voordat die seisoen van die moesonwinde daar aanbreek.[70]

Ten spyte van die protes wat by Dundas aangeteken is, is die ekspedisie van Clarke gedwing om sonder veldartillerie te seil, 'n toestand wat nie van goeie organisasie aan Dundas se kant getuig nie.[71]

Pargiter en Eady, verwysende na die vertrek van Craig en Clarke se magte, beweer: "The story of this operation provides a good example of the criminal negligence with which such expeditions were despatched at that time. The force was sent off ... without artillery or transport, with inadequate supplies, and without money to repair these deficiencies by local purchase... The whole force was very weak and lamentably equipped."[72]

---

70) Perrin, W.G. : The Keith Papers, Dl. I, p. 216.
71) Ibid.
72) Pargiter, R.B. and Eady, H.G. : The Army and Sea Power, Londen, 1927.

## HOOFSTUK IV

## AANKOMS VAN DIE BRITSE ESKADERS ONDER KOMMODOOR BLANKETT EN ADMIRAAL ELPHINSTONE IN VALSBAAI

Weens die groot afstand van Europa was die Kaapse owerheid salig onbewus van die aannadering van die Britse eskaders voordat hulle in Valsbaai kom anker werp het. Op 10 Oktober 1794 het Sluysken weliswaar ŉ brief van P.J. Guepin, hoofadvokaat van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie ontvang, wat hý met goedkeuring van die direkteure geskryf het, en waarin berig word dat toestande in die Nederland onseker was. Volgens hom was die Franse besig om Amsterdam te nader en het hulle reeds ŉ gedeelte van die land beset. Sluysken word gemaan om op sy hoede te wees sodat hy nie sommer deur ŉ Europese vyand oorval word nie. Hierdie brief ontvang die Kommissaris egter eers op 7 Februarie 1795 aan die Kaap.[1)]

Geen tyding van die gebeure in die moederland, met uitsondering van ŉ gerug dat Nimwegen geval het, wat ŉ Sweedse skip hier aanbring, word verneem voordat die fregat Medenblik, met kapt. Dekker as kaptein en vergesel van twee huurskepe, op 12 April 1795 in Kaapstad aankom nie. Hierdie vaartuie het Teksel op 22 Desember verlaat en kon kapt. Eduard Dekker verslag doen dat ŉ Franse mag onder Pichegru besig was om Breda te beleër en gedreig het om die Maas oor te steek. Die Medenblik het egter nie briewe of amptelike stukke met hom meegebring nie. Na die aankoms van hierdie vaartuig is geen nadere inligting oor die toestand in die Nederland ontvang voor die koms van die Britse vloot op 11 Junie nie.[2)]

Die eerste aanduiding van die aanwesigheid van die Britse vloot in die Kaapse waters word op 10 Junie 1795 ontvang, toe die resident, Brand, laat dié aand uit Simonsbaai per sein aan Sluysken laat weet dat die kaptein van die landsfregat, die Medenblik, wat nog steeds in die baai voor anker gelê het, agt skepe net voor die weshoek en Hangklip, in die ingang tot die baai gewaar het. Hulle koers was oos-suidoos en dit het voorgekom asof hulle hul koers na die Ooste wou voortsit.[3)] Brand be-

---

1) Theal, G.M. : History of South Africa, Dl. III, pp. 314.
2) Ibid.
3) V.C. 68 : Brieven en Bylagen van den Commissaris Sluysken, 1793-1798, Missive van Brandt, No 4, Dl. I, p. 655. K.A.

vestig hierdie berig deur op die oggend van 11 Junie aan Sluysken te laat weet dat die paketboot, die Star, wat die oggend aangekom het, agt skepe voor die mond van Valsbaai gewaar het wat poog om dit binne te seil.[4] Hierdie rapport word die aand om halfses gevolg deur 'n verslag dat agt skepe die Simonsbaai kom oplaveer het, waarvan een 'n wimpel met kleure, wat onherkenbaar was, gevoer het en geen nasionale vlag vertoon het nie. Hierdie verslag, dat agt skepe Valsbaai binnegeseil het, is bevestig deur 'n mondelinge rapport van 'n matroos, Pieter Wilstraaten van Muizenberg, asook die aand van 11 Junie,om tienuur, deur Brand. Die Resident het bygevoeg dat 'n persoon wat kapt. Dekker van die Medenblik aan boord van die Britse skepe gestuur het opdrag gehad het om 'n vlag te waai indien húlle vriendskaplike oogmerke gehad het. Geen sein is gedoen nie, wat die indruk wek dat die eskader aan 'n vyandelike mag behoort.[5]

Die aankoms van die Britse skepe in Simonsbaai word ook deur Louis Reijnders in sy dagboek vermeld, waarin hy konstateer dat die Britse skepe by landing geen vlag gevoer het nie en kapt. Dekker dus 'n sloep met 'n offisier aan boord soontoe gestuur het om vas te stel wié of wát hulle is en of hulle as vriend of vyand kom.[6]

In sy Joernaal beskryf Elphinstone die gebeure vanuit die Engelse oogpunt deur te vertel dat die aand van 11 Junie om halfvyf 'n bootjie met 'n Hollandse offisier aan boord van die hawe af na hulle gekom het. Die offisier het aan boord van die Monarch gekom en verneem watter nuus hy saamgebring het, want hulle het vir 'n geruime tyd geen nuus uit Holland verneem nie. Elphinstone verklaar verder dat hulle dié aand om halfses die beste ankerplek binne Simonsbaai in negentien vadem gevind het en kmdoor. Blankett se eskader effe na die lykant geanker het. Vyf minute na sononder het die Simonsbaaise battery drie kanonskote afgevuur, waarvan die een aan die lysy van die Monarch se boeg geval het. Baie seine is gemaak en kanonne gedurende die nag afgevuur. Later het hy vasgestel

---

4) Ibid., Missive van Brandt, No 5, p. 656.
5) Ibid., p. 656; C109 Resolutiën, Raad van Politie (Secrete), 1794-1795, pp. 128-129. K.A.
6) M.74: Louies Reijnders se Dagboek 1793-1803, geen no. K.A. Reijnders het in 1793 by die N.O.I.K. as soldaat aangesluit. By die oorgawe van die Kaap aan die Engelse het hy hom as skoolmeester in Simonsbaai verhuur.

dat dit plaasgevind het omdat die Hollandse offisier vergeet het om die seinvlag in sy boot te hys.[7] Marnitz onderskryf Elphinstone se bewering dat op die Britse skepe gevuur is: vanaf die Medenblik deur kapt. Dekker en ook vanaf die battery Boetzelaar. Hoewel die kanonne op die battery se elevasie so hoog moontlik gestel is, kon die Britse skepe nie bereik word nie.[8]

Adml. Elphinstone het onmiddellik met die owerhede aan land in verbinding getree. Met 'n ene mnr. Farquhar stuur hy 'n brief aan Resident Brand waarin hy beweer dat hy oor baie belangrike inligting beskik en in besit is van 'n brief van die Stadhouer. Hy versoek hierin dat Brand so spoedig moontlik iemand na die Kaap moet stuur om Sluysken en kol. Gordon uit te nooi om aan boord van sy vlagskip, die Monarch, te kom. Indien Sluysken nie die Kaap kon verlaat nie, sou hy graag vir kol. Gordon wou spreek.[9]

Die Adjunk-Resident van Simonsbaai, Johannes Henricus Brand, het in afwesigheid van die Resident by die battery, inmiddels, onverwyld 'n nota met die volgende inhoud aan Sluysken gestuur: "Komt op zeilen acht Engelsche scheepen. Capitein Dekker heeft een Chaloup aan boord gezonden, so het Engelsche of Vrienden zijn, zouden zij een Vlag hebben waaien laaten, maar tot nog toe geen Sein beantwoord, dus Vijandelike Scheepen."[10] By ontvangs van hierdie nota het Sluysken die aand van 11 Junie om halftien soveel lede van die Politieke Raad as wat in Kaapstad was in die Kasteel byeengeroep. Behalwe Sluysken was die volgende teenwoordig: Rhenius, die sekunde, kol. Gordon, Jacobus Johannes Le Sueur, Willem Ferdinand van Reede van Oudtshoorn en Willem Stephanus van Ryneveld.[11] Sluysken het voorgestel dat in die lig van die gebeure die seine tot opontbod van die landsmilisie onverwyld moet afgestuur word. Kol. Gordon as militêr en die ander lede van die Politieke Raad was dit met hierdie voorstel eens. Dit sou meebring dat die burgers van die

---

7) Perrin, W.G. : Keith Papers, Dl. I, pp. 256-257.
8) V.C.75 : Marnitz, P.W. : Verhaal van de Overgaave van de Kaap aan de Engelschen door een vriend der waarheid aldaar. In't tweede jaar der Batavische Vryheid, pp. 49-50. K.A.
9) Perrin, W.G. : Keith Papers, Dl. I, p. 257.
10) C109 : Resolutiën (Secrete), p. 129; V.C. 68 : Brieven en Bylagen, p. 656.
11) Theal, G.M. : History of South Africa, Dl. III, p. 315.

buitedistrikte hulle onmiddellik na Kaapstad sou moes haas.[12]

Die oggend van 12 Junie om halftwee is uitvoering aan die algemene opontbod gegee toe seinskote vanaf die Kasteel gedoen en vervolgens teen dagbreek vanaf Soutrivier en daarna Tygerberg die binneland ingestuur is, met die boodskap dat die burgers ter afwering van die vyand en verdediging van die kolonie na die hoofsetel moes kom.[13] Campagne verseker ons dat die burgers na ontvangs van die alarmseine spoedig op hulle pos was om hulle plig uit te voer. Dié van Stellenbosch, Paarl, Wamakersvallei, Koeberg en Tygerberg het reeds die middag van 12 Junie in die Kaap aangekom, terwyl die burgers uit die Roodezand, die Breede- en Heksrivier, Bokke- en Roggeveld hierna op die toneel verskyn het - nadat sommige van hulle meer as 'n honderd-en-sestig myl ver gekom het. Een burger het in sy haas om by die Kaap te kom sy vos doodgery en moes met geweer bewapen meer as vyftig myl te voet marsjeer om die hoofplaas te bereik.[14]

Om Simonsbaai in 'n weerbaarder toestand te plaas het Sluysken aan lt.-kol. Carel Matthys Willem de Lille opdrag gegee om dadelik met 200 infanteriste en 100 artilleriste na Simonsbaai te vertrek om die garnisoen daar te versterk. Die garnisoen het uit 110 man infanterie onder kapt. Warneck en 50 man artillerie onder kapt. Schildbach bestaan.[15] Die versterkings het, 'n uur nadat hulle die opdrag ontvang het, vertrek en hulle bestemming die volgende middag bereik. Die Kommissaris het hom ook tot die burgerrade en -offisiere gewend en hulle ingelig dat met sekerheid vasgestel is dat dit Engelse skepe is deur aan hulle te sê: "Heeren! het zijn Engelsche en zij declareerde zich voor onze vrienden; echter kan ik U.E. daarover niet gantsch gerust stellen."[16]

---

12) C109 : Resolutiën (Secrete), pp. 129-130.
13) V.C. 68 : Brieven en Bylagen, p. 657; V.C. 75 : Marnitz, P.W. : Verhaal van de Overgaave, pp. 50-53.
14) V.C. 76 : Campagne, H.D. : Memorie en Byzonderheden wegens de Overgave der Kaap de Goede Hoop, 1795. Als mede een stuk getild "Relaas gegeven door den's lands Kapitein Dekker, wegens de voorgevallene tusschen denzelve, den Engelsche Admiraal Sir George Keith Elphinstone, en der Commissaris Sluysken aan Kabo de Goede Hoop", pp. 17-18. K.A.
15) V.C. 68 : Brieven en Bylagen, p. 657; V.C. 75 : Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, pp. 49-50. Marnitz gee die sterkte van die garnisoen te Simonsbaai as 60 infanteriste en 40 artilleriste aan. Hy sê dat De Lille die sterkte verkeerdelik as bestaande uit 120 infanteriste en 80 artelleriste aangedui het.
16) Ibid., p. 53.

Die lede van die Politieke Raad moes, volgens voorskrif, voortaan in die Kasteel bly en nadat hulle die oggend van 12 Junie om halfeen uiteen is, het hulle om halfdrie weer vergader.[17] Hierdie vergadering is belê omdat Sluysken so pas 'n brief van Resident Brand in Simonsbaai ontvang het. Daarin is hy meegedeel dat kapt. Dekker se sloep kort tevore van die Monarch teruggekeer het en mnr. Ross, genl.-maj. Craig se sekretaris, wat Hollands magtig was, saamgebring het. Ross was in besit van briewe deur Elphinstone en Craig aan Sluysken gerig. Brand het aan Ross 'n perd en 'n gids verskaf en sodoende het hy by die Kasteel aangekom om die briewe aan die Kommissaris te oorhandig.[18]

In 'n brief van Elphinstone, wat Ross by hom gehad het, spreek eersgenoemde die begeerte uit om Sluysken en Gordon aan boord van die Monarch te ontmoet, wat hom die geleentheid sou bied om aan hulle belangrike inligting te verstrek. Hy herhaal die versoek aan Brand dat indien Sluysken nie self kon kom nie, Gordon gestuur moet word. Ross het ook 'n missive van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie, op 29 Maart te Londen gedateer en aan Sluysken gerig, aan die Kommissaris oorhandig. Laasgenoemde het die inhoud van hierdie stuk aan die Politieke Raad openbaar en hulle ingelig dat die Secret Committee of the English East India Company langs daardie weg hulle waardering teenoor hom wou uitspreek vir sy hoflike en vriendelike kommunikasie met hulle goewerneur te St. Helena en die goeie behandeling wat die kapteins van skepe wat by die Kaap aangedoen het, ontvang het.[19] Hierdie brief was klaarblyklik 'n subtiele poging van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie om Sluysken te vlei en die Kaapse owerhede te oorreed om ook hierdie gees van vriendskap en samewerking teenoor Elphinstone en sy eskader te openbaar.

Sluysken het aan Ross 'n antwoord op Elphinstone se versoek ter hand gestel en te kenne gegee dat dit vir hom en Gordon onmoontlik was om die Kaap te verlaat, maar versoek dat die admiraal 'n betroubare offisier met die beloofde inligting en amptelike stukke na die Kaap moes stuur. Die Kommissaris het hierop voor die Politieke Raad verklaar dat hy by die

---

17) C109 : Resolutiën (Secrete), p. 131.
18) Theal, G.M. : History of South Africa, Dl. III, p. 317.
19) V.C. 68 : Brieven en Bylagen, pp. 658-660; C109 : Resolutiën (Secrete), pp. 132-134.

Britse offisier wat die missives gebring het na toestande in Holland verneem het, maar dat die offisier baie terughoudend en vaag daaroor was.[20)]

Gedurende die voormiddag van 12 Junie roep Sluysken weer die Politieke Raad byeen. Hy deel die Raad mee dat die alarm die oggend vanaf die Kasteel met twee alarmseine gemaak is en dat hy die doen van die derde skoot, waarkragtens alle korpse na hulle voorafbestemde posisies by die hoofplaas moes marsjeer, uitgestel het ten einde die burgery, sowel as die Pennistenkorps,nie onnodig af te mat of te vermoei nie. Hy meld ook dat hy daardie oggend, gedurende die voordagwag, die nodige provisie en ander benodigdhede, onder meer 2 veldstukke en 2 ammunisiewaens, agter die afdeling wat reeds na Simonsbaai vertrek, gestuur het. Die nodige opdrag is ook uitgereik om te verseker dat 48 man te perd, uit die burgerdragonders gekies, daardie namiddag na Muizenberg sou vertrek ten einde daar pos te neem. Pieter de Waal is as hulle bevelvoerder aangewys. Sorg sou ook gedra word om by die twee mortiere, een sesponderkanon en twee tienponders by Muizenberg nog twee stukke van vier pond en twee veldstukke aan die voet van die Steenberg te plaas. Die Resident te Simonsbaai is aangesê om, uit die artilleriste in die baai, een bombardier, een offisier en dertig manskappe te kies om die geskut te bedien en hulle na Muizenberg te stuur. Resident Brand moes ook teen alle verrassings waak en dadelik die paketboot, die Star, na Tafelbaai laat kom. Die Britse vloot moes toegelaat word om voorrade in te neem, maar nie om gewapende manskappe te laat land nie. Die Resident moes met lt.-kol. De Lille, as kommandant van die afdeling wat na die baai gestuur is, die nodige reëlings tref om te verseker dat hy vir geval van 'n oormag nie afgesny en verhinder word om na Muizenberg terug te val nie.[21)]

Terwyl die Politieke Raad nog in sitting was, het luitenant van Vegezak van die Medenblik, wat aan boord van die Monarch gegaan het, by die Kasteel aangekom. Hy het beweer dat hy nie in staat was om enige belangrike inligting in te win nie en dat die Britse vlootmag in Simonsbaai uit die volgende skepe bestaan het: drie, die Monarch, Arrogant en Victorious, wat 74 kanonne elk gevoer het; drie, die America, Ruby en

20) Theal, G.M. : Records of the Cape Colony, Sluysken-Elphinstone, 12 Junie 1795, p. 40.
21) C109 : Resolutiën (Secrete), pp. 139-140; V.C. 68 : Brieven en Bylagen, pp. 662-663.

Stately met 64 kanonne; die Sphynx met 24 kanonne en twee sloepe, die Echo en Rattlesnake, met 16 kanonne elk. Op 13 Junie het Resident Brand hierdie gegewens bevestig.[22)]

Nadat hy die inligting aangaande die Britse eskader verneem het, het daar by Sluysken ernstige twyfel oor die weerbaarheid van Simonsbaai teen só 'n mag ontstaan. Die twee batterye aldaar, Boetselaar en Zoutman, eersgenoemde met vier stukke van vier-en-twintig pond en laasgenoemde met vier vierponders, sou nie opgewasse wees om 'n vyandelike landing in 'n baai met die uitgestrektheid van Simonsbaai te verhoed nie. Sluysken het gemeen dat om die ankerplek van die skepe te bestryk 'n mens agt grade elevasie nodig het, wat die sekuurheid van die skote baie onseker sou maak. Terwyl die geskut van vyandelike skepe hierdie batterye verniel, kon 'n vyandelike landing maklik geskied. Indien die vyand 'n landing aan altwee kante van die baai wou onderneem, sou die geringe garnisoen van 300 infanteriste, 150 artilleriste, benewens die 30 gewone posvolk, hulle op twee plekke en oor so 'n groot afstand moes verdeel, dat hulle nie in staat sou wees om dit af te weer nie. Hulle sou ook maklik tussen twee vure vasgekeer en van die Kaap afgesny word. As dit moes plaasvind, sou die verdedigers van amper die helfte van hulle militêre sterkte beroof wees.[23)]

In oorleg met kol. Gordon het die Kommissaris op 13 Junie 'n opdrag aan lt.-kol. De Lille afgestuur om met sy afdeling van 200 man infanterie en 130 artilleriste na Muizenberg terug te marsjeer en daar pos te vat. Die garnisoen, wat voor die koms van die Britte reeds daar geplaas was, het alleen in Simonsbaai agtergebly ter besetting van die batterye en gewone poste. Die Resident te Simonsbaai moes ook sorg dra dat daar nie baie manskappe van die skepe gelyk aan wal kom en veral nie na sonsondergang daar bly nie.[24)]

Gedurende die middag van 14 Junie oorhandig lt.-kol. MacKenzie van die Tweede Bataljon van die 78ste Regiment, kapt. Hardy van die Echo en mnr. Ross, Craig se sekretaris, aan Sluysken 'n missive van die Prins van Oranje, wat op 7 Februarie 1795 te Kew in Engeland geskryf en aan die

22) Ibid., p. 663; Theal, G.M. : History of South Africa, Dl. III, p. 316.
23) V.C. 68: Brieven en Bylagen, pp. 665-667.
24) Ibid.

Goewerneur van die Kaap die Goeie Hoop gerig is. Hierin word dit aan die Kommissaris opgedra om enige troepe wat die Britse koning mag stuur in die forte op te neem en elders in die kolonie toe te laat, en eweseer die Britse oorlogskepe, fregatte en ander bewapende vaartuie in Tafelbaai, Valsbaai en ander beskutte hawens te ontvang. Hierdie magte moes as bondgenote beskou word wat gestuur is om die kolonie teen die Franse te beskerm.[25] Die afvaardiging oorhandig ook 'n brief, deur adml. Elphinstone en genl. Craig onderteken, aan Sluysken. Hierin word toestande in die Nederland geskets en deur hulle beweer dat die Engelse magte in die Verenigde Provinsies gedwing is om na Duitsland terug te val en dat die Hollandse magte aan Frankryk gekapituleer het. Die Franse was ook besig om 'n regeringsvorm op Franse lees geskoei op die Hollandse provinsies af te dwing. Daar word ook gemeld dat die Stadhouer na Brittanje gevlug het. Brittanje en haar bondgenote was egter, volgens hulle, besig om groot leërs te versamel en die land was vol vertroue dat hulle in die volgende veldtog die Franse sou verdryf.[26]

Teen die agtergrond van hiérdie gebeure in Europa het die Prins van Oranje en Britse koning ooreengekom tot stappe wat daarop bereken was om die algehele verlies en vervreemding van Holland se besittings in die Ooste, waarheen die Franse natuurlikerwys hulle oë gewend het, te voorkom. Dit was hierdie Anglo-Hollandse samewerking wat tot die brief van die Prins van Oranje aan Sluysken gelei het. Om die planne van die vyand te verydel is die Britse eskader dus na die Kaap gestuur. Weens die gebrek aan tyd is slegs 'n geringe mag gestuur, maar die Britse bevelhebbers het Sluysken verseker dat, by hulle vertrek, 'n mag, wat sterk genoeg was om die Kaap teen enige aanslag te verdedig, feitlik gereed was en te enige tyd aan die Kaap verwag kon word. Hulle het ook die vertroue uitgespreek dat die huidige Britse mag, gevoeg by die interne krag van die nedersetting, op wie se vriendelike medewerking hulle staat maak, genoegsaam sal wees om enige aanval van die vyand te weerstaan.[27]

---

25) Theal, G.M. : <u>Records of the Cape Colony</u>, Opdrag van die Prins van Oranje aan die Goewerneur van die Kaap de Goede Hoop, 7 Feb. 1795, p. 28. Vir oorspronklike sien Bylae I.
26) <u>Ibid.</u>, Elphinstone en Craig-Sluysken, 13 Junie 1795, pp. 41-43.
27) <u>Ibid.</u>

Natuurlikerwys het Elphinstone en Craig verkies om sekere feite te verswyg en ander so in te klee dat die Kaapse owerhede nie 'n getroue weergawe van toestande in die Nederland sou kon kry nie. Hulle wou graag die indruk skep dat die Franse hul op eie inisiatief en op gewelddadige wyse van die Verenigde Provinsies meester gemaak het en op allerlei maniere besig was om wederregtelik teen die Nederlandse bevolking en staatsinstellings op te tree. Hulle was ook besig om Holland met militêre geweld te verfrans. Die amptenare en burgers aan die Kaap is gerieflikerwys in die duister gelaat oor die feit dat die Patriotteparty in die Nederland die Franse daarheen uitgenooi en geesdriftig verwelkom het en dat die State-Generaal self die Stadhouerskap afgeskaf en met 'n republiek vervang het. Ook verswyg hulle dit dat hierdie veranderinge met die goedkeuring van die Nederlandse volk geskied het en dat die meerderheid van die Nederlanders die Franse as bondgenote beskou het.

Reeds op 13 Februarie het Sluysken op Elphinstone se eerste brief geantwoord en hom ingelig dat hy weens omstandighede nie in staat is om na Simonsbaai te kom nie.[28] Op 14 Junie word ook Sluysken en die Politieke Raad se antwoord op Elphinstone en Craig se brief en uitnodiging tot samewerking, asook die Prins van Oranje se missive, afgestuur. Die Stadhouer se opdrag moes die Kaapse owerheid dadelik vreemd opgeval het, want nie alleen was dit sonder bystand van die State-Generaal onderteken nie, maar is dit vanuit Brittanje deur 'n vlugtelingprins uitgereik. Daar was sterk simpatie onder die lede van die Politieke Raad vir die Oranjeparty, maar hulle het ook besef dat hulle in die eerste plaas trou aan die vaderland en nie aan die party verskuldig was nie. Die Politieke Raad het voorts aan Elphinstone laat weet dat die vloot van die nodige verversings voorsien sal word en versoek dat slegs klein geselskappe ongewapende manskappe aan wal gestuur moet word. Die blyke van sorg deur die Britse vors vir die behoud van die Kaap en sy opdrag aan Elphinstone om dit te beskerm, word met dank erken. Die Britse bevelhebbers word verseker dat indien die Franse 'n aanval op die Kaap loods, hulle die Britse vlootoffisiere om bystand sou vra, maar dat hulle op die oomblik in die gelukkige posisie verkeer het om 'n vreemde mag te kan weerstaan. Elphinstone word ook versoek

---

28) Ibid., Sluysken-Elphinstone, 13 Junie 1795, p. 43.

om hulle in te lig oor die aantal troepe wat die Engelse kon verskaf indien hulle benodig word.[29)]

In sy Verbaal lig Sluysken sy eie en die Politieke Raad se antwoorde aan die Engelse bevelvoerders nader toe: (1) aangesien die owerheid aan die Kaap sedert 10 Oktober 1794 van enige amptelike berig uit die Nederland ontdaan was en op 2 Desember 1794 laas nuus uit daardie oord ontvang het, wou hulle tyd probeer wen om vas te stel wat die juiste toedrag van sake in die vaderland was. (2) Dit sou aan hulle meer tyd verleen om, indien die Engelse hulle met geweld in besit van die Kaap wou stel, in staat te wees om die koms van die Landsmilisie, van wie sommige in verafgeleë dele gewoon het en agt tot twaalf dae nodig gehad het om na die Kaap te kom, af te wag.[30)]

Terwyl lt.-kol. MacKenzie en kapt. Hardy aan die Kaap vertoef en gewag het om die antwoord van Sluysken en die Politieke Raad aan die Engelse bevelhebbers terug te neem, het hulle die geleentheid ten beste benut om soveel militêre en politieke inligting te bekom as wat vir die Britte van waarde kon wees. MacKenzie skryf aan Craig: "I am endeavouring to get every information as to their Forces, posts, provisions, population and have been much indebted to the good offices of two English Officers of the East India Company Service, who are here...." Dit wil voorkom asof die owerhede aan die Kaap nie baie besorg oor militêre sekerheid was nie en hierdie twee Britse offisiere vryelik kon rondbeweeg en met soveel burgerlikes as wat hulle begeer het, kon kontak maak. Die offisiere van die Engelse Oos-Indiese maatskappy, na wie verwys word, was Cust en Owen, wat 'n hele ruk aan die Kaap vertoef het en klaarblyklik die Britte ruim van inligting voorsien het.[31)]

Lt.-kol. MacKenzie het die vestingwerke aan die Kaap goed in oënskou geneem en Craig daaroor ingelig. Hy het gemeen: "the works - are by no means in a finished state and I am satisfied that we can get safely round behind them from what I have seen and learned."[32)]

---

29) Ibid., Sluysken- en die Pol. Rd. - Elphinstone en Craig, 14 Junie 1795, p. 44.
30) V.C. 68 : Brieven en Bylagen, p. 677.
31) Theal, G.M. : Records of the Cape Colony, MacKenzie-Craig; Hardy-Craig, pp. 46-50.
32) Ibid.

MacKenzie en Hardy het albei hard probeer om die houding van Sluysken en Gordon teenoor die Britte te peil. MacKenzie het Sluysken as ŉ man met ŉ ruim mate van "sang-froid" beskryf wat die briewe van Elphinstone en Craig en die Prins van Oranje met ooglopende onverskilligheid ontvang het. In teenstelling hiermee het hy egter sy groot toegeneentheid tot die Britse volk en sy afkeer vir die Franse en hulle beginsels verklaar. Hardy het egter die indruk gekry dat die Kommissaris bang was - of so voorgegee het - om weens die pro-Franse houding van die burgerlike bevolking met die Engelse onderhandelings te voer. Die Kapenaars het só sterk hieroor gevoel dat hy ŉ aanslag op sy lewe gevrees het indien hy na Simonsbaai sou gaan om met die Engelse te onderhandel. Hy het egter blyke gegee dat, indien dit binne sy vermoë was, hy vir kol. Gordon sou stuur. Hy het hulle egter ook laat verstaan dat, ten spyte van sy toegeneentheid tot die Britte, hy dit sy plig sou ag om enige poging deur hulle om die Kaap vir hulself in besit te neem met geweld teen te staan. Die Kommissaris het telkens herhaal dat hy nie vyandige oogmerke het nie en sou toelaat dat die Britse vloot voorsien word van alles wat hulle nodig het.[33)]

Na hierdie besoek van die Engelse het Sluysken egter sy waaksaamheid verskerp. Hy druk dit die Resident te Simonsbaai nogeens op die hart om te sorg dat indien dit nodig word om na Muizenberg terug te val, sorg gedra word om toe te sien dat die kanonne geklink is.[34)] Geen perde of osse mag ook in die baai gelaat word waarmee die Engelse hulle geskut kan vervoer nie. Ook die bevelvoerder van die pos te Houtbaai ontvang opdrag om enige skepe of ander vaartuie wat die hawe wil binnekom dit - met geweld indien nodig - te belet, deur hulle aan die brand te skiet of in die grond te boor. Alle osse en perde moes ook dáár, by die aannadering van die skepe, weggedryf word. ŉ Order is voorts aan die landdros van Stellenbosch,mitsgaders die veldkommandante, veldwagmeesters en veldkorporaals uitgereik om alle basters en naturelle-Hottentotte, wat in hulle respektiewelike distrikte is, Kaapwaarts te stuur, ten einde in die kamp van Muizenberg diens te doen. Die afdeling ruitery by Muizenberg is tot ruim

33) Ibid.
34) Om ŉ kanon te klink en ondiensbaar te maak het beteken om ŉ pen in die kruitgaatjie van die loop te slaan sodat dit dus nie meer moontlik was om die kruit binne-in aan te steek nie.

200 man versterk en dieselfde dag nog twee veldstukke, tesame met die vereiste artilleriste, afgestuur om aan die Kaapse kant van Sandvlei geplaas te word.[35]

Die Britse bevelhebbers was glad nie in hulle skik met die ontvangs wat hulle aan die Kaap te beurt geval het nie. Soos reeds gemeld, het Elphinstone dit as sy taak beskou om te kyk wat die algemene gesindheid van die regering en koloniste jeens die Britte was en of hy, sonder om militêre geweld te gebruik, waarvoor hy in díe stadium glad nie toegerus was nie, nie die Kapenaars kon oorreed om die kolonie onder Britse beskerming te plaas nie. Teen hierdie tyd het Elphinstone al vasgestel dat dit ŉ ydele hoop was en skryf hy met bitterheid aan Dundas: "I have met with nothing but Chicane & Duplicity hitherto where I least expected it and our present situation renders it necessary to temporize".[36] Sou hy na Sluysken verwys het? Dundas word ook versoek om, sonder om ŉ oomblik verlore te laat gaan, versterkings na die Kaap te stuur, wat daarop dui dat die admiraal nou ernstig daaraan begin dink het om geweld te gebruik. Ook Craig skryf aan genl. Clarke, "whose efforts may in the end be necessary for our final success", te San Salvador dat hy geen tyd moet verkwis om na die Kaap te kom nie.[37] Intussen het hulle, om hulle geringe mag aan te vul, aan goewerneur Brooke te St. Helena laat weet, om, sonder versuim, soveel manskappe as wat hy kan afstaan te stuur en kon hulle dus binne afsienbare tyd drie- tot vierhonderd man uit daardie oord verwag.[38]

Intussen is die Britse bevelhebbers se ware voorneme verder getoets deurdat kapt. Dekker van die Medenblik op 16 Julie aan hulle laat weet het dat hy voornemens is om na die Ooste te seil. Elphinstone het sy optrede as ŉ set van die Politieke Raad beskou om hom tot openlike vyandigheid uit te lok. Die gebeure het die Britse admiraal in ŉ penarie geplaas, want om Dekker te laat seil sou klaarblyklik strydig met sy opdragte wees, naamlik om die skepe van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie wat aan die Kaap was, daar te hou. Die Britse admiraal het egter besef dat indien hy

35) V.C. 68: Brieven en Bylagen, p. 677; C109: Resolutiën (Secrete), p. 170.
36) Theal, G.M. : Records of the Cape Colony, Elphinstone-Dundas, 17 Junie 1795, p. 61.
37) Ibid., Craig-Clarke, 15 Junie 1795, pp. 50-51.
38) Ibid., Elphinstone-Brooke, 17 Junie 1795, pp. 63-64.

Dekker sou probeer verhoed om te vertrek, hy hom die ernstige misnoeë en vyandigheid van die Kaapse burgers op die hals sou haal. Aan Dundas stel hy dit dat hy nie in staat is om in sy huidige haglike omstandighede die Hollandse fregat aan te hou nie, aangesien op een skip alleen tweehonderd man deur skeurbuik neergevel is en die bemanning van die ander skepe in 'n aansienlike mate deur hierdie siekte aangetas is. Elphinstone spreek die mening uit dat hy darem 'n mag van 1,800 man sal kan versamel en elke rede het om te glo dat die Kaapse garnisoensoldate by hulle sal aansluit. Feit is egter, dat, indien die Kapenaars hulle in die Kasteel sou terugtrek, hy nie oor 'n enkele kanon, mortier of stuk loopgraafgereedskap beskik om hulle daarmee daar uit te dryf nie. Daarbenewens was hy sonder artilleriste en ingenieurs en sou hy sy voorrade oor 'n afstand van twintig myl moes aanvoer.[39)]

Uit Elphinstone se brief aan Dundas blyk dit duidelik dat hy hom in dié stadium nie sterk genoeg geag het om vyandige optrede te waag wat sy geringe vasskopplek aan die Kaap in gevaar sou stel en die Franse sodoende die geleentheid sou bied om hulle invloed hier te vestig nie. Hierdie mening onderstreep ook Craig baie dik in 'n soortgelyke brief aan die Britse Oorlogsminister. Hy verwerp enige gedagte daaraan dat die Kaap in dié stadium met militêre mag oorweldig kan word - "I fear every idea of it is totally out of the question without some very favourable turn in our favour". Veel eerder voel hy dat baie vermag kan word met, "a little negociation and intrigue"; 'n benadering waarvoor die Engelse nie gunstig geplaas was nie, aangesien hulle verbindings en voorrade geheel en al afgesny kon word. Craig het egter gemeen dat die feit dat die burgery landswyd 'n afkeer van die regering getoon het en vroeër of later die wenslikheid sou besef om beskerming te soek, hulle kon bevoordeel.[40)]

Genl. Craig het besluit om so spoedig moontlik gevolg te gee aan sy siening dat hy sy oogmerke deur onderhandeling eerder as met geweld kon bereik deur op 18 Junie met 'n geselskap van drie offisiere, tesaam met sy sekretaris, onder begeleide van kaptein van Kervel na die Kaap te vertrek. Op 19 Junie dra hy sy saak persoonlik in 'n volle vergadering van die Kommissaris en Politieke Raad aan hulle voor: die oogmerke van sy sending en

---

39) Ibid., Elphinstone-Dundas, 17 Junie 1795, pp. 60-62; Vgl. Craig-Dundas, 16 Junie 1795, pp. 52-56.
40) Ibid., Craig-Dundas, 16 Junie 1795, pp. 52-56.

die wyse waarop hy meen hy uitvoering daaraan kan gee. Hy verduidelik dat hý en Elphinstone gekom het om die Kaapse regering te oorreed om die kolonie onder Britse beskerming te plaas, totdat vrede in Europa herstel is en die Britse koning gewillig sou wees om dit aan sy wettige eienaar, die Stadhouer, terug te besorg. Hy probeer ook om baie verloklike voorwaardes in dié verband aan die Politieke Raad voor te hou: geen wysigings sou aan die wette en gebruike van die land sonder uitdruklike begeerte van die inwoners gemaak word en geen bykomende belasting gehef word nie. Van die burgers sou alleen verwag word om die uitgawe van die bestaande regering te dek - niks meer nie! Vryhandel met Brittanje en die Britse besittings in Indië sou toegestaan word. Die Britse regering sou die garnisoen besoldig, maar 'n eed van trou aan die Britse koning sou verlang word vir so lank as wat die Engelse in besit van die kolonie was. Om oproerigheid te vermy, sou enige agterstallige soldy, wat deur die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie aan hulle verskuldig is, betaal word. Die amptenare van die Kompanjie sou, tot nadere besluit van die Britse koning, in diens gehou word.[41]

Nadat genl. Craig die vergadering verlaat het, is daar besluit om die aanbiedinge en vorderings, namens die Britse koning gedoen, van die hand te wys. Die lede van die Politieke Raad het ook onderneem om, met die mag tot hulle beskikking, die kolonie en die wettige grondwet van die moederland, waaraan hulle trou gesweer het, te verdedig teen 'n ieder wat 'n aanval daarop wou onderneem.[42]

Nadat die sekretaris, Goetz, die Politieke Raad se antwoord nog dieselfde dag vir Craig ter hand gestel het, het die generaal kort daarna weer die Kommissaris besoek om hom met vele redes en argumente te probeer oorhaal om van die regering se besluite af te sien. Sy pogings was egter vrugteloos. Weer eens het die Kaapse owerheid egter die elementêrste beginsels van sekerheid oortree deur die generaal toe te laat om vryelik 'n wandeling deur die Kaap te onderneem en hom op hoogte van die ligging van die verdedigingswerke te bring. Ook die twee offisiere van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie, Cust en Owen, wat nog steeds aan die Kaap was, het met die generaal kontak gemaak en aan hom vanaf 'n platdak die batterye,

41) Ibid., Verklaring deur genl.-maj. Craig, 18 Junie 1795, pp. 64-65.
42) Ibid., Sluysken en Pol. Rd.-Craig, 19 Junie 1795, p. 65.

wat die land- sowel as die seekant moes verdedig, getoon. Hierdie twee offisiere is egter kort hierna deur die Kaapse owerheid gevra om die Kaap te verlaat en hul by hul landgenote in Valsbaai te voeg.[43]

Die Politieke Raad het besluit om in die lig van die jongste verwikkelinge aktief op te tree. Om hulle van die steun van die burgery te verseker, word die Burgerrade versoek om eersgenoemde in te lig oor die wyse waarop die Politieke Raad op Craig se versoek gereageer het. Aangesien dit ook langsamerhand vir die Kaapse owerheid duidelik geword het wat die ware oogmerk van die Britte was, naamlik om nie soseer die Kaap teen 'n vreemde moondheid te kom help beskerm, soos wat hulle voorgegee het nie, maar om dit met geweld vir hulself in besit te neem, het hulle stappe gedoen om die toestand die hoof te bied. Vooral word die nodige opdragte aan die kamp te Valsbaai uitgereik om elkeen daar tot waaksaamheid en moed op te wek. Resident Brand word ook gelas om alle matrose, wat nie in die baai nodig is nie, benewens die 100 infanteriste en 50 artilleriste, wat sedert die aankoms van die Engelse daar was, na Muizenberg te stuur. Die twee veldstukke wat in die baai was, moes ook saamgevoer word om te verhoed dat dit in die hande van die Engelse val. Vir geval die Engelse probeer land, moes die Resident probeer om so veel van die Britse skepe as moontlik aan die brand te skiet. Indien hy egter gedwing word om Simonsbaai te verlaat, moes die agterblywende kanonne geklink word. Aan kapt. Dekker word 'n afskrif van Craig se verklaring voor die Politieke Raad gestuur, asook die regering se besluit, met die vriendelike versoek dat hy moet sorg om vir geval van 'n aanval nie in die hande van die Engelse te val nie en hom in dergelike omstandighede by die garnisoen te voeg en Kaapwaarts te kom.[44]

Hierdie opdrag, wat die militêre ontruiming van Simonsbaai meegebring het, het dit vir die Britte moontlik gemaak om voortaan ongestoord hulle troepe daar aan wal te bring. Die Kaapse owerheid het dit dus vir die Engelse moontlik gemaak om 'n brughoof in Simonsbaai te skep en vandaar na die Kaap op te ruk. Dit sou vir die Britte, indien hulle landing betwis is, moeilik gewees het om 'n sekure dekkingsvuur vanaf die geankerde skepe op die verdedigers neer te bring en hulle troepe met geringe ongevalle in

---

43) V.C. 76 : Campagne, H.D. : Memorie en Byzonderheden, p. 14.
44) V.C. 68 : Brieven en Bylagen, pp. 688-90.

onbeskutte bootjies aan wal te bring. Die stelling dat 'n mag in Simonsbaai van die Kaap afgesny kon word, hou nie water nie, aangesien hulle oor die berg na Kommetjie en vandaar oor Houtbaai na die hoofplaas sou kon terugval. Die Steenbergreeks was nie onbegaanbaar nie en die pandoere het by 'n hele aantal geleenthede gewapend op die berg langs beweeg.

Die Engelse bevelhebbers wou nog nie die stryd gewonne gee en erken dat hulle in hulle pogings om die Kaapse owerheid te oorreed om die Kaap onder hulle beskerming te plaas gefaal het nie. Op 20 Junie skryf hulle aan Sluysken dat hulle die Politieke Raad se antwoord op Craig se vertoë in oorweging geneem het en van mening was dat weens die haas waarmee laasgenoemde moes optree, sy voorlegging miskien aan presiesheid van segging mank gegaan het en nie in alle opsigte volledig en duidelik was nie. Aangesien dit 'n saak van soveel kardinale belang vir albei belanghebbende volkere was, sluit hulle 'n verklaring in wat hulle vertrou alle twyfel uit die weg sal ruim. Weer eens word dit voorgestel asof die wettige Nederlandse regering op arbitrêre wyse deur die Franse revolusionêre leër omvergewerp is en die huidige regering in daardie land nie meer soewerein nie, maar aan die Franse ondergeskik was. Aangesien die Franse ook beslag gelê het op alle openbare besittings in Holland was dit duidelik dat die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie nie langer bestaan nie, maar dat die Franse dié Kompanjie as hulle eiendom beskou. Uit hoofde hiervan word die Kaapse owerheid en burgery genooi om die Kaap onder die Britse koning se beskerming te plaas en sodoende te verhoed dat dit in die hande van die Franse val. Ook die beloftes en versekerings in Craig se verklaring word herbeklemtoon.[45)]

In 'n propagandaveldtog rig die Britse gesaghebbers hulle nou direk tot die soldate en inwoners aan die Kaap. Afskrifte van 'n stuk deur Elphinstone en Craig opgestel en in Duits en Hollands vertaal, word vryelik versprei. Hierin word die burgers uitgenooi om, indien daar enige punte is waaroor by hulle twyfel bestaan, 'n komitee te kies en na Simonsbaai te kom en met die Britse bevelhebbers te kom beraadslaag.[46)]

---

45) Theal, G.M. : Records of the Cape Colony, Elphinstone en Craig-Sluysken, 20 Junie 1795, pp. 66-69.

46) Ibid., Address of Sir George Keith Elphinstone and Maj.-Genl. Craig to the Governor, Council, Magistrates and Inhabitants of the Settlements and Town of the Cape of Good Hope, 24 June 1795, pp. 74-75.

Die proklamasie van die Britte, wat oor die hoof van die owerheid direk aan die inwoners gerig is, het die Kaapse regering só omgekrap dat hulle geweier het om voortaan enige korrespondensie mèt die Engelse te voer.[47] Ook die Burgerrade het hulle volkome met hierdie optrede vereenselwig en dit in ŉ skrywe aan die Engelse bevelhebbers só gestel.[48] Hierdie reaksie het weinig indruk op Elphinstone en Craig gemaak, want hulle het met hulle korrespondensie volgehou. Op 26 Junie skryf hulle ŉ brief aan Sluysken en die Politieke Raad waarin herhaal word wat in die vorige geskrif gesê is, naamlik: "the great and sole principle which has actuated his Majesty in the step which he has taken of sending a force to the settlement has been to preserve the Colony for the States General and to protect and defend the inhabitants from the misery and destruction which must ensue from the French obtaining possession of it...." Hulle probeer die owerheid en die burgers veral dáárvan oortuig dat hulle nie meer gebind word deur hulle eed van trou aan die State-Generaal nie omdat dié met magsgeweld omvergewerp is en hulle nie deur ŉ eed van trou aan die Franse konvensie gebonde is nie. Die grondoorsaak vir die koms van die Britse magte spreek egter duidelik uit die grondtoon van die brief, naamlik, "it cannot be expected that His Majesty should in any case suffer a possession which may in some sort be considered as the key of his own in the East to fall into the hands of his enemies..."[49]

Die Politieke Raad toon egter in sy antwoord op bogenoemde skrywe dat hy hom nie sou laat ompraat nie en hou voet by stuk. Hulle wys daarop dat die Britse bevelhebbers aanvanklik voorgegee het dat die doel van hulle sending was om Kaapse regering teen ŉ moontlike vyand behulpsaam te wees, maar dat hulle dié nou op onbehoorlike wyse vorder om die kolonie aan hulle oor te gee sodat hulle dit vir die Britse vors kan skenk. Hulle wys daarop dat die Britte geen reg het om hulle van hulle eed van trou te onthef nie en wil weet watter aanspraak Brittanje op die kolonie het. Hulle voeg by dat die Britte se argumente geen indruk op hulle gemaak het nie: "in teegendeel hebben wij besloten, hetzelve [die Kaap] te bewaaren volgens onzen pligt tot dat die constitutie zal hersteld zijn".

47) Ibid., Sluysken en Pol. Rd. - Elphinstone en Craig, 25 Junie 1795, p. 76.
48) Ibid., Burgerraadslede - Elphinstone en Craig, 25 Junie 1795, pp. 76-77.
49) Ibid., Elphinstone en Craig-Sluysken en Pol. Rd., 26 Junie 1795, pp. 77-80.

Teenoor ŉ Franse mag sal hulle hul, volgens belofte, eweseer verset.[50] Ook hierdie antwoord word deur Sluysken, voordat dit aan die Engelse afgestuur word, aan die Burgerrade ter insae voorgelê en word hulle gelas om die inhoud daarvan aan die krygsrade van die kolonie te openbaar. Die Burgerrade het Sluysken verseker dat iedere burger hierdie besluit toegejuig het en eensgesind was in hulle bereidwilligheid om die Kaapkolonie vir sy wettige soewerein te bewaar en teen alle anvalle te beskerm.[51]

Aangesien dit nou vir die Kommissaris duidelik geword het dat die Britte hulle met geweld in besit van die Kaap wou stel, het hy besluit om persoonlik ŉ besoek aan die militêre kamp te Wynberg te bring om vas te stel of alles daar in ŉ behoorlike staat van verdediging is. Hy het op 21 Junie, vergesel van die hoof van die Milisie, kol. Gordon, die kaptein-ingenieur, Louis Michiel Thibault en lt.-kol. De Lille daarheen vertrek. Volgens Neethling was Sluysken blykbaar tevrede dat daar nie op hierdie verdedigingswerk verbeter kon word nie. Dieselfde segsman beweer dat Thibault die teenoorgestelde mening toegedaan was.[52]

Die proklamasie, wat Elphinstone en Craig aan die voorposte op Muizenberg gestuur het sodat dit onder die militêre bekend gemaak kan word, word by hierdie selfde geleentheid deur Gordon aan Sluysken oorhandig. Die inhoud daarvan is nie aan die militêre bekend gemaak nie en Gordon het dit sy plig geag om dit aan die Kommissaris te besorg. Sluysken het beloof dat, so ver dit in sy mag is, hy nie sal toelaat dat dit onder die militêre versprei word om hulle sodoende van hulle eed van trou af te wend nie. Hy was ook vol loftuitinge oor Gordon se pligsgetrouheid en gewilligheid om die kolonie te verdedig.[53]

Die Kommissaris trag nou ook om die verdediging van Muizenberg verder te versterk deur op 22 Junie 11 burgerruiters na die kamp aldaar af te stuur. Om hom van die steun van meer burgerruiters te verseker, word

---

50) Ibid., Sluysken en Pol. Rd. - Elphinstone en Craig, 27 Junie 1795, pp. 83-85.
51) V.C. 68 : Brieven en Bylagen, pp. 707-708.
52) Ibid., p. 675; Neethling, C.L. : Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, voormaalige Commissaris van de Cabo de Goede Hoop en verdeediging van't gedrag den Caapsche Burgerij, 's Gravenhage, 1727, pp. 28-29.
53) C109 : Resolutiën (Secrete), pp. 236-241.

'n brief aan die Landdros en Heemrade van Stellenbosch gerig om hulle getwis te staak en hom met die verdediging te kom help. Op 25 Junie word ook aan Resident Brand te Simonsbaai opdrag gegee om bykomende veiligheidsmaatreëls in Simons- en Valsbaai te tref ten einde groter weerbaarheid dáár te verseker. Die belangrikste hiervan was dat die Britte voortaan as vyande beskou en behandel en die voorsiening van enige verdere voorrade aan hulle gestaak moes word. Alle korrespondensie tussen die hoofplaas en Valsbaai moes ook ten enemale verhoed word en niemand van die Britse vloot sou toegelaat word om na die Kaap te kom sonder 'n pas wat eiehandig deur die Kommissaris onderteken is nie. Om te verseker dat die Engelse geen trekvee sou hê nie, moes die Resident toesien dat nie 'n enkele stuk hoornvee, perde of ander trekdiere in Valsbaai en Vishoek, of die omstreke, gelaat word nie. Vir geval 'n Britse aanval plaasvind, moes alle buskruit in die see gewerp word. In dergelike geval moes vanaf die Battery Zoutman teen die Engelse opgetree word. Indien die battery oormeester word, moes die kanonne dadelik geklink en na Muizenberg teruggeval word. Die artilleriste van die Battery Boetselaar is na Muizenberg teruggeroep en slegs een manskap is agtergelaat om, indien nodig, die kanonne te klink. Sluysken het gemeen dat Boetselaar se kanonne te swak was vir die swaar skeepsgeskut en hy nie sy artilleriste daaraan wou blootstel nie.[54]

Daar is ook aan Brand opgedra om, wanneer dit nodig word, aan die skippers van Hollandse skepe in die baai opdrag te gee om hulle skepe te verlaat en dit aan die brand te steek. Hy word ook beveel om alle seine in te trek en voortaan geen seinvlae in die berge te laat waai nie. Alle boeke, briewe of stukke wat vir die vyand van waarde kon wees, moes na die Kaap teruggestuur word.[55]

Lt. Jan Gerhard Cloete word aangestel as bevelvoerder van die vryswartes of pandoere en 130 van hulle word met snaphane na Muizenberg gestuur om die pos daar te versterk.[56]

Op 21 Junie vertrek die Medenblik na Batavia, sonder dat hy vergesel word van die twee koopvaardyskepe wat hy aanvanklik onder sy beskerming na Batavia moes begelei. Kapt. Dekker is deur die Britse gesaghebbers

---

54) V.C. 68 : Brieven en Bylagen, pp. 720-724.
55) Ibid.
56) Ibid.

toegelaat om ongehinderd te vertrek, maar moes sy erewoord gee dat hy nie langs die roete by 'n Franse hawe sou aandoen nie.[57] Hy was begerig om so gou moontlik inligting aangaande gebeurtenisse in die Nederland en aan die Kaap aan die Oos-Indiese owerhede oor te dra. Op 9 Augustus het die Medenblik in Batavia aangekom en het Dekker aan die twee Kommissarisse aldaar onder meer die brief van die Stadhouer oorhandig. Hulle het egter geen gesag toegeken of waarde geheg aan die brief van hierdie uitgeweke prins nie.[58]

Uit korrespondensie van Elphinstone en Craig met Dundas, gedateer 27 Junie 1795, blyk dit dat hulle teen hierdie tyd duidelik begin besef het dat die Kaapse owerhede en burgery nie met mooi beloftes en diplomasie oorreed kon word om die Kaap onder Britse beskerming te plaas nie. Sluysken se stopsetting van enige verbinding met hulle, 'n feit wat deur die Burgerrade verwelkom is, sowel as die onwil om hulle verder van enige voorrade te voorsien, het die indruk by die Britse bevelhebbers gewek dat hulle byna in 'n staat van oorlog met die Kapenaars verkeer. Ten spyte van die feit dat Elphinstone dit aanvanklik slegs ten doel gehad het om die gevoelens van die burgery en die owerhede oor Britse beskerming te kom pols, sê hy nou: "Under the circumstances which we have represented we fear that we must at last have recourse to force". Dit blyk egter duidelik dat hulle hul weens "our total deficiency in Artillery and above all the hazards of keeping possession against the will of a numerous and well armed people with no nearer communication with the ships than twenty miles",[59] nie sterk genoeg ag om op te tree voordat genl. Clarke en sy mag aankom nie.

Op 27 Junie skryf Elphinstone ook aan goewerneur Brooke te St. Helena en vertel hom dat hyself van mening is dat die Britse magte sterk genoeg is om die Kapenaars te velde te oorwin, maar dat hulle weens 'n totale gebrek aan artillerie en gereedskap, nie in staat is om die hawe te verower nie. Hy versoek dringend dat Brooke elke manskap wat hy kan afstaan, moet stuur. Indien hy daarin kon slaag om Simonsbaai te verower, kon hulle gebruik

57) Ibid., p. 695; Theal, G.M. : History of South Africa, Dl. III, pp. 322-323.

58) Van den Berg, N.R. : Uit de Dagen der Compagnie, Haarlem, 1904, pp. 262-263.

59) Theal, G.M. : Records of the Cape Colony, Elphinstone en Craig-Dundas, 27 Junie 1795, pp. 81-82.

word om die hawe te beset. Hulle kon ook gebruik word om snelle kommunikasie wat, soos hy dit stel, "the soul of service", is, te onderhou. Brooke word ewe dringend om geld versoek en 'n bedrag van £3,500 word genoem, wat later na £5,000 verhoog word.[60)]

Die Britte gee nou verdere aanduiding van aggressiewe optrede wanneer hulle drie Hollandse skepe wat in Valsbaai voor anker lê, die Jonge Bonifacius, die Willemstad en Boetzelaar wat onder beskerming van die Medenblik na Batavia wou vaar, sowel as die Gertruida, wat op pad terug na Holland was, se poging om te seil, verydel. Sluysken en die Politieke Raad verklaar in 'n brief aan die Engelse gesaghebbers dat dit nie anders beskou kan word nie "als een daad van verkragting der tractaaten tusschen onze wederzijdsche souverainen subsisteerende, en een openbaare violentie gepleegd op de rheede van de republicq aan onderdaanen van den Staat der Vereenigde Nederlanden."[61)] Elphinstone se verduideliking vir die Britse bevelhebbers se optrede was dat hulle dié skepe vertraag het totdat daar vasgestel kon word aan wie hulle wetlik behoort en ook om te verhoed dat hulle in die hande van die Franse val.[62)]

Sluysken laat aan Resident Brand te Simonsbaai weet dat slegs die wettige Nederlandse regering en nié die Engelse nie die reg het om opdragte aan Hollandse skepe uit te reik. Laasgenoemde word beveel om aan die kapteins van die skepe in die baai opdrag te gee om uit Valsbaai na Tafelbaai te vertrek.[63)] Die Resident gee onmiddellik aan die Britse admiraal te kenne dat die skepe direkte opdrag het om te vertrek en verneem van Elphinstone of hy voornemens is om hulle hierin te dwarsboom. Laasgenoemde antwoord hierop bevestigend en aan Dundas deel hy mee dat die inligting wat hy van die land ontvang het daarop dui dat die bevel aan die skepe om te seil daarop bereken was om vyandigheid te skep en dat die Kapenaars se batterye opdrag gehad het om hulle met verhitte koeëls aan te val - die voorbereidings daarvoor was sigbaar. As teenmaatreël het hy egter die skepe van sý eskader so laat plaas dat hulle die batterye

60) Perrin, W.G. : Keith Papers, Dl. I, Elphinstone-Brooke, 27 Junie 1795, pp. 300-302.
61) Theal, G.M. : Records of the Cape Colony, Sluysken en Pol. Rd. - Elphinstone, 29 Junie 1795, p. 97.
62) Ibid., Elphinstone - Sluysken en Pol. Rd., 30 Junie 1795, pp.97-98.
63) C109 : Resolutiën (Secrete), pp. 305-306.

die beste kon teenstaan: die Stately noord en die Arrogant suid van die battery. Opdrag is ook gegee dat troepe aan die Kaapse kant van die batterye geland moet word, sodat hulle vlugtelinge kon onderskep wanneer daar tot vyandelikhede oorgegaan word. As verdere voorbereidingsmaatreël is die skepe op twee-derde-rantsoensterkte geplaas.[64)]

Nieteenstaande die wedersydse manifestasies van vyandigheid het Elphinstone en Craig nog nie alle hoop laat vaar om die Kaap sonder geweld vir Brittanje in beskerming te neem nie. Op 29 Junie probeer hulle vir oulaas om Sluysken en die Politieke Raad deur argumente te beweeg om in belang van die Kaap die Goeie Hoop dié gewes onder Britse beskerming te plaas. Die reeds bekende redes word weer opgehaal, naamlik dat die eed van trou, wat die Kapenaars aan die State-Generaal afgelê het, verval het omdat Holland nie meer ꞌn vrye en onafhanklike land is nie. In die praktyk sou dit dus in daardie stadium daarop neerkom dat hulle die eed van trou aan die Franse Konvensie aflê. Die twee alternatiewe: ꞌn Britse en Franse besetting word vervolgens aan hulle voorgeskilder. Die Franse bestuur word voorgehou as een waar die Jakobynse beginsels geld: aan die een kant die vryheidsboom, maar ook die keersy, die valbyl; waar vryheid aan die slawe toegeken word, vergesel van sulke wandade soos dié wat tot die verwoesting van die ryk en skone Franse eilande St. Domingo en Guadeloupe gelei het; die algehele staking van enige finansiële en ander bystand van die moederland en die ineenstorting van die markte en die geringe handel wat hulle nog kon geniet. In teenstelling hiermee kon die Engelse bestuur aan hulle vryheid, beskerming en ꞌn uitgebreide handel, sowel as die voortsetting van die bestaande wette en gebruike, waarborg.[65)]

Soos tevore, bevestig die Kaapse owerheid hulle onversetlike voorneme om nie af te wyk van wat hulle as hulle plig beskou nie en herhaal, "dat wij de aan ons toebetrouwde kolonie zullen beschermen, en trachten te bewaaren teegens elk en een ijgelijk, welke daarop een vijandeliken aanval zoude willen onderneemen.[66)]

Op 28 Junie seil twee klein vaartuie onder die Amerikaanse vlag

---

64) Perrin, W.G. : Keith Papers, Dl. I, Elphinstone-Dundas, 3 Julie 1795, pp. 313-318.
65) Theal, G.M. : Records of the Cape Colony, Elphinstone en Craig-Sluysken en Pol. Rd., 29 Junie 1795, pp. 92-96.
66) Ibid., Sluysken en Pol. Rd.- Elphinstone en Craig, 2 Julie 1795, pp. 98-99.

Simonsbaai binne. Een van die twee was die vaartuigie Columbia met kapt. Malley as gesagvoerder. Resident Brand verwittig Sluysken onmiddellik van hierdie gebeure, maar die skepe word dadelik deur die Britse vloot in arres geplaas en só streng bewaak dat niemand enige verbinding met die offisiere kan bewerkstellig nie. Om meer inligting aangaande die skip en sy sending te verkry loof Sluysken 'n duisend dukate uit aan enigeen wat in staat is om tyding van hulle te bekom.[67)]

Die Columbia het van Amsterdam af gekom, waar hy gehuur is om amptelike stukke na die Kaap en Batavia te neem. Volgens Elphinstone was dié twee skepe dié wat in die Franse Konvensie genoem is as synde bestem om die inwoners van die Kaap met die revolusie bekend te stel en hulle uit te nooi om hulle gewig daarby in te gooi. Hy beskryf ook die stukke wat saamgestuur is as van "a dangerous and inflammatory nature.[68)]

Aan die Kaapse owerheid laat die Engelse weet dat hulle dit as hulle plig beskou om alle stukke wat aan boord van die Columbia is te ondersoek: amptelike stukke aan die Kommissaris, sowel as private briewe aan sekere burgers. Hulle het ook verduidelik dat hulle die aflewering van alle koerante wat hulle gevind, stopgesit het, want hulle was daarvan bewus dat die waarheid nie in Holland gepubliseer mag word nie. Alleen inligting wat die Revolusionêre Komitee goedgekeur het, is toegelaat om in druk te verskyn en die doel daarvan was nie om nuus mee te deel nie, maar om te mislei. Slegs die voordele en nie die verskrikkinge van die revolusie nie, word daarin voorgehou.[69)]

Sluysken meld in sy Verbaal dat lt. Owen op 1 Julie 'n sak met twee-en-dertig briewe,wat aan Kompanjiesdienaars en burgers gerig was, na die Kaap gebring het. Almal was geopen en gesensoreer en uit sommige is papiere en bylae verwyder en agtergehou. Deur hierdie optrede is die agterdog by die Kaapse regering teen die Engelse vermeerder en het hulle vyandelike bedoelings al duideliker aan die lig gekom.[70)]

Ten spyte van die Britse bevelhebbers se waaksaamheid om nie van die koerante aan boord van die Columbia in die hande van die burgers te laat

---

67) V.C. 68 : Brieven en Bylagen, p. 755.
68) Theal, G.M. : Records of the Cape Colony, Elphinstone-Dundas, 28 Junie 1795, p. 86.
69) Ibid., Elphinstone en Craig-Sluysken en die Pol. Rd., 29 Junie 1795, pp. 91-92.
70) V.C. 68 : Brieven en Bylagen, pp. 755-756.

kom nie, het een daarvan tog in die hande van die burger Jan Kirsten, wat aan die Valsbaai gewoon het, beland.[71] Dit het 'n kennisgewing van die State-Generaal, gedateer 4 Maart 1795, bevat, waarin alle persone in die Nederland, sowel as die Hollandse kolonies, van hulle eed van trou aan die Prins van Oranje onthef word. Uit hierdie berig, sowel as uit die briewe aan die Kaapse burgers, versnipper soos hulle was, het dit duidelik geword dat die Franse besig was om met die Nederland as onafhanklike republiek te onderhandel; dat die Stadhouerskap op aandrang van die volk afgeskaf is en dat die Franse as bondgenote beskou kon word.[72]

Onder die amptelike stukke was daar ook 'n brief, gedateer 10 Feb. 1795, deur die direkteure van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie aan Sluysken gerig. Hierin verwittig hulle hom van die feit dat die Franse leërs Holland binnegedring en al die stede Franse garnisoene ontvang het. Hulle lig hom ook in dat kort na hulle aankoms in die Nederland verteenwoordigers van die Franse regering 'n proklamasie uitgevaardig het waarin die Nederland as 'n onafhanklike republiek erken is. Die State-Generaal het die direkteure van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie versoek om hierdie feit so gou as moontlik aan die Kaap die Goeie Hoop en die nedersettings in Oos-Indië bekend te maak. Kragtens 'n besluit van die State-Generaal van 13 Februarie 1795, wat ingesluit is, moes die Franse volk voortaan nie meer as vyande beskou word nie en moes alles in werking gestel word om die Kompanjie se poste en eiendomme te bewaar. Vreemde volkere, veral die Engelse, moes met groot omsigtigheid behandel word om nie deur 'n vertoon van vriendskap of op ander wyse deur hulle verras te word nie.[73]

Selfs met die geringe kennis van die toestande in die moederland, wat nou tot die Kommissaris en Politieke Raad se beskikking gekom het, het dit vir hulle duidelik geword dat dit hulle plig was om die Engelse te verhoed om die Kaap te bemeester. Dit wil ook voorkom asof die besluit geneem is

71) Campagne beweer dat Kirsten na die vertrek van die Columbia 'n kopie van 'n resolusie van die State-Generaal gedateer 4 Maart 1795 aan die burgers by die kamp te Muizenberg getoon het. Die burger, Daniël Hubner, 'n goeie Patriot, het dit, op sy beurt, in die hande gekry en die inhoud daarvan onder die burgers openbaar, onder wie dit groot sensasie verwek het. Toe Sluysken daarvan hoor, het hy Hubner na die Kaap teruggeroep en daarin geslaag om die stuk by hom te kry. Om Hubner hiervoor te vergoed is hy tot Adjudant van die burgerruitery aangestel, iets wat volgens Campagne nooit anders sou gebeur het nie. (V.C. 76. Campagne, H.D. : Memorie en Byzonderheden, pp. 33-34.)
72) Theal, G.M. : History of South Africa, Dl. III, p. 324.
73) Theal, G.M. : Records of the Cape Colony, pp. 86-89.

dat die beste kans wat hulle sou hê om die vyand teë te hou, sou wees om hom by Muizenberg te stuit. Die hoofweg na Kaapstad het hier in 'n enge deurgang tussen berg en see deurgekronkel en die verdedigers kon hulle hier goed ingrawe en die vyand 'n deurtog na die hoofsetel belet. Weens die treffende ooreenkoms is daar ook meermale deur reisigers na Muizenberg as die Thermopylae van die Kaap verwys.[74] Sluysken, vergesel van Gordon, De Lille en Thibault, se persoonlike besoek op 21 Junie aan die kamp aldaar het reeds aangedui dat hy voornemens was om hier vas te skop. Hierdie verdedigingspunt het oënskynlik een swakheid gehad en dit was dat die skanse vanaf die see met skeepskanonne bestryk kon word. Op 27 Junie laat De Lille aan Sluysken weet dat die kapt.-ingenieur, Thibault, opgemerk het dat dit hoogs noodsaaklik was om 'n seeman te stuur wat kon ondersoek instel hoe naby 'n skip aan die land kon kom. Dit was nodig om te bepaal of die vesting van die seekant deur die skeepskanonne aangetas sou kon word. Sluysken het hierop gereageer deur kapt. Christiaan van Veerden soontoe te stuur ten einde die diepte te peil en ondersoek in te stel hoe 'n skip aan die kuste van Vishoek, Kalkbaai, mitsgaders Muizenberg sou kon anker ten einde die land met skeepskanonne te bestryk.[75]

---

74) Percival, R. : An Account of the Cape of Good Hope, Londen, 1804,
75) C109 : Resolutiën (Secrete), p. 709.

# HOOFSTUK V

## DIE ONTRUIMING VAN SIMONSBAAI

Oënskynlik het die besluit om die vernaamste verdedigingstellings langs die Valsbaaise kus by Muizenberg te maak die Kaapse owerheid daartoe gebring om Simonstad heeltemal te ontruim. Op 2 Julie laat Brand aan die Kommissaris weet dat die battery Zoutman slegs met vier stukke van vier-en-twintig pond gemonteer is en nie in die minste teen 'n skip met 64 stukke opgewasse was nie. Die hele battery sou deur hierdie geskut verpletter word voordat daar nog behoorlik tyd was om die koeëls gloeiend te maak of die kanonne te laai. Die bemanning van die battery, bestaande uit twintig kanonniers en twee offisiere, kon ook maklik van Kaapstad afgesny en omsingel word. Die Kaapse owerheid besluit dus in hierdie stadium om die battery te verlaat, die vier stukke te laat klink en die ammunisie te vernietig. Brand word aangesê om alle persone uit die baai te laat verwyder - siekes ook! Hierdie stap was nodig omdat alle voorrade nie vir die Engelse afgesny kon word solank daar burgers en siekes was wat voorrade nodig gehad het nie. Net 'n Adjunk-Resident[1)] sou voortaan in die baai bly.[2)]

In sy Joernaal, onder opskrif 3 Julie, meld Elphinstone dat die battery aan land verlate is en op 4 Julie voeg hy hierby dat 'n ene mnr. Todd die batterye en heuwels rondom Simonstad ondersoek en dit verlate gevind het. Die kanonne was, syns insiens, ook baie gebrekkig geklink.[3)]

Die Britse gesaghebbers was egter van mening dat hulle nie in staat sal wees om die Kaap te verower voordat versterkings aankom nie, aangesien hulle gewapend weerstand te wagte was. Craig stel dit só aan Dundas: "you will have perceived the little expectation which we entertain of getting possession of this place by any other means than by force."[4)] Wanneer daar besluit word om tot die gebruik van geweld oor te gaan, moes daar 'n aansienlike mate van sekerheid bestaan dat dit sal slaag, want, "a failure in the first attempt might bring on the total ruin of the expedition". Dit is om dié rede dat hulle nie geneë was om gewelddadig op te tree voordat versterkings van St. Helena aangekom het, tensy hulle deur

1) Die naam van die Resident in Simonsbaai was Christoffel Brand, terwyl dié van die Adjunk-Resident Johannes Henricus Brand was.
2) V.C. 65 : Brieven en Bylagen van den Commissaris Sluysken, 1793-1798, K.A. p.11.
3) Perrin, W.G. : Keith Papers, Dl. I, pp. 313 en 318.
4) Theal, G.M. : Records of the Cape Colony, Craig-Dundas, 3 Julie 1795, p. 99.

omstandighede buite hulle beheer daartoe gedwing word nie. Craig vestig die aandag daarop dat die goewerneur van St. Helena hulle slegs van 600 tot 700 matrose kon voorsien, sodat hy uiters 1,500 sal kan monster en dít sonder 'n enkele veldstuk of artilleris om dié wapen te beman. Hulle sou ook geïmobiliseer wees deur die feit dat alle trekvee in die gebied tussen Kaapstad en Simonstad verwyder is. Hulle het voorts oor geen finansiële middele beskik om die steun van mense soos Gordon se korps, wat hulle van die nodige kan voorsien, mee te verwerf nie. Selfs al sou hulle in hul veroweringspoging slaag, sou dit beteken dat die matrose na die skepe moes terugkeer en dat hy met 800 man, insluitende die mariniers, tussen 'n talryke en vyandiggesinde bevolking sou moes agterbly. Indien 'n Franse vloot, wat sterker as hulle syn was, intussen sy opwagting aan die Kaap maak, sou Elphinstone van 'n aansienlike gedeelte van sy mag beroof wees. Craig het die sterkte van die Kaapse mag op hierdie tydstip op 1,000 huursoldate en van 2,000 tot 2,500 koloniste geskat, wat boonop oor 'n uitstekende artillerietrein beskik het.[5)]

Die Britte wou in hierdie stadium ook verhoed dat enige nuus aangaande die toestand aan die Kaap, Holland of Batavia bereik. Twee skepe, die Echo en Rattlesnake, het Tafelbaai blokkeer en die Kompanjie se paketboot, die Star, wat dáár voor anker gelê het, verhoed om te seil. Die Politieke Raad het besluit om die blokkade te omseil deur 'n kotter van die broers van Reenen van Saldanha te huur en dit met amptelike stukke na Batavia te stuur. Dié vaartuigie het op 14 Julie om middernag geseil.[6)]

Nadat die Sphynx, wat op 18 Junie met dié doel van Simonsbaai gestuur is, St. Helena bereik het, het Goewerneur Brooke geen gras onder sy voete laat groei om hulp aan die Engelse bevelhebbers aan die Kaap te laat toekom nie. Drie skippies het vanaf St. Helena na die Kaap vertrek: die Swallow, die Indiëvaarder, Orpheus, en die Arniston. Die meeste van die voorrade is met laasgenoemde twee skepe versend. Brooke rapporteer aan Elphinstone dat hy nie 'n groter aantal stukke veldartillerie en ammunisie kan stuur sonder om die Arniston te vertraag nie. Dit was ook onmoontlik om meer manskappe te stuur, aangesien daar so baie mariniers na Brittanje

5) Ibid., pp. 99-102.
6) V.C. 65 : Brieven en Bylagen, p. 28.

vertrek het en hy feitlik nog net veterane, wat ongeskik vir velddiens was, en rekrute, daar oorgehad het.[7]

Op 9 Augustus het die volgende vanaf St. Helena met die Arniston in Simonsbaai aangekom: 400 militêre, met kamptoerusting, die grootste gros van wie as artilleriste opgelei was; 'n trein veldartillerie, bestaande uit twee twaalfponders, twee sesponders, een houwitser en vier drieponders, met hulle waens en ammunisie. Bykomend was daar 'n klompie loopgraaftoerusting en handbyle. Ook 'n kontantbedrag van £10,000, meesal in silwer, vir mnr. Pringle, die Engelse Oos-Indiese Kompanjie se agent, aan die Kaap. Met die Orpheus, wat op 5 Augustus aangekom het, is meel en voorrade vir drie maande vir die St. Helena-afdeling saamgestuur. Daar was ook drie veldstukke met kanonwaens en ammunisie, sowel £5,000 in Spaanse dollars aan boord.[8]

Die Sphynx, wat vanaf die Kaap na St. Helena geseil het om Brooke van die Engelse bevelhebbers se behoefte te verwittig, moes daarvandaan na St. Salvador voortgaan om genl. Clarke te oorreed om so gou moontlik met sy troepe na die Kaap te kom. Goewerneur Brooke was bang dat die vaartuig sy bestemming nie veilig sou bereik nie en het die Chatham onder bevel van lt. Paget van St. Helena af met hom saamgestuur.[9]

Die Kaapse owerheid, wat soveel vertroue in Muizenberg as onverwinlike vesting gestel het, het intussen weinig gedoen om toe te sien dat die troepe hulle ingrawe of dit versterk. Die soldate van die garnisoen en die burgermilisie wat daar was, het vanaf 12 Junie totdat die aanslag op 7 Augustus plaasgevind het, feitlik werkloos gelê. Volgens Marnitz is die kaptein-ingenieur, Thibault, op aandrang van die burgers soontoe gestuur en het hy 'n borswering met twee batterye aan die landsy van Valsbaai, voor die veldstukke wat daar was, aangelê. Al wat verder by die kamp gedoen is, was om 'n paradeterrein te maak.[10]

Die militêre kamp by Muizenberg het in hierdie stadium min of meer soos volg daar uitgesien: dwarsoor die pad wat na Simonstad gelei het, was 'n loopgraaf van ongeveer vyftig tree lank met 'n borswering. Hier het

---

7) Perrin, W.G. : Keith Papers, Dl. I, Brooke-Elphinstone, 12 Julie 1795, pp. 332-334.
8) Ibid.
9) Ibid.
10) V.C. 75 : Marnitz, P.W. : Verhaal van de Overgaave, p. 109.

Thibault twee batterye geplaas. Aan die linkersy van die loopgraaf was daar ꞌn houwitser en ꞌn sesponder en aan die regtersy twee vierponders. Voor die tent van die kommandant was twee vierponderveldstukke wat van Valsbaai af soontoe gevoer is. By die eerste voorpos op Kalkbaai was daar twee agtponders op rolperde met ꞌn bombardier en veertien man om dit te bedien en op die tweede voorpos was daar ꞌn houwitser links en ꞌn sesponder regs. Dan was daar nog twee vierponders aan die Steenberge en twee vierponders aan die Kaapse kant van die Sandvlei.[11)]

Die Kapenaars se mag by Muizenberg, wat beurtelings deur lt.-kol. De Lille en maj. Buisinne aangevoer is, het uit 287 infanteriste, 150 artilleriste, 200 burgerruiters en 318 pandoere bestaan.[12)] Die toestand waarin die soldate van die burgermilisie geplaas is, was onbenydenswaardig. Terwyl die lede van die Nasionale Bataljon van tente voorsien was, moes hulle onder bosse en riete teen die winterkoue skuiling soek. Elke derde dag is daar egter geroteer en vars afdelings van Kaapstad af gestuur om hulle af te los en sodoende hulle perde vars en in ꞌn goeie toestand te hou. Die soldy van die burgers was agt shillings per dag, wat in papiergeld uitbetaal is en waarmee elkeen ook sy perd moes onderhou.[13)]

Skynbaar het die Britte hulle nog nie sterk genoeg geag om tot die aanval oor te gaan nie en hulle daarmee tevrede gestel om elke dag die diepte langs die Muizenbergse kus te kom peil. Campagne beweer: "Zij naderden tot op eene snaphaanschoot onder den wal, dan in gevolge order der Regeering magt zulks aan hun niet worden belet en de vraag is ook waarmede? Want nadien burger en zelfs ook militaire officieren meer dan eens het nodig geschut eischten om zig van den zeekant behoorlijk te kunnen dekken werd hun zulks zeer beleefdelijk geweigert, zoo wel als om het Camp aan deeze zijde der vallei te verleggen.[14)] Hoewel van Veerden, wat opdrag van Sluyskengehad het om dieptepeilings te doen, bevind het dat skepe tot op ꞌn halwe en selfs tot op ꞌn derde kanonskoot kon nader,[15)] wou

11) C.J. 652 : Criminele Procedures, Fiscaal Contra Lt.-Col. De Lille, pp. 160-161. K.A.; Brieven en Bylagen, p. 28; Neethling, C.L. : Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, p 43; V.C. 75 : Marnitz, P.W. : Verhaal van de Overgaave, pp. 72-75.
12) V.C. 65 : Brieven en Bylagen, p. 28.
13) Theal, G.M. : History of South Africa, Dl. III, p. 323.
14) V.C. 76 : Campagne, H.D. : Memorie en Byzonderheden, p. 23.
15) V.C. 75 : Marnitz, P.W. : Verhaal van de Overgaave, pp. 105-106.

die Kommissaris hierdie inligting blykbaar nie aanvaar nie en sou, volgens Neethling, aan van Veerden gesê het dat hy dit geheim moet hou dat skepe so naby aan die kus kan kom.[16]

Ten spyte van die feit dat die burgers herhaaldelik op verskansing aan die seekant aangedring het, het Gordon en De Lille niks gedoen om hierdie gebrek aan te suiwer nie. Eindelik is twee vier-en-twintigpond-kanonne daarheen gestuur, maar hulle is van geen affuite voorsien nie en is sonder enige vastigheid op die sand neergeplaas. Later het dit geblyk dat elke keer wanneer daar gevuur word 'n kwartier nodig was om hulle weer behoorlik te rig.[17] 'n Kommissie, bestaande uit die chef van die artillerie, G.C. Küchler en L.M. Thibault is weens die feit dat De Lille te kenne gegee het dat hy nie enige kennis van die artillerie het nie, na Muizenberg gestuur om oor die plasing van die twee vier-en-twintigponder-kanonne te besluit en oor die staat van die verdediging daar rapport te doen. Thibault wou die battery van twee kanonne aan die Kaapse kant van die voetheuwels van Muizenberg aanlê en Küchler wou dit weer elders geplaas hê.[18] Thibault is egter gou weer na die Kaap teruggeroep en 'n paar dae daar in arres gehou, sodat die versterkings aan die seekant nooit voltooi is nie.[19]

Nadat die kapteins van die Nederlandse Oos-Indiese skepe in Valsbaai op 7 Julie aan Sluysken laat weet het dat hulle nie kans sien om aan sy aandrang gehoor te gee en na Tafelbaai te kom nie, het Elphinstone op 9 Julie van die drie besit geneem. Een van hulle, die <u>Willemstad en Boetselaar</u>, 'n nuwe skip van eenduisend ton, met 26 kanonne bewapen, is twee maande later tot die <u>Princess</u> herdoop en in 'n Britse kruiser omgeskep.[20] Om te verhoed dat die skepe aan die brand gesteek word, het Elphinstone op elk van die skepe 'n kadetoffisier en ses matrose geplaas.[21]

Op 8 Junie teken Elphinstone in sy Joernaal aan dat die derde opdrag aan die inwoners van Simonsbaai gegee is om die plek te verlaat.[22]

---

16) Neethling, C.L. : <u>Onderzoek Van't Verbaal van A.J. Sluysken</u>, p. 35.
17) V.C. 76 : Campagne, H.D. : <u>Memorie en Byzonderheden</u>, p. 24.
18) V.C. 75 : Marnitz, P.W. : <u>Verhaal van de Overgaave</u>, pp. 113-114.
19) Neethling, C.L. : <u>Onderzoek Van't Verbaal van A.J. Sluysken</u>, pp.31-34.
20) Perrin, W.G. : <u>Keith Papers</u>, Dl. I, Elphinstone-Admiraliteit, 23 Sept. 1795, pp. 372-374.
21) C109 : Resolutiën (Secrete), pp. 428-431; V.C. 65 : <u>Brieven en Bylagen</u>, p. 24.
22) Perrin, W.G. : <u>Keith Papers</u>, Dl. I, p. 328.

Campagne beweer dat alle lewensmiddele by hierdie geleentheid in opdrag van die regering vernietig en in die see gegooi is, ten spyte van die feit dat daar tyd genoeg was om nie alleen hierdie nie, maar alle goedere van die Kompanjie weg te voer, waartoe die nodige waens en trekvee voor hande was.[23] Hy beweer ook dat nieteenstaande alles wat gebeur het,die Kommissaris in ŉ brief, gedateer 10 Julie 1795, aan die advokaat van die Kompanjie gerig, hom meegedeel het dat,behalwe vir die beslaglegging op die Hollandse skepe in Valsbaai, die Engelse nog geen daad van vyandelikheid gepleeg het nie.[24] Sluysken het voorts opdrag gegee dat geen aanval op die Engelse patrollies gemaak moet word of enigiets gedoen moet word om hulle aan te spoor om weerwraak te neem of ŉ voorwendsel te verskaf om die Kapenaars van die aanvang van vyandelikhede te beskuldig nie.[25]

Reeds op 6 Julie kla Elphinstone in ŉ brief aan Brand dat weens die onttrekking van die amptenare en burgers uit Simonstad die plek oorgelaat is aan diegene wat sonder ŉ wag in die hospitaal aan land gelaat is - Amerikaners, Dene, die bemanning van Hollandse skepe en slawe - oor wie hy geen beheer het nie. Hy beweer: "when I came here I assured the Governor, I would use no hostilities - his orders are perfectly known to me - whence then all the pompous preparations of heating shot, pointing guns, staving wine and provisions, abandoning the stores, and cruelly ordering off the wretched inhabitants after having forced away their cattle, had it not been to leave the place open to the rapacity of those I have above described and to throw the general odium on the fleet.[26]

Die Resident, Brand, het op hierdie aantygings geantwoord deur te sê dat die eed van trou wat die Britse koning vereis, sowel as die opbeslaglegging van Hollandse skepe op ŉ Hollandse rede, onder watter voorwendsel ook al, strydig met die traktaat tussen die twee soewereine was en nie anders as "actes van violentie" beskou kon word nie. Die regering sou dus geensins afsien van die stappe wat hom weens die optrede van die

---

23) V.C. 76 : Campagne, H.D. : Memorie en Byzonderheden, pp. 21-23; Roux, P.E. : Die Verdedigingstelsel aan die Kaap, p. 82.
24) V.C. 76 : Campagne, H.D. : Memorie en Byzonderheden, p. 23.
25) Theal, G.M. : History of South Africa, p. 329.
26) Perrin, W.G. : Keith Papers, Dl. I, Elphinstone-Brand, 6 Julie 1795, pp. 323-324.

admiraal deur eer en plig genoop word om te doen nie. Hy beloof egter dat, om die beskadiging van eiendom te voorkom, daar snags ŉ korporaal en ŉ wag in Simonstad geplaas sal word.[27)]

Nadat Sluysken vier briewe van die Resident en Adjunk-Resident aangaande die bewegings van die Engelse uit Valsbaai ontvang het, het die Kommissaris die mening voor die Politieke Raad uitgespreek dat die gebeurtenisse daar vir hom op openlike vyandigheid dui: die opbeslaglegging van die skepe en die besetting daarvan met gewapende Engelse; die landing van ŉ majoor met 200 gewapende man om die burgers die pas af te sny en niemand deur te laat nie; die posname op die battery Zoutman van ŉ Engelse offisier met 25 man; die berowing van Hottentotte van Kompanjiesgoedere wat hulle na die Kaap moes bring; die opdragte van die Britte aan burgerkapteins om gedurende die nag geen patrollies na Valsbaai af te stuur nie en die dreigement dat hulle by oortreding van hierdie verbod sonder genade doodgeskiet sal word. Hierdie optrede van die Engelse het syns insiens die Kaapse regering die volste reg gegee om geweld met geweld te beantwoord. Hy bevestig weer dat hy hom nie deur draaie en swaaie aan die slaap sal laat wieg nie, maar alles in sy vermoë sal doen om die kolonie vir sy wettige soewerein te bewaar en, "trouw aan zijn pligt, nimmer eenige ordres ofte aanschrijvingen te zullen geeven die van eenen vreemdeling en niet van zijnen wettigen Souwerain afvloeide of gerequireerd worden."[28)]

Op 14 Julie verlaat die Adjunk-Resident Valsbaai op aandrang van die Kaapse owerheid.[29)] Elphinstone en Craig laat die verlate dorp, wat hulle vermoed het dat die owerheid aan die brand wil laat steek, beset, en land Craig met 450 soldate en 350 mariniers. Twee bataljonne matrose word ook deur die Britte aan wal gebring, wat die totale mag tot 1,800 vermeerder. Hulle vorm ŉ depot en probeer om die geklinkte kanonne te herstel. Generaal Craig beset inmiddels Resident Brand se huis en maak dit sy hoofkwartier.[30)]

Na die inname van Simonstad begin die Engelse in alle erns met hulle

---

27) C109 : Resolutiën (Secrete), pp. 401-404.
28) Ibid., pp. 437-447.
29) Roux, P.E. : Die Verdedigingstelsel aan die Kaap, p. 82.
30) Ibid., p. 82; V.C. 76; Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, p. 23.

propagandaveldtog onder die burgers en soldate.[31] Daeliks word daar plakkate uitgevaardig. Theal sê tereg dat die verlokking om met 'n toename in soldy in Britse diens geneem te word - die aanbod wat aan die Kaapse huurtroepe gedoen is, vir hulle te veel was. Die lede van die Nasionale Bataljon het vir 'n lang tyd slegs waardelose papiergeld ontvang en reagerende op hierdie aanbod het 'n hele aantal van hulle weggeloop. Binne veertien dae het 23 na die Engelse oorgeloop en om te dros het algemeen geword totdat twee drosters deur 'n burgerpatrollie gevang en gefusileer is.[32]

Ten spyte van alles wat gebeur het, wou die Engelse bevelhebbers enige optrede wat hulle as aggressors kan brandmerk vermy. In die Algemene en Garnisoenorders van 15 Julie lees ons dat, "All guards and picquets and patrols are to understand that till further orders they are not to fire on any party of the Dutch troops whether regular or militia except in cases of actual self defence... If any of the Militia should come near enough to be taken without firing it is to be done, but they are no means to be plundered or persons any ill-used... All acts of outrage or plunder will be severely noticed, and the commander of all guards or picquets will be held responsible for their men - no man is to go in an inhabited house - neither officer or man is to go beyond the guards on any pretence."[33]

Sonder dat daar tot openlike vyandelikhede oorgegaan is, het daar voor 7 Augustus meermale botsings tussen die Engelse soldate en die Kaapse troepemagte voorgekom. Op 16 Julie nader 'n geselskap Britse soldate onder aanvoering van kapt. Campbell die tweede Hollandse pos op weg van Simonsbaai na Wynberg. Te Vishoek word hulle deur 'n afdeling burgerruitery, 40 man sterk, voorgekeer en teruggedryf, sonder dat daar 'n skoot van weerskante gevuur word. Tydens hierdie insident het die Engelse blykbaar tot tussen die perde van die ruitery deurgedring. Volgens Sluysken was hy by ontvangs van dié berig erg ontevrede daaroor dat die ruitery hierdie afdeling nie krygsgevange gemaak het nie en het aan maj. Buisinne geskryf om sy misnoeë te kenne te gee en dit aan hom op te dra om by herversky-

31) Roux, P.E. : <u>Die Verdedigingstelsel aan die Kaap</u>, p. 83.
32) Theal, G.M. : <u>History of South Africa</u>, Dl. III, p. 323.
33) Acc. 316: General and Garrison Orders, 15th July 1795-13th March 1796, 15 Julie 1795, p. 1. K.A.

ning op hulle te vuur.[34] Neethling trek egter die waarskynlikheid van dergelike opdrag van Sluysken in twyfel, want volgens hom was die ruitery nie toegelaat om op die Britte te vuur nie en het die kommandant van die Muizenbergkamp nie opdrag gehad om hulle gevange te neem nie. Neethling sê dat hyself gedurende die nag die gebied in Valsbaai gepatrolleer het en meer as eenmaal 50 tot 100 matrose gevind het wat visvang en wat hy baie maklik kon gevange geneem het indien hy orders daartoe gehad het.[35]

Die teerling tussen die Kapenaars en Britte was nou gewerp en het die Kommissaris wraakmaatreëls teen hulle aangekondig. Op 24 Julie word 'n Placaat uitgevaardig waarin gepromulgeer is dat alle korrespondensie met die Engelse voortaan gestaak sal word omdat hulle hul op onbehoorlike en onwettige wyse van die kolonie wil meester maak. Die verskaffing van trekdiere en provisie aan die Engelse word eweneens verbied en die straf vir so 'n misdaad aangekondig. 'n Beloning van 50 riksdaalders word ook aangebied vir enigiemand wat betrap word dat hy trekdiere na Valsbaai dryf; 15 riksdaalders vir 'n slawejonge wat uitgevind word dat hy provisie of pluimvee na Valsbaai neem en 15 riksdaalders vir die vang van 'n blanke droster vir dieselfde oortreding.[36]

. . . . . . . . . . . .

Toe die seine, wat die burgers na die Kaap ontbied het, die eerste keer gemaak is, het slegs 70 man van die distrik Swellendam onder kapt. Dirk van Rheenen daaraan gehoor gegee. Die Kommissaris het hierop 'n deputasie bestaande uit die President van die Raad van Justisie, O.G. de Wet, die sekretaris, Truter, en kapt. van Hügel gestuur om die rus te herstel, maar hierdie deputasie is op 14 Junie met geweld gedwing om daarvandaan te vertrek. Sluysken het nie hoop laat vaar om hulle ondersteuning te probeer wen nie en op 22 Junie skryf hy weer aan hulle om hulle aan te spoor om hulle plig na te kom. Op 23 Junie doen ook die here A. Horak en N. Linde 'n kragtige beroep op hulle en op 7 Julie versoek die Burgerrade Sluysken en die Politieke Raad om, indien hierdie burgers sou

---

34) Perrin, W.G.: Keith Papers, Dl. I, p. 335; V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 28-30.
35) Neethling, C.L.: Onderzoek Van't Verbaal van A.J. Sluysken, p. 46.
36) C109 : Resolutiën (Secrete), pp. 465-68; V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 43-44; 2/1 Inkomende Briewe aan die Krygsraad Kaapstad, 1712-1795. Geen no. K.A.

help om die land te verdedig, aan hulle amnestie vir hulle dade van die verlede te verleen en hulle griewe so gou as moontlik te herstel. Aan hierdie versoek van die Burgerrade het Sluysken oënskynlik voldoen, maar sy aanbod is aanvanklik nie te goed deur hulle ontvang nie, want hulle wou die begrip "redelike herstel van griewe" beter omlyn hê.[37)]

Op 10 Julie laat hulle Nasionale Kommandant,P.J. Delport, aan Sluysken weet dat, "alzoo wij niet van voornemens en benne om ons vaderland in hande van de Engelsche naatsie over te geve, maar wij zullen streijden voor onze vreijheid tot de laatste man, want wij malkander trouw geswoore hebbe, ons nooijt of nimmer meer onder een slaafse band van kooninge of vorste te buijge, En daarom ook van voornemene zeijn om ons vaderland voor te staan, zo kan W Uwel. Ed. dat weij nu niet zulle nalatig zijn, om met een vereenigde magt op te koomen En ons vaderland voortestaan." Ook aan "Meijn Heer Generaal van de vloot van de Koning van Groot Brittanje", stuur Delport op dieselfde datum 'n parmantige brief waarin hy waarsku dat hulle die land tot die laaste man sou verdedig, aangesien "wij nog goede schutters in ons land hebbe, die haare veijand wel durve in die ooge zien."[38)]

Vyf burgers, wat hulself die Nasionale Vergadering genoem het, te wete Hermanus Steyn, Anthonie van Vollenhoven, Ernst du Toit, Pieter Jacobus Delport en Louis Almoro Pisani, het op aandrang van 'n groot aantal burgers op 16 Junie 1795 vergader en 'n antwoord aan Sluysken opgestel. Hieruit blyk dit duidelik dat hulle vasbeslote was om hulle grondwet te handhaaf, "want wij lank genoeg in het Juk der Slavernij zijn geweest en wij nu geresolveert zijn het leste droppel bloed voor onse lieve Vaderland te waagen en ons onder een Vrije Republicq te soorteeren." Sodra hulle 'n gunstige antwoord van die Kommissaris kry, sou hulle Kaapwaarts kom om tot hulle laaste druppel bloed teen die Engelse te veg. Hulle versoek ook dat aan hulle 'n vlag met die woorde "Vivat de Vrijheid", daarop,gestuur moet word.[39)] Op dieselfde vergadering is "Den Eysch van den Algemene Burgerij" voorgelê, wat uit tien artikels bestaan het. Hierin eis hulle o.m. vrystelling van tolle, aksyns, en rekognisiegelde; vry-

37) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 32-33; Theal, G.M.: History of South Africa, Dl. III, p. 326.
38) C109 : Resolutiën (Secrete), pp. 451-453.
39) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 36-38.

handel en om die onttrekking van papiergeld aan sirkulasie.[40]

Uit hulle eise het dit duidelik geword dat die opstandige burgers gevrees het dat as die Engelse sou seëvier hulle lot nog swakker sou wees as onder die Kompanjie en gehoop het dat indien hulle die regering bystaan, hulle laste verlig sou word. Nadat die brief aan Sluysken afgestuur is, het dit egter tot die Swellendammers deurgedring dat indien daar nie aan hulle eise voldoen word nie en hulle weier om te veg, daar 'n sterk moontlikheid bestaan het dat die Engelse hulle in besit van die Kaap sou stel. In só 'n geval sou hulle eise sekerlik verwerp word. Hulle het dus besluit om, terwyl hulle hulle reg en aanspraak op selfregering behou, hulle gewilligheid te toon om met die verdediging van die land behulpsaam te wees.

Van sy kant het Sluysken alles in sy vermoë gedoen om hulle deur sagte vermaninge en briewe so rustig moontlik te probeer hou tot na die vertrek van die Britte. Hy was veral bevrees dat die gedrag van die Graaff-Reinetters en Swellendammers die onrus na die Kaapse distrikte sou laat versprei en hy sy hande uiteindelik só vol sou hê om die binnelandse onluste te onderdruk dat hy die Britte nie sou kon teenstaan nie.[41]

Onder aanvoering van hulle Nasionale Kommandant, Pieter Jacobus Delport, vertrek 'n geselskap van 168 berede man dus Kaap toe. Toe hulle op die plaas van die weduwee Morkel aan die Hottentots-Holland kom, laat hulle aan Sluysken weet dat hulle die sekerheid van 'n veilige geleide wil hê. Die Kommissaris stuur hierop die here A. Horak en G.H. Meyer soontoe om hulle in veiligheid na die Kaap te bring en op 26 Julie kom hulle by die Kasteel aan. Hulle word onmiddellik in drie kompanjies gevorm: 96 man onder kaptein J.J. Botha, 81 man onder kapt. H. Muller en 62 man onder kapt. L. de Jager.[42] Gerugte doen terselfdertyd onder die Kompanjiesamptenare die rondte dat daar 'n stuk met geheime artikels onder die Swellendammers sirkuleer, waarin die name van 'n hele aantal siviele en militêre persone aan die Kaap voorkom wat, na bewering, aangemerk was om deur hulle verban of met die dood gestraf te word. Daar is nooit enige ondersoek na die grondigheid van hierdie gerugte gedoen nie en die bestaan van die lys

---

40) Ibid., pp. 38-41.
41) Ibid., p. 42.
42) Theal, G.M. : History of South Africa, Dl. III, p.327.

is nooit bewys nie, sodat dit te betwyfel is of daar ooit so 'n dokument was. Die gerugte van hierdie lys het egter groot onsteltenis aan die Kaap veroorsaak.[43]

Nadat Delport vertrek het, het 45 Swellendammers, wat hoofsaaklik uit burgers van weinig belang en ontslane soldate bestaan het, vir Almoro Pisani as hulle aanvoerder gekies en gedreig om die goedere van diegene wat die Kompanjie bygestaan het, te konfiskeer. Ook hulle het onder Pisani se leierskap na die Kaap gemarsjeer en Waveren op 10 Augustus bereik. Hiervandaan het Pisani aan Sluysken geskryf en gedreig dat indien hy nie binne vier-en-twintig uur 'n gunstige antwoord ontvang nie, hy geweld sal gebruik. Die Kommissaris het onmiddellik 'n prysgeld van R400, dood of lewendig, op sy hoof geplaas. Sommige van sy eertydse makkers het by die ekspedisie teen hom aangesluit en op 13 Augustus is hy saam met twee ander ontslane soldate by die huis van Marthinus Roux te Tygerberg gearresteer. Hy is in die Kasteel in die gevangenis geplaas en 'n paar maande later permanent uit die kolonie verban.[44]

Die Britte het hulle so lank moontlik daarvan weerhou om tot openlike vyandelikhede oor te gaan omdat hulle tyd wou wen totdat Clarke se magte hulle kon kom versterk. Hulle wou ook baie graag eerder die Kaapse owerheid oorreed om die Kaap vrywillig onder hulle beskerming te plaas, wat heeltemal 'n ander voorkoms aan hulle optrede sou gee as om gedwing te word om dit met geweld te verower. Hulle het hulle eie mag en toerusting, in elk geval, volgens hulle mening, ontoereikend vir aggressiewe optrede beskou. Twee faktore, veral, sou hulle egter van plan laat verander: die aankoms van versterkings vir die Kapenaars en hulle voorrade-posisie wat al hagliker geword het. Dít sou hulle tot aksie dwing.

43) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, pp. 98-101.
44) Theal, G.M.: History of South Africa, Dl. III, pp. 327-328.

Kaart van Simonsbaai en die Kus vanaf Simonsbaai na Muizenberg om die Aanval en Verowering van die Kaapse Magte se Stellings en Kamp te Muizenberg op 7 Aug. 1795 te Verduidelik.




## VERWYSING

A. Simonsbaai
B. Simonstad
C. Suid-battery
D. Noord-battery
E. Aanmars van troepe na Muizenberg
F. Kaapse magte se vooruitgeskowe pos
G. Kaapse magte se twee voorste kanonne
H. Kaapse magte se voorste battery - 2 kanonne
I. Kaapse magte se Stellings
K. Kaapse magte se Kamp te Muizenberg
L. Vlei te Muizenberg
M. Rattlesnake
N. Stately
O. America
P. Echo
Q. Monarch se barkas
R. Monarch se kanonboot
S. Kompanjiestuin.

## HOOFSTUK VI

## DIE SLAG VAN MUIZENBERG

Reeds op 26 Julie het dit uit ŉ brief van Elphinstone en Craig duidelik geword dat die Britse bevelhebbers planne vir ŉ militêre operasie teen Muizenberg oorweeg het. Hieruit blyk dit ook dat Elphinstone groot ontsag vir hierdie natuurlike vesting gehad het en nie ŉ frontaanval wou waag tensy alle ander planne misluk het nie. Hy het klaarblyklik ŉ omvleuelingsbeweging in gedagte gehad. ŉ Duisend man moes via Slangkop en Kommetjie na Constantia gestuur word om die Kapenaars in die rug te tas, terwyl die orige seshonderd hulle van voor besig hou. Gelyktydig hiermee sou die skepe in Valsbaai hulle flank bedreig. Indien behoorlik gekoördineer sou dié maneuver ŉ volmaakte omsingelingsbeweging daarstel en sou die troepe by Muizenberg van die Kaap afgesny wees.[1)]

Elphinstone self het nie groot geloof in die bystand van die vloot gehad nie, veral aangesien die water in Valsbaai, in die omgewing van Muizenbergkamp, gevaarlik vlak was en daar die voorafgaande drie weke ŉ geweldige deining geheers het. Hy het geglo dat selfs onder die gunstigste omstandighede die skepe nie in staat sal wees om meer as ŉ myl of ŉ myl-en-ŉ-kwart van die kus af te kom nie - wat té ver was om van enige waarde te wees. Desnietemin was die skepe gereed om die proefneming uit te voer. Elphinstone het gemeen dat dit deurslaggewend sou wees as ŉ bataljon matrose van die skepe af aan wal gebring kan word. Dit sou egter ŉ uiters gevaarlike operasie wees ten gevolge van die buitengewone hoë branders wat ŉ halfmyl van die strand af breek. Vir drie weke voordat die aanval sou plaasvind, kon die kus nie genader word om dit vir dergelike landingsmoontlikhede te ondersoek nie. Die seemanne wat sou moes land, het ook ŉ gebrek aan tente, kookgereedskap, en ander toerusting, wat nodig was om ŉ tyd lank in die veld te bly, gehad. Hierdie toestand het dit wenslik gemaak om hulle so lank moontlik aan boord te hou.[2)]

Weens die hoë, rollende deining wat by Muizenbergpunt geheers het, asmede die strand ten ooste daarvan tot by Robbe-eiland, sou die skeepsgeskut ook ernstige probleme ondervind om doeltreffend te vuur. Elphinstone beweer dat hierdie gebied herhaaldelik deur die bekwaamste kapteins

1) Perrin, W.G.: The Keith Papers, Dl. I, Elphinstone-Craig, 26 Julie 1795, pp. 336-338.
2) Ibid., pp. 337.338.

in die eskader ondersoek en gepeil is.[3]

Die Britse admiraal het dit duidelik aan sy mede-bevelhebber gestel dat, waar die aanslag op land teen Muizenberg te enige tyd onderneem kon word, die ondersteuning van die seekant van gunstige omstandighede, te wete 'n westewind en kalm see afhanklik was.[4] Die suidoostewind, wat meestal hierdie tyd van die jaar gewaai het, sou die oorlogsbodems na die strand voer, terwyl 'n westewind, op sy beurt, die deining sou stuit.

Op 27 Julie laat Elphinstone aan Craig weet dat die sloepe en twee linies slagskepe gereed is om, wanneer omstandighede dit toelaat, op die kortste kennisgewing in beweging te kom. Hy het blykbaar ook geglo dat die aannadering van die skepe 'n demoraliserende uitwerking op die troepe sal hê, want hy beweer: "We have a raw enemy to deal with, so they may be easily alarmed."[5]

Reeds vanaf 26 Julie is die Britse troepe op gereedheidsgrondslag vir die aanslag geplaas deurdat hulle gereeld aan wal gebring, geoefen en geïnspekteer is. So lees ons in Elphinstone se Joernaal dat op Sondag 26 Julie 550 seemanne aan wal gebring en geoefen is terwyl 980 gewapende man op 27 Julie geland het en deur genl. Craig geïnspekteer is. Twee dae later word die Eerste Bataljon aan wal geïnspekteer en in orde bevind en op 30 Julie die Tweede Bataljon. Op hierdie datum ontvang kommodoor Blankett ook opdrag om slaggereed te wees en die Rattlesnake, Stately, en Echo onder sy bevel te neem.[6]

Behalwe die 338 Swellendammers onder kapts. Botha, Muller en de Jager, wie se aankoms die verdedigers weer nuwe moed ingeboesem het, het daar reeds tevore van die distrikte Stellenbosch en Drakenstein 658 berede burgers aangekom. Hulle is in vyf kompanies onder die kapteins Loubser, Myburgh, van der Byl, Hoffman en Cloete ingedeel. Die Kaapse distrik het 244 berede burgers gelewer en hulle is in twee kompanies onder kapts. de Waal en Gousch gevorm. Daar was dus altesaam 1,140 van die burgerruitery in die veld. Van hierdie getal was daar gereeld omtrent tweehonderd te Muizenberg, terwyl die ander in Kaapstad in die kamp vertoef het. Sommige

---

3) Ibid.
4) Ibid., p. 338.
5) Ibid., Elphinstone-Craig, 27 Julie 1795, p. 339.
6) Ibid., pp. 336-340.

is ook as wagte langs die weg van Muizenberg na Kaapstad geplaas.[7)]

Toe die aanval die oggend van 7 Augustus plaasvind, was daar 200 man van die Nasionale Bataljon, 120 artilleriste, 200 burgerruiters en 150 pandoere te Muizenberg en 'n geringe wag te Kalkbaai.[8)] Sluysken self het hom weer op 2 Augustus na die kamp te Muizenberg begeef om oor die plasing van twee kanonne van vier-en-twintig pond toesig te hou en met die kapteins van die burgery ooreen te kom aangaande die plasing van skildwagte in die berge van Valsbaai. Die Kommissaris het die maneuver wat die Britse bevelhebbers oorweeg het, besef, naamlik dat 'n Engelse mag hulle van oor die Steenberge kon probeer omvleuel en in die rug aantas. Hierdie moontlikheid wou hy uitskakel deur die plasing van 16 wagposte elk bestaande uit vier pandoere, almal onder bevel van 'n onderoffisier: agt van die Trappe tot by Poespaskraal; vier hiervandaan tot by Slangkop en vier vandaar tot by Ratelklip. Bykomend moes daar vyf burgers ten weste van die kamp geplaas word. Volgens Sluysken was alles in die kamp te Muizenberg in goeie orde en het daar eensgesindheid geheers.[9)]

Aangesien die Engelse besig was om hulle vir die aanval voor te berei, wat aanvanklik vir 3 Augustus beplan was, het dit hulle vir enige dae besig gehou sodat hulle nie kans gehad het om enige beweging teen Muizenberg te maak nie. Uit die berig van drie Hottentotte, wat deur die Engelse gevang is en na drie dae weer ontsnap het, het Sluysken te wete gekom dat die Engelse in Simonsbaai baie bedrywig was. Hierdie Hottentotte het verklaar dat die Engelse besig was om wiele of ratte en waentjies te maak - wat blykbaar affuite was; dat hulle die berge agter Simonstad met skildwagte beset het en dat daar 'n menigte tente, van benede die hospitaal tot in die baai, opgeslaan was.[10)]

Sluysken was baie begerig om nadere inligting aangaande die bedrywighede van die Engelse te bekom en het op 2 Augustus sy adjudant, van Rheede,

---

7) Theal, G.M.: History of South Africa, Dl. III, p. 328. Sluysken, A.J.: Verbaal gehouden by den Commissaris van de Kaap de Goede Hoop A.J. Sluysken, zedert het arrivement der Engelsche Vloot, onder den Admiraal Sir George Keith Elphinstone, den 10 Juny 1795, en de overgaave van die Kolonie aan de wapenen van Groot Brittanniën, den 16 September daar aanvolgende. Den Hage 1797, pp.297-298.
8) Roux, P.E.: Die Verdedigingstelsel aan die Kaap, p. 87; Sien V.C. 75; Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, pp. 122-126.
9) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 47-48.
10) Ibid., p. 48.

mitsgaders vyf burgers oor die berge na Simonsbaai gestuur om te gaan verken. Toe hulle van Noordhoek se kant af in die berge bokant Simonstad kom, het hulle Britse skildwagte daar gevind. Die wagte het op hulle begin vuur, waarna ŉ groot gedeelte van die Engelse troepe die berg opmarsjeer het met die doel om hulle te omsingel en gevange te neem. Met dié oogmerk in gedagte het die vyand in drie kolonne verdeel. Deur op die Engelse te vuur het die verkenningsgeselskap ontkom, maar is hulle verhoed om enigiets vas te stel.[11)]

Op 3 Augustus het ŉ burgeroffisier, Jacobus van Rheenen, met ŉ geselskap pandoere na die heuwels bokant Simonstad gegaan om verdere verkenning te doen. Hulle het op die Britse skildwagte gevuur en een matroos, ŉ ene Lord van die skippie Echo, is lig in die voet gewond. Sluysken het beweer dat die Engelse hierdie optrede as ŉ daad van oorlogsgeweld kon aanmerk en Van Rheenen hieroor voor stok gekry.[12)] In sy rapport aan Dundas beweer Craig dat die Engelse troepe op hulle beurt opdrag gehad het om geen vyandelike daad te pleeg nie en hulle daarvan moes weerhou om te vuur. Van sý kant het hy hierdie optrede van die Kapenaars as die begin van vyandelikhede beskou,[13)] en is die volgende bevel op 4 Augustus uitgereik: "The Dutch Troops and the Hottentots employed by them having committed hostilities by firing upon our parties and picquets, the troops are in future to consider them as enemies and act against them as such."[14)]

Die Engelse het intussen, ter voorbereiding vir die aanval, voortgegaan om vlakby Muizenberg dieptepeilings te doen. Terwyl mnr. Traile, een van die kapteins, op 6 Augustus weer hiermee besig was, het die burgery De Lille opgevorder om op hom te vuur. Volgens Marnitz het hy aan hierdie versoek gevolg gegee, maar gewaarsku dat die Engelse nie raakgevuur moet word nie. Twee skote is vervolgens in die rigting van die skippie gemik, waarvan die een bo-oor hom gegaan en die ander in ses faam water beland het. Ten gevolge hiervan het die Engelse na Simonsbaai teruggeval en het dit geskyn asof hulle hierdie optrede as ŉ bevestiging van die aan-

---

11) Ibid., pp. 48-49.
12) Perrin, W.G.: The Keith Papers, Dl. I, p. 343; Theal, G.M.: History of South Africa, Dl. III, p. 329.
13) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Craig-Dundas, 21 Sept., 1795, p. 149.
14) Acc. 316: General and Garrison Orders, 4 Aug., 1795, p.7.

gevange vyandelikhede beskou het.[15)]

Op Vrydag 7 Augustus het die Britse bevelhebbers alles in gereedheid gehad vir die aanval op Muizenberg. Om nie met skielike groot bedrywigheid agterdog te wek nie, het Elphinstone sy skepe reeds dae tevore in die baai laat rondseil. Toestande was op hierdie dag ideaal vir die aanval, want die see was kalm en om twaalfuur het 'n bries vanuit die westekant opgespring. Vir Elphinstone het die weersomstandighede gunstig voorgekom en hy laat aan Craig weet dat hy in staat is om te beweeg.[16)]

Om twaalfuur word die sein gegee en kom die troepe onder genl.-maj. Craig in beweging. Dit het uit die 78ste Regiment, sowel as mariniers en matrose - altesaam 1,600 man - bestaan. Die vlootbrigade is deur kapts. Hardy van die Echo en Spranger van die Rattlesnake aangevoer. Die America, met adml. Elphinstone aan boord, die Stately, Echo en Rattlesnake, almal saam onder bevel van kommodoor Blankett, het tot voor Muizenberg geseil. In die geheim het Elphinstone ook 'n klein vaartuigie die Squib, in 'n kanonboot omgeskep en dit met twee kanonne 'n nege- en agtienponder op haar dek uitgerus. Die skepe se barge is ook met kanonne bewapen en saam met die Squib, wat onder bevel van adelbors Charles Adam van die Monarch gestaan het, het hulle vlak naas die kus omtrent vyfhonderd tree vooruit geseil om die pad vir die troepe skoon te maak.[17)]

Om eenuur die middag was die skepe by die vooruitgeskowe pos te Kalkbaai en nadat hulle 'n paar skote afgevuur het, het hulle by die tweede pos, waar daar 'n kanon en mortier was, die proses herhaal. Die 14 man wat onder bevel van vaandrig Ferdinand Schultz by hierdie poste was, het, met agterlating van die kanonne, op die vlug geslaan. Die dapper artilleris, Frederici, is gedwing om saam met hulle te wyk en het hom by Marnitz te Muizenberg, gevoeg.[18)]

Toe die Engelse Muizenberg nader, was die wanorde vanaf 'n afstand merkbaar. Elphinstone verklaar dat die afstand van die skepe na die wal

---

15) Perrin, W.G.: The Keith Papers, Dl. I, p. 334; V.C. 75 : Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 118.
16) Perrin, W.G.: The Keith Papers, Dl. I, p. 344; Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Elphinstone-Dundas, 18 Aug. 1795, p. 114.
17) Ibid., Elphinstone-Dundas, 18 Aug 1795, p. 114; Craig-Dundas, 21 Sept. 1795, p. 149.
18) Ibid., Elphinstone-Dundas, 18 Aug., 1795, p. 114; Roux, P.E.: Die Verdedigingstelsel aan die Kaap, p. 87.

groter was as wat hy gehoop het, maar dat die vlakheid van die see dit onmoontlik gemaak het om nader te kom. Die Echo, wat deur lt. Tod van die Monarch aangevoer is, het in twee-en-n-half vadem geanker, gevolg deur die America, wat in vier-en-n-half vadem en die Stately en Rattlesnake, onder bevel van lt. Ramage van die Monarch, wat volgens hulle diepgang anker gewerp het. In hierdie stadium begin die Kapenaars op die skepe vuur en nadat die sein om twintig-oor-twee gegee is, beantwoord die sloepe dit. Die twee groot skepe, Monarch en America, is daarvan weerhou om dadelik aan die aksie deel te neem omdat die wind opgekom het en hulle gedwing het om hulle swaar ankers te laat sak ten einde dit nie te sleep en op die strand te beland nie. Om drie-uur het hierdie twee ook vuur geopen en die Kapenaars die volle laag gegee. Om drie minute oor drie verskyn die wit en rooi seinvlag aan die mas van die America om aan te dui dat die verdedigers gereedmaak om te vlug en om halfvier kom die teken dat die geveg gestaak moet word. Percival beweer dat een skoot van die land die America getref, tussen die dekke deurgegaan en twee seemanne gedood het. Vier man is gewond en een kanon is buite aksie geplaas. Op die Stately is ook een matroos gedood. Die skepe is nie deur die vuur beskadig nie.[19)]

Intussen was die Britse troepe besig om met die nou weg langs die kus van Simonsbaai na Muizenberg aan te marsjeer. Elphinstone en Craig maak altwee melding van die feit dat hulle onder geen illusie verkeer het aangaande die probleme wat dit sou oplewer om die Kaapse troepe uit hierdie kragtige vesting te ontsetel nie, veral aangesien dit, "admirably defended by nature", is. Percival voeg hieraan toe: "This pass struck us all with wonder at its strength; and we could not help reflecting with a mixture of surprise and contempt on the Dutch troops who allowed us so easily to take possession of it, while it is so exceedingly strong that a very few men with fieldpieces might defend it without any risque to themselves, and arrest the progress of the whole army."[20)] Dáár eindig dié steil berg se voet net n paar tree van die strand en was die engte tussen

19) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Elphinstone-Dundas, 18 Aug. 1795, pp. 114-115; Percival, R.: An Account of the Cape of Good Hope containing an historical view of its original settlement by the Dutch, and its capture by the British in 1795, Londen, 1804, p. 68.

20) Ibid., pp. 63-64.

berg en see die enigste plek waar troepe van Simonstad na Kaapstad kon deurmarsjeer. By Muizenberg self is die pas vir 'n afstand van ongeveer 'n halfmyl vanaf die eerste tot die laaste voetheuwels baie nou. Daarvandaan loop dit skielik uit op 'n groot sandvlakte, die Kaapse Vlakte, en buig die Steenberge na links weg. In hiérdie uitgestrekte sandvlakte, naby die einde van die berg, is 'n moerasagtige vlei met vlak water - Sandvlei. In die vlei vloei daar 'n stroompie van die berg se kant af wat alleen loop as dit gereën het. Dit eindig aan die noordekant daarin.

Die aanval van die Britte op 7 Augustus het die burgers in Muizenbergkamp blykbaar soos 'n donderslag getref. Volgens Marnitz is daar die vorige aand nog 'n braspartytjie deur lt.-kol. De Lille gehou, waarby meeste van die burgeroffisiere teenwoordig was. Kommandant Delport van Swellendam, wat ook by was, het met enige Swellendammers later die aand op 'n sogenaamde „avontuur" vertrek om die Engelse uit die baai te gaan verjaag. Volgens dieselfde segsman het De Lille dieselfde nag om twaalfuur 'n blinde alarm laat maak, maar kon, weens die hoeveelheid drank wat hy verorber het, nie op sy voete staan nie.[21)]

Die Kommissaris self was nog steeds vas oortuig dat die Engelse skepe nie naby genoeg aan die kant sou kon kom om Muizenbergkamp onder vuur te plaas nie. Tot sy verdediging moet hieraan toegevoeg word, dat Britse bevelhebbers self nie groot vertroue in só 'n moontlikheid gehad het nie.[22)] Toe Sluysken op 2 Augustus by Muizenberg aankom, om persoonlik toesig oor die plasing van die veldstukke te hou, het hy Marnitz besig gevind om 'n paalversperring op te stel. Hy het hom toegevoeg dat dit onnodige werk is en onwaar was dat 'n skip naby genoeg kon kom om hulle met sy kanonne te bestryk. Intussen het hy 'n battery in Kaapstad by Galgenberg, vanwaar daar geen aanval in hierdie stadium te wagte was nie, laat oprig en die ingenieur, Thibault, daarmee belas.[23)]

Lt.-kol. De Lille, die bevelvoerder te Muizenberg, het die aannadering van die Britse magte soos volg beskryf: Om halfeen die middag van 7 Augustus het die burger, Daniël Rood, hom in kennis gestel dat een van die skepe

---

21) V.C. 75 : Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, pp. 121-122.
22) Perrin, W.G.: The Keith Papers, Dl. I, Elphinstone-Craig, 26 Julie 1795, p. 336.
23) Neethling, C.L.: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, pp. 137-140.

in Valsbaai sy seile los gehad het en dit gelyk het asof hy die baai sou uitseil en later daarby gevoeg dat drie van die skepe hulle boeë in die rigting van Muizenberg gekeer het. Toe hyself gewaar dat dit so is, het hy die alarm laat maak deur die bloedvlag te hys. Hy was veral daaroor besorg dat die geskut in vyandelike hande sou val en dus osse voor die kanonne en waens laat span, asook die nodige seine laat maak.[24)]

De Lille was egter nie ewe besorg oor die tente nie, want Kibourgh beweer dat toe hy die tente tydens die nadering van die Engelse wou laat afbreek, die kommandant hom nie wou toelaat om dit te doen nie, omdat dit die indruk sou wek dat hulle bang is. Toe die Engelse naby kom, het hy wel opdrag gegee dat dit gedoen moet word, maar toe was dit reeds te laat.[25)] Campagne was van mening dat, hoewel De Lille tyd gehad het om dit te verwyder, hy nagelaat het om dit te doen. Daarna moes die burgers vir hulle by Sandvlei self hutte uit bossies en strooi vervaardig. Hy was eweseer van mening dat De Lille nagelaat het om die voedselvoorraad wat by Wynberg was te vernietig en toegelaat het dat dit in Britse hande val. In die skure te Kaapstad was daar 'n jaar se voorraad wyn en graan en volop voedsel is na die Muizenbergkamp gestuur. Daar was onder andere 'n maand se reserwe wyn en brandewyn.[26)]

Voor die Britse aanval het die burgerruitery in Muizenbergkamp, uit die kompanies wat daar was, 'n vrywilligerskorps onder J.G. Cloete gevorm om die Engelse in die berge tussen Kalkbaai en Muizenberg aan te val. Omtrent eenuur die middag van 7 Augustus het 'n honderd burgerruiters van die Kaap af aangekom om sommige van dié wat daar was af te los. Die burgerruiters wat in daardie stadium in die kamp was, het voor die kamp vergader om bevele van De Lille te ontvang, maar tevergeefs daarop gewag.[27)]

Die artilleriste het op hulle beurt getuig dat by die aanmars van die Engelse lt. Christiaan Kemper toestemming gevra het om die kanonne te beman en dit toegestaan is. Lt. Ley is ook aangesê om die vuur onder die rooster aan te steek en die koeëls te laat gloei. Die handvatsel van die blaasbalk het ongelukkig gebreek, maar die kanonniers het voort-

---

24) C.J. 652 : Criminele Procedures, pp. 8-9.
25) Ibid., p. 17.
26) V.C. 76 : Campagne, H.D.: <u>Memorie en Byzonderheden</u>, p.70; Theal, G.M.: History of South Africa, Dl. III, p. 329.
27) C.J.652 : Criminele Procedures, p. 45; Neethling, C.L.: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, pp. 48-49.

gegaan om dit met die hand te beweeg asof die toestel niks makeer nie. Kemper het ook al die batterye geïnspekteer en gevind dat alles in die haak was, met uitsondering van die twee kanonne van vier-en-twintig pond wat slegs op twee los planke gestaan het. Hierdie planke is by die battery teen die berg gebruik, maar is deur lt. Eckhard, op aanwysing van lt. Kemper, onder die kanonne geplaas.[28)]

Nadat die Engelse oorlogskepe by Kalkbaai verbygekom en die verdedigers daar die volle laag gegee het, het De Lille die artilleriste hier, by die voorste kanon en houwitser,opdrag gegee om te retireer. Toe die afdeling gedwing word om vanuit Kalkbaai terug te val, het hulle die twee stukke van agt pond agtergelaat en is dit deur die vyand buitgemaak. Weens die gebrek aan trekvee moes ook 'n houwitser, 'n kanon van vier pond en een van ses pond agtergelaat en geklink word.[29)]

Toe De Lille, volgens sy eie verklaring, begin voel dat die vyandelike vuur vir hom te kwaai word, gee hy opdrag dat sy manskappe tot agter die Kompanjiesstal moet terugval. Hy het ook beweer dat aangesien hy ontbloot was van die ruitery selfs hierdie posisie vir hom onuithoudbaar geword het en hy sy terugtog langs die opstal van L.F. Cloete en vervolgens langs die Sandvlei voortgesit het.[30)] Toe Kemper gewaar dat al die vervoerbare geskut by die slagboom verby is, het hy en enige van sy manskappe hulle by die twee vier-en-twintigponder-kanonne gevoeg en volgehou om op die Engelse skepe te vuur so lank as wat die twee planke, wat as beddings gedien het, dit toegelaat het. Marnitz vertel dat hierdie twee geskutstukke by gebrek aan vaste bedding so diep in die grond ingesak het dat hulle, nadat hulle die Britse skepe se vuur vir ongeveer 'n uur-en-'n-half beantwoord het, nie in staat was om voort te gaan nie. Een van die artilleriste, F. Meyer, meen dat hulle in hierdie tyd omtrent 16 tot 18 skote gevuur het. Hierna het hulle teruggeval en die kanonne geklink.[31)] Die Engelse het die naels uit die kruitgaatjies geboor en die geskut later weer gebruik.[32)] Marnitz spreek ook sy verwondering daaroor uit dat nie

---

28) C.J. 652 : Criminele Procedures, pp. 25-27 en 262.
29) Ibid.
30) Ibid., pp. 10-11.
31) Ibid., pp. 25-27; V.C. 75 : Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 132.
32) Perrin, W.G.: The Keith Papers, Dl. I, pp. 221-222.

meer artilleriste deur die Britse skeepsvuur gedood is nie, aangesien hulle sonder borswering aan die hewige vuur van die vyandelike skepe blootgestel was. Baie van die Engelse koeëls het hoog teen die berg vasgeslaan, moontlik om die pandoere daaruit te dryf.[33]

Genl.-maj. Craig, wat die Engelse aanmars gelei het, beskryf ook die powere verdediging van Muizenberg. Volgens hom was die pos van voor baie sterk verdedig, en, aangesien hy nie oor 'n enkele kanon beskik het nie, moes hy sy vertroue op die steun van die skeepskanonne plaas om met die verdediging af te reken. Voordat sy manskappe egter die kamp bereik het, het die Kapenaars reeds, vanweë die vuur van die skeepskanonne, op die vlug geslaan.[34] Percival was verstom oor die geringe gevegsdrif van die Kaapse magte en verklaar: "The Dutch on our approach neither behaved with courage or prudence, nor took a proper advantage of their strong positions ... and with a degree of folly scarcely to be accounted for ... abandoned the important place which they should have defended to the last extremity."[35] Elphinstone berig aan Dundas dat Craig die kamp om vieruur na 'n aanmars oor swaar, sanderige grond bereik het, maar dat hy hom nie kon bystaan nie aangesien niemand van die skip of kanonboot dit aan land kon waag nie.[36]

Die Kommissaris het verklaar dat toe hy deur middel van seine langs die berge van die aanval op Muizenberg in kennis gestel is, hy dadelik die middag om drie-uur die vyf kompanies burgerruiters wat hulle aan die Kaap bevind het, ter ondersteuning na Muizenberg afgestuur het. Ook die verdediging van Tafelbaai is in gereedheid gebring deurdat die batterye op die linkervleuel van die baai soveel moontlik deur die garnisoen beset is en die burgerinfanterie en afgeskrewene van gasie in die Linie, Fort de Knokke en die ander redoute dáár geplaas is. Soldate, wat sommige alreeds vir 48 uur hier moes waghou, is dus deur die burgers vervang en kon na die Kaap teruggetrek word.

In hierdie omstandighede het die Kommissaris gebeure afgewag, totdat hy die aand om sesuur die droewige tyding ontvang het dat Muizenberg oor-

---

33) V.C. 75 : Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 140.
34) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Craig-Dundas, 21 Sept. 1795, pp. 149-150.
35) Percival, R.: An Account of the Cape of Good Hope, p. 66.
36) Perrin, W.G.: The Keith Papers, Dl. I, Elphinstone-Dundas, 18 Aug. 1795, p. 352.

meester is. Hierop besluit hy om dadelik sy lyfwag, kapt. Johannes Zorn, met 'n skriftelike opdrag aan De Lille af te stuur, "Om zig tot de laatste te verdedigen en den Engelschen de grond voet voor voet te betwisten." Tien ruiters is onmiddellik tussen die Kaapstadse Linie en Muizenberg geplaas ten einde die Kommissaris in staat te stel om van tyd tot tyd spoediger en noukeuriger inligting van die gebeurtelikhede aan die front te bekom. 'n Voorpos van die ruitery, mitsgaders 'n kompanjie burger-infanteriste, is ook by Rapenberg en Roode Bloem opgestel.[37)]

Nadat hy sy manskappe by hulle aankoms aldaar gemonster het, het De Lille vir 'n tyd lank in die Sandvlei halt geroep. Hy het nou ook opgemerk dat, volgens skatting, ongeveer 500 Engelse aan die oorkant van die vallei na die kant van die Steenberge gemarsjeer het. Dit het by hom die vrees gewek dat die vyand in die heuwels kon skuil en onder dekking van die duisternis sy geskut kon buitmaak. Ontbloot van alle bystand [sic] omdat die ruitery versprei was, het hy dit sy eerste plig beskou om die geskut te bewaar en gevolglik tot by Lochner se plaas aan die Dieprivier teruggeval om daar aan die vyand in 'n geskikte posisie teenstand te kan bied.[38)] Kapt. Johan Ulrich Kibourgh was getuie van De Lille se terugtog, want hy het hom in die vallei gevind en die kommandant het van hom verneem wat hy dink hulle te doen staan. Kibourgh se antwoord was dat hulle 'n geskikte posisie in die vallei moes uitsoek om die vyand te belet om daardeur voort te ruk. Laasgenoemde het ook gemerk dat die artillerie sowel as kanon- en ammunisiewaens almal daar was. Kort daarop het hy trommelslae gehoor en gesien dat die troepe hulle weer op die mars begeef. Een van die kanonne is deur die artilleriste en soldate getrek.[39)]

Kapt. Warneck met 'n kompanjie infanterie of Jägers, ongeveer 50 man sterk, het hy saam met vaandrig Ferdinand Hendrik Schultz by Muizenberg bly poshou totdat die artilleriste daarin geslaag het om hulle kanonne te klink. Toe hulle egter verneem dat die Engelse besig is om oor die berge hulle aanmars voort te sit, het hulle met die veldstukke oor die Keisersmond na die oostekant van die vallei gemarsjeer om die Engelse sodoende te verhoed om hulle terugtog af te sny.[40)]

---

37) V.C. 65 : Brieven en Bylagen, pp. 51-52.
38) C.J. 652 : Criminele Procedures, pp. 10-11.
39) Ibid., pp. 17-18.
40) Ibid., p. 16.

Die ongeregverdigde en oorhaastige terugtog van De Lille het groot onsteltenis onder die burgers veroorsaak. Die burgerruiters, het in twee afdelings van Muizenberg af teruggeval: die een langs die Steenberge en die ander deur die Sandvlei. Die pandoere is terselfdertyd op en langs die Steenberge verstrooi. Volgens Marnitz het die Engelse nadat hulle hul landsvlag in Muizenberg onder luide hoera's gehys het, al langs die Steenberge getrek om die Kaapse magte te agtervolg. Enige burgers wat hulle hier bevind het, het, sonder aanvoering of bevel, hulle vuur beantwoord.[41)]

Lt. Marnitz self het ŉ ent langs die Steenberge teruggeval en probeer om aan Sandvlei se kant van die vallei te kom. Toe hy gewaar dat Cornelissen en Ley met twee vierponderkanonne retireer, het hy hulle beveel om die kanonne om te keer en op die vyand te vuur. In die uitvoering van hierdie bevel het hulle vir kapt. Warneck en ŉ gedeelte van die infanterie teengekom. Warneck het aan Marnitz gesê dat hulle opdrag gehad het om hulle by die Nasionale Bataljon te voeg en dus ook tot by die plaas van Lochner teruggeval.[42)]

Die meerderheid van die artilleriste, w.o. Marnitz, Ley en Cornelissen, het langs die Steenberge teruggeval, terwyl lte. Kemper, Frederici en Meyer langs die Sandvlei getrek het. So lank as wat dit lig gebly het, het laasgenoemde groep die vyand aan die Steenberg beskiet. Aangesien hulle van alle dekking ontbloot was en nie geweet het waar die hoof artillerietrein hom bevind nie, kon hulle die kanon nie verder sleep nie en het dit in die sand begrawe. Tot in dáárdie stadium het hulle dit met behulp van die onderoffisiere en manskappe self getrek.[43)] Craig beweer dat nadat die Kaapse magte uit Muizenberg verdryf is, hulle ŉ voordelige rotsrif ŉ entjie van die kamp af bestyg het. ŉ Vooruitgeskowe mag onder majoor Moneypenny van die 78ste Regiment, ondersteun deur die bataljon van daardie regiment, het hulle aangeval en daaruit gedryf, hoewel die Kapenaars deur geskut aan die oorkant van die Sandvlei gedek is. Die geskut waarna hy verwys, was lt. Kemper wat met een veldstuk agtergebly en op die vyand gevuur het. Daardeur is die Engelse gedwing om na Muizenberg terug te val. Volgens Craig was ŉ belangrike kenmerk van hierdie aksie die

---

41) V.C. 75 : Marnitz, P.W.: <u>Verhaal van de Overgaave</u>, pp. 131-135.
42) <u>Ibid</u>., p. 136; C.J. 652: Criminele Procedures, pp. 28-31.
43) <u>Ibid</u>., p. 28.

wyse waarop die Ligte Kompanjie onder kapt. Campbell hulle onderskei het. Kapt. Scott was die enigste Brit wat gedurende die skermutseling gewond is.[44] Die ongevalle onder die Kapenaars was ook nie groot nie: Marnitz teken aan dat een van die kanonniers sy regterarm verloor het en een pandoer gewond is. Een soldaat het langs die Steenberge vyf koeëls in die been gekry en een burgerruiter se hand is afgeskiet.[45]

Die sogenaamde "slag" van Muizenberg was dus uiters kortstondig en het tot gevolg gehad dat die Engelse hulle, feitlik sonder slag of stoot, in besit van die sleutel tot die binneland kon stel en dus 'n brughoof skep waarvandaan hulle 'n aanval op die Kaap kon loods.

Die meeste van die infanteriste en artilleriste het die nag van 7 Augustus en die oggend van 8 Augustus by die plaas van Lochner te Dieprivier aangekom. Hier tref kapt. Zorn vir De Lille en sy manskappe aan en dra aan hulle Sluysken se bevel oor. Nog dieselfde nag vertrek Zorn weer na Kaapstad om aan die Kommissaris berig te bring van die toestand soos hy dit daar aangetref het. Hy vertel aan Sluysken dat hy De Lille en sy korps by Lochner se huis, byna twee uur (die afstand te perd) van Wynberg af gevind het, waarheen hulle teruggeval het, sonder om te weet wat van die ruitery geword het en waar hulle hul steeds bevind. Hierdie berig laat Sluysken besluit om self in die vroeë môre-ure van 8 Augustus na Muizenberg te gaan.[46]

Sluysken verklaar dat nòg hy nòg iemand anders in staat was om die verwarring en wanorde waarin die burgers en militêre hulle bevind het, te beskryf. De Lille se korps het na ontvangs van sy orders weer tot byna aan die Keisersmond voortgeruk, maar hy het hulle omtrent 'n halfuur daarvandaan gevind, tot waar hulle met hulle geskut terugmarsjeer het, sonder dat hulle die vyand afgewag of 'n skoot geskiet het.

Volgens die Kommissaris was die burgerruitery in groepies van 10 tot 12 oor die hele vlakte versprei - party mét en ander sonder offisiere. Hulle was deur vrees voortgedryf sonder dat die moontlikheid bestaan het om hulle in 'n gereëlde korps, wat die vyand kon stuit, saam te trek. Deur die hele leër het die gerug ook die rondte gedoen dat die Engelse in

---

44) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Craig-Dundas, 21 Sept. 1795, p. 150.
45) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 139.
46) V.C. 65: Brieven en Bylagen, p. 53.

drie kolonne - 1,500 man sterk - met twee geskutstukke, besig was om aan te marsjeer. Sy inligting aangaande die toestand aan die front het Sluysken van Gordon, De Lille en Zorn, wat hy afgestuur het om te verken, sowel as van 'n hele aantal burgeroffisiere ontvang.[47]

Sluysken het dit as sy vernaamste plig geag om te sorg dat die Nasionale Bataljon, tesaam met die geskut, nie omsingel en oormeester word en ten gevolge daarvan die verdediging van die Kaap onmoontlik word nie. Hy gee dus opdrag aan die troepe om na Wynberg agter die Dieprivier terug te val. Hierdie terrein was, volgens hom, gedurende die vorige oorlog deur kundige offisiere as die beste plek vir die verdediging tussen die Kaap en Muizenberg uitgekies en was op die kaart as "Die Kamp" aangedui.[48]

---

47) Ibid., pp. 53-54.
48) Ibid., p. 55.




xx Campement der Bataafse Armen tot op het moment, dat twe Engelse Fregatten voor het Strand van Muysenburg ten Anker quamen En deselve geweldig Beschooten als ook het Terryn voor de Muysenburg: Waarop dadelyk de attaque op desen Post gedaan en ingenomen werd.

## HOOFSTUK VII

### DIE SKERMUTSELING BY SANDVLEI EN DIE TERUGTOG NA WYNBERG

Die burgers se beskuldigings van lafhartigheid en Sluysken se brief het De Lille, volgens Marnitz se bewering, só in sy eer gekrenk dat hy nog dieselfde nag van Lochner se plaas na Sandvlei wou terugmarsjeer. De Lille sê self dat hy die aanmars dadelik wou hervat, maar dat die offisiere geoordeel het dat hy dit moet uitstel totdat sy troepe uitgerus was.[1)]

Die nag om twee-uur het die artilleriebataljon en pandoere na Sandvlei terugmarsjeer. Neethling vertel dat die burgerruiters die oggend vroeg met mekaar ooreengekom het dat hulle hul magte só sou verdeel dat die Kaapse ruitery en ŉ gedeelte van die Swellendammers, tesaam met die grootste gedeelte van die artillerie, garnisoentroepe en pandoere aan die oostekant van die Keisersmond sou bly. Die Stellenbossers, met die orige gedeelte van die Swellendammers, sou die vallei oorsteek en met 50 man infanterie en twee veldstukke langs die Steenberge posvat. Die ruiters het van die lede van die Nasionale Bataljon, wat hulle vrywillig by die burgers aangesluit het, agterop hulle perde gelaai.[2)] Marnitz voeg hierby dat die orige ruiterykompanies reeds van die Kaap aangekom het en teen dagbreek tot feitlik by die Keisersmond voortmarsjeer het, terwyl die afdeling wat die Keisersmond oorgesteek het, om die vyand wat daar deurbreek, terug te dryf, onder bevel van kapt. Kibourgh gestaan het.[3)]

Ook Campagne beskryf die terugkeer na Muizenberg en beweer dat De Lille die burgerruiters ŉ paar uur nader aan die vyand ontmoet het en met hulle verenig is. Die kommandant het hierna die Nasionale Bataljon en die burgerruiters in ŉ behoorlike slagorde opgestel. De Lille met die manskappe van die Nasionale Bataljon was in die middel en die burgerruitery, wat in hierdie stadium uit meer as ŉ duisend man bestaan het, het die vleuels beskerm. Die geskut is voor hulle geplaas om die nodige dekking te verskaf.[4)]

---

1) C.J. 652: Criminele Procedures, pp. 10-11; V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 140.
2) Neethling, C.L.: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, p. 50.
3) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 143.
4) V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, pp. 52-53.

Die oggend van 8 Augustus het die Engelse hulle aanmars vanaf Muizenberg voortgesit. Volgens Craig se weergawe was dit die Kapenaars wat vanaf Dieprivier teruggekeer het, wat húlle eerste aangeval en uit hulle stellings probeer uitdryf het. Die piekeniers, onder bevel van lt. Coffin van die Rattlesnake, het egter die geskutstukke, wat die Kapenaars die vorige dag geklink agtergelaat en wat die Britte weer herstel het, gebruik om die nodige dekkingsvuur te verskaf. Craig vertel dat hulle te goed in hulle stellings ingegraaf was om deur die vyand verdryf te word en dat die Kapenaars na 'n skermutseling, wat met geringe verlies aan die kant van die Britte gepaard gegaan het, van hulle pogings afgesien en teruggeval het. Craig maak besondere melding van die Eerste Bataljon seemanne wat deur kapt. Hardy van die Echo aangevoer is. Ook die mariniers onder maj. Hill het dieselfde goeie gevegsdrif onder die omstandighede getoon.5)

Die Britte het met groot struikelblokke te kampe gehad in hulle poging om die vallei oor te steek. Die regte pad was vir hulle onbekend en hulle het met groot moeite deur die water en dryfsand gesukkel. Plek-plek het die water tot onder hulle arms gereik. Omdat hulle nie oor die nodige trekvee beskik het nie, kon hulle nie die geskutstukke saamvoer wat die Kapenaars by Muizenberg agtergelaat het nie. Die geskutstukke is slegs aan die westekant van die vallei opgestel om hulle terugtog te dek.6)

Campagne meen dat die Kapenaars talryker en in 'n beter posisie opgestel was as die Britse magte by Sandvlei. Hulle was ook van geskut voorsien, en moes dus in staat gewees het om die Engelse hier te stuit. Die Britte het egter, met ter syde stelling van alle gevaar, genader en De Lille het, op sy beurt, hulle oortog onverskillig aangesien en hulle ongehinderd die vallei laat deurgaan. Indien hy teenstand wóú bied, sou hy die Britte in hulle aantog kon afmaai. Hy het slegs asof in verbasing uitgeroep: "... Jongens! zij hebben geschut bij zich! en ging onmiddellijk op de loop. Niets konde hun weerhouden, hoezeer hem den Capitein Pieter de Waal en andere poogden te beduiden dat de Engelschen

---

5) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Craig-Dundas, 21 Sept., 1795, p. 150.
6) V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, p. 54.

geen geschut by zich hadden, en toch deeze schoone geleegenheid niet moeten laaten voorbij gaan, dan hij wilde tot niets verstaan."[7]

Ook Marnitz bevestig dat toe De Lille die Engelse deur die vallei sien aanmarsjeer, laasgenoemde gesê het: "menschen retireerd, zij hebben veldstukken bij haar". Hyself was egter oortuig dat die Engelse geen kanon by hulle gehad het nie. Voorts was hy van mening dat as die artillerie en infanterie langs die vallei opgeruk en getrag het om die Britte in die rug aan te tas - wat blykbaar die oogmerk van ŉ hele aantal burgers was, hulle die vyandelike afdeling, bestaande uit 400 tot 500 seeliede, van Muizenberg kon afgesny en gevange geneem het. Die vyand sou dan by sy terugtog in die vuur van die artillerie en ruitery vasgeloop het. Die burgers het onmiddellik die skuld vir die gebrek aan aksie op De Lille geplaas omdat hy met die artillerie en infanterie teruggeval het, terwyl die ruitery die vyand wou omvleuel.[8]

Neethling is dit ook eens dat De Lille, sonder om ŉ skoot te vuur, sy posisie by Sandvlei prysgegee het. Hy beweer dat Gordon en De Lille die vyand op ŉ afstand bespied en die mening uitgespreek het dat die Kaapse magte nie teen hulle kon standhou nie omdat die Britte meerderwaardig in getalsterkte en artillerie was. Gordon het onverwyld na die Kaap teruggekeer, terwyl De Lille die burgerruitery verlaat en met sy afdeling teruggeval het.[9] Ten gevolge hiervan was, "in een woord wanorde en misnoegen ... algemeen".[10] Neethling wys ook daarop dat in gedagte gehou moet word dat ons hier met ŉ aantal ongeoefende burgers te doen gehad het, wat nog nooit aan behoorlik beplande militêre operasies deelgeneem het nie en weinig ervaring van die krygskunde gehad het. In ŉ kritieke stadium is hulle deur hulle aanvoerder in die steek gelaat wat aan hulle moes voorskryf hoe om teen die vyand op te tree. Volgens hom, het slegs ŉ derde van die ruitery saam met De Lille teruggeval, terwyl twee derdes hulle posisie teen die berge bly behou het. Hy betwis Sluysken se bewering dat toe hy die oggend van 8 Augustus by Sandvlei kom, hy die burgerruitery in onordelike groepies in die duine versprei

---

7) Ibid., pp. 53-54.
8) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 145.
9) Neethling, C.L.: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, pp.52-56.
10) V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, p. 55.

gevind het, want, volgens hom, was elke burger by sy kompanjie.[11] Campagne onderskryf nie hierdie bewering nie, want hyself het die burgerruiters in 'n toestand van onbeskryflike verwarring in die duine en vlaktes uitmekaargespat gevind. Hulle was bitterlik ontevrede met De Lille, wat na hulle mening vir die toestand verantwoordelik was. Sluysken wat hom teëgekom het, het ook 'n mondelinge bevel aan die aanvoerder van die burgerruitery gegee om met sy manskappe so lank as moontlik daar te probeer poshou en indien hulle genoodsaak word om te wyk, moes hulle hul by die militêre te Wynberghoogte voeg. Gordon het hierby gevoeg dat hy nie voornemens was om die troepe tot by die Kaap te laat terugval nie.[12]

Neethling is dit ook nie met Sluysken se bewering eens dat die infanterie en artillerie gevaar geloop het om van die hoofplaas afgesny te word nie. Hy meen dat die terrein hom nie daartoe geleen het nie en Kibourgh en sy manskappe die vyand sou kon verhoed om langs die berg te vorder.[13]

De Lille self verklaar dat terwyl hy hom die oggend van 8 Augustus by Sandvlei bevind het, hy iemand hoor uitroep het dat daar 'n duisend Engelse in aanmars was en dat hulle veldstukke by hulle gehad het. Hy het geen verkyker by hom gehad nie en aangesien hy bysiende was, het hy op 'n koppie kort agter hom geklim om die beweging van die vyand te bespied. Hy het die aanmars van die marsjerende troepe waargeneem, sonder om te kan bepaal hoeveel daar is. Aangesien hy geen bystand van die burgerruitery op sy linkerflank gekry het nie, het hy besluit om na 'n hoogte agter hom terug te val. Sluysken en Gordon het hom dáár op die heuwel gevind met sy manskappe in slagorde daaragter opgestel. Gordon het by daardie geleentheid nie die gerug, dat daar 'n duisend man in aantog was, weerspreek nie en ook geen ander opmerking aangaande sy disposisie gemaak as dat hy 'n baie moerasagtige stuk land agter hom het, wat sy terugtog kon verhinder nie. Toe hy hierop antwoord dat hy van geen beter terrein as Wynberg weet om heen terug te val nie, het Sluysken en Gordon met die plan ingestem. In ooreenstemming hiermee het hy

---

11) Neethling, C.L.: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, pp.52-53.
12) V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, pp. 50-51.
13) Neethling, C.L.: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, p. 55.

tot aan die Wynberghoogte geretireer. Sy verskoning vir hierdie optrede was dat indien hy net 'n enkele kompanjie ruitery tot sy beskikking gehad het hy iets sou onderneem het, maar hy het geen bystand ter wêreld van hulle ondervind nie en ook nie geweet waar hulle hul in daardie stadium bevind nie. Hy het afgelei dat daar na die weste slegs 'n ligte skermutseling tussen die burgers en die Engelse plaasvind, want hy kon slegs hier en daar 'n skoot in die berge hoor.14)

In sy Verbaal beweer Sluysken dat die Engelse hulle aanmars in twee kolonne onderneem het: die een bestaande uit mariniers wat deur die Sandvlei en die ander uit gereëlde troepe wat langs die Steenberge beweeg het. Hulle oogmerk was om die Kapenaars met 'n knyptangbeweging vanaf twee flanke aan te val. By die Steenberge is hulle egter deur 50 man infanterie onder kapt. Kibourgh en 'n gedeelte van die ruitery gestuit. Die Kommissaris beskryf ook die optrede van Jan Cloete en sy 150 pandoere as baie dapper en sê dat hulle die vyand met die verlies van vele gewondes en sommige dooies, waaronder een offisier, teruggedwing het. Van die mariniers, wat deur die Sandvlei getrek het, is daar vyf gedood en gewond. Die verlies van die Kapenaars se kant, was vyf tot ses pandoere wat doodgeskiet en gewond is.15)

Gedurende die Engelse se aanmars na Sandvlei was daar ook enige burgers wat, soos die pandoere, voorwaarts geruk het en deur die vyand opgemerk is. Só onveilig het die Britte hulle posisie geag dat hulle gemeen het dit is 'n maneuver om hulle van Muizenberg af te sny en in te sluit. Hulle het dientengevolge teruggeval en hulle terugtog met vuur vanaf die oorkant van die vallei gedek. Hierdie terugtog het blykbaar in 'n groot haas geskied en baie Britse soldate het summier van hulle bagasie ontslae geraak. Hulle is deur die burgerruitery en pandoere onder Linde agtervolg, wat hulle op hulle beurt uiteindelik in die geskutvuur van die Engelse vasgeloop het.16)

Om die Engelse te verhoed om hulle opmars langs die Steenberg voort

---

14) M.57(b): Beskuldigings teen en Verdediging van De Lille, 1795, vraag 61. K.A.
15) V.C. 65: <u>Brieven en Bylagen</u>, pp. 55-56.
16) V.C. 76: Campagne, H.D.: <u>Memorie en Byzonderheden</u>, pp. 55-60; V.C. 75: Marnitz, P.W.: <u>Verhaal van de Overgaave</u>, p. 144; Neethling, C.L.: <u>Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken</u>, pp. 57-59.

te sit, dra Sluysken dit, in hierdie stadium, aan kapt. Kibourgh met sy afdeling van 50 man infanterie en 36 artilleriste met twee veldstukke sowel as die burgerruitery-afdelings van Myburgh en Cloete op om by die plaas van burger Rossouw pos te neem.[17)]

Die afdeling aan die Steenberg het aan Sluysken se opdrag gevolg gegee en na Rossouw se plaas teruggetrek. Die aand het 'n aantal burgerruiters,wat gevrees het dat hulle deur die Engelse oorval sou word, ondanks die voorstelle van lt. Marnitz en kapt. Kibourgh om die Engelse aan te val, weggery. Die grootste gedeelte van die infanterie en artillerie was dus genoodsaak om te volg en het dié nag tot by Bergvliet en uiteindelik Wynberg teruggeval.[18)]

Die aand van 8 Augustus het Sluysken na Kaapstad teruggekeer, alwaar hy die gemoedere in groot beroering gevind het. Die verowering van Muizenberg het 'n geweldige sensasie veroorsaak en die terugtog is deur die burgery aan 'n gebrek aan moed en selfs aan verraad toegeskryf. Die gemoedere is nog verder verontrus deur die briewe van veldwagmeesters omtrent 'n Hottentot-opstand in die binneland en die koms van Almoro Pisani met 'n aantal ontevrede burgers na Kaapstad.[19)]

Op versoek van 'n gedeelte van die burgerruitery, wat niks met De Lille te doen wou hê nie, het kapt. Kibourgh en lt. Marnitz op die oggend van 9 Augustus met 50 vrywilligers van die infanterie en twee veldstukke, sonder verlof van die Kaapse owerheid, na Sandvlei opgeruk.[20)]

In die kamp te Wynberg het baie van die soldate verklaar dat hulle nie langer onder bevel van lt.-kol. De Lille wou dien nie, "die hen met schanden overlaaden, noch begeerden te deelen in zijn lafhartig- en trouwloosheid, maar dat zij bereid waaren den vaderland zelfs ten koste van hun bloed te dienen". Hulle het hul dus onder kapt. Kibourgh gestel om saam met die burgers die Engelse uit Muizenberg te probeer verdryf. De Lille het dit nie gewaag om hulle te belet nie. Die middag het die soldate onder luide gejuig in twintig- en dertigtalle by die vallei aangekom.[21)]

---

17) V.C. 65: <u>Brieven en Bylagen</u>, p. 56.
18) V.C. 75: Marnitz, P.W.: <u>Verhaal van de Overgaave</u>, p. 419.
19) V.C. 65: <u>Brieven en Bylagen</u>, p. 57.
20) V.C. 75: Marnitz, P.W.: <u>Verhaal van de Overgaave</u>, p. 150.
21) V.C. 76: Campagne, H.D.: <u>Memorie en Byzonderheden</u>, p. 58.

Die hele liggaam van die burgerruitery het inmiddels die oggend van 9 Augustus aan die oostekant van die vallei, by die plek vanwaar hulle die vorige dag geretireer het, versamel en hulle nou vasbeslote getoon om die vyand aan te val, indien die Kaapse owerheid die nodige geskut aan hulle sou toestaan. Volgens Campagne het hulle hier 'n baie voordelige posisie ingeneem, "alwaar die natuur zelve een verschansing had opgeworpen", en van waar hulle in staat sou wees om die Engelse met grofgeskut te bestryk. Marnitz het verklaar dat sy geskut nie genoegsaam was nie aangesien hulle nie kanonne van 'n swaar kaliber of houwitsers gehad het nie en die bevelhebbers van die burgery aangeraai om die regering om vier twaalfponders en twee houwitsers, asook enige sogenaamde kattekoppe te versoek.[22] Indien die versoek toegestaan word, moes die pandoere en enige artilleriste met hierdie stukke vanaf die berge op die Engelse vuur.[23]

Die burgers reageer dadelik op Marnitz se versoek en stel 'n brief op waarin om die geskut gevra en ook bittere verwyte teen De Lille geslinger word. Hierdie stuk, wat deur die kapteins van die burgerruitery onderteken is, is egter sonder welslae afgestuur. Die Kommissaris was reeds self op weg om met hulle te kom praat. Hy verwerp egter die voorstelle van Kibourgh en Marnitz op baie despotiese wyse en haal hulle vol ergernis oor die kole. Die burgeroffisiere laat hy bymekaarroep en gee sy misnoeë oor hulle versoek te kenne. Hy motiveer sy weiering van die geskut deur te beweer dat dit onmoontlik was om Muizenberg te herneem. Volgens hom het die geskut van twee Britse fregatte en 'n opgewerpte battery in daardie stadium die vesting vir die Engelse gedek. Dit sou ook nie vir die burgerruitery, wat reeds agt-en-veertig uur, sonder voedsel en provisie vir hulle perde, in die saal was, moontlik wees om langer in die duine te bly nie. Hy beloof egter om die gedrag van De Lille te ondersoek.

Sluysken het sy eie veiligheidsmaatreëls getref deur 80 infanteriste en 36 artilleriste met drie veldstukke, benewens die pandoere, na die Steenberge af te stuur. 'n Afdeling ruitery is na Bergvliet versend en daar onder bevel van kapt. Johann Christiaan Frederich van Hügel geplaas, wat ook tot kommandant van die kamp aldaar aangestel is. Hy is op sy beurt deur kapt. van Kervel en dié weer deur kapt. Kibourgh afgelos. Ook

22) 'n Kattekop was 'n ligte tipe mortier.
23) V.C. 76: Campagne, H.D.: <u>Memorie en Byzonderheden</u>, pp. 57-59.

die kommando in Houtbaai is deur 30 pandoere en ŉ aantal burgerruiters versterk. Die burgerruiters wat nie vir een van bogenoemde doeleindes gebruik is nie, is na die Kaap teruggestuur.[24)]

Te midde van groot gemor van die militêre en die burgers, wat De Lille nog steeds as ŉ verraaier bestempel het, was hulle genoodsaak om na Wynberg terug te keer. Volgens ŉ bevel van die Kommissaris was een kompanie Swellendammers onder Daniël Du Plessis verplig om omtrent twee myl van Wynbergkamp pos te neem. Dit moes hulle doen ten spyte van die feit dat hulle geen behoorlike bedekking gehad het nie en onder die blote hemel moes bly. Later is aan hulle een tent gegee! Hier het hulle om die beurt tot aan die oorgawe van die Kaap aan die Britte bly poshou.[25)] Hierdie kompanjie, van ongeveer 100 man sterk, moes as voorpos dien en die Engelse fyn dophou, sodat, indien ŉ gewapende afdeling Engelse deur die vallei kom aanmarsjeer, hulle die kamp te Wynberg kon waarsku. Terselfdertyd is Kibourgh beveel om hom na sy vorige posisie aan die Steenberge, by die ruitery-afdeling van Myburgh en Cloete, te begeef en dit nie, behalwe in die geval van die hoogste nood, te verlaat nie.[26)]

Nadat hy De Lille deur maj. Buisinne as bevelvoerder van die kamp te Wynberg laat vervang het, het Sluysken die aand van 9 Augustus na Kaapstad teruggekeer. In die Kaap, soos te Wynberg, was die ontevredenheid algemeen en het die Kommissaris bewus geword van "eenige gevaarlike gisting in de gemoedere van veele burgers". Weer was die ontevredenheid veral teen De Lille gerig en sy skandelike terugtog vanaf Muizenberg. Die burgeroffisiere, Botha, Loubser, De Waal, van der Byl en Goosen het reeds in die veld ŉ briefie met potlood geskryf, waarin hulle De Lille as verraaier bestempel het, gekla het dat hy die oorsaak van al hulle rampspoed was en gevra het dat hy gearresteer en in die gevangenis geplaas moet word. Sluysken het aan hierdie versoek gevolg gegee en hom op 10 Oktober in die Kasteel in arres laat plaas.[27)]

Op 9 Augustus het die Engelse magte versterkings ontvang deurdat die

---

24) V.C. 65: Brieven en Bylagen, p. 58; V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, pp. 153-157.
25) V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, pp. 62-64.
26) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 58-59.
27) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 59-60; Theal, G.M.: History of South Africa, Dl. III, pp. 334-335.

Arniston, met 398 soldate in diens van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie, 9 stuks veldartillerie en 'n hoeveelheid ammunisie aan boord vanaf St. Helena in Simonsbaai aangekom het.[28] Die moontlikheid van 'n Britse aanslag op die Kaap het dus al groter geword.

Ook by die afdeling aan die Steenberge was daar moeilikheid en op 10 Oktober begeef Sluysken hom soontoe om die orde daar te herstel - veral onder die militêre korps wat hulle die vorige dag in die duine insubordinêr en woes teenoor hom gedra het. Hulle gebrek aan dissipline het hy aan hulle lang en intieme omgang met die burgers toegeskryf. Reëlings word nou ook met die burgeroffisiere getref oor die wyse waarop gereageer moet word indien die vyand daarlangs sou deurdring. Sluysken maak weer 'n draai by Wynbergkamp en stel vir kapt. van Baalen in die plek van maj. Buisinne, wat deur die soldate gehaat is en nie onder hom wou dien nie, aan. Dieselfde aand keer hy na die hoofplaas terug.[29]

Die oggend van 11 Augustus word 'n vergadering van die burgerkrygsraad in Kaapstad byeengeroep om die gedrag van De Lille te bespreek. 'n Brief van die Engelse bevelhebbers aan Sluysken gerig, en deur hom aan die krygsraad deurgestuur, word in behandeling geneem. In 'n meegaande brief verseker Sluysken hulle dat hy voornemens was om die kolonie tot die uiterste te verdedig, maar teen hierdie tyd het vele van die burgeroffisiere reeds sy verklaring in twyfel begin trek.[30]

Terwyl die burgerkrygsraad vergader het om 'n antwoord aan die Engelse op te stel, is die hele burgery: die ruitery van die buitedistrikte sowel as die Kaapse infanterie onder die wapen geroep ten einde die antwoord van die krygsraad aan hulle voor te lees. Nadat die vergadering afgeloop was, het die offisiere van die krygsraad die kompanies afsonderlik oor hulle antwoord ingelig. Hulle het terselfdertyd verneem of die burgers dit met hulle eens was in hulle besluit om die land tot die uiterste te verdedig en hulle tot stipte uitvoering van hulle plig vermaan. Die besluit van die krygsraad is met gejuig begroet en daarna is die

28) Ibid., p. 335.
29) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 71-72.
30) V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, pp. 71-72.

burgers weer uiteen.[31]

Dieselfde aand het die krygsraad, op aandrang van die Kommissaris, weer byeengekom. Hulle voorneme was om by daardie geleentheid 'n volledige memorandum ten opsigte van De Lille se onwaardige gedrag aan Sluysken te oorhandig en dit aan hom voor te dra, "dat de wondere zamenloop van zaaken ten opzichte der defensie hen zo zeer bekommerde, dat zij moesten verklaaren dat het hun toescheen dat men niet voor had de kolonie behoorlijk te defendeeren, dat de geheele taak der verdeediging op de schouders der burgeren rusten, en van de zijde der Regeering in plaatze van tot afbreuk des vijands meede te werken men voor voet ging - die tot heeden geene order tot offencie wilde geeven.[32]

Terwyl die krygsraad die aand vergader het, was die hele plein by die burgerwaghuis vol mense en het 'n opstand te enige tyd moontlik gelyk. Vergesel van sy sekretaris, Goetz, haas Sluysken hom na die vergadering en in 'n toespraak voor die offisiere, waartydens hy trane stort, "betuigde hij voor God en de vergadering dat zijne bedoelingen zuiver waaren en de vergaderzaal niet zoude verlaten ten zij hij het vertrouwen der leeden, t'welk hij billijk meende te verdienen herwonnen had". Hy gee ook te kenne dat hy enige oomblik 'n aanval oor land van Valsbaai en in Tafelbaai van die see se kant verwag en dat die oomblik aangebreek het dat alle burgers hulle "geboorteland en haartstede" moes verdedig. Onmiddellik na die sitting van die krygsraad het Sluysken alle offisiere met die rang van kaptein en laer hulle stemreg en reg van sitting in die krygsraad ontneem. Volgens hom was die maatreël bedoel om meer eenstemmigheid te verkry en om minder wanorde te hê. De Lille se saak gee hy aan die fiskaal oor om ondersoek te word.[33]

Op dieselfde dag, 11 Augustus, ontvang Sluysken 'n brief van Almoro Pisani vanaf Roodezand, waarin dié hom in naam van die Nasionale Vergadering versoek om dit binne vier-en-twintig uur te beantwoord. Pisani verklaar dat sy burgers bereid is om hulle laaste druppel bloed vir die saak van die kolonie te stort, maar, indien Sluysken nie bereid is om met hulle te onderhandel nie, sal hulle ander weë inslaan wat nie vir die Kommissaris

---

31) Ibid., pp. 72.73.
32) Ibid., p. 73.
33) Ibid., pp. 73-75.

aangenaam sal wees nie. Hierdie weerspannige gedrag van Pisani, wat die gemoedere aan die Kaap verder in beroering gebring het, aangesien dit die burgers aangespoor het om na hulle huise terug te keer en die kolonie weerloos te laat, het Sluysken laat besluit om 'n prysgeld van 'n duisend riksdaalders uit te loof vir enigeen wat Pisani lewend of dood na die Kaap bring.[34]

Die Britse bevelhebbers het nog nie alle hoop laat vaar om die Kapenaars tot vrywillige oorgawe te beweeg nie en op 12 Augustus ontvang die Kommissaris 'n brief van Elphinstone en Craig waarin hulle hom die hand van vriendskap en beskerming by herhaling reik. Die gunstige voorwaardes wat hulle aanbied, sou net geld indien die Kaap vrywillig onder hulle beskerming geplaas word. Hulle wys daarop dat die eerste besending voorrade en versterkings wat hulle verwag, reeds aangekom het en dat op grond van die jongste tyding uit Europa hulle die volgende kontingent, wat uit 3,000 man sou bestaan, enige oomblik verwag. Met hierdie bykomende mag sou hulle in elk geval in staat wees om die Kaapse owerheid te dwing om hulle wil uit te voer; hulle beskik alreeds oor die instruksies hoe om te reageer indien hulle gedwing word om die Kaap met geweld te neem. Wat hulle egter die meeste vrees, is dat die troepe onbeheerbaar sal word in hulle optrede teen die koloniste omdat hulle nie voorrade ontvang het, wat hulle voel hulle van 'n vriendskaplike volk toekom nie. Die Britse bevelhebbers spreek die mening uit dat dit nie in hulle vermoë sal wees om die kolonie van al die onheile te red indien die Kaapse owerheid of burgery op hulle ingeslane weg voortgaan nie.[35]

Sluysken het die brief van die Engelse bevelhebbers onder die aandag van die Politieke Raad gebring en dit aan die lede gestel dat, aangesien die militêre mag so swak was en tussen so baie poste verdeel, dit onmoontlik sou wees om die hoofplaas en die uitgestrekte baai met welslae teen die Engelse te verdedig sonder die welmenende en getroue bystand van die burgery. Hy was van mening dat in die buitengewone omstandighede die Raad aan die burgery en die burgerkrygsraad behoort kennis te gee van die inhoud van die geskrif en hulle besluit daarop geneem. Sluysken verklaar

34) V.C. 65: <u>Brieven en Bylagen</u>, p. 65.
35) C109: Resolutiën (Secrete), pp. 485-486.

ook voor die Politieke Raad dat sy eed van trou aan die vaderland hom daarvan weerhou het en altyd sal weerhou om die kolonie op enige vrywillige wyse aan die Engelse oor te gee en dat hy dit sal bly verdedig tot tyd en wyl hy deur die vyandelike oormag en weens onvermoë om verder weerstand te bied tot oorgawe gedwing word.[36] Die voormiddag van 16 Augustus is al die Kompanies van die burgerruitery en infanterie onder die wapen gebring en aan elkeen afsonderlik die geskrif van die Britte sowel as die besluit van die owerheid voorgelees en het die kapteins aan hom gerapporteer dat daar eenparig besluit is om die kolonie tot die uiterste te verdedig. Die burgerrade het nog dieselfde aand 'n resolusie aan hom oorhandig met die strekking: "Deese plaats en land tot den laatsten bloedsdroppel te willen defendeeren." Van hierdie besluit het die krygsraad aan die Kommissaris verslag gedoen.[37]

Vroeg die oggend van 18 Augustus het die luitenant van die Stellenbosse ruiters, Willem Wium, die antwoord van die Kaapse owerheid aan die Engelse admiraal vir kapt. van Hügel by die Steenberge oorgebring met die versoek om dit met 'n kartel van twee offisiere aan die Britse bevelhebbers te versend. Hierdie rapport het ook die antwoord van die burgers en burgeroffisiere ingesluit. Die Kaapse owerheid bevestig hierin dat hulle die Engelse by hulle aankoms as vriende en bondgenote ontvang en behandel het. Hulle het ook verklaar dat hulle die Britte se hulp teen 'n vyandige moondheid sou aanvaar indien dit nodig blyk te wees, maar sê egter: "Dit was onse eerste gedrag, dat eenparig geweest is, tot de Proclamatiën en opeising van deese Colonie, door Uwel Ed. klaar aan den dag heeft gelegd, dat Uwel. Ed. Instructiën geheele ander vues hadden, en waarschijnlijk niets minder als om dezelve voor de Engelsche natie of wel haare Compagnie in handen te hebben; ons af te scheuren van ons getrouwheid aan ons Moederland; ons met een land te verbinden en een Souverain die de onse niet is, en eene Maatschappije van denzelven Eigendom te deposedeeren." Die Kaapse owerheid beweer ook dat die argumente wat die Britte gebruik om hulle optrede te regverdig, grondeloos is. Daar was geen aanduiding dat die Franse Holland tot wingewes en onderworpe volk

---

36) Ibid., p. 483.
37) V.C.: Marnitz, P.W.: <u>Verhaal van de Overgaave</u>, p. 158.

verklaar het en die moederland sou ophou om as onafhanklike republiek te bestaan nie. Al sou dit die geval wees, "kan zulks zijne majesteit van Groot Brittaniën noch geen regt geeven, om de colonie onder zijn gehoorsaamheid te willen brengen, of ons wettigen om afstand te doen van Een volkplanting aan onse bestiering en bewaaring toevertrouwd." Die toekoms sal ook oordeel hoe openhartig die Engelse met hulle was deur inligting uit Indië en Europa van hulle te weerhou. Ten slotte verklaar hulle, "dat wij getrouw aan onzen eer en pligt vastelijk beslooten hebben, om de colonie, nevens haar te blijven defendeeren en beschermen."[38]

Sluysken verklaar in sy Verbaal dat,as hy in hierdie stadium oor 1,200 man infanterie en artillerie in plaas van 1,200 burgerruiters beskik het, hy dit sy plig sou geag het om Elphinstone en Craig se geskrif onbeantwoord aan hulle terug te stuur - gesien hulle ongehoorde vyandige gedrag onder die voorwendsel van vriendskap. Na rype beraad het hy egter tot die gevolgtrekking gekom dat wanneer die Britte 'n aanval op die Kaap loods, wat uit twee oorde - Muizenberg en Tafelbaai - verwag kon word, sy mag totaal ontoereikend sal wees. Hy het oor 'n leër van skaars 200 man infanterie, 200 artilleriste, 350 burgerinfanteriste, 250 burgerruiters, 380 man van die Pennistenkorps en afgeskrewene van gasie en 'n aantal matrose beskik. Kundige krygsoffisiere het geskat dat ten minste 4,000 infanteriste en artilleriste, behalwe die burgerruiters, vir die verdediging van die gebied nodig was.[39]

---

38) C109: Resolutiën (Secrete), pp. 491-492; V.C. 65: Brieven en Bylagen, p. 90.
39) Ibid., p. 75-76.

## HOOFSTUK VIII

### AANKOMS VAN BRITSE VERSTERKINGS EN VOORBEREIDINGS VIR 'N AANVAL OP DIE KAAP

Die burgers het nie met die Kommissaris saamgestem dat die aantal verdedigers totaal ontoereikend was nie, maar op hulle beurt gekla dat nie die geringste poging aangewend is om die poste by Steen- en Wynberg in 'n behoorlike staat van verdediging te bring nie. Marnitz beweer dat Sluysken en Gordon vir langer as 'n maand geen besoek aan hierdie poste gebring het nie. Dieselfde aanklag word teen die majoor van die artillerie, Küchler, en teen die kaptein-ingenieur, Thibault, gemaak. Die kamp te Wynberg het, volgens hom, dan ook meer die voorkoms van 'n doolhof as 'n militêre kamp gehad. Daar was niks behoorlik gerangskik of geplaas nie. Die burgers het tevergeefs by die bevelvoerder, kapt. Bernardus Cornelis van Baalen, aangedring om beter reëlings te tref, maar hy het, op grond daarvan dat hy geen toestemming daartoe gehad het nie, botweg geweier. Uiteindelik het die druk egter te kwaai geword en is hy genoodsaak om in te stem dat die geskut en ammunisiewaens behoorlik geplaas word; die tente en hutte, wat dig agter die kanonne gestaan het, afgebreek en verder agtertoe opgeslaan word en 'n pad gemaak word om enige veldstukke links in die rigting van die pad na die plase van Lochner en van Ess te plaas. Hierdie werk is grotendeels deur die infanteriste gedoen, wat gereedskap by die eienaar van die plaas moes leen. Origens is niks gedoen om loopgrawe te bou en redoute en batterye aan te lê nie, "En hoe zou er ook iets aan die natuur hebben kunnen gedaan werden, daar het aan de daartoe noodige order, directie, volk en gereedschappen manqueerde."[1)]

Neethling voeg hierby dat van Baalen op die hoogte van Wynberg slegs vier of vyf swak tente laat opslaan het, waaronder die soldate nie teen die swaar reëns beskut was nie. Die veldgeskut is voor die tente in linie, sonder enige borswering, geplaas, sodat die Britte vanaf Muizenberg met 'n verkyker die aantal soldate en hulle beweging sowel as die geskut kon waarneem. Hy bevestig ook dat daar nooit 'n ingenieur na Wynberg gestuur is om die terrein te ondersoek en die nodige verskansings aan te bring nie.[2)]

---

1) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, pp. 171-175.
2) Neethling, C.L.: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, p. 71.

Neethling voel ook dat daar redelikerwys verwag sou kon word dat die Kommissaris alle moontlike hindernisse in die weg van die vyand sou lê om sy aanmars vanaf Muizenberg na Wynberg te bemoeilik - veral omdat die terrein hom daartoe geleen het. Weinig is egter in werking gestel om die toestand te benut. Aan die Steenberge was daar slegs 50 man infanterie en artillerie. Soos by Wynberg is die veldstukke hier ook slegs op die vlak grond geplaas. Die infanteriste en artilleriste het 'n geringe huisie tot skuiling gehad; die pandoere het in die magazyn gebly, maar die burgerruiters moes in die veld van takbosse vir hulle hutte maak, omdat daar geen tente tot hulle bedekking was nie. Gedurende die verloop van 'n maand is nòg by die kamp aan die Steenberge, nòg by Bergvliet nòg aan die Wynberg, nòg op die terrein waaroor die vyand moes beweeg enige verskansings, redoute of batterye aangebring. Die ingenieur, Thibault, is nooit hieroor geraadpleeg nie en dit wil vir Neethling voorkom asof sy Franse herkoms hiervoor verantwoordelik was.[3)]

Neethling beweer voorts dat terwyl die burgerruitery die voorposte moes bewaak, die troepe van die Nasionale Bataljon in veiligheid agter hulle geplaas is. Verder het die krygsvergadering, bestaande uit Sluysken, kol. Gordon, kapts. Zorn, van Baalen en van Hügel, bepaal wat die optrede van die burgerruitery vir geval van 'n aanval moet wees, sonder dat 'n enkele burgeroffisier daarby teenwoordig was.[4)]

Op 18 Augustus het Sluysken hom weer na Wynberg begeef en by sy aankoms daar 'n krygsraad belê. Hierdie krygsraad sou oor die optrede van die burgermag en Nasionale Bataljon by geleentheid van 'n Engelse aanval moes besluit. Ook moes daar ooreengekom word watter seine gebruik sal word wanneer só 'n aanval plaasvind.[5)] Daar is besluit dat vir geval van 'n aanval op die Kaap die afdelings aan die Wyn- en Steenberge sou opbreek en die hoofplaas te hulp kom - met agterlating van slegs een of twee kompanies ruitery. Indien die Engelse egter albei poste met 'n groot mag

3) Ibid., p. 73-74.
4) Ibid., p. 71-72.
5) Hierdie seine sou die volgende voorkoms aanneem: een skoot en drie vuurpyle gedurende die nag; bedags: drie skote - twee agtereenvolgens en een daarna. Vir geval van 'n aanval op die Kaap sou 'n vlag by die Linie gehys word, deur drie skote gevolg - twee kort na mekaar en die laaste 'n weinig daarna. Dit sou by Van Rheenen se plek in Wynberg herhaal word. Gedurende die nag sou drie vuurpyle afgevuur word.

aanval, moes die poshouers dit met ter syde stelling van die seine verdedig en probeer om die vyand terug te werp. Indien die Engelse die pos aan die Steenberge oorweldig, moes almal wat daar is na die Wynberge terugval en hulle daar probeer stuit. Indien Wynberg oorweldig word, moes diegene by die Steenberg tot agter die Liesbeekrivier terugval en die brûe by die plase van Holtman en Dreyer afbreek, nadat hulle daaroor teruggeval het.[6]

Die Kommissaris het die namiddag die burgerinfanteriste en -ruitery wat nie na die buiteposte gestuur is nie in revue-orde op die paradeterrein laat verbymarsjeer en hulle kompanjies-wys toegespreek. Hy het begin deur te sê: "Het besluit dat Uwe Capiteins en officieren ter kennisse van de Regering hebben gebragt dat U.E. gezind sijt Uw geboorteland met goed en bloed te verdedigen, verdiend mijne agting." Hy het gewaarsku dat hulle enige oomblik 'n aanval van die vyand kan verwag, om welke rede hy persoonlik gekom het om hulle op die hart te druk dat die behoud van hulle land, mitsgaders hulle verknogtheid aan die moederland en die Kompanjie van hulle vorder om aan hulle eer en plig getrou te wees en hulle lewe vir hulle land feil te hê - soos dit dapper burgers betaam. Hulle moet ook die goeie orde bewaar en aan hulle kapteins gehoorsaam wees, sodat die vyand, wat hierdie land sonder goeie rede aanval, sal besef, "dat het bloed der Batavieren door Uwe adere vloeid". Sluysken het hulle ook verseker dat hy voortaan hulle welvaart opnuut ter harte sal neem en die hoop uitgespreek dat hy hulle so gelukkig sal maak as wat sy hart hulle toewens. Hierdie toespraak is deur die burgers met die grootste geesdrif en uitroepe van: "Vivat Vader Sluysken!" begroet.[7]

Op dieselfde dag nog, nl. 18 Augustus, kom die Kommissaris en Politieke Raad byeen om verdere stappe tot beveiliging van die Kaap teen 'n vyandelike aanval te bespreek. Aan al die bewoners van plase en hofstede tussen Roodebloem en die plaas van die burger Rossouw aan die Steenberge, sowel as dié wat tussen die Zoute en Liesbeekrivier geleë was, word skriftelike orders gegee dat, vir geval van 'n aanval op die kolonie, niks op hulle eiendom gevind moet word wat vir die vyand van enige nut

6) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 86-89.
7) Ibid, pp. 94-95; V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 167.

kan wees nie. Indien so 'n aanval plaasvind, moes hulle hul plase, met insluiting van al hulle slawe en vee verlaat en Kaapwaarts kom. Alle voedsel op die plase moes ook vernietig word. Geen onderhandelings met die vyand sou gedoog word nie en enigiemand wat hulle nie aan bogenoemde orders hou nie, sou gestraf word.[8)]

Terwyl die werksaamhede van die regering stilgestaan het en hulle hul alleen bepaal het by die besetting van die poste, het die burgerruiters op hulle eie, slegs deur vaderlandsliefde aangespoor, sonder dat hulle opdrag daartoe gehad het, verskillende uitvalle gedoen en die Engelse voorposte aangeval. So het 'n afdeling in Houtbaai op 20 Augustus twee Britse mariniers gebring wat in Noordhoek gevange geneem is. 'n Patrollie burgers onder adjudant Crouse het hulle weer op 21 Augustus by Sandvlei deur die duine strandwaarts begeef, ten einde te gaan verken. 'n Honderd Engelse het deur die vlei gewaad om hulle te omsingel en gedurende 'n skermutseling waarin 'n burger en 'n perd gekwes en nog 'n perd gedood is, is die Britte met agterlating van twee dooies teruggedryf.[9)] In sy Joernaal praat Elphinstone egter net van adelbors Hartley wat in die lies gewond is.[10)]

Op 22 en 23 Augustus was alles stil aan die front, want alle krygsverrigtinge is deur swaar storms en reën tot stilstand gedwing. Die aand van 23 Augustus het kapt. van Hügel egter twee Engelse drosters, wat die middag eenuur vanaf die kamp te Muizenberg gedros het, na die Kommissaris gestuur. Hulle het berig dat elke Britse soldaat en matroos van drie dae se rantsoene voorsien was en beveel is om hulle in gereedheid te hou en om op 'n oomblik se waarskuwing te kan optree, wat die owerheid laat vermoed het dat die Engelse 'n aanval op 'n pos in die duine, mitsgaders dié by die Wyn- en Steenberg in gedagte gehad het. Vroegvroeg op die oggend van 24 Augustus het Sluysken dan ook aan die korpse wat daar was, laat weet dat hulle op hulle hoede moet wees. Ondertussen het die kommandant van die pandoere, Jan Cloete, die oggend vroeg 'n aanval op die voorposte van die Engelse gedoen en hulle met die verlies van enige dooies en gewondes teruggedryf.[11)]

8) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 95-96.
9) Ibid., p. 101
10) Perrin, W.G.: The Keith Papers, Dl. I, p. 354.
11) V.C. 65: Brieven en Bylagen, p. 102.

Dit het duidelik geword dat die Britse bevelhebbers in hierdie stadium net op versterkings, asook die geskikte geleentheid, gewag het om die Kaap te oormeester. In sy Algemene Orders van 20 Augustus maan Craig sy leër om hulle slaggereed te hou om op te ruk en die Kapenaars aan te val. Hy maak ook van die geleentheid gebruik om die aandag van sy offisiere op sekere kenmerke van die koloniale troepe te vestig. Sy beskouing van die vyandelike mag was dat dit uit 'n groot aantal lede van die burgermilisie bestaan het, totaal onvertroud met oorlogvoering, sonder enige subordinasie of dissipline en sonder die nodige gevegsdrif om vir hierdie swakhede te kompenseer. Hy meen ook dat die burgermilisie oor 'n massa toebehore beskik het, wat hulle te onkundig is om te gebruik. Hulle was swak ruiters en het onopgeleide perde gery. Manne met geweer en bajonet sou 'n groot voordeel bo hulle hê.[12)]

Hy tipeer ook hulle krygstegniek deur te beweer dat hulle van die onreëlmatighede van die topografie gebruik maak om hulle teenstanders met afstands- en ongereëlde vuur lastig te val. Uit hoofde van die feit dat die milisie berede is en hulle bewegings dus baie sneller as dié van die Britte, sou dit vir hulle moontlik wees om laasgenoemde magte by geleentheid te omvleuel en in die rug te tas. Hy maan sy manskappe om nie ontsteld te raak as die vyand om hulle heen galoppeer nie, maar slegs 'n omkeerbeweging uit te voer en dié te konfronteer.[13)]

Die nag van 24 Augustus is 'n Engelse soldaat gevange geneem,wat die droster se verhaal van 'n voorgenome aanval van die Engelse op die hoofplaas bevestig en daaraan toegevoeg het dat die orders daartoe in die kamp vir die volgende nag ter uitvoering gegee is. Die 25ste Augustus het die Kommissaris dus by herhaling die strengste orders vir sy manne gegee om op alle poste op hulle hoede te wees ten einde te voorkom dat hulle oorval word, en kapt. Zorn dié middag om vyfuur met die boodskap afgestuur. Aan alle burgeroffisiere by die hoofplaas is ook dergelike bevele uitgereik en is die majoor van die artillerie gelas om alle poste op die battery met die volle getal offisiere; artilleriste en afgeskrewene van gasie, te beset en tot verdere opdrag beset te hou. Hierdie

---

12) Acc. 316: General and Garrison Orders, 20 Augustus 1965, pp. 12-14.
13) Ibid.

waaksaamheid het Sluysken des te meer noodsaaklik geoordeel omdat hy van van Baalen en Van Hügel se poste berig ontvang het dat daar dié middag drie Britse oorlogskepe in Valsbaai onder seil gegaan het.[14] Weens die jaargety het die verblyf van die skepe in Simonsbaai gevaarlik geword en uit die verslag van die drosters, sowel as van die krygsgevangenes, kon nie anders as afgelei word dat die Britte voornemens was om die hoofplaas vanuit Tafelbaai en vanaf die landsy gelyk aan te val nie.[15]

Die Britse gesagvoerders het egter steeds bevoorradingsprobleme ondervind en geprobeer om voedsel in die hande te kry. Die oggend van 26 Augustus het die landdros van Stellenbosch berig dat 'n Britse skip die vorige aand by Hottentots-Hollandstrand, voor Mostersbaai, kom anker het en dat hy alle gewapende manskappe gelas het om hulle soontoe te haas om 'n landing te voorkom. Hy was egter bevrees dat hulle onvoldoende sou wees. Dit was die Engelse skippie, <u>Echo</u>, wat 'n geselskap aan wal gesit het, met 'n proklamasie gewapen, om van die burgers van die Stellenbosse distrik beeste en skape te kry. Sluysken het by ontvangs van dié berig van die Stellenbosse landdros, vir kapt. Myburgh gelas om met 50 burgerruiters en hulle offisiere gereed te wees om by ontvangs van nadere berigte desnoods soontoe te marsjeer. Die volgende dag het die landdros egter aan Sluysken laat weet dat slegte weer die skippie gedwing het om na Valsbaai terug te keer. Die bevelvoerder van die <u>Echo</u>, kapt. Tod, het aan Elphinstone verslag gedoen dat hy iemand met 'n wit vlag aan val gestuur het om sy proklamasie te Stellenbosch te versprei. Die bevolking dáár het vriendskaplik voorgekom, maar is nie deur die regering toegelaat om hulle van enigiets te voorsien nie.[16]

Die oggend van 29 Augustus, om eenuur, ontvang Sluysken 'n brief van die landdros van Stellenbosch dat 'n groot vaartuig in die Hottentots-Holland ten anker gekom het en om vyfuur volg daar 'n tweede berig dat die skip binne skootafstand van Vishoek (Gordonsbaai) geland het. 'n Sloep is ook deur die Britte by Bothmansbaai aan wal gestuur om voorrade te koop. In der waarheid was dit kommodoor Blankett wat met die <u>Echo</u>, <u>Rattlesnake</u> en die <u>Orpheus</u> na die oorkant van die baai geseil het

---

14) V.C. 65: <u>Brieven en Bylagen</u>, pp. 103-104.
15) Vanaf September het die suidoostewind gewaai en kon die skepe maklik hulle ankers sleep en op die kus gedryf word.
16) <u>Ibid.</u>, pp. 104-105; Perrin, W.G.: <u>The Keith Papers</u>, Dl. I, p. 355.

om vee en ander voorrade te bekom. Sluysken het hierdie keer dadelik 'n kompanie burgerruiters onder kapt. Laubscher gestuur om die landing te belet en te sorg dat die Engelse van geen provisie voorsien word en ook nie geleentheid kry om enige osse en perde saam te voer nie. Voordat die afdeling na Bothmansbaai kon vertrek, het Sluysken nóg 'n brief van die Landdros ontvang. Daarin skryf hy dat die korporaal op die strand by Bothmansbaai 'n geskrif van adml. Elphinstone ter hand gestel is, soortgelyk aan dié wat reeds deur die land versprei is. Dit het soos volg gelui: "Ik vinde het gevoeglijk om de ingesetenen van Stellenbosch en van de daarom liggende land te berigten dat als ze paarden, ossen, waagen of veeh naar het Britsche [sic] Leger zenden hun in zilver gelde en liberaal prijs zal betaald worden - maar als ze in teegendeel zulke leverantie niet doen of toestaan moeten zij een corps van troepen te gemoed zien welke daar met het voor zal gelandet worden om zoodanige stukken met geweld weg te nemen.

"Alle ingezetenen, die thuijs verblijvend zullen beschermd worden, terwyl de geene welke het teegendeel voortrekken ook contrarie volgen te verwagten hebben en als iemand op de troepes in hunne marsch van ergens aan huijs schiet zal zodanige huijs aanstons in brand gestoken word."[17)]

Sluysken het by ontvangs van hierdie stuk onmiddellik aan kapt. Laubscher en sy offisiere opdrag gegee om enige Engelse wat probeer land, of die land binnedring, dit met geweld te belet of hulle dood te skiet. Op 31 Augustus het die Britse skepe egter weer anker gelig en is kapt. Laubscher gelas om na die Kaap terug te keer.[18)]

Die kapteins van die burgery by Steenbergpos het met al die doenighede van die Britte begin onrustig word dat die afdeling daar aan omvleueling blootgestel is. Hulle het dit aan Sluysken gestel dat manne, wat met die passe in die Steenberge bekend is, van mening was dat indien die afdeling daar deur 'n Britse mag, wat hulle in getalsterkte oortref, aangeval word, dié hulle terugtog sou kon afsny. Die Kommissaris het ingestem om 'n kommissie te benoem om vas te stel wat die juiste

---

17) Ibid., p. 356; V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 113-114.
18) Ibid., p. 117.

toedrag van sake is en die volgende lede daarin aangestel: die kapteins van die infanterie: Van Baalen, Van Kervel en Van Hügel; die kapteins van die burgery: P.A. Myburgh, H.O. Eksteen, P. de Waal en H. Cloete; mitsgaders die kapt.-lt. van die artillerie, Kemper, en die kommandant van die pandoere, J.G. Cloete. Hulle opdrag was om vas te stel of die kamp by die Steenberge só geleë is dat, indien die vyand met ŉ meerdere mag ŉ aanval loods en hulle gedwing word om te wyk, hulle terugtog nie afgesny kan word nie. Ook, of die kamp nie só geplaas is dat dit buitengewone gevaar van omsingeling loop, naamlik om van voor en van agter aangeval en oormeester te word, nieteenstaande die feit dat daar goeie wagposte uitgeplaas is nie.

Indien daar geoordeel word dat die kamp wel aan omvleueling blootgestel is, moes daar aangedui word waar dit geplaas moet word om te belet dat die vyand dit beset. Daar moes ook voorgestel word hoe die vyand belet kan word om besit te neem van die gebied tussen die Steen- en Wynberge en dié ter syde van Wynbergkamp, nl. Groot- en Klein-Constantia. Die Kommissie moes ook vasstel of Houtbaai gevaar loop om beset te word.[19]

Volgens Neethling het die welslae waarmee die meeste van die skermutselings van die burgerruitery teen die Engelse bekroon is, eersgenoemde se moed in die geheel opgewek. Die inligting wat hulle van die Britse drosters en krygsgevangenes aangaande die swak toestand waarin hulle troepe verkeer, ontvang het, het hulle nog verder aangespoor. Hulle het dan ook gevoel dat hulle kanse op welslae indien hulle die Engelse aanval om die volgende redes goed was:

(1) omdat hulle daarvan bewus was dat die vyand weens ŉ gebrek aan verskansings blootgestel was;

(2) omdat die drosters hulle verseker het dat ŉ groot gedeelte van die matrose en soldate ontevrede is en slegs op ŉ gunstige geleentheid gewag het om oor te loop;

(3) daar reeds by verskeie geleenthede gemerk is dat die ruitery, hoewel in die minderheid, die vyand by ŉ aanval groot skade berokken, sonder dat hulself veel verliese ly. Dit was ver-

19) Ibid., pp. 110-112.

al daaraan te danke dat hulle goeie skuts was;

(4) al sou die aanval misluk, dit die militêre posisie nie veel sou verswak nie en indien dit slaag die Kapenaars van die Engelse ontslae sou wees;

(5) hulle daarvan bewus was dat die Britte die Kaap nie van die seekant kon aanval nie, aangesien die meeste matrose by Muizenberg diens moes verrig.[20)]

Die burgeroffisiere het hulle in hierdie stadium, op aandrang van heelparty burgers, verplig geag om Sluysken tot 'n aanval op Muizenberg te probeer oorhaal. Hy het die plan egter sonder meer as gevaarlik en onuitvoerbaar verwerp, enersyds weens die geringe aantal artilleriste tot sy beskikking en andersyds weens die gevaar wat vir die hoofplaas daaruit kon voortspruit. Die Kommissaris het egter inligting ontvang dat sy weiering 'n groot sensasie onder die burgers veroorsaak het, aangesien dit as onwilligheid van sý kant om die kolonie spoedig van die vyand te verlos, vertolk is. Ter bewaring van die inwendige rus aan die Kaap en verdediging van sy optrede in 'n tyd waarin daar getrag is om die bande van sy gesag al meer te laat verslap, het hy hom verplig gevoel om op 27 Augustus aan die burgerruiters Myburgh en Cloete, sowel as die infanteris Eksteen, 'n missive te oorhandig. Dit was aan alle kapteins van die burgerruitery en infanterie gerig en het na al die struikelblokke in die weg van 'n aanval op Muizenberg verwys.

Sluysken se vernaamste beswaar teen die aanval was, dat dit ontsettend moeilik sou wees om al die geskutstukke ongemerk in posisie te kry. Daar was twee twaalfponderkanonne en twee houwitsers en voor elkeen sou twaalf osse gespan moes word. Hierbenewens was daar ook nog vier ammunisiewaens. Dit sou minstens vyf uur duur om hierdie stukke aan te voer en teenoor Muizenberg op te stel. Om hierdie maneuver in die nag uit te voer, sonder dat die Engelse daarvan bewus word, sou feitlik onmoontlik wees, want: die geskutstukke moes in posisie geplaas, die burgerruiters moes opgestel en die verskansings opgewerp word.[21)]

Die Kommissaris het ook gemeen dat die geskutstukke in elk geval nie talryk genoeg sou wees om die vyand te stuit nie en daarenbowe elke keer

20) Neethling, C.L.: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, pp.76-77.
21) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 105-108.

as hulle afgevuur word in die los sand by Sandvlei sou wegsink. Wanneer die Britte met hulle eie geskut voortmarsjeer, sou die ruitery nie in staat wees om hulle teë te hou nie en dit sou daartoe lei dat die artilleriste gevange geneem en hulle geskut gebuit word, wat noodlottig vir die verdediging van die Kaap sou wees.[22)]

Die laaste probleem vir Sluysken, in verband met die voorgenome aanval, was die feit dat die Kaap gedurende daardie tydperk van 'n groot aantal troepe ontbloot sou wees en indien die verwagte aanval vanaf die kant van Tafelbaai plaasvind, sou elke beskikbare man vereis word.[23)]

Sluysken sluit af deur te sê dat hy ook vir kol. Gordon, maj. Küchler en kapt. Thibault oor die plan geraadpleeg het en dat hulle dit met hom eens was in sy siening van die gevare waaraan 'n aanval op Muizenberg die kolonie sou blootstel en die geringe moontlikheid dat dit kon slaag. Hy het ook die burgeroffisiere versoek om by oorweging van hulle plan van aanval op Muizenberg, sy kommentaar daarop in behandeling te neem en onmiddellik skriftelik aan hom daaroor verslag doen. Hulle moes ook 'n kommissie van twee kapteins benoem aan wie hy dit kon opdra om aan alle sake rakende die burgers uitvoering te gee.[24)]

Volgens Neethling het die burgers se ontevredenheid oor die weiering van die aanval toegeneem, soos die swakheid van die vyand hom in toenemende mate geopenbaar het. Hulle het aan Sluysken laat weet dat as dit oor die moontlike verlies aan kanonne en ammunisie was dat hy hom bekommer het, hulle dit uit die burgerkas sou betaal.[25)] Campagne voeg hierby dat die burgers dit selfs oorweeg het om, indien die owerheid, na herhaalde versoek, die nodige geskut om die aanval mee te loods weier, die Swellendammers onder Delport te stuur om die geskut met geweld te bemagtig. Sluysken moes hiervan te hore gekom het, want hy het Delport en twee twaalfponders na Wynberghoogte gestuur onder voorwendsel dat die Engelse vyandelike oogmerke gehad het.[26)]

Op 30 Augustus het enige offisiere van die burgery in die rigting

---

22) Ibid., p. 108.
23) Ibid., p. 109.
24) Ibid., p. 110.
25) Neethling, C.L.: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, pp. 89-90.
26) V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, p. 90.

van Muizenberg gaan verkenningswerk doen en hoewel die Britte met ŉ kanon op hulle gevuur het, het hulle tog sekere inligting aangaande die vyand se sterkte verkry. Hulle het aan die Kommissaris verslag gedoen dat die vyandelike mag te Muizenberg tot 600 man beperk was. Hiervan was 300 in rooi uniform en 19 peletonne, elkeen met ŉ front van ses man, twee geledere diep, in blou uniform.

Hierop reageer Sluysken deur die volgende dag aan die gesamentlike burgerkrygsraad ŉ missive te stuur waarin hy sê dat uit hoofde van die inligting wat hy ontvang het, dit moontlik lyk om in hierdie stadium ŉ aanval op Muizenberg te loods. Hy kondig ook sy voorneme aan om ŉ kommissie aan te stel, bestaande uit vier offisiere, waarvan ten minste twee lede van die burgerruitery moet wees om daardie aand om vyfuur saam met hom en die hoofoffisier oor ŉ plan, om die Engelse uit Muizenberg te verdryf, te beraadslaag. Hierin benoem hy: kol. Gordon, maj. Küchler, kapts. van Baalen en Thibault, benewens die kapteins van die burgerinfanterie: Pieter Muller en Andries Horak en van die burgerruitery: P. de Waal, H.J. Gouz en J.P. Eksteen.[27)]

Die plan van die aanval is deur die bevelvoerder van die artilleriste, maj. Küchler, opgestel. Hy het voorgestel dat die aanval van twee kant van die vallei: van die kant van Sandvlei sowel as van dié van die Steenberge moet geskied en presies aangedui waar die geskut geplaas moet word.[28)]

Hierdie plan is deur die Kommissaris en die benoemde krygsraad na rype oorweging aangeneem en is daar besluit om alles so gou moontlik in gereedheid te bring om dit uit te voer. Op 1 September is daar ŉ aanvang met die voorbereidsels gemaak toe die nodige geskut en ammunisie die namiddag uit Kaapstad na die kamp aan die Wynberge gestuur is.[29)]

Enige burgerruiters, met die bystand van die pandoere, het inmiddels op die oggend van 1 September ŉ aanval op die voorposte van die Engelse gedoen. By hierdie geleentheid het hulle reeds twee poste oorrompel en vyf Britte gevang voordat die Britte deur die hewige vuur van

---

27) V.C. 65: Brieven en Bylagen, p. 118.
28) Ibid., pp. 118-122. Sien Bylae II.
29) Ibid., p. 122.

hulle artillerie die Kapenaars gedwing het om terug te val - wat in behoorlike orde geskied het.[30)]

Marnitz gee 'n nadere beskrywing van hierdie strooptog en spreek die mening uit dat die Engelse reeds enige dae voornemens was om die kommando aan die Steenberge te oorval, welke onderneming deels ten gevolge van die waaksaamheid van die burgers verydel is. Ter vergelding vir hierdie aanval het enige vrywilligers onder die burgery, sowel as die artilleriste en pandoere, die oggend met dagbreek 'n aanval op die Engelse gedoen. Maj. van Hügel het nie hierdie onderneming goedgekeur of beveel nie en Jan Cloete, kommandant van die pandoere, was siek.[31)] Campagne voeg hieraan toe dat die burgers onder bevel gestaan het van Hendrik Cloete Jnr. en Samuel Kats,wat van die Steenberge af op mars gegaan het om die Engelse voorposte te oorrompel en die veldstukke, wat daar geplaas is, saam te voer. Die burgers het die pos langs die berg genader sonder om gewaar te word en die pandoere, onder die gebroeders Linde, het op die berg langs beweeg. Teen dagbreek is die aanval van twee kante gelyktydig geloods. Die Engelse het met agterlating van alles, selfs hulle gewere, gevlug en 'n entjie verder terug posgeneem, waarvandaan hulle deur die bestendige vuur van die pandoere gedwing is om nog verder te wyk. Hoewel die burgers die aanval wou probeer voortsit, is hulle deur die Engelse mag gedwing om terug te val. Benewens die krygsgevangenes het hulle egter 'n menigte gewere en ander goedere buitgemaak.[32)]

Elphinstone meld in sy Joernaal dat daar die oggend van 1 September om sewe-uur gemerk is dat in die omgewing van die kamp op die heuwels gevuur word. Daar is baie Hottentotte opgemerk, wat gou deur goedgemikte skote vanuit 'n sesponder verdryf is. Die buitepos wat deur die Kapenaars aangeval is, het egter uitmekaargespat en die burgerruitery het vorentoe beweeg. Maj. Moneypenny van die 78ste Regiment het sy manskappe laat opvorm en die vyand teruggedryf, maar hy is deur die pandoere, wat vanaf die flank aangeval het, gewond. Kapt. Dentaffe van die St. Helena-regiment is ook gewond, tesaam met sowat

---

30) Ibid.
31) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, pp. 179-183.
32) V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, pp. 97-98.

twaalf ander manskappe - sommige ernstig. Vyf van die manskappe is krygsgevangene gemaak. Hierop is 'n honderd man na die heuwel gestuur om as wagpos te dien.[33]

Sluysken teken aan dat hierdie suksesvolle skermutseling die burgery weer bemoedig het, maar dat die gees van insubordinasie onder alle klasse van burgers en Kompanjiesdienaars grootliks toegeneem het. Dit is veral aangevuur deur die oproerige gedrag van enige Swellendamse burgers onder hulle sogenaamde Nasionale Kommandant, Petrus Delport. Reeds op 13 Augustus is die groot Swellendamse oproermaker, Almoro Pisani, en twee van sy medepligtiges, soldate wat uit die Kompanjiesdiens ontslaan is, Carel Husselman en Jan Valentyn Burger, deur die burgers Bresler, Rous en Botha op die plaas van Marthinus Roux gevange geneem en na die Kasteel gebring. Die skrikwekkende tyding wat hulle onder die gemeenskap versprei het, is egter nie as gevolg hiervan gestaak nie. Sommige het tot inhoud gehad dat die koeëls op die battery te groot vir die kaliber van die geskut was en ander dat daar 'n menigte osse vir die Engelse na Valsbaai gestuur is om hulle vervoerprobleme mee op te los. Daar was ook briewe aangaande 'n gewaande opstand onder die basters en ander Hottentotte en vele kwaadaardige geskrifte is volgens die Kommissaris teen hoofoffisiere, lede van die regering en dapper burgers versprei.

Dié oproerige gedrag van die burgers het volgens Sluysken so 'n indruk op die pandoere gemaak dat 170 van hulle, wat onder die wapen was, die middag van 2 September gemuit, Kaapwaarts gemarsjeer en verklaar het dat hulle nie meer wil veg nie. Hulle kommandant, Cloete, was nog siek en hulle het geringe eerbied vir die ander offisiere gehad. Hulle klagtes was dat hulle families gedurende hulle afwesigheid deur die blankes mishandel is; dat hulle soldy ontoereikend was; dat hulle gedurig aan beledigings onderwerp was; dat £40, wat as beloning van goeie gedrag aan hulle beloof is, nog nie betaal is nie en dat hulle drankrantsoen ontoereikend was. Die Kommissaris het egter aan hulle beloof dat hulle griewe oorweeg en herstel sou word en dat, sodra die Engelse verdryf is, hy vir hulle veiligheid sou sorg. Hy het ook aan

33) Perrin, W.G.: The Keith Papers, Dl. I, pp. 356-357.

die burgeroffisiere kennis gegee dat hy sekere vergunnings aan die pandoere gedoen het, o.m. hulle soldy met een riksdaalder per man vir die gewone volk en twee riksdaalders vir die korporaals verhoog het; hulle voortaan deur hulle eie offisiere aangevoer sou word; die buit wat van die Engelse afgeneem is onder hulle verdeel sou word en daar gesorg sou word dat hulle kry wat hulle aan kos, wyn en brandewyn toekom.[34)]

Intussen is daar egter voortgegaan met die planne om, voordat die Britse versterkings opdaag, 'n aanval op Muizenberg te loods. Op 2 September vertrek lt. Marnitz met die nodige manskappe, geskut en ander toebehore, soos in die plan voorgestel, vanaf Kaapstad na die kamp te Wynberg en kom die aand daar aan. Sluysken het hulle wel oorreed om weer soontoe terug te keer, maar hulle was nog steeds nors en opstandig en daarna van weinig waarde.[35)]

Alvorens daar tot aksie teen Muizenberg oorgegaan is, het die bevelvoerder van die militêre, van Hügel, sowel as die burgerkapteins P. Myburgh en N. Cloete, 'n bespreking daaroor by Bergvliet gehou. Hulle gesamentlike beswaar teen die plan was, dat, aangesien Muizenberg so vêr was, hulle slegs een of hoogstens twee geskutstukke aan die front sou kon gebruik om mee aan te val. Die infanterie en ruitery sou ook weens die engte van die terrein in geslote kolonne moes opmarsjeer en teen die vyandelike verskansings en kanonne optree sonder dat hulle die vyand agter die klippe enige skade kon berokken. Van Hügel het dié beswaar daarteen geopper dat hy met slegs 80 man tot sy beskikking die drie geskutstukke moes dek. Hy het voorts die plasing van twee kanonne aan die Keisersmond onnodig geag. Die burgerkapteins was ook bevrees dat hulle hul kompanies in gevaar sou stel deur teen sterk verskansings en grofgeskut te moet optree. Samevattend het hulle gevoel dat die wyse waarop die aanval moes geskied, weens hulle goeie kennis van plaaslike omstandighede, aan húlle oorgelaat moet word.[36)]

Die agtermiddag van 2 September, voordat die aanvalsplan kon uitge-

---

34) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 80-81 en 124-126; Theal, G.M.: History of South Africa, Dl. III, p. 337.
35) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, pp. 179-183; Theal, G.M.: History of South Africa, Dl. III, p. 337.
36) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 128-130.

voer word, is daar gewaar dat vier skepe in Simonsbaai hulle seile span en gereed maak om na Muizenberg te vaar. Daardie aand om nege-uur het Sluysken van Van Baalen, Van Hügel en Cloete berig ontvang van vier skepe wat hulle by Muizenberg vertoon het en aanduiding daarvan dat hulle gewanhoop het aan die moontlikheid van welslae van die plan van 31 Augustus om Muizenberg aan te val.[37] Elphinstone meld dat hy ongeveer hiérdie tyd 'n brief van Craig gekry het om te sê dat die vyand besig is om te monster en daar alle tekens was dat hulle die kamp teen dagbreek gaan aanval. Die <u>America</u>, <u>Echo</u>, <u>Rattlesnake</u> en <u>Orpheus</u> is toe beveel om langs die kamp en die baai te beweeg en die leër in die beskerming van die kus by te staan.[38] Marnitz beweer dat hierdie reaksie van die Britte getoon het dat die burgers se planne aan hulle verraai is en gevolglik verydel kon word. Die onderneming kon alleen slaag indien die vyand nie die minste daarop verdag was nie en hulle gedurende die nag tot aan die mond van die vallei kon nader. Die geskut kon dan daar geplaas word en alles in gereedheid gebring word vir die aanbreek van die dag, wanneer Muizenberg van die berg sowel as van die see se kant aangeval sou word. Volgens Campagne was daar egter nie 'n klein seuntjie in die kamp wat nie geweet het hóé en wannéér die aanval op Muizenberg gaan plaasvind nie en Neethling voeg hierby dat die Kaapse owerheid die ruitery en artillerie ten aanskoue van die vyand laat aanmarsjeer het, sodat dié ten volle bewus was van wat hulle te wagte is.[39]

Gedurende dieselfde nag nog het Sluysken, kol. Gordon en maj. Küchler oorleg gepleeg oor die kommentaar van die Bergvlietse krygsraad in verband met die aankoms van die vier skepe by Muizenberg. Sluysken het aan die krygsraad sy antwoord, na beraad met die militêre raadgewers, afgestuur. Hierin beweer hy dat die oorspronklike plan, in die lig van die situasie waarin die vyand hom op 30 Augustus bevind het, opgestel is. In dáárdie stadium is die sterkte van die vyand op 600 man geskat. Intussen is egter berig ontvang van die opstel van bykomende kanonne, die

37) <u>Ibid</u>., p. 131.
38) Perrin, W.G.: <u>The Keith Papers</u>, Dl. I, p. 357.
39) V.C. 75: Marnitz, P.W.: <u>Verhaal van de Overgaave</u>, p. 184; V.C.76: Campange, H.D.: <u>Memorie en Byzonderheden</u>, p. 100; Neethling, C.L.: <u>Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken</u>, p. 81.

opwerp van verskansing en die aankoms van skepe wat die mag van die vyand aansienlik versterk het. In die lig daarvan dra die Kommissaris dit aan die Steenbergse bevelvoerder op om met die artillerie-, burger- en infanterie-kapteins in 'n gesamentlike krygsvergadering te besluit of die aanvalsplan nog met hoop van welslae uitgevoer kan word. Indien hulle besluit om daarmee voort te gaan, moes hulle in gedagte hou dat 'n te groot verlies aan lewens- en krygsmateriaal die verdediging van die Kaap sou verswak. Hy laat dit egter aan die krygsraad oor hoeveel geskutstukke hulle wil saamvoer en wáár hulle dit wil plaas. Die krygsraad moes ook na gelang van die weersomstandighede besluit òf en wáár die aanval moet plaasvind.[40)]

Nog voordat die Kommissaris egter sy antwoord aan die krygsraad kon afstuur, is daar op die oggend van 3 September,om agtuur, nege seinskote vanaf Leeukop gehoor, wat aangedui het dat daar 'n gelyke aantal skepe gewaar is. Dit het Sluysken laat besluit om die alarmskote te laat afvuur en aan die bevelvoerders te Wyn- en Steenberg orders te stuur om alle ruiters, artilleriste en geskutstukke wat reeds vir die voorgenome aanval op Muizenberg daarheen vertrek het, te laat terugkeer. Aan die Kaap is alles wat tot die verdediging kon dien, in die haak gebring.[41)]

Die aand van 3 September het Sluysken berig ontvang dat 15 groot skepe, wat almal die Britse vlag voer, Simonsbaai binnegeseil het. Hierdie berig is op die oggend van 4 September deur verslae wat van die Wyn- en Steenberg ontvang is bevestig. Dié skepe het die langverwagte troepe, omtrent 2,500 in getal, vanaf St. Salvador aan boord gehad. Die volgende skepe was met hierdie opdrag belas: Die Northumberland, Exeter, Worcester, Osterley, Kent, Brunswick, Bombay Castle, Earl Cornwallis, Earl Howe, Deptford, General Coote, Warren Hastings, Prince William Henry en die Prince of Wales, 'n gewapende transportskip. Al die skepe was Engelse Oos-Indiëvaarders. Die vyftiende skip wat in die verslag aan Sluysken genoem word, is blykbaar die Schillerman, 'n Deense skip, wat terselfdertyd van Bengale aangekom het.[42)]

Marnitz beweer dat die plan om Muizenberg te herneem met die koms

---

40) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 131-134.
41) Ibid., pp. 134-135.
42) Ibid., p. 135; Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, p. 125.

van die Britse skepe verval het. Volgens opdrag moes die kommando's by Wynberg en die Steenberge hulle by die uitvoer van die alarmseine na die Kaap haas. In hiérdie stadium het hulle egter bevel van die Kommissaris ontvang dat hulle tot verdere opdrag op hulle pos moes bly, maar dat hý (Marnitz) met die manskappe wat hy saamgebring het, mitsgaders die ruitery, uitgesonderd twee kompanies, dadelik na die Kaap moes terugkeer. Dit het dan ook onmiddellik geskied.[43)]

° ° ° ° ° ° ° ° ° ° ° °

Die eerste dae van September het groot verwarring vir die burgers meegebring en die moontlikheid om die kolonie met welslae te verdedig het daagliks geringer geword. Daar was allerhande gerugte dat die Boesmans in die binneland weer moeilikheid veroorsaak het en dat die slawe in die distrikte Stellenbosch en Drakenstein en die Hottentotte in die distrik Swellendam besig was om hulle vir 'n opstand voor te berei. Of hierdie gerugte waar of vals was, het nie saak gemaak nie, maar dit het baie burgers onrustig gestem en hulle daartoe gebring om na hulle plase terug te keer om hulle familie en eiendom te beskerm. Baie moes ook teruggaan om vir die onderhoud van hulle families te sorg. Van die 1,140 man waaruit die burgerruitery in Julie en die eerste veertien dae van Augustus bestaan het, het slegs 900 aan die begin van September oorgebly. Op 5 September het kapts. Myburgh en Cloete aan Sluysken berig dat na die aankoms van die Britse versterkings reeds 70 man van die burgerruitery vanuit hulle kompanies verdwyn het en vermoedelik huis toe vertrek het. Hierdie klagtes is ook deur ander offisiere voorgedra en kapt. van Kervel aan die Steenberge het selfs gerapporteer dat die burgerruitery die dag tevore geweier het om die voorposte op die gebergte te beset, nieteenstaande die feit dat dit uiters noodsaaklik was om die vyand te verhinder om langs Houtbaai na die hoofplaas op te ruk. Die Kommissaris het dit nou nodig geoordeel om 'n bevel uit te vaardig waarin hy sê dat dit in die huidige omstandighede, waarin daar elke oomblik 'n vyandelike aanval verwag word, noodsaaklik is dat die burgers nie van die vaandels af weggaan nie. Niemand sou toegelaat word om hulle van die

---

43) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, pp. 187-188.

hoofplaas af te begewe sonder dat hulle daartoe gelas is nie en indien hulle dit wél doen, sou hulle gestraf en in die openbaar tereggestel word.[44]

Die Kommissaris het ook die moontlikheid ondersoek om die verlies aan burgerruiters aan te vul deur pandoere te werf. 'n Kommissie bestaande uit die burgers Frederick van Rheenen, Jozua Joubert en Marthinus Theunissen is na die Bokke- en Roggeveld, na agter die Kogmanskloof en na die kolonie Swellendam gestuur met die opdrag aan die landdroste, veldwagmeesters en veldkorporaals om alle Hottentotte wat by hulle in diens is of in krale bly, Kaapwaarts te stuur, sodat nog 'n korps pandoere gevorm kan word. Sluysken beweer dat hierdie kommissie geen welslae behaal het nie, terwyl Campagne konstateer dat die burgers so gretig was om te help dat binne drie dae meer as 80 Hottentotte, waarvan die meeste deur hulle meesters van wapens voorsien is, by die hoofplaas verskyn het.[45]

Die Engelse bevelhebbers het nou 'n laaste poging aangewend om die landbewoners oor te haal om die Kaap onder hulle beskerming te plaas. Op 9 September vaardig hulle 'n proklamasie uit wat hierdie keer, benewens Elphinstone en Craig, ook deur genl. Clarke onderteken is en waarin hulle dit aan die inwoners van die Kaap stel dat verdere weerstand weens die verwagte versterkings uit Europa hopeloos sal wees. Weer eens word hulle op groothartige wyse uitgenooi om onderhandelings aan te knoop voordat die hoofplaas aan die verwoesting van oorlog onderwerp word.[46] Volgens Marnitz was Sluysken, aan wie hierdie proklamasie deur kmdt. Myburgh ter hand gestel is, uiters verontwaardig dat dit tot die burgery en nie tot hom, aan wie die kolonie toevertrou is, gerig was nie.[47]

Op 12 September reageer Sluysken op hierdie missive en skryf baie kortaf aan die Engelse owerheid dat hy hulle propagandastuk aan die inwoners gerig ter insae gekry het en dit wil bevestig dat hy deur sy eed verplig is om die kolonie vir sy wettige soewerein te bewaar en vasbe-

---

44) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 136-138; Theal, G.M.: History of South Africa, Dl. III, p. 336.
45) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 139-140.
46) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, pp. 117-118.
47) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 192.

slote was om dit te verdedig.[48] Die Kaapse owerheid het ook besluit om die inhoud van die Engelse bevelhebbers se brief, sowel as die Kommissaris se antwoord, aan die burgerrade en -krygsraad, te openbaar en sodoende die vertroue tussen die burgers en die regering te versterk. Hoewel daar nou weinig hoop geheers het om die vyand te weerstaan, moes die burgers aangemoedig word om saam met die dienaars van die Kompanjie die land en sy inwoners kloekmoedig te verdedig.[49]

In 'n vergadering van die Politieke Raad het Sluysken ook die mening uitgespreek dat, weens die geringe mag wat op verskeie plekke verdeel was, daar geen moontlikheid bestaan het om die hoofplaas sonder die daadwerklike bystand van die burgery teen die vyand te verdedig nie, aangesien die verwagte aanval van die land- sowel as die seekant sou plaasvind en die skepe, volgens berig, reeds van 19 tot 20 vermeerder het. In hierdie stadium het die Nasionale Bataljon, na aftrekking van die siekes, nie uit meer as 557 koppe bestaan nie, met ruim 400 artilleriste en 57 man van die depots van Meuron en Württemberg. Bevele is ook uitgereik om die vyand van die kant van Muizenberg die terrein voet vir voet te betwis, met vermaninge aan die kamp by die Wyn- en Steenberg, mitsgaders die afdeling ruitery in die duine en die artillerie en ruitery by Houtbaai om hulle nie te laat oorval nie.[50]

Die Kommissaris het in Kaapstad 'n inspeksie van die verdedigingswerke uitgevoer om vas te stel of dit slaggereed is. Op 9 September is alle batterye wat op die regtervleuel aangelê is, insluitende Fort de Knokke, en alles wat enigsins tot die verdediging kon bydra, in die beste moontlike staat van verdediging gebring. Op 13 September het Sluysken na die kamp aan die Wynberg gegaan waar hy die offisiere van daardie kamp en dié aan die Steenberg aangesê het om te vergader. Na ondersoek het hy alles in die haak bevind en die burgeroffisiere vermaan om tog as manne van eer hulle plig te betrag en die vyand op alle moontlike wyses af te weer.[51]

Dieselfde aand het die afdeling in Houtbaai vier Hollandse matrose:

---

48) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 144-145.
49) Ibid., p. 145.
50) C109: Resolutiën (Secrete), pp. 515-519; V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 144-145.
51) Ibid., pp. 138 en 147.

Theo Vermoes, Leendert Hoop, Christoffel Pieters en Willem van Rotterdam na Kaapstad gebring. Hulle het beweer dat hulle in diens van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie gedwing is, nie wou veg nie en gedros het. Hulle het die aankoms van genl. Craig se mag beskryf en beweer dat daar 3,000 manskappe aan boord van die skepe was, wat meesal uit Hooglanders of Bergskotte bestaan het. Volgens hierdie matrose is Clarke se manskappe in Simonsbaai ontskeep om na Muizenberg te marsjeer, waarvandaan die aanval oor land teen Kaapstad geloods sou word, terwyl die vloot vir 'n aanval vanaf die seekant gereedgemaak het. Die matrose se inligting is nog dieselfde nag bevestig toe Sluysken berig ontvang het dat vyf en vervolgens agt skepe Valsbaai verlaat het.[52]

Die berig dat die Engelse skepe uit Valsbaai geseil het, was júís, want op 13 September het kmdoor. Blankett met die <u>America</u>, <u>Rattlesnake</u> en <u>Bombay Castle</u> na Tafelbaai geseil om gelyktydig met Clarke se aanval oor land 'n aanval teen Kaapstad te loods. Op 14 September kom hy buitekant Chapmansbaai aan. Hy gee aan kapt. Tod van die <u>Echo</u> opdrag om nader aan die strand te beweeg en deur seine to maak en 'n kanon of twee af te vuur, vyandelike vuur uit te lok sodat die posisie van die batterye vasgestel kan word. Die <u>America</u> en ander skepe het onder seil gevolg asof hulle die baai wou binneseil. Sy optrede het die verlangde reaksie uitgelok en nieteenstaande die afstand wat hulle van die kant af was, het die twee batterye, een aan elke kant van die baai, 'n lewendige vuur geopen. Toe die kommodoor voel dat hy genoegsame uitvoering aan Elphinstone se opdrag gegee het, het hy weggevaar om nog daardie middag dieselfde prosedure by Groenpunt te herhaal.[53] Campagne beweer dat die vier skepe: een met 64 kanonne, 'n fregat en twee Britse Kompanjieskepe só swak beman was dat daar net genoeg matrose aan boord was om die seile te hanteer en slegs gekom het om die Kapenaars vrees in te boesem. Toe Blankett maak asof hy Houtbaai wou binneseil, het Kemper só geweldig op hom losgebrand dat hy gedwing is om verder te vaar.[54]

Weens 'n gebrek aan wind bereik Blankett Groenpunt nie voor sonsondergang nie. Die afstand van die kus was hier te groot om enigiets met

---

52) <u>Ibid.</u>, p. 147.
53) Perrin, W.G.: <u>The Keith Papers</u>, Dl. I, Blankett-Elphinstone, 19 Sept. 1795, p. 367.
54) V.C. 76: Campagne, H.D.: <u>Memorie en Byzonderheden</u>, pp. 128-129.

sy kanonne uit te voer. Dit was vir hom duidelik dat daar 'n algemene alarm gemaak is, aangesien 'n menigte hulle te perd en te voet na die batterye gehaas het. Campagne bevestig dat die seinskote die middag om twee-uur gemaak is, toe die skepe vanaf Leeuberg gewaar is.[55]

Hoewel Elphinstone en Craig met groot verwagting na Clarke se versterkings uitgesien het om die opmars na Wynberg te begin, het die groot aantal troepe wat bygekom het, sy bevoorradingsprobleem vermeerder. In sy brief aan Dundas meld Elphinstone van sy teleurstelling dat Clarke se magte geen brood of sterk drank met hulle saamgebring het nie en verklaar: "I have to express my regret and disappointment that no Provisions of Bread or Spirits was brought in the Ships, my anxiety on that point has been great, but now much increased, as those articles are in great demand, and the Quantities in the Fleet, from whence the Army has been supplied, very inconsiderable, it being now near three Months since we have received any supply at this place."[56] Hierdie toestand het Elphinstone daartoe genoodsaak om die Deense skip, die Treasurer Count Schimmelman, aan te hou en te laat ontskeep omdat hy te verstane gegee is dat daar vyfhonderd sakke rys aan boord is. Elphinstone verseker Dundas egter dat hy die probleem probeer oorkóm deur voorrade van St. Helena af te kry en die Kaap te fynkam in 'n poging om graan en ander benodigdhede te bekom. Hy verklaar dat hy reeds die daaglikse rantsoene van die vloot verminder het en genl. Clarke dieselfde met die leër gedoen het.[57]

Onmiddellik na sy aankoms, hou genl. Clarke 'n konferensie met Elphinstone en Craig om te beraadslag oor die wyse waarop hy sy troepe en voorrade met die geringste tydsverlies aan wal kon kry. Dit duur egter van 4 tot 14 September voordat al die voorrade, geskutstukke en ammunisie by Muizenbergkamp versamel kan word. Al die voorrade moes op die rûe van die soldate oor 'n afstand van ses myl vervoer word. Pargiter en Eady beweer: "the force was completely without transport, and the troops were obliged to carry all their impedimenta, while volunteers from the crews

55) Ibid., pp. 129-130; Perrin, W.G.: The Keith Papers, Dl. I, Blankett-Elphinstone, 19 Sept. 1795, pp. 367-368.
56) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Elphinstone-Dundas, 12 Sept., 1795, p. 119.
57) Ibid., pp. 119-120.

of the transports hauled the guns".[58] In hierdie stadium het Craig se magte by Muizenberg uit die volgende bestaan: 'n korps saamgestel uit seelui en mariniers van die vloot; ses kompanies van die 78ste Regiment en 'n afdeling van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie se troepe vanaf St. Helena - altesaam 1,900 man.[59]

---

58) Pargiter, R.B. and Eady, H.G.: The Army and Sea Power, p. 131.
59) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Elphinstone-Dundas, 23 Sept. 1795, p. 157.

# HOOFSTUK IX

## DIE VEROWERING VAN WYNBERG EN KAPITULASIE

Die oggend van 14 September het die Britse leër met hulle opmars vanaf Muizenberg begin om gelyktydig met Blankett se mag 'n aanval op Kaapstad te loods. Volgens Clarke moes die feit dat die opmars so gou kon begin aan die "ardent zeal for public service and indefatigable exertions" van die admiraal - verwysende na Elphinstone - toegeskryf word. Die leër het in twee kolonne afmarsjeer, maar 'n afdeling van genoegsame sterkte agtergelaat om die Engelse kamp en voorrade te beveilig. Die totale sterkte van die Britse mag is op tussen 4,000 en 5,000 man gestel, saamgestel uit infanterie, artillerie, mariniers en seelui (die sg. bloubaadjies) wat twaalf sesponderkanonne en twee houwitsers met hulle saamgevoer het. Daar is voorrade vir vier dae saamgeneem en genoeg vir agt dae agtergelaat.[1] Marnitz beweer dat die Britte in drie kolonne getrek het: een deur die Sandvlei, die corps d'armee deur die vlakte na Wynberg, terwyl 'n derde afdeling oor die Keisersmond na die Steenberg opgeruk het.[2]

Clarke was van mening dat die opmars van Muizenberg vir hom groot gevare inhou, want die gelyk, oop sandvlakte waardeur sy troepe tot daar moes marsjeer, was baie gunstig vir dié soort van oorlogvoering waarin die Kapenaars uitgeblink het - aanvalle met die ruitery, wat op groot afstande uit die saal vuur. Clarke bely aan Dundas: "I had reason to think we might be greatly harassed and suffer much on our route." Volgens hom was die voorsorgmaatreëls wat hy getref het en die terughoudendheid van die vyand daarvoor verantwoordelik dat sy verliese tydens sy aanmars na Muizenberg baie geringer was as wat hy verwag het, nl.: een matroos gedood en sewentien soldate gewond.[3] John Malcolm, genl. Clarke se aide-de-camp, bevestig dat die terrein moeilik begaanbaar was en beskryf dit as, "studded with sandhills and intersected with deep lagoons".[4] Ook Campagne voeg hom by diegene wat van mening was dat die natuur die aanmars van die Britte baie bemoeilik het. 'n Gestadige reëntjie, wat die weg onbegaanbaar gemaak het, het die vyand se probleme vergroot en

1) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Clarke-Dundas, 23 Sept. 1795, pp. 160-161; Paston, G.: Side-lights on the Georgian Period, Londen, 1902, pp. 223-224.
2) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 198.
3) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Clarke-Dundas, 23 Sept. 1795, p. 161.
4) Paston, G.: Side-lights on Georgian Period, p. 224.

"de vallei moest men tot over de middel en onder armen door waaden, terwyl de colonne die aan geene zijde der vallei marcheerden een niet min gevaarlijk moeras te bestrijden had, en volstrekte niet in staat waaren eenig ander geschut dan musketten meede te voeren".[5] Elphinstone beweer dat die Britte wel oor kanonne beskik het en dat vrywillige seemanne van die Oos-Indiëvaarders die kanonne deur die diep sand getrek het, "the country being difficult to proceed on they were considerably galled by the enemy during a fatiguing march performed in hot weather."[6]

Om sesuur die aand van 14 September het Sluysken 'n vergadering van die Politieke Raad byeengeroep en hulle meegedeel dat hy daardie oggend om nege-uur eers deur seinskote en daarna deur middel van rapporte van die vyand se aanmars na Wynberg kennis geneem het. Hy het onmiddellik, met uitsondering van een, alle kompanies burgerruiters wat hulle aan die Kaap bevind het na Wynberg gestuur. Slegs die kompanjie onder kapt. Laubscher is aan die Kaap behou om by verskyning van die skepe in Tafelbaai gebruik te word.[7]

Maj. van Baalen, bevelvoerder van die Wynbergse kamp, wat intussen van kaptein tot hierdie rang bevorder is, het aan Sluysken verslag gedoen dat hy die oggend van 14 September seinskote vanaf die Steenberge verneem het, wat deur hom beantwoord is. Volgens sy eie getuienis, het hy hierop gereageer deur aan die kaptein van die artillerie opdrag te gee om alles onder sy bevel in die haak te bring en terselfdertyd alle offisiere te vermaan om hulle op eerbare wyse te gedra. Nie lank hierna nie het hy die vyand in twee kolonne sien aanmarsjeer: een kolonne langs die Steenberge en die grootste deur die duine. Die burgerruitery het intussen die vyand in die duine tegemoetgery, maar so snel teruggeval dat hy dit sy plig geag het om, vergesel van die luitenant van die artillerie, van Schüler, soontoe te ry en die burgers weer eens op hulle plig en eed van trou te wys. Hy het hulle ook aangespoor om hom te volg en van die gunstige oomblik gebruik te maak om die vyand, wat met groot moeite sy swaar veldstukke deur die sand moes trek, aan te val. Indien die Britte eers uit die sand in die vlakte kom, sou dié voordeel verdwyn. Die burgers

---

5) V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, pp. 117-118.
6) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Elphinstone-Dundas, 23 Sept., 1795, p. 157.
7) C109: Resolutiën (Secrete), p. 521.

het egter nie hierop gereageer nie. Hyself het voortgegaan en die burgerkaptein, D. van Rheenen, met enige manskappe teëgekom wat afgemat en moedeloos was omdat hulle medeburgers hulle in die steek gelaat het.[8)]

By sy terugkeer na Wynberg het maj. van Baalen vir kapt. Kibourgh daar gevind wat aan hom gerapporteer het dat hy met sy kommando, infanterie, burgerruiters en pandoere die Steenberg verlaat het. In 'n verslag aan Sluysken het Kibourgh vertel dat op die oggend van 14 September om agtuur aan hom by die Steenbergkamp berig is dat sy voorposte seine betreffende die aannadering van die vyand ontvang het. Nadat hy alarm laat maak en sy manskappe en artillerie laat aantree en opstel het, het hy die voorste kolonne van die vyand gewaar wat besig was om met die gewone Kaapse pad deur die vallei te beweeg. Op hierdie kolonne het nog twee gevolg, elkeen 44 peletons sterk, wat verskeie veldstukke met hulle saamgevoer het. Hy het hierdie mag, wat in die rigting van Bergvliet en Wynbergvlakte voortbeweeg het, op tussen 3,000 en 4,000 man sterk geskat. Hy het ook gewaar dat 'n kolonne om die hoek van die Steenberge verskyn, en is hy terselfdertyd ingelig dat aan hulle linkerkant 300 tot 400 man in blou klere (vermoedelik seelui) op die kamp afmarsjeer. Hy het met die offisiere van die burgerruitery en militêre beraad gehou en hulle het saam besluit om hulle huidige standplaas te verlaat en op die vlakte, tussen die plase van die burgers Teubes en Rossouw, pos te neem. Die burger Wium het intussen gaan verkenningswerk doen om vas te stel of die vyand veldstukke by hom gehad het. Hy het gerapporteer dat die kolonne, uitgesonderd die seelui aan die linkerkant, uit 800 man bestaan het en dat hulle twee veldkanonne saamgevoer het.

Kibourgh het nou begin vrees dat die kolonne wat deur die duine gemarsjeer het hom van Wynberg sou afsny, aangesien die burgerruiters hulle nie kon stuit nie. Hy het dus op Wynberg teruggeval om nie tussen twee vure vasgekeer te word nie. In hierdie stadium het sy mag uit 80 man van die Nasionale Bataljon, mitsgaders drie kanonne, twee kompanies ruitery en 'n aantal pandoere bestaan. By Bergvliet het die ruitery en pandoere agtergebly om die vyand in sy aanmars te hinder. Daar hy egter nie die vyand gewaar het nie, het hy verder tot by Wynberg teruggeval,

8) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 211-212.

waar die kompanies ruitery hulle weer by hom gevoeg het.[9]

Neethling vertel dat die twee kompanies ruitery by Bergvliet deur kapt. Eksteen en lt. Daniël du Plessis aangevoer is. Hoewel hulle op die vyand gevuur het, is hulle deur dié se groot getalle en artillerie gedwing om terug te val ten einde omsingeling te verhoed. By hierdie aksie het lt. du Plessis, een van die Swellendamse burgers, en sy manskappe hulle só kloek gedra dat genl. Clarke hom ná die oorgawe van die Kaap genooi het om met hom saam te eet en hom groot lof vir sy stoutmoedigheid toegeswaai het.[10] Campagne bevestig die verhaal van du Plessis se dapperheid en sê dat hý ŉ kompanie van omtrent 50 man aangevoer het in die plek van die burger G.F. Raubenbach, wat sy pos verlaat het. Blykbaar het heelwat burgers in hierdie stadium na hul plase teruggekeer omdat die gerug versprei is dat die slawe in Swellendam ŉ huisvrou en haar kinders vermoor het en hulle dus oor die veiligheid van hul gesinne besorg was. Du Plessis het sy burgers laat opsaal, hulle in twee verdeel en die Britse mag afgewag. Sodra die Engelse onder skoot gekom het, het die burgers só ŉ strawwe vuur geopen dat die vyand genoodsaak was om terug te val en van hulle geskut gebruik te maak. Na dapper teenstand van meer as ŉ uur is Du Plessis genoodsaak om te wyk, wat volgens Campagne geskied het omdat maj. van Baalen nie die burgerruiters, wat by Wynberg in slagorde opgestel was, wou toelaat om te gaan help nie.[11]

Die Kaapse ruitery, wat juis gereed was om die Stellenbosse kompanies aan die Steenberge te gaan aflos, het direk na ontvangs van die alarmsein na Wynberg gegaan. Nadat hulle krygsraad gehou het, het hulle na die duine afmarsjeer. Aangesien die vyand reeds die terrein wat vir die ruitery geskik was, oorgesteek het, kon hulle hul nie met die kleingeweer veel skade berokken nie. Die ruitery is so erg deur die vyandelike geskut bestook dat hulle verplig is om na Wynberg terug te val. Die vyand het dus geen kanonvuur op sy aanmars na Wynberg teëgekom nie.[12]

Van Baalen beskryf die voortgesette aanmars van die Britte na Wynberg en vertel dat hy die middag van 14 September om drie-uur die kolonne wat

9) Ibid., pp. 212-213 en 217-221.
10) Neethling, C.L.: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, p. 85; Theal, G.M.: History of South Africa, Dl. III, p. 338.
11) V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, pp. 121-123.
12) Neethling, C.L.: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, pp.85-86.

oor die plaas van die burgerkaptein H.O. Eksteen, genaamd Bergvliet, gemarsjeer het, sien uitkom en hulle aan die linkersy van die kolonne, wat deur die duine marsjeer, sien voeg het.[13]

By die aannadering van die vyand het maj. Van Baalen die kompanie van Eksteen en van die Swellendammers ontbied en hulle saam met die orige ruitery, infanterie en artillerie in 'n linie opgestel. Die regter- en linkerflanke het uit twee kompanies burgerruiters elk bestaan. Die regtervleuel was uit die kommando van die Steenberg onder kapt. Kibourgh, met lt. Marnitz in bevel van die artillerie, saamgestel en die linkervleuel uit die Wynbergse kommando onder kapt. Lütgens met lt. Stephan in bevel van die artillerie. Twee kompanies burgerruiters is gebruik om die opening tussen die vleuels by Van Ess se plaas te dek en die ander is in die middel geplaas. Die pandoere was heel regs aan die bergkant. Van Baalen beweer dat sy infanterie nie sterker as 230 man was nie, waarby 88 artilleriste en nege veldstukke gevoeg moet word. Die veldstukke het uit een van ses- en ander van drie en vier pond bestaan. Marnitz stel die sterkte van die pandoere op 150 man en beweer dat omtrent nege kompanies burgerruiters aanwesig was. Vir hom was dit ook onbegryplik dat Van Baalen dit goedgevind het om die ruitery en infanterie direk in lyn met die artillerie op te stel en hulle sodoende aan die vyandelike kanonne bloot te stel, sonder die moontlikheid van hulle kant om die vyand enige skade te berokken.[14]

Die Engelse het, nadat hulle die Steenberge verbygesteek het, eers 'n tydjie op die vlakte gerus en die middag om twee-uur weer in beweging gekom. Hulle het toe die plase van Van Ess en Rentz verbygesteek met die doel om die kamp by Wynberg in die rug aan te tas.[15] Die burger La Harpe, wat gemerk het dat die kolonne hulle regterflank wou omsingel, het daarop aangedring dat lt. Stephan van links af moet marsjeer en agter 'n populierbos posneem. Van Baalen wou egter nie aan hierdie versoek gehoor gegee nie en om omsingeling te voorkom, moes die burgers uiteindelik terugval.[16]

---

13) V.C. 65: Brieven en Bylagen, p. 213.
14) Ibid., pp. 213-214; V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 198.
15) V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, pp. 123-124.
16) Neethling, C.L.: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, p. 87.

Op die Kapenaars se linkerflank het lt. Stephan hom laat verlei om nog voordat die Engelse by Lochner se plaas aangekom het en buite skootafstand van sy veldstukke was op hulle te begin vuur. In daardie stadium kon hy nie die huis van Lochner, wat 400 Rynse roedes ver was, bereik nie.[17] Die Engelse wat hulle kanonne op die hoeke van die huis geplaas het, het dadelik begin skiet en ook sekere afdelings van hulle vleuel losgemaak om die Kapenaars se flanke aan te val. Marnitz meen dat die Engelse veldstukke van 'n groter kaliber as die Kapenaars syn was en hulle kruit van 'n beter gehalte, want terwyl die verdedigers se vuur nie die Engelse kon bereik nie, het laasgenoemde bo-oor hulle koppe geskiet. Volgens hom, kon die Britte die kamp maklik genader het, maar het hulle eers gewag dat die kolonne, wat langs die Steenberge beweeg, die magte by Wynberg van die Kaap afsny. Toe Van Baalen eers wyk,het die twee verenig.[18] Campagne deel mee dat drie tot vier soldate in die burgerkamp gedood en die ammunisiewaens aan die brand geskiet is.[19] Genl. Clarke vertel dat hy by Wynberg sy leër van marskolonne in twee linies laat vorm het en 'n afdeling op sy regter- en linkerflank losgemaak het om albei die vyand se flanke aan te val, terwyl hyself met die hoofmag en die artillerie,wat baie goed deur maj.Yorke bedien is, teen hulle middel opgetree het.[20]

Van Baalen het geprobeer om die vyand se omsingelingsbeweging te stuit deur twee drieponders onder bevel van lt.Schüler na Van Ess se plaas op die regterflank af te stuur. Hulle was,volgens hom, egter nie in staat om te verhoed dat hy omsingel en met al sy veldstukke en ammunisie gevange geneem word nie. Hy het dus besluit om na Driekoppen terug te val en sy infanterie ter dekking agter sy artillerie te laat aanmarsjeer.[21]

Sluysken beweer dat die burgerruitery by aannadering van die vyand gevlug het en Kibourgh daardeur genoodsaak het om sy kanonne met groot moeite te sleep,aangesien hy geen trekdiere gehad het nie. Die burgers se enigste ongeval was die burger Kemp, wat deur vyande-

---

17) Volgens die ou Rynlandse mate is 1 roede = 12.36 voet.
18) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave,pp. 204-205.
19) V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden,pp. 125-126.
20) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Clarke-Dundas, 23 Sept. 1795, p. 161.
21) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 214-215.

like artillerie gedood is, en een lid van die Nasionale Bataljon wat gedood en 'n ander wat gewond is.[22)]

Aangesien daar versuim is om van die verlating van Wynberghoogte aan hulle kennis te gee, is Dirk Hoffman in bevel van die kompanie burgerruiters en lt. Kemper wat die artilleriste aangevoer het, in Houtbaai van die hoofmag afgesny.[23)] Marnitz sê dat lt. Kemper, by ontvangs van die berig dat die vyand tot by Wynberg aanmarsjeer het en kapt. Hoffman reeds met sy kompanie gevlug het, al die ammunisie vernietig en die kamp aan die brand gesteek het. Daarna het hy na die Kaap teruggeval. Sy eie kommando het in Kampsbaai in die kloof posgevat.[24)]

By die Driekoppen het die infanterie en artillerie weer stelling geneem. Twee kompanies ruitery het by die infanterie gebly, twee moes gedurende die nag langs die berg patrolleer en die orige die omgewing van die windmeul en die Soutrivier. Die grootste gedeelte van die ruitery het egter oor die Soutrivier gery en geweier om agter die Linie te kom. Van Driekoppen af het Van Baalen aan Sluysken laat weet dat hy nie daar sal kan uithou indien hy aangeval word nie. Die Kommissaris het nie kans gesien om hom te versterk nie en het hy gevolglik na die Kaap teruggeval. Die Engelse is dus toegelaat om ongehinderd voort te gaan. Op Westervoort en Rondebosch is die brûe oor die stroom afgebreek, maar die planke is daar gelaat sodat die vyand dit weer maklik kon herstel. Die deurtog na die Kaap was in elk geval daarsonder maklik genoeg.[25)]

Die tyding het die Kaap uiteindelik bereik dat die vyand ten getalle van tussen 4,000 en 5,000 man met 14 veldstukke en twee houwitsers die Kaapse mag na alle kante laat wyk en Wynberg ingeneem het. Terwyl die artillerie en infanterie tot by Driekoppen teruggeval en die ruitery gedeeltelik oor die Soutrivier gevlug het, het die vyand reeds tot by Nuweland, 'n uur van die hoofplaas af, gevorder.[26)]

---

22) Ibid., p. 222.
23) Neethling, C.L.: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, p. 87.
24) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, pp. 217-218.
25) Neethling, C.L.: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, pp. 88; V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 206; V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, p. 144.
26) V.C. 65: Brieven en Bylagen, p. 149.

Volgens Sluysken was al wat hy in hierdie stadium tot verdediging teen die aanval gehad het, wat van die landsy sowel as van die seekant te wagte was, die volgende was: 542 lede van die Nasionale Bataljon, 57 manskappe van die depots van Meuron en Württemberg, 100 man van die Pennistenkorps, 42 Maleiers, 71 herstellende siekes, 400 artilleriste, 200 afgeskrewene van gasie en geligte Kompanjiesdienare, sowel as die matrose van die werf en dié van die Castor en die paketboot die Star, 400 burger-infanteriste en hoogstens 800 burgerruiters. Die artilleriste was nie naastenby toereikend om al die batterye op die regter- en linkervleuels van die Kaap, die los stukke wat in posisie geplaas is, mitsgaders die batterye in Hout- en Kampsbaai te beset nie. Die gevolg was dat Fort de Knokke, sowel as die hele regtervleuel, onbeset gelaat moes word.[27]

Marnitz beskryf die ontplooiing van die troepe vir die verdediging van die Kaap soos volg: op die regtervleuel, vanaf Fort de Knokke langs die Linie tot by Munnik se woonplek is die infanterie opgestel. Dit het uit die Maleiers, Pennistenkorps, lede van die garnisoen, burger-infanterie en herstellende siekes bestaan en het in daardie volgorde in die Linie posgeneem, wat volgens Sluysken 374 roede lank was.[28] Langs Duiwelskop was daar geen infanteriste nie, slegs artilleriste by die los geskutstukke wat daar geplaas is. Op die linkervleuel was daar ook geen infanterie nie, slegs een kompanie ruiters wat by die Mouille posgeneem het. Die battery daar, soos dié by Kijk-in-de-Pot, Chavonne en Amsterdam, was goed van artillerie voorsien. Die battery by Roggebaai is deur die volk van die ekwipasiewerf beset en die bewaking van die Kasteel is aan die Invalidekorps toevertrou.[29]

Marnitz kritiseer hierdie plasing van troepe - veral die bemanning van die batterye. Hy meen dat meer artilleriste op die regterflank behoort gebruik te gewees het en dat daar na verhouding te veel manskappe in die forte Chavonne en Amsterdam geplaas is, aangesien daar weens die rotsagtigheid van die kus moeilik 'n landing tussen Mouillepunt en Roggebaai sou kon plaasvind. Op die flank van die Linie, waar 'n lan-

---

27) Ibid., pp. 154-155.
28) Ibid., p. 150.
29) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 209.

ding weens die sanderigheid van die strand met gemak sou kon geskied, is niemand gebruik nie. Die manskappe van die ekwipasiewerf wat vir die battery in Roggebaai gebruik is, was nie almal daar nodig nie, en kon op ander plekke gebruik gewees het. Marnitz voel ook dat die slawe doeltreffender aangewend kon gewees het, aangesien baie burgers bereid was om hulle slawe beskikbaar te stel om by die batterye diens te verrig.[30)]

Nadat Van Baalen se troepe van Wynberg af teruggeval het, het Clarke se magte hulle vir nog twee myl agtervolg. Die duisternis was egter aan die toesak en die Britse troepe baie moeg as gevolg van die swaar las wat hulle moes dra en die feit dat hulle in hul opmars oor moerasagtige grond gedurig deur die burgers geteister is. Clarke het op terrein, wat vir hom gunstig gelyk het, halt geroep met die voorneme om die aanmars die volgende oggend teen dagbreek voort te sit.[31)]

. . . . . . . . . . . .

Sluysken het in hierdie stadium gevoel dat in die lig van die oorweldigende Engelse mag, wat gereed was om 'n landaanval te loods, dit raadsaam sou wees om 'n wapenstilstand van agt-en-veertig uur aan te vra. Hy is verder in sy mening gesterk toe berig ontvang is dat 'n kanonnier in Kampsbaai deur vuur vanaf die Britse skepe gedood is. Sy voorneme was om dié wapenstilstand te versoek, sodat met die vyand oor die mees voordelige voorwaardes van oorgawe onderhandel kon word. Hy wou ook die steun van die Politieke Raad hiervoor verkry.[32)]

Volgens Campagne was die Kaap in hierdie stadium byna ontvolk, want die vroue en kinders en vryswartes het reeds uitgevlug. Van Ryneveld, 'n lid van die Politieke Raad, was in 'n hoë mate vir hierdie toestand verantwoordelik, want hy het die gerug versprei dat die dertien Britse skepe Kaapstad onder die koeëls gaan steek. Die burgerrade Hendrik de Wet en Abraham Fleck het ook openlik die hoofde van die burgerruitery en -infanterie tot kapitulasie-onderhandelings aangemoedig. Die meeste offisiere van die burgery het hulle egter weinig hieraan gesteur.[33)]

---

30) Ibid., pp. 214-217.
31) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Clarke-Dundas, 23 Sept., 1795, pp. 161-162.
32) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 151-155.
33) V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, pp. 132-133.

Die aand om sesuur het die Politieke Raad in die Kasteel vergader. Die Kommissaris het 'n oorsig van die militêre gebeure in die dag gegee en die lede versoek om hom in die aanvra van die wapenstilstand van agt-en-veertig uur te steun sodat die burgers en ingesetenes van Kaapstad nie aan plundering en verlies van besittings blootgestel sou word nie. Die Britse oormag en die ongedissiplineerde en oproerige gedrag van 'n gedeelte van die Kaapse magte, wat van sodanige aard was dat met die grootste omsigtigheid en toegeeflikheid opgetree moes word om die inwendige rus te bewaar, het verdere weerstand onraadsaam gemaak. Met uitsondering van Van Rheede van Oudtshoorn het al die lede van die Politieke Raad met die Kommissaris saamgestem dat 'n wapenstilstand aangevra moet word. Van Rheede van Oudtshoorn was die bevelvoerder van die Pennistenkorps en hy het aangebied om met sy korps aan die slag deel te neem op 'n plek waar hy aan die hewigste vuur blootgestel sou wees. Hy wou ook nooit tot die oorgawe van die Kaap instem nie.[34]

Dieselfde aand word lt. de Vries met 'n sloep gestuur om die Britse skepe in Tafelbaai van die wapenstilstand in kennis te stel en die batterye op die linkerflank te gelas om nie die skepe onder vuur te bring nie. Blankett laat aan Sluysken weet dat hy nie tot die wapenstilstandsooreenkoms kan instem sonder toestemming van generaal Craig nie. Hy beloof egter om geen daad van vyandigheid te pleeg totdat hy ingelig word dat die wapenstilstand misluk het nie.[35] Campagne vertel dat Blankett, wie se skepe in die omgewing van Robbeneieland geanker was, ten spyte van die feit dat hy van die wapenstilstandsooreenkoms bewus was,dié middag die Kaapse rede kom opseil het. Daar is toe vanaf die Mouillie-battery vuur op hom geopen. Hendrik Zin, kommandant van die burger-artillerie, wat by die Amsterdamse battery geplaas was, wou hierdie voorbeeld navolg, maar kapt. Hendrik van de Graaff was daarteen gekant. Hy het van die burgers se handspake uit hulle hande geruk, maar hulle het, dit ten spyt, voortgegaan. Gordon het hierop verskeie boodskappers gestuur om hulle te beveel om op te hou. Hy het beweer dat die Engelse almal sal dood-

---

34) V.C. 65: <u>Brieven en Bylagen</u>, pp. 151-157.
35) Theal, G.M.: <u>Records of the Cape Colony</u>, Blankett-Elphinstone, 19 Sept 1795, p. 136.

slaan as hulle die wapenstilstand verbreek. Die burgers was egter van mening dat nie húlle nie, maar hý die wapenstilstand verbreek het deur die rede op te vaar. Blankett se skepe het nie hierdie vuur beantwoord nie.[36)]

Die afgeskrewene van gasie en geligte Kompanjiesdienaars het aangebied om teen die Engelse te veg, maar omdat hulle aanbod nie deur die Kommissaris aanvaar is nie, het hulle gemeen dat hulle dienste nie meer nodig is nie. Hulle het dan ook stadigaan die batterye verlaat.[37)] Die infanteriste van die Nasionale Bataljon het op die buiteposte en wagposte gebly en die artilleriste op die verskillende poste en batterye tot die Engelse hulle sou oorneem.

Campagne beweer dat, omdat almal 'n algemene aanval op die Engelse begeer het, Sluysken sy onderhandelings in verband met 'n wapenstilstand bedek wou hou. Hy het dus die aand om tienuur vergesel van sy aide-de-camp en kol. Gordon na die buitewerk van die Kasteel gegaan, waar hy die hele Linie besigtig en die burgers en militêre met vele woorde tot hulle plig vermaan het. Hulle is aangemoedig om te veg in 'n stadium toe die wapenstilstand alreeds deur die Politieke Raad goedgekeur en deur die Kommissaris geteken was en hy besig was om voorwaardes vir die oorgawe op te stel. Gordon self het ten minste nog geglo dat die hoofsetel verdedig sal word.[38)]

Op die oggend van 15 September het twee lede van die Politieke Raad, J.J. Le Sueur en W.S. van Ryneveld na Rondebosch vertrek om oor die oorgawe met genl. Craig te onderhandel. Die onderhandelings het by Rustenburg, die landelike woning van die eertydse Kaapse goewerneurs by Rondebosch, wat deur die heer Gerhard Munnik bewoon is, plaasgevind. Sommige van die voorgestelde artikels van oorgawe is deur die Engelse aanvaar, ander is gewysig en slegs twee is verwerp: artikel 8 wat verlenging van die wapenstilstand vir nog 24 uur gevra het en art. 13, wat betrekking gehad het op die vyf drosters uit die Britse mag, wat by die Kapenaars aangesluit en vir wie amnestie versoek is. Hierdie laaste klousule het 'n vertraging in die onderhandelings veroorsaak, want Sluysken wou nie met

36) V.C. 76: Campagne, H.D.: <u>Memorie en Byzonderheden</u>, pp. 147-148.
37) V.C. 75: Marnitz, P.W.: <u>Verhaal van de Overgaave</u>, p. 231.
38) V.C. 76: Campagne, H.D.: <u>Memorie en Byzonderheden</u>, p. 147.

uitsluiting daarvan tot oorgawe toestem nie. Genl. Craig het die Kommissaris egter verseker dat, ten spyte van die feit dat hy steeds geweier het om die artikel in die Artikels van Oorgawe in te sluit, daar geen notisie van die drosters geneem sou word nie. Die Kommissaris en die Politieke Raad het laat die nag van 15 September byeengekom om die verdrag met insluiting van Craig se gewysigde klousules te onderteken.[39]

Vroeg die oggend van 16 September is die voorwaardes vir die oorgawe van die Kaap afgehandel deurdat die nodige dokumente deur genl. Craig en adml. Elphinstone by Rustenburg onderteken is. Om elfuur dieselfde aand het die Politieke Raad vir die laaste keer vergader toe die lede byeengekom het om opdrag te gee vir die amptelike publikasie van die Artikels van Oorgawe en besluit het om aan die hoofde van departemente en offisiere in die buitedistrikte kennis te gee van wat plaasgevind het.[40]

Die voorwaardes van oorgawe het bepaal dat die Kaapse troepe as krygsgevangenes beskou sou word, maar dat die offisiere, nadat hulle hulle woord van eer gegee het dat hulle by die voortsetting van vyandelikhede nie weer teen Brittanje sou veg nie, toegelaat sou word om òf in Kaapstad te bly òf na Europa op parool terug te keer. Die koloniste sou al hulle voorregte, insluitende geloofsvryheid, behou. Geen nuwe belastings sou gehef word nie en, die finansiële agteruitgang van die Kaap in ag nemende, sou die ou heffings so ver moontlik verminder word. Alles wat aan die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie behoort het, moes aan die Britse bevelhebbers oorhandig word, maar alle privaateiendom sou eerbiedig word. Die land en eiendom wat aan die Kompanjie behoort het, sou in pand gehou word vir aflossing van daardie gedeelte van die papiergeld wat nie deur die verbande op privaateiendom gedek is nie.[41]

Hoewel die inhoud van die kapitulasie-ooreenkoms geheim gehou is en eers die middag na die aankoms van die Engelse gepubliseer is, het dit bekend geword dat die krygslui hulle gewere sou moes aflê en as krygsgevangenes beskou sou word. Dit het daartoe aanleiding gegee dat

---

39) Theal, G.M.: <u>History of South Africa</u>, Dl. III, pp. 340-341. Sien Bylae III.
40) <u>Ibid.</u>, p. 341.
41) <u>Ibid.</u>

die lede van die garnisoen tot allerhande buitensporighede oorgegaan het. Die artilleriste het die vensters stukkend geslaan en die infanteriste het op Gordon gevloek en geskimp. Baie het hulle landwaarts begeef om die skande te ontkom wat die aflegging van hulle gewere meegebring het.

Sluysken en Gordon het die Britte versoek om so spoedig moontlik na die Kaap te kom om verdere woelinge te belet. Die middag om twee-uur het hulle aangemarsjeer gekom en omtrent by Roode Bloem halt geroep. Die voorpunt van die Britse troepe, wat uit hulptroepe van St. Helena bestaan het, het eers die batterye langs die Linie en Fort de Knokke in besit geneem, waarop die hoofmag vorentoe beweeg en die hoogte agter die Kasteel betrek het, waarvandaan hulle 'n afdeling gestuur het om al die batterye te beset. Die Britse mag het tien lang veldstukke, agt- en sesponders en enige houwitsers en ammunisie saamgebring.[42]

Om drie-uur het die 200 artilleriste en 1,200 infanteriste onder genl. Craig by die Kasteel aangekom en is hulle op die oop terrein daarvoor in gelid opgestel. Met vlieënde vaandels en onder trommelslag het die Kaapse troepe by die Engelse verbymarsjeer en, nadat hulle in die presenteer geweer posisie gekom het, het hulle hul wapens as krygsgevangenes neergelê. Vir die eerste en die laaste keer gedurende die krygsoperasies het Gordon sy swaard getrek om die garnisoen tot die neerlê van wapens te beveel. Die manskappe het hulle wapens met die grootste verontwaardiging neergewerp en Sluysken en Gordon allerhande beledigings toegevoeg. Een soldaat het selfs so ver gegaan om die kolonel aan te rand.[43]

Die Britse mag het ook die Kasteel in besit geneem, maar die grootste gedeelte van die manskappe het agter die Kasteel in tente bly kampeer. Dié aand het genl. Clarke met 2,000 infanteriste en artillerietrein aangekom. Die vlootbrigades en mariniers is van Nuweland af na Simonstad teruggestuur. Sommige van die mariniers en lede van die

---

42) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, pp. 232-235.
43) Ibid., p. 239; Neethling, C.L.: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, p. 88; V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, pp. 160-161; Theal, G.M.: History of South Africa, Dl. III, pp. 341-342.

vlootbrigade het op hul terugmars losgebreek en die plaashuise beroof. Een geselskap het 'n besoek aan Constantia, die plaas van mnr. Hendrik Cloete, gebring, hulle vryelik aan die wyn gehelp en sy meubels beskadig.[44]

Die Kapenaars het intussen al meer vir Sluysken en Gordon begin verfoei omdat hulle van verraad verdink is en hulle hierin deur die menigvuldige verhale van die Britse offisiere gesterk is. Die gevolg was dat die twee weinig meer in die openbaar gesien is.[45] Gordon is gedurende die nag van 5 Oktober in sy tuin dood gevind nadat een van sy huisgenote 'n skoot gehoor het. Hy het selfmoord gepleeg.[46] Sluysken het op 13 September met die kartelskip, die <u>Loyalist</u>, na Europa vertrek, nadat die oordrag van besittings van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie voltooi is. Hy was vergesel van die militêre offisiere: Van Hügel, Kunz, Le Sueur, Cloete, Wynrich en Walburg, sy private sekretaris, mnr. Faay, dr. van Rees, vier bediendes en 210 soldate van die artilleriekorps. Op 16 Februarie het Sluysken en sy geselskap in Portsmouth aangekom en is die soldate hier aangehou totdat hulle vir Engelse soldate uitgeruil kon word. Sluysken en die offisiere het in Hambleton, twaalf myl van Portsmouth, gebly. Dundas het in 'n briefwisseling met Sluysken vir hom laat verstaan dat hy 'n krygsgevangene is en nie na Holland kon vertrek alvorens hy behoorlik uitgeruil is nie. Dit was teenstrydig met die plegtige versekering wat hy aan die Kaap ontvang het dat hy binne vier of vyf dae na sy moederland sou kon vertrek. Op 1 April het Sluysken met die offisiere en hulle bediendes aan boord van die kotter <u>Goodwood</u> gegaan wat op die 14de na Hellevoetsluys vertrek het en dit op 17 April bereik het.[47]

Op 18 April het Sluysken in Den Haag aangekom en op 19 April het hy voor die Nasionale Vergadering verskyn en gevra dat ondersoek na sy optrede ingestel word en ook sy Verbaal ingedien waarin hy die gebeurte-

---

44) <u>Ibid.</u>, p. 342.
45) <u>V.C.</u> 75: Marnitz, P.W.: <u>Verhaal van de Overgaave</u>, p. 251.
46) <u>Ibid.</u>; V.C. 67: <u>Brieven en Bylagen van den Commissaris Sluysken, 1793-1798</u>, pp. 464-465 K.A.; Theal, G.M.: <u>Records of the Cape Colony</u>, Clarke-Dundas, 12 Nov. 1795, p. 230; Paston, G.: <u>Sidelights on Georgian Period</u>, p. 228.
47) C800: Burgerbesware, en Kommissie van Ondersoek, 1742-1796, pp. 38-42 K.A.; Theal, G.M.: <u>History of South Africa</u>, Dl. III, pp. 343-344.

nisse wat tot die uiteindelike oorgawe van die Kaap gelei, opgeteken het. Die saak is deur die Nasionale Vergadering na 'n komitee, die Kommissie vir Buitelandse Sake, verwys om die nodige ondersoek in te stel en 'n verslag voor te berei.

Kort hierna het 'n dokument wat deur die ingenieur-offisier aan die Kaap, L.M. Thibault, opgestel is in Holland aangekom en Sluysken se optrede in 'n uiters ongunstige lig gestel. Omdat hulle eers die inhoud van hierdie dokument moes oorweeg, was die Kommissie vir Buitelandse Sake nie in staat om sy verslag voor 21 Oktober ter tafel te lê nie. In hulle verslag meld die lede van die kommissie dat die Kommissaris, met die geringe mag tot sy beskikking, alles in sy vermoë tot behoud van die Kaap teen 'n oorweldigende oormag, gedoen het. Hulle het veral nadruk daarop gelê dat hy so lank soos moontlik weerstand gebied het, sodat hy tot onderwerping gedwing is en nie vrywilliglik oorgegee het nie. Wanneer vrede met Brittanje gesluit word, sou dit 'n belangrike oorweging wees om genoemde land te dwing om die Kaap weer aan sy wettige eienaars, die Nederlandse Regering, terug te gee.[48)]

As uitvloeisel van die verslag van die Kommissie vir Buitelandse Sake het die Nasionale Vergadering op 2 Desember 'n besluit geneem waarin hulle dit stel dat Sluysken sy plig stip uitgevoer het en die agting van sy vaderland verdien.[49)]

Van die lede van die Politieke Raad het die sekunde, J.I. Rhenius, en die fiskaal, W.S. van Ryneveld, in diens van die Britte getree. Ook die Resident te Simonstad, C. Brand, asook De Lille, laasgenoemde as barakmeester, het by hulle diens aanvaar. Driehonderd-een-en-negentig lede van die Nasionale Bataljon is deur die Engelse vir 'n bedrag van vyf ghienies oorreed om by die Britse leër aan te sluit. Die meeste van hulle was Duitsers. Dertig is na St. Helena gestuur en die ander na

---

48) Ibid., pp. 344-345. Deur die voorlopige ooreenkoms van Londen, op 10 Oktober 1801, tussen Brittanje en Frankryk is die weg dan ook vir die Nederlandse regering geopen om die kolonies, wat Groot-Brittanje van hom verower het, terug te kry.

49) Ibid., pp. 344-345; C800: Burgerbesware, p. 39.

Madras en Bengale.[50]

Deur aan die Engelse te kapituleer het die bewind van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap, wat vir 'n tydperk van honderd-drie-en-veertig jaar geduur het, tot 'n roemlose einde gekom. Op sý beurt sou Groot-Brittanje, met 'n kort tussenpose, vanaf 1803-1806, die Bataafse Tydperk, bande met hierdie gewes behou, totdat Suid-Afrika in 1961 'n Republiek geword het, en dit op velerlei wyses beïnvloed.

---

50) Ibid., pp. 42-43; Theal, G.M.: History of South Africa, Dl. III, p. 345.

## HOOFSTUK X

## SLOTSOM

### 1. Die Rol van die Kommissaris-Generaal, Militêre Bevelhebbers, Garnisoen en Burgermilisie Tydens die Verowering van die Kaap.

Wanneer die aandeel van die verskillende groepe aan die Kaap: die goewerneur, militêre leiers, soldate en burgery aan die oorgawe van hierdie gebied aan die Engelse bespreek word, is dit paslik om by die rol van die hoofgebieder te begin.

Dat Sluysken in hierdie stormagtige tye as Kommissaris-Generaal met die hoogste verantwoordelikheid aan die Kaap belas is, was die gevolge van ʼn sameloop van omstandighede eerder as deeglike beplanning. Die Kommissarisse, S.L. Nederburgh en J.H. Frykenius, wat J.I. Rhenius ongeskik vir die taak as bewindhebber bevind het, het Sluysken oorreed om hierdie posisie te beklee. In hierdie stadium was hy van Soerat, aan die weskus van Voor-Indië, waar hy enige jare direkteur was, op weg na die Nederland, waar hy sou gaan aftree en waarheen sy familie hom reeds vooruitgegaan het. Hy was slegs eenkeer tevore aan die Kaap toe hy in 1765 op weg na Indië ongesteld geraak en enige tyd hier deurgebring het.[1]

Sluysken was ʼn man van rype ervaring wat die indruk gewek het dat hy met sy minsame aard geweet het om met almal om te gaan en die klagtes te sus. Idenburg sê: "Hy trachtte door zachte vermaningen en brieven tevergeefs het gezag te herstellen."[2] Só gewild was die Kommissaris aanvanklik dat hy die naam "Vader Sluysken" verwerf het.[3]

Die Kompanjie se bankrotskap het die hele ekonomiese lewe aan die Kaap verlam en ʼn toestand van ontevredenheid en oproerigheid onder die boere veroorsaak. Hoewel Sluysken as Kommissaris-Generaal meer mag as ʼn goewerneur gehad het en in alle sake, desverkiesend, sonder raadpleging van die Politieke Raad kon handel, was sy posisie, weens die burgery se ontevredenheid en houding teenoor die Kompanjie, in werklikheid swak.[4]

Ten spyte van die feit dat hy op militêre gebied hopeloos onervare was, was sy hooftaak om die Kaap teen ʼn moontlike Franse aanslag te be-

1) Idenburg, P.J.: <u>De Kaap de Goede Hoop</u>, pp. 49-50.
2) <u>Ibid</u>., p. 52.
3) C800: Burgerbesware, p. 5.
4) Idenburg, P.J.: <u>De Kaap de Goede Hoop</u>, p. 50.

veilig. Nederburgh en Frykenius het dit duidelik gestel dat die opstel van verdedigingsplanne vir die Kaap in die eerste plek aan die goewerneur opgedra is en sý verantwoordelikheid was.[5] Sluysken self was oortuig daarvan dat die sorg van die verdediging sy hoofverantwoordelikheid was en na sy aanstelling op 15 Oktober 1793 wys hy in sy heel eerste brief aan die Here XVII op die gebreke aan die Kaap in dié verband.[6] Aanvanklik wy hy hom ywerig aan hierdie aspek van sy pligte en probeer hy om alle batterye en verdedigingswerke, wat in verval geraak het, met die geringe middele tot sy beskikking te herstel. Nuwe vestings word selfs opgerig, soos die fortjies Boetselaar en Zoutman in Simonsbaai en Sluysken, Gordon en Klein-Gibraltar in Houtbaai. Oonde is ook hierby gevoeg om koeëls te verwarm. Marnitz beweer dat Sluysken hierdie plekke dikwels geïnspekteer en die werkvolk tot die arbeid aangemoedig het.[7] Dit wil voorkom of hy erns met die verdediging getoon het so lank 'n Franse aanval gevrees is, maar sy belangstelling daarin verflou het vanaf die oomblik dat die Britte geland het.

Sluysken is deur die aankoms van Elphinstone en Craig se magte op 11 Junie en die brief van die Prins van Oranje, waarin dit aan hom opgedra word om die Engelse troepe in die Kasteel en forte op te neem, in 'n groot penarie geplaas. Volgens hom was hy, weens die groot afstand, nie behoorlik op hoogte van gebeure in Europa nie. Neethling beweer egter dat die burger, D. Hubner, aan Sluysken 'n publikasie van die State-Generaal oorhandig het, waarin die rewolusie, die republiek en die bestaan van die Bataafse regering aangekondig is.[8] Die Kommissaris moes met die moontlikheid rekening hou dat die Nederland vrede met Frankryk gesluit het en 'n Frans-Hollandse vloot te enige tyd aan die Kaap te wagte was. Hy het vir hom 'n matige fortuin in die Ooste opgebou en sou nie graag deur dwase optrede alles wat hy in sy leeftyd versamel het, nou wou kwytraak nie. Sy politieke gesindheid het duidelik geblyk: hy wou sy weg na alle kante oophou. Indien omstandighede

5) C102: Resolutiën, 8 Apr. 1793, pp. 472-472.K.A.; C691: Brieven van Commissaris-Generaal Nederburgh en Frykenius aan Raad van Politie, 3 April 1793, pp. 342-344.K.A.
6) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 1-3.
7) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p.29.
8) Neethling, C.L.: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, p. 46.

dit raadsaam maak, sou hy kapituleer, andersins moes die skyn bewaar word dat hy hom teen die Britte verset om sodoende die pro-Franse Nederlandse regering tevrede te stel. Indien hy hom glad nie teen die Engelse verset nie en 'n Franse eskader land aan die Kaap, sou hy moeilik sy optrede kon motiveer en sy posisie handhaaf.

Weens die tweeslagtigheid van sy optrede en die geweldige kloof tussen woord en daad is dit moeilik om sy gedrag te ontleed en tot 'n juiste slotsom te kom. Theal beweer: "... no barbarian was ever gifted in a higher degree with the power of concealing emotion of any kind." Hy was in alle omstandighede kalm en selfbeheersd en, "so great was his assurance that he could represent himself to either of the political parties in the fatherland as a devoted adherent, and be received as such by each."[9)] Uit sy korrespondensie met die Britse bevelhebbers, asook sy openbare uitinge, kom dit voor asof hy die Kaap met sy laaste druppel bloed wou verdedig, maar sy passiewe optrede tydens die krygsoperasies strook nie hiermee nie. Hy is veelal deur die burgers van verraad beskuldig, maar daar is nêrens dokumentêre bewys dat hy met die Britte geheul het nie. Inteendeel, Elphinstone en Craig skryf aan Dundas: "... Major General Craig went to Cape Town and had a personal conference with the Governor which on the part of that gentleman passed with a formal civility very unpromising to the success of the measures which it was our wish to bring him into." Hulle gaan ook verder te sê dat daar min hulp uit dáárdie oord te wagte was en dat die Kommissaris volle beheer oor die Politieke Raad uitoefen.[10)] Op dieselfde dag, 27 Junie 1795, skryf hulle verder aan Dundas, verwysende na Sluysken: "Whatever may be the views and prospects of this Gentleman, and notwithstanding his assurances upon our first arrival we have now good reason to believe that he is our chief and strongest opponent nor will his views whatever they may be, suffer any check from his attachment to the house of Orange."[11)] (Sluysken was, soos al die ander Kompanjiesdienare, 'n geswore Oranjeman en het aanvanklik ook die Oranje-kokarde gedra.)[12)]

Marnitz beweer dat daar drie gedagterigtings oor Sluysken se optrede

---

9) Theal, G.M.: History of South Africa, Dl. III, pp. 299-300.
10) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Elphinstone en Craig-Dundas, 27 Junie 1795, p. 80.
11) Ibid., p. 82.
12) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, pp. 102-105.

bestaan het: (1) Sommige Kompanjiesdienaars het beweer dat hy ꞌn opregte voorneme gehad het om die kolonie teen Brittanje te verdedig, maar die oproerige gedrag van die burgery dit onmoontlik gemaak het, veral hulle weiering tot bystand. (2) Dat hy aanvanklik die voorneme gehad het om die kolonie teen die Britte te verdedig, maar weens die wederstrewige gedrag van die Swellendammers en Graaff-Reinetters en om sy eie veiligheidsonthalwe van voorneme verander het. (3) Die mening dat hy nooit enige opregte begeerte gehad het om die kolonie te verdedig nie - wat deur die meeste burgers onderskryf is.

By oorweging van hierdie moontlikhede moet die volgende feite in aanmerking geneem word.

(a) Dat hy voor die aankoms van die Britte groot ywer en kundigheid met die aanlê van die batterye getoon het, maar sedert hulle landing niks gedoen het wat tot enige verdediging kon bydra nie.

(b) Dat die aard van die Kaapse verdedigingswese van so ꞌn aard was dat hy veel aandag aan die artillerie moes wy, maar dit verwaarloos het. Veral die batterye in Simonsbaai is sonder meer in die steek gelaat. Deur die plasing van ꞌn aantal energieke artilleriste dáár kon die Britse landing betwis gewees het.

(c) Dat hy feitlik uitsluitend die burgeroffisiere, wat weinig kennis van militêre aangeleenthede gehad het, geraadpleeg het, hoewel hy van hierdie gebrek geweet het.

(d) Hoewel die verantwoordelikheid van die verdediging in die éérste en lááste instansie by hom berus het, hy nooit druk op kol. Gordon uitgeoefen het om te sorg dat die kampe by Muizenberg en Wynberg in ꞌn behoorlike staat van verdediging is nie. ꞌn Bekwame ingenieur soos Thibault is gedurende hierdie tyd met beuselagtige werkies in Kaapstad besiggehou.

(e) Hy na De Lille se eerste lafhartige en verraderlike optrede by Muizenberg nagelaat het om teen hom op te tree. Na die debakel by Sandvlei was Sluysken persoonlik ooggetuie van sy lafhartige optrede en het nogtans sy terugtog na Wynberg goedgekeur.

(f) Hy gekapituleer het, hoewel daar uit ꞌn totaal van 3,000 manne minder as ꞌn tiental in die kryg gesterf het en al sy vestingswerke in die Kaap nog ongeskonde was.

Dit is duidelik dat Sluysken uit die staanspoor ꞌn groot oordeelsfout

begaan het deur die Britte by hulle aankoms nie as vyande te behandel en hulle alle voorrade te ontsê totdat hy duideliker opdrag uit die vaderland ontvang het nie. Hy het in daardie stadium genoegsame aanduiding gehad dat die Nederland van bondgenoot gaan verander. Indien die Britte dadelik alle voedselvoorrade ontsê was, sou Elphinstone en Craig gedwing gewees het om van hulle onmiddellike oogmerke af te sien, aangesien hulle 'n groot persentasie skeurbuiklyers aan boord gehad het en oor geen artillerie en vervoer beskik het nie.[13)]

Die grondliggende oorsaak vir Sluysken se optrede moet egter in die feit gesoek word dat hy geen vertroue in die burgers gehad het nie, nóg hulle in hom. Watermeyer beweer in hierdie verband: "Sluysken at last yielded, preferring a capitulation to insubordinate subjects ..." Volgens hom was, "The sole question at the time of the arrival of the English fleet... whether the colony should be yielded to the anarchy of those who raised the standard or should pass into the hands of a European power by whom, at peace, it might be restored."[14)] Terwyl Sluysken egter voor die Politieke Raad in 'n verslag aan die Kompanjie praat van die veel kwaaier weerstand wat die Britte sal ervaar as wat hulle verwag en die bloedbad waarin die Kaap gedurende 'n Engelse aanval omgeskep sal word,[15)] het hy in werklikheid in stilte alle pogings tot weerstand verydel. Tereg sê Douglas: "... what Sluysken dared not do openly he thought he might accomplish in an underhand manner; he was more loyal to his Prince than to his country and rather than own the republican government he determined to play secretly in the hands of the invaders."[16)]

Die Kommissaris het op 19 April 1796 voor die Nasionale Vergadering te Den Haag verskyn en gevra dat ondersoek na sy optrede ingestel word.[17)] Terselfdertyd het hy sy Verbaal ingedien waarin hy al die gebeurtenisse opgeteken het wat tot die uiteindelike oorgawe van die Britte aan die

---

13) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Elphinstone-Dundas, 17 Junie 1795, pp. 60-62.

14) Watermeyer, E.B.: Three Lectures on the Cape of Good Hope under the Government of the Dutch East India Company, Cape Town, 1857, p. 66.

15) C109: Resolutiën (Secrete), p. 259; Leibbrandt, H.C.V. en Heeres, J.E.: Memoriën van de Goewerneur van de Graaff, p. 36.

16) Douglas, M.: The Cape and Its Story or the Struggle for S.A., Londen, 1907, p. 37.

17) C800: Burgerbesware, p. 1.

Kaap gelei het.[18] Die voormalige goewerneur van die Kaap, Jacob van de Graaff, wat 'n goeie kennis van militêre aangeleenthede gehad het, het beweer dat hy hierdie Verbaal gelees het en dat, wat die militêre sake aangaan, daarin van die begin tot die einde niks anders as wanorde te vinde is nie. Dít, sê hy, moet 'n mens seker aan 'n gebrekkige militêre kennis by Sluysken toeskryf.[19] In sy Verbaal beweer Sluysken dat die oorgawe van die Kaap aan die lafhartigheid, skraapsug en wederstrewigheid van die burgers gewyt moet word en dat hy die Kaap vir drie-en-'n-half maande teen 'n oormag van 5,500 man en 23 skepe verdedig het.[20] Die saak is, soos reeds beskryf, deur die Nasionale Vergadering na die Komitee vir Buitelandse Sake verwys om te ondersoek en 'n verslag daaroor voor te berei.

Die Kommissaris vir Buitelandse Sake het bevind dat hy in alle sake opgetree het op 'n wyse, "als kan gevergd worden in zulke omstandigheden van den Eerlijksten en doorsigstigsten ambetenaar."[21] Die Nasionale Vergadering het in hulle uitspraak oor hom hierby gevoeg dat Sluysken, "zich van zijn plicht behoorlijk had gekweeten en zich verdienstelijk aan de Vaderland gemaakte heeft in het waarnemen van het door ons beschouwde politique gedeelte van de aan hem toebetrouwde post."[22]

Ten spyte van hierdie bevindings in sy guns, kan ons, wanneer ons sy optrede tydens sy dienstermyn, en veral ná die Engelse landing, in oënskou neem nie anders as met Lauts saamstem as hy van sy "kleingeestige vreesachtigheid",[23] praat nie en met Idenburg wanneer hy sê: "Deze laatste bestuurder der Oos-Indiese Companjie aan de Kaap is een weinig aantrekkelijke figuur."[24]

. . . . . . . . . . . .

Robert Jacob Gordon, die opperbevelhebber van die Kaapse garnisoen, gedurende die laaste vyftien jaar van die Kompanjie se bewind, was 'n

---

18) Ibid., p. 2.
19) Liebbrandt, H.C.V. en Heeres, J.E.: Memoriën van de Gouverneur van de Graaff, p. 41.
20) C800: Burgerbesware, pp. 2-3.
21) Ibid., p. 2.
22) Ibid., p. 39.
23) Lauts, G.: Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop, Nederlandsche Volksplanting, 1652-1806, Amsterdam, 1854, p. 117.
24) Idenburg, P.J.: De Kaap de Goede Hoop, p. 54.

Nederlander van Skotse herkoms.[25] Op 12 November 1776 het die Here Bewindhebbers die Politieke Raad in kennis gestel dat hulle Gordon tot kaptein van die Kaapse garnisoen benoem het, nadat hy indertyd 'n soortgelyke rang in die Skotse brigade in die Nederland beklee het. Toe lt.-kol. Hendrik van Prehn op 22 Februarie 1785 uit die aktiewe militêre diens getree het, is Gordon tot bevelhebber van die garnisoen benoem, met die rang van lt.-kol. en in 1782 is hy tot kolonel bevorder, die eerste offisier aan die Kaap aan wie dié rang toegeken is.[26]

In 1793 het die Here XVII Gordon se militêre status omskryf. Al die offisiere en manskappe wat tot die Kaapse militêre magte behoort het, sou onder Gordon staan. Op sý beurt sou Gordon aan die Goewerneur onderworpe wees. Hy sou die Goewerneur se bevele moes uitvoer en geen militêre onderneming sonder die Goewerneur se toestemming aanpak nie.[27]

Gordon was 'n geesdriftige ondersteuner van die Prins van Oranje en uitgesproke Britsgesind. Kol. William Dalrymple, wat twee jaar vantevore aan die Kaap vertoef het, het in 1789 soos volg aan Dundas geskryf: "The Colonel... has an English heart tho born in Holland and is strong in the Prince of Orange's interest." Daar is voorts in die memorandum te kenne gegee dat Gordon hom vir geval van 'n Britse aanval op die Kaap teen die Kompanjie se gesag sou verset.[28] Daarteenoor het Gordon, veral ná die Franse Rewolusie, geen geheim van sy anti-Franse gevoelens gemaak nie.[29]

Voor die koms van die Britte het John Pringle, agent van die Geheime Komitee van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie, reeds op 28 Mei 1795 in St. Helena verklaar dat Gordon die Engelse goedgesind was en, indien hy betyds gesteun word, die Kaapse garnisoen oorreed sou kon word om na die Britte oor te stap.[30] Ook Elphinstone en Craig het daarop gereken dat Sluysken hulle sou help om die Kaap te verower, vandaar hulle dringende begeerte om met hom in verbinding te tree. As Sluysken nie die Britse

25) Barnard, C.L.: "Robert Gordon se Loopbaan aan die Kaap", p. 325.
26) <u>Ibid.</u>, pp. 328-329 en 389.
27) C102: Resolutiën, 2 April 1792, pp. 356-357; C691: Brieven van Commissarisen-Generaal Nederburgh en Grykenius aan Raad van Politie, 19 Maart 1793, pp. 292-293.
28) Acc. 455, no. 14: Memorandum oor Kaapse Verdediging, pp. 2 en 15; Paston, G.: <u>Side-lights on Georgian Period</u>, p. 288.
29) V.C. 75: Marnitz, P.W.: <u>Verhaal van de Overgaave</u>, pp. 498 en 504.
30) Janisch, H.R.: <u>Extracts from the St. Helena Records</u>, St. Helena, 1885, p. 206.

bevelhebbers aan boord van die Monarch kon kom besoek nie, moes hy vir Gordon stuur.[31)]

Dit wil voorkom asof Gordon oortuig was dat die Britte as beskermers van die Huis van Oranje na die Kaap gekom het, want toe lt.-kol. MacKenzie en kapt. Hardy met briewe van die Engelse bevelhebbers en die Prins van Oranje na die Kaap gestuur is, was hulle by Gordon aan huis. Hardy beskryf hulle ontmoeting met hom soos volg: "... Col. MacKenzie and myself called upon Colonel Gordon who upon seeing us shewed us a Standard, saying there is the Orange Standard for you, and afterwards said if we were to protect the Cape in favor of the Prince of Orange he was very glad to see us, and we should meet with his hearty support, but if we came to take possession of it for England he would fight against us till his last breath, this he said without any previous conversation..."[32)]

Gordon was skynbaar gretig om die Prins van Oranje se mandaat uit te voer en Britse troepe aan die Kaap toe te laat. By die Politieke Raad beveel hy aan dat die Britse troepe soos die Franse hulptroepe in 1781-1783 aan die Kaap ontvang moet word, "om dat zy onze geallieerden zyn ... zo als zy zelven authenticq verklaaren." Hy het slegs drie voorwaardes hiervoor gestel: (1) dat die bestaande administrasie onveranderd bly; (2) dat die Kaap vir sy "wettige soewerein" bewaar moes word en (3) dat die Britse troepe onder gesag van die Kommissaris sou staan.[33)] Hierdie optrede van Gordon het die Kapenaars se agterdog teen hom verskerp. So skryf Marnitz: "Dat hij zig uitgelaaten heeft, dat de Engelschen evenwel onze vrienden waren, dat wij in alle geval niets te vreezen hadden, daar integendeel de franschen Godverzaagers, kooningsmoordenaars, roovers etc. waren' is genoegzaam bekent."[34)]

Op 14 Junie skryf Gordon 'n brief aan Elphinstone wat feitlik in sy geheel aangehaal word omdat dit Gordon se gesindheid teenoor die Engelse so treffend openbaar. Hy skryf: ".... I lament in the highest degree the unhappy turn of affairs in Holland and wish you heartily welcome in the Colonie having read with the greatest satisfaction out of your

---

31) Perrin, W.G.: The Keith Papers, Dl. I, Elphinstone-Gordon, pp.265-66.
32) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Narrative of Capt. Hardy, 15 Junie 1795, p. 49.
33) C109: Resolutiën (Secrete), pp. 163-165.
34) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 498.

official papers that the basis is, unanimously to repulse an Enemy that wants to wrest it from its lawfull Sovereign, the Republic of the seven United Provinces with their Hereditary Stadtholder the Prince of Orange, according to our ancient constitution (which I have sworn to) and Guard it together for them, and be assured that I shall use my utmost exertions in fulfilling this my duty. I am further very sorry that an unpardonable neglectfullness of the Officer of our Frigate has been the cause of an allarm that set the whole country in an uproar, which I must add is much augmented by bad designing People how think to find their ruined finances reestablished by French principles and anarchy, and by this others how are the endoctrinated dupes, however this is the case; and in this moment prudence is necessary to bring things to a proper end.

"I am extremely sorry that I could not hitherto come aboard to pay my respects to you, being a Subordinate, however Sir George, be assured that I shall serve the Common cause with all my Exertions, that I abhorn French principles and that our unhappy republic, where I am born in and served these 42 years, should surrender (which God forbids) that then I am a Greatbritainer.

"I have the honour to enclose a letter from Mr. Pringle who I am very sorry is not here as he might be very useful - and remain with the greatest regard etc.

R.J. Gordon"[35]

Pringle se brief het soos volg gelui:

"Cape of G.H. 18 the March 1795.

"Circumstances have rendered it necessary that I should leave this place, I think it is advisable hereby to certify to the Commander-in-Chief of any British force which may arrive here, that I solemnly believe the most perfect Confidence may be placed in the honor, Loyalty and Principles of Col. Gordon and that he may on all occations be treated with accordingly.

(signed) John Pringle,

Agent for the Honble. English East India Com.

---

35) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Gordon-Elphinstone, 14 Junie 1795, p. 45.

The Commander-in-Chief of any
British Force that may arrive at the
Cape." 36)

Van hierdie brief kan 'n mens nie anders aflei as dat Gordon 'n Britse aanslag op die Kaap te wagte was en hulle by voorbaat van sy Britsgesindheid wou verseker nie. Barnard sê: "Geen wonder dus dat Gordon hom tot die uiteindelike oorgawe van die Kaap op 16 September 1795 inderdaad soos 'n 'Greatbritainer' gedra het nie."37)

Die Britse gesagvoerders was dan ook feitlik oortuig dat Gordon sy troepe sou beïnvloed om hulle nie teen te staan nie, en skryf aan Dundas: "We have every reason to expect that Coll. Gordon's corps is well inclined to us, indeed we have grounds for hoping that they would join us as soon as we land."38)

Dit is moeilik om Gordon se rol in die verdediging van die Kaap te bepaal omdat, soos Campagne dit stel, by "niets ter defensie verrigtede."39)

Sluysken het in oorleg met Gordon besluit om op 29 Junie 1795 vir Simonsbaai te ontruim, veral omdat laasgenoemde gemeen het die Kaapse troepe kon daar afgesny word. Ook by Muizenberg het Gordon, hoewel hy en Sluysken dikwels daar gekom het, niks gedoen om die natuur te help nie. Aan die seekant is slegs twee geskutstukke geplaas. Toe De Lille by die aanval op Muizenberg halsoorkop op die vlug geslaan het, was Gordon nie eens teenwoordig nie. Van De Lille se terugtog vanaf Sandvlei was hy egter ooggetuie en het toegelaat dat hierdie offisier na Wynberg terugval sonder dat daar die minste regverdiging voor bestaan het.40)

By Wynberg het Gordon eweneens nagelaat om die kamp behoorlik te fortifiseer en volgens lt. Marnitz het Gordon en Sluysken die kamp die volgende maand nie eens besoek nie.41) In plaas daarvan om persoonlik beheer oor te neem, stel Gordon vir kapt. van Baalen as kampkommandant aan. Marnitz meen dat die toestand te Wynberg vereis het dat Gordon

---

36) Ibid., Pringle-C-in-C of any British Force that may arrive at the Cape, 18 Maart 1795, pp. 45-46.
37) Barnard, C.J.: "Robert Jacob Gordon se loopbaan aan die Kaap", p.414.
38) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Elphinstone en Craig-Dundas, 27 Junie 1795, p. 82.
39) V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, p. 166.
40) Barnard, C.J.: "Robert Jacob Gordon se loopbaan aan die Kaap", pp. 417-419.
41) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 171.

persoonlik die bevel van die kamp moes oorneem.[42)]

Eerder as om Muizenberg en Wynberg te versterk het Gordon gedurende die twee maande wat sedert die Britse vloot se aankoms en die aanval op Muizenberg verstryk het, ywerig aan die batterye in die omgewing van Kaapstad gewerk. Die borswerings van die Klein en Groot Mouillebatterye is met beesvelsakke met skaaphaar gevul hoër gemaak en by Galgheuwel het hy 'n nuwe battery, Kijk in de Pot, laat aanlê. Marnitz meen dat hy slegs hierdie projekte aangepak het om fortifikasiewerkers en ingenieurs besig te hou wat andersins by Muizenberg en Wynberg gebruik kon gewoes het. Dat die battery by Galgheuwel nodig geag is om die Groot Mouillebattery vir geval van 'n vyandelike landing te steun was volgens hom ook "absurd en geveinsd". Die kus was hier so rotsagtig dat selfs nie eers 'n visserskuitjie sou kon land nie. Marnitz gaan voort deur die vraag te stel: "Is het niet ten uitersten verdachtig dat Sluysken en Gordon, terwyl men den vijand alle oogenblikke uit het zuyd oosten verwagten moet, in't noord westen alles in het werk stellen om denzelven af te keeren? Dat zy in plaats van Muizenberg en vervolgens den Wynberg in een defensiven staat te stellen, tijd, volk en onkosten tot overvloedig, onnodig en nutteloos werk besteeden? Wien moeten deese verkeerde handelwijse deese klaare blijken van verraad niet in't oog vallen?"[43)]

By aannadering van die Britte, het Gordon verklaar dat die Franse Linie totaal nutteloos was en enige verdere weerstand "ydel".[44)] Toe die Kaapse owerheid op 16 September 1795 tot kapitulasie besluit, het Gordon vir die eerste en laaste keer sedert die aankoms van die Britte sy sabel getrek, toe hy sy troepe beveel het om die geweer te presenteer en die wapens neer te lê.[45)] By hierdie geleentheid het die soldate, volgens Neethling en Marnitz, vir Gordon beskimp, verwyt en bespot. Campagne vertel ook dat 'n soldaat vorentoe gespring, Gordon voor die bors gegryp en hom waarskynlik sou vermoor het as 'n offisier hom nie te hulp gesnel het nie.[46)]

---

42) Ibid., p. 376.
43) Ibid., pp. 350-353.
44) V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, pp. 140-141.
45) Ibid., p. 160; V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 239; M. 74: Loures Reijnders se Dagboek, 1793-1803, geen no.
46) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, pp. 236-239; Neethling, C.L.: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, p. 88; V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, pp. 160-161.

Gordon het, sonder om doekies om te draai, by geleentheid aan een van sy offisiere, Pieter Diederik Boonacker, gesê: "'t mag kosten wat het wil, de Engelschen zullen de Kaap hebben".[47] Daartoe het hy doelbewus meegewerk en uiteindelik in sy oogmerk geslaag. Marnitz skryf: "Het is ligtelijk naa te gaan dat wanneer (Gordon) als hoof van militie en commandant van't garnisoen zijne pligten gedaan had, Sluysken in de uitvoering van zijn plan nimmer zou geslaagd zijn, maar, dewijl hij in de geheele 3 maandelijke epoche, niets anders uitgevoert heeft, als de batterie op de Galgenberg en de reperasies aan de mouilles te projecteeren en eindelijk naa de capitulatie het garnisoen tot het strekken van de waapenen te commandeeren, kunnen wij niet twyffelen dat hij met Sluysken een en het zelfde doelwit gehad heeft."[48]

Nadat Gordon egter tot die onstellende feit ontwaak het dat die Britse gesagvoerders hom onder die verkeerde indruk gebring het en dat die Kaap voortaan namens die Britse koning bestuur sou word en in openbare dokumente nêrens na die Prins van Oranje verwys is nie, het hy baie neerslagtig geword. Op die oggend van 25 Oktober het hy dan ook sy hand aan sy lewe geslaan deur homself met 'n pistool in die tuin dood te skiet.[49]

. . . . . . . . . . . .

Die ander militêre bevelhebbers van geringer rang wat 'n rol gespeel het in die oorgawe van die Kaap aan die Britte, was die bevelvoerder van Muizenbergkamp, Carel Matthijs Willem de Lille, dié van die kamp te Wynberg, Bernardus Cornelis van Baalen en die Chef van die Artillerie, Georg Conrad Küchler.

De Lille is in Hertogenbosch in die Nederland gebore, maar het drie-en-twintig jaar in die Kaapse garnisoen gedien, waar hy uiteindelik tot luitenant-kolonel bevorder is.[50] Marnitz beweer dat sy belangrikste bate sy militêre voorkoms was, maar, "Domme hoogmoed, verwaandheid, hovaard en laffhartigheid", die belangrikste eienskappe van sy karakter en

47) Ibid., pp. 165-166.
48) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, pp. 398-503.
49) Barnard, C.J.: "Robert Jacob Gordon se loopbaan aan die Kaap", pp. 431-432; Theal, G.M.: History of South Africa, Dl. III, p.345.
50) C.J. 652: Criminele Procedures, p. 158.

"Bacchus en Venus zijne talenten en bekwaamheeden."[51] Buite die teksboek het hy blykbaar weinig kennis van die militêre wetenskap gehad, maar "De manoeuvres in het regimente voorgeschreven wist hij met het bataillon infanterie naa mekaar af te haspelen als een Catholijk zijn paternoster."[52]

Campagne verklaar dat De Lille en die offisiere van die Nasionale Bataljon om hulle Britsgesindheid gehaat was. By een geleentheid sou hy hom dan ook soos volg uitgelaat het: "ik...ben een hoer gelijk, wat verskil is er wien ik diene, en wien mij best betaald diene ik best..."[53] Hy was dus nie minder Engelsgesind as Gordon nie en sy optrede moet eerder aan verraderlikheid as aan lafhartigheid toegeskryf word. Hoewel daar nie definitiewe bewys is dat De Lille met die Engelse onderhandel het nie, is daar sterk aanduiding dat dit wél so was en dat hy hulle kort na hul aankoms verseker het dat hy hulle sou help. Op 17 Junie skryf Elphinstone aan Dundas: "I went on shore ... I met there a gentleman with an unequivocal message from one of Rank among the troops respecting himself and a number of men."[54] Daar was geen offisiere met veldrang daardie tyd in die omgewing behalwe De Lille nie.

Die burgeroffisiere, Botha, De Waal, Loubser, van der Byl en Gousch, Hoffman, en Mulder het egter sy optrede na sy haastige terugtog by Muizenberg en Sandvlei so verraderlik gevind dat hulle hom by die Kommissaris van verraad aangekla het.[55] Hy is daarop in die Kasteel in arres geplaas. Hoewel die fiskaal die saak teen hom ondersoek en hy van verraad vrygespreek is, was die openbare woede teen hom egter so groot dat hy tot na die oorgawe in veilige bewaring in die Kasteel gehou is.[56]

Na die oorgawe van die Kaap aan Engeland is De Lille as barakmeester aangestel en het hy die gewoonte gehad om die Oranje-kokarde te dra. Hy het toe nog steeds voortgegaan om sy toegewydheid teenoor die Engelse te bely en sy haat teenoor die Jakobyne, of hulle hul nou ook in Frankryk, Holland of die Kaap bevind het.[57]

---

51) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, pp. 520 en 523.
52) Ibid., p. 520.
53) V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, pp. 69-70.
54) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Elphinstone-Dundas, 17 Junie 1795, p. 62.
55) C.J. 652: Criminele Procedures, p. 53.
56) Theal, G.M.: History of South Africa, Dl. III, p. 334.
57) Ibid., p. 335.

Van Van Baalen is nie veel bekend nie, behalwe dat hy in Julie 1792 as tydelike landdros van Graaff-Reinet in die plek van Woeke aangestel is.[58] In Mei 1793 is hy van hierdie plig onthef en het hy weer sy militêre pligte in Kaapstad hervat.[59] In September 1795 is hy tot majoor bevorder en in bevel van die militêre kamp te Wynberg geplaas.[60] Hier het hy ewe min as De Lille by Muizenberg gedoen om die Britse aanval af te slaan en het sonder slag of stoot na Driekoppen teruggeval. Van hom sê Marnitz dat hy in vele opsigte nog intriganter, vleiender en kruipender as De Lille was.[61]

Küchler, as Chef van die Artillerie, was skynbaar ook nie 'n offisier met groot bekwaamheid of toewyding nie. Volgens Marnitz het hy nie standvastigheid en bedaardheid van karakter getoon nie en was hy té inskiklik en té kruiperig. Daarby was hy 'n liefhebber van plesier en drinkpartye. Die artillerie het hy te veel tyd aan oefeninge wat eerder by die infanterie gepas het laat bestee. Hy wou alles en nog wat doen en het sy hooftaak verwaarloos.[62]

° ° ° ° ° ° ° ° ° ° ° °

Die garnisoensoldate aan die Kaap was huurtroepe wat weinig liefde teenoor die Kompanjie of die land wat hulle moes verdedig geopenbaar het. Aanvanklik het ongeveer 23 na die Engelse oorgeloop, maar toe 'n burgerpatrollie 'n paar weke later twee vang en fusileer het dit hierdie toestand beëindig. Nie 'n enkele artilleris het egter oorgeloop nie.[63] Marnitz meen tog dat die garnisoensoldate goed geoefen was en moed in die uitvoering van hulle plig getoon het. Volgens hóm sou hulle veel uitgerig het indien hulle reg gelei en aangewend was. Hulle offisiere was egter nie behoorlik in die krygskuns opgelei en in staat om dit te doen nie.[64] So byvoorbeeld het Nederburgh en Frykenius tydens hulle verblyf aan die Kaap die Nasionale Bataljon geïnspekteer en blyke gegee van groot tevredenheid, "wegens den staat waar in dat korps is bevinden geworden, mitsgaders over de algemeende vaardigheid, waarmeede het zelve haare exerci-

---

58) Ibid., p. 276.
59) Ibid., p. 422.
60) Ibid., p. 338.
61) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 524.
62) Ibid., pp. 605-606.
63) Theal, G.M.: History of South Africa, Dl. III, p. 323.
64) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, pp. 571-572.

tie en afvuuring heeft verrigte."[65]

Die meeste van hulle het hulle rang deur geld en gunste en nie deur verdienstelikheid verkry nie. Die status van die militêre in die Kompanjie was ook veel geringer as dié van siviele amptenare. Die gebruik was om siviele amptenare met militêre eer te beloon en om die militêre onder siviele jurisdiksie te plaas, wat hulle status nog verder verlaag het. Die burgery het gevoel dat hulle vrywillige militêre diens verrig, waarvoor die militêre betaal word, en hulle hieroor geminag. Die gevolg van dit alles was dat die politieke amptenare en Kaapse ingesetenes die militêre met 'n soort minagting behandel het en geglo het dat hulle vir niks anders as militêre eerbewys en die bewaking van pakhuise gebruik kan word nie. Dit is dus ligtelik te begryp dat, "daar der vernedering en gering aanzien waarin het militaire was, by de meeste officieren alle gevoelens van waare eer en glorie en hiermeede tegelijk alle ijver moesten onderdrukt en uitgedooft of tog vermindert werden en dat daartegen een laage schraapzucht naar rykdommen gelijk by de politiken moet plaats genoome hebben."[66]

° ° ° ° ° ° ° ° ° ° ° °

'n Sondebok moes natuurlik vir die Kapenaars se powere weerstand gesoek word en die Kommissaris, Sluysken, was maar al te gereed en gretig om die skuld op die burgers te pak deur hulle van ongelooflike kleinmoedigheid te beskuldig.[67] Die feite weerspreek egter hierdie aantygings. Daar is nêrens voorbeelde te vind van gevalle waar die burgers hulle stellings in die steek gelaat en soos die militêre bevelhebbers, sonder om weerstand te bied, teruggeval het nie. By verskillende geleenthede was dit juis húlle wat aanvallend opgetree het. Só was dit, byvoorbeeld, die Swellendammers wat die Britte in Valsbaai gaan aanval het; dit was ook húlle wat vanaf die val van Muizenberg op 7 Augustus tot 14 September op hulle pos gebly het, ten spyte van die feit dat hulle weens die verlies aan tente vir hulself van bossies en strooi skuilings moes bou; dit Daniël du Plessis en 'n aantal Swellendammers was

---

65) Böeseken, A.J.: "Die Nederlandse Kommissarisse", p. 104.
66) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 576.
67) Ibid., pp. 610-617.

wat hulle by Wynberghoogte teen die Engelse onderskei het; dit die burgers was wat voortdurend by Sluysken daarop aangedring het om Muizenberg te gaan herower.[68]

In weerwil van die feit dat die burgers hulle plase en gesinne vir 'n lang tyd onversorg op die grens moes laat, was hulle nogtans bereid om 'n groot afstand na die Kaap te kom en hulle land te verdedig. Dit was eers toe hulle besef het dat die stryd verlore was en hulle bang was dat hulle vasgekeer en gedeporteer sou word, dat hulle geweier het om agter die Linie te kom en oor die Soutrivier gewyk het.

Dit is ook onjuis dat die burgers inhalig sou gewees het. Hulle het by geleentheid hulle slawe gratis aangebied, maar dit is deur Sluysken van die hand gewys. Campagne beweer dat die Kommissaris later die aanbod aanvaar het op voorwaarde dat hulle vergoed word, sodat hy kon sê dat hulle inhalig was en niks vir die Kompanjie oorgehad het nie.[69]

Die burgers kon, desverkiesend, by die infanterie of ruitery aansluit. Die infanterie was goed in die hantering van wapens geoefen, maar, hoewel die ruitery knap daarmee was om uit die saal te vuur, was hulle nie afgerig om in skokaksie met die sabel teen die vyand op te tree nie.[70] Die Kompanjie het die burgermilisie verwaarloos en weinig offisiere het veel militêre kennis besit.[71]

## 2. Die Toepassing van Erkende Krygsnorme op die Militêre Operasies.

Wanneer daar vanuit 'n militêre oogpunt 'n waardering van die operasies gedurende die Eerste Britse Verowering gemaak word, moet dit aan die hand van die erkende en beproefde krygsnorme geskied.[72] Gewapende botsings tussen die Britte en Kapenaars was uiters beperk van aard en omvang en geeneen juis van genoegsame formaat om éintlik die benaming veldslag te regverdig nie. Tóg word daar van die slag van Muizenberg en dié van

68) C800: Burgerbesware, p. 4.
69) V.C. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden, pp. 38-39.
70) Ibid., p. 26.
71) V.C. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave, p. 629.
72) Die beste beskrywing van hierdie norme word gevind in die volgende twee werke: Burne, A.H.: The Art of War on Land, Harrisburg, 1947, en Palit, D.K.: The Essentials of Military Knowledge, Londen, 1953.

Wynberg gepraat en derhalwe word die krygsnorme op hulle toegepas om vas te stel in hoeverre nakoming of verontagsaming daarvan tot welslae of mislukking gelei het.

Sekere faktore kom in elke oorlogsituasie voor. Die eerste en mees dinamiese is die krygsleiding wat op die skouers van die bevelhebber en sy staf rus. Die instrument waarmee hulle hul taak uitvoer, is die mensemateriaal wat die vegwerk verrig. Die krygsmanne se toerusting bestaan uit die krygstuig en -middele waarvan hulle hul moet bedien en die gevegsdrif, wat hulle aanspoor en tot aksie aandryf.

Wanneer die twee oorlogvoerende magte aan die Kaap, wat krygsleiding betref, vergelyk word, het die Britte 'n besliste voordeel gehad. Hulle het oor voortreflike militêre leiers in adml. Elphinstone en genls. Clarke en Craig beskik, wat spesiaal deur die Minister van Oorlog, Dundas, vir hulle taak uitgesoek is en oor heelwat krygservaring beskik het. Al drie het hulle in krygsoperasies in die Amerikaanse Vryheidsoorlog onderskei. Uit hulle briewe aan Dundas blyk dit dat die samewerking tussen die verskillende bevelhebbers hartlik was en vertroue moes ingeboesem het. Welslae deur die leërleiding op die slagveld hang in 'n hoë mate van goeie voorbereiding af, wat op sy beurt deeglike voorafbeplanning vereis. Die Britte het hulle vir die aanslag op Muizenberg, wat hulle as die sleutel tot die binneland beskou het, deeglik voorberei en dit lank vooruit beplan. Dieptepeilings is gereeld gedoen om te kyk hoe naby die skepe aan die kus kon kom om die leër in sy aanmars met skeepsvuur te steun en die troepe is voor die tyd geland en geoefen. Skeepsbarge met kanonne sou ook die troepe na Muizenberg vergesel.

Die Britse bevelhebbers het besef dat hulle nie oor die nodige soldate en artillerie beskik om Wynberg aan te val nie en dus eers vir die aankoms van versterkings onder genl. Clarke gewag alvorens hulle die aanslag onderneem het. Hulle het 'n knyptangbeweging teen die kamp in beweging gehad, met een kolonne wat langs die Steenberge sou aanmarsjeer en die Kapenaars by Wynbergkamp probeer omvleuel, terwyl die ander deur die vlakte sou opruk en 'n frontaanval op die verdedigers sou loods. Hierdie maneuver was suksesvol en die Kapenaars het hulle stellings

prysgegee om omsingeling te verhoed. Die Britte het ook 'n dubbele aanval van die land sowel as die seekant teen Kaapstad in gedagte gehad, maar die kapitulasie-ooreenkoms is geteken voordat dit ten uitvoer gebring kon word.

In skerp teenstelling met die Britte het die Kaapse bevelhebbers, Sluysken, Gordon, De Lille en Van Baalen weinig ervaring van grootskaalse militêre operasies gehad en nog nie tevore blanke vyande aangedurf nie. Daar is geen sleutelplan opgestel, wat daarop bereken moes wees om die Engelse te verdryf en waarop die operasies gebaseer kon word nie. 'n Geskikte doel om te handhaaf het dus ontbreek. Geeneen van die militêre leiers het deur hulle gesindheid òf deur hulle kennis en deursettingsvermoë by hulle ondergeskiktes vertroue ingeboesem nie. Dit was nooit by hulle werklik erns om die Britte te verdryf nie, dus is die militêre voorbereidings traag en halfhartig uitgevoer, eerder, in die meeste gevalle, om die burgers tevrede te stel as om die vyand te benadeel. Nòg by Muizenberg nòg by Wynberg is daar 'n gees van arbeidsaamheid en erns geskep deur die kamp weerbaarder te maak. Vir bykans twee maande vanaf die Engelse landing tot die aanval op Muizenberg, is daar niks gedoen om die kamp te versterk en teen 'n aanval vanaf die see te beveilig nie. Die hoof van die milisie, kol. Gordon, het die stellings slegs 'n paar keer vlugtig besoek in stede daarvan om daar te bly en die verdedigingsaksie self te beheer. Persoonlike kontak met die frontlinie is dus geensins bewaar nie. In kontras hiermee het Elphinstone èn Craig alle voorbereidings vir die aanval persoonlik gekontroleer en self gelei.

Die bevelvoerder moet ook sy doelwit kies en dit dan handhaaf. Die Britte se doel was elke keer duidelik: eerstens om Muizenberg te verower en verbindings met die binneland oop te hou en in die tweede geval om die Kapenaars uit Wynberg te verdryf en sodoende die finale aanslag op die Kaap te loods. Hiervan het hulle nooit afgewyk nie. Sluysken en Gordon het egter nagelaat om 'n duidelike doel, wat hulle kon handhaaf, te formuleer.

Sonder slagvoering kan geen uitsluitsel te velde afgedwing word nie. Om 'n beslissing te verkry, moet aanvallend beplan en opgetree word. Dit veronderstel die verkryging en handhawing van inisiatief,

waarsonder geen offensiewe optrede moontlik is nie. Dit is duidelik dat die Britse bevelhebbers, toe hulle eers tot die aanval besluit het, uit die staanspoor offensief opgetree en dwarsdeur die inisiatief behou het. Die Kaapse bevelhebbers het elke keer passief die aanval afgewag. Passiewe verdediging lei ook tot die verspreiding van magte sodat die verdediging nêrens sterk genoeg is nie en gevegskonsentrasie onmoontlik verkry kan word. In stede daarvan om die Kaapse magte by Muizenberg te konsentreer is 'n groot mag in Kaapstad gehou, waar geen aanval vanaf die see gedurende daardie tydperk te wagte was nie.

'n Belangrike aspek van die krygskunde wat 'n bevelvoerder nooit uit die oog moet verloor nie, is die handhawing van sekerheid en die beveiliging van sy eie magte. 'n Bevelvoerder mag nie belangrike aspekte van 'n situasie ignoreer wat sy magte aan gevaar kan blootstel nie. In hierdie verband kan gesê word dat Sluysken en Gordon nie genoegsame aandag gegee het aan die feit dat die Britse skepe moontlik naby genoeg aan die kamp kon kom om dit onder vuur te plaas nie. Op dieselfde wyse het hulle nagelaat om seker te maak dat die kamp by Wynberg nie aan omsingeling blootgestel is nie. Dit het daartoe gelei dat hulle uiteindelik ook hierdie stelling moes prysgee.

In 'n engere sin beteken die handhawing van sekerheid ook dat 'n bevelvoerder die vyand alle inligting aangaande sy troepe en stellings ontsê, terwyl hy soveel as moontlik van die vyand syn te wete probeer kom. Die Kaapse owerheid het genl. Craig en kol. MacKenzie egter toegelaat om Kaapstad te besoek, 'n goeie voorbeeld van die Kaapse stellings en verdedigingswerke te verkry, sowel as van die weg wat na die Kaap lei en waarlangs hulle sou moes aanmarsjeer. Die Britse bevelhebbers is ook toegelaat om 'n lewendige korrespondensie met twee agente van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap, Cust en Owen, te onderhou en belangrike militêre inligting van hulle te ontvang. Só swak was die sekerheid van die Kaapse bevelhebbers dat toe die burgers 'n aanval op Muizenberg wou onderneem selfs die kleinste seuntjie in Kaapstad daarvan geweet het en ook die Britte daarvan te hore moes gekom het. Die kortste en verkieslikste manier om 'n oorwinning te behaal, is om die vyand op 'n plek en 'n tyd te tref wáár en wannéér hy dit die minste verwag. Weens swak sekerheid kon verrassing dus nooit verkry word nie.

ŉ Bevelhebber moet ook sy magte ekonomies aanwend deur toe te sien dat elke man sy volwaardige rol in die stryd speel. Die burgerruiters kon, weens die feit dat die Kaapse bevelhebbers hulle ondoeltreffend gebruik het, nooit hulle kragte ten volle ontplooi het nie. Op sy aanmars na die Kaap moes hulle veral gebruik gewees het om met guerilla-aksie die vyandelike kolonne se flanke te teister. Vir die trasisionele take van die ruitery, naamlik skokaksie en verkenningswerk, is hulle nooit aangewend nie.

Die gehalte van die Britse troepe kan nie juis hoër as die van die Kaapse magte gestel word nie. By hulle aankoms is ŉ groot persentasie van die Engelse soldate deur siekte geteister en was hulle nie in ŉ toestand om te veg nie. Boonop is hulle na ŉ rukkie op twee-derdes rantsoen geplaas, wat nie juis hulle fisieke vermoëns kon verhoog het nie. Die Kaapse magte wat aan die plaaslike klimaat en omstandighede gewoond was, en oor ŉ genoegsame voelselvoorraad beskik het, behoort fikser as hulle te gewees het. Wat die hantering van hulle wapens betref, moes veral die burgerruiters, danksy hulle stryd teen wilde diere en inboorlinge, vaardig in die gebruik van hulle wapens gewees het. Ook die lede van die Nasionale Bataljon is gereeld gedril. Waar die plaaslike magte egter te kort geskiet het, was die vermoë om takties te maneuvreer, d.w.s. om as span op die slagveld op te tree. Die Kapenaars was nie hierin geoefen nie en samewerking tussen ruitery, artillerie en infanterie was gebrekkig.

Handhawing van die moreel of gevegsdrif is een van die belangrikste faktore in die kryg. Dit word gevoed deur al die dinge wat die wil om te wen verwek en sterk. Dit word veral in ŉ hoë mate bevorder deur vertroue in wapentuig, toerusting en voortreflike leiding. Tereg, het die Kapenaars geen vertroue in hulle militêre leiers gehad nie. Die burgers was begerig om die Engelse te verdryf, maar hulle optrede is getemper deur ŉ bitterheid wat hulle teen hulle eie Kompanjiesregering gekoester het. Vir hulle was daar ŉ weinig tussen die twee euwels te kies. Die lede van die Nasionale Bataljon was huurtroepe wat sterk motivering om te veg kortgekom het en daarby Oranjegesind was, wat hulle traag gemaak het om hulle teen die invallers te verset. Baie van hulle was dan ook ná kapitulasie begerig om in diens van die Britte te tree.

Die sekerste manier om krygsmoreel te stimuleer is deur welslae op die slagveld. Die Kaapse bevelhebbers het egter elke keer, nog voordat die geveg behoorlik aangeknoop is, die wyk geneem. Gebrek aan optrede verteer ook 'n leër se moreel en dit is juis hiérdie verskynsel wat die burgerruiters dikwels betreur het.

'n Vierde faktor wat die kryg beïnvloed,is die middele waaroor die oorlogvoerendes beskik. Dit hou verband met die oorlogspotensiaal en bestaan uit vier komponente: die hoeveelheid mannekrag en wapentuig; die kwaliteit van die bewapening; die voorraad voedsel en ammunisie en die vervoermiddele om die troepe, ammunisie, voedsel en wapentuig aan die front te besorg. Tot na die aankoms van genl. Clarke het die Kaapse magte 'n besliste getalsoorwig geniet en het hulle oor meer wapentuig, veral artillerie, beskik. Ná Clarke se aankoms was die Britte weer sterker. Dit is moeilik om 'n parallel tussen die wapentuig te tref, maar die vermoede bestaan dat dit min of meer van dieselfde gehalte was. By Wynberg het die Britse artillerie egter getoon dat hulle artilleriste hulle kanonne beter bedien het en die Britse kanonne ook 'n groter trefafstand gehad het.

In teenstelling met die Engelse,wat geen vervoermiddels hoegenaamd gehad het nie, het die Kapenaars oor genoegsame middele beskik om hulle troepe, voedsel, ammunisie en wapentuig aan die front te besorg. Op een komponent na het die Kapenaars dus 'n besliste voordeel,wat middele betref, bo die Engelse gehad.

Samevattend kan ons sê dat die vernaamste krygskundige voordeel wat die Britte bo die plaaslike magte gehad het in die krygsleiding gesetel het. Nie alleen was die Britte doeltreffender vir hulle taak opgelei nie, maar het hulle 'n beter begrip gehad van wat van hulle verwag word. Hulle het hulle doelwit beter gehandhaaf, beter beplan, aanvallend opgetree en deur hulle voorbeeld en operasionele welslae die moreel van hulle soldate verhoog.

Die Kaapse bevelhebbers, daarenteen, was swak voorberei op die taak wat hulle moes uitvoer - die verdediging van die Kaap teen 'n Europese mag. Hulle het op 'n planlose, lukrake wyse te werk gegaan, geen eenheidstrewe geopenbaar nie, passief opgetree en deur hulle swak voorbeeld en lafhartige gedrag die moreel van die troepe verswak. Hoewel

die Kaapse troepe 'n besliste voordeel wat hulle kennis van die terrein en middele betref, gehad het, het hulle ook hiervan geen doelmatige gebruik gemaak nie.

Wanneer al die beginsels en faktore wat die kryg beïnvloed in oënskou geneem word, is dit dus geen verrassing dat die Britte in 1795 daarin kon slaag om die Kaap so maklik te bemeester nie. Die Engelse bevelhebbers het, deur hulle optrede, weer eens die waarde van militêre leiers beklemtoon wat bereid is om in ooreenstemming met die beginsels van oorlogvoering te beplan en hulle doelwit, sonder afwyking, te handhaaf. Hierdie feit en die eenheid van optrede deur hulle geopenbaar het in die geval van die operasies gedurende 1795 aan die Kaap die deurslag in hulle guns gegee.

# BYLAE I.

## BRIEF VAN DIE PRINS VAN ORANJE OP 7 FEBRUARIE 1795 TE KEW, ENGELAND, ONDERTEKEN EN AAN DIE KOMMISSARIS-GENERAAL VAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP, A.J. SLUYSKEN, GERIG.

Edele Ernsseste vroome onse lieve Getrouwe!

Wij hebben noodig geacht UEd. by deeze aan te schrijven en te gelasten zoo in het fort als verders in UEd. onderhebbende Colonie te admiteeren de troepes, die van wegens Zijne Groot Brittanische Majesteit derwaards zullen worden gezonden, en op de rhede in baay Fals of zoodanige andere plaatsen waar scheepen met zekerheid kunnen legge. De oorlogschepen, fregatten of gewapende vaartujgen die van weegens Zijne Hooggemelde Groot Brittanische Majesteit derwaards zullen worden gezonden en dezelve te considereeren als troepes en scheepen van een Mogendheid die in vriendschap en alliantie is met hunne Hoogmogende, en die komen om te beletten dat de Colonie door de Franschen werde geïnvadeerd.

Waarmeede

Edele Ernsseste vroome onze lieve Getrouwe

wij UEd. beveelen in Gods heilige protectie.

UEd. goedwillige Vriend.

(geteken)

Willem Prins van Oranje.[1]

Kew den 9 February 1795.

---

1) V.C. 68: Brieven en Bylagen, p. 668.

## BYLAE II.

## PLAN VAN AANVAL OM MUIZENBERG VAN DIE ENGELSE TE HERNEEM DEUR DIE BEVELVOERDER VAN DIE ARTILLERIE MAJ. G.C. KüCHLER, OPGESTEL

Wel Edele Groot Achtbare Heer !

Door Uw Edele Groot Achbare gelast zijnde om mijn consideratiën op te geeven hoe en op wat wijze dat vermeene met goed succes eene attacque op Muizenberg te kennen doen, en wat geschut &[a] daar te benodigt waaren, zo hebbe de eer aan Uw Edele Groot Achtbare te raporteeren, dat na mijn inzien men hetzelve op de volgende wijze behoorde te attacqueeren namentlij,

"Van de zyde van de valley, plaatsende aldaar twee houwitzers benevens twee canons aldaar front makende na de kant van Muizenberg en twee canons à 4 lb. front makende na de kant van de zee gesoutineerd en gedekt door de infanterie van de Wijnbergen en twee compagnies cavallery zijnde dit geschut en troepes de geene welke de hoofd attacque moeten doen, vervolgens diend men op dezelve zijde en wel omtrend de einde van de valey hier na toe twee p[s] canon à 12 lb. te plaatsen moetende deeze canons dienen om de vijandelike battery te doen swijgen en te demonteeren als mede de attacque en retraite te dekken.

"Aan de syde van de Steenbergen alwaar thans drie canons à lb. staan, moet een vierde van de Wijnberg gebragt worden om met de infantery en cavallery in front te attacqueeren en dan de twee canons van 3 lb. meede aan de Wijnbergen staande moet men doen avanceeren tot omtrend de Keyzersmond om ingevallen men mogt gerepouseerd werden niet alleen veilig konde retireeren maar zich ook wederom setten om op nieuw te attacqueeren moetende zoo wel by de twee 3 lbs. een halve Compagnie cavallery tot dekking geplaats worden, de Steenberge met eenige hondert handgranate te moeten worden voorzien dewelke door een officier 8 gemeen artilleristen en 16 jongens moeten behandeld werden zijn de pandoeren op het gebergte zo om te attacqueeren als om evengemelde artilleriste te soutineeren en te dekken.

Om dit ten uitvoer te brengen word voor de artillerie vereischt, dat ten eersten:

2 Canons à 12 lb.,

2 houwitzers,

1 canon à 6lb. alle met derzelver amunitie en toebehooren - zoo hand-granaaten,

10 zwalpen van 2 duim dik en 8 voet lang tot beddingen - zo stil en met zo min omslag als mogelijk na de Wijnbergen verzonden worden, om daarvan te geleegene en bepaalde tyd verder ter bovengenoemde plaatzen te worden getransporteerd: om de hier booven aangehaalde plaatsen wel te vinden dient aan den commandant een exact situatie plan dier contry ter hand gesteld te worden, waar in zo wel de positie van het geschut als ook der infantery en cavallery aangemerk zijn.

Tot bediening van de twee canons à 12 lb., twee houwitzers, twee canons à 6 lb., ses canons à 4 lb., twee canons à 3 lb. en het werpen der hand-granaaten, zijn nodig de volgende manschappen van het corps artillerie:

8 officieren

19 bombardiers en cannoniers der 1e classe

120 gemeen

In de beide kampe bevinden zich reeds:

6 officieren

6 bombardiers

10 cannoniers 1e classe

2 tamboers

87 cannoniers der 2e classe

Soodat nog dienen na gesonden te worden:

twee officiers

drie bombardiers

drie en dertig cannoniers der 2e classe

en de volgende spannen paarden of osses:

| | |
|---|---|
| 2 span à 16<br>4 span à 12<br>8 span à 10 | - tot transport van het geschut |
| 2 span à 12 | - tot transport van de ammunitie |

wordende voor de twee canons à 12 lb. twee carrewye waagens tot transportering der ammunitie vereischt. Dog vermits het alles afhangt van het goed beleid en de praesentie van geest van den comandant gelijk meede

van de obedientie en cordaatheid der officieren en gemeene, zo kan den ondergeteekende Uw Ed Groot Achtbare voor de zeekere goede uitslag niet intstaan.

Vertrouwende hier meede aan het hoog geëerde bevel van Uw Edele Groot Achbare voldaan te hebben heb ik de eer met de volkoomste hoogachting te zijn

Wel Edele Groot Achtbare Heer

U WEd. groot Achbare zeer

onderdanige en gehoorzame dienaar

(get.) G.C. Küchler.[1]

Cabo de Goede Hoop

den 31 Augustus 1795.

---

1) V.C. 65: Brieven en Bylagen, pp. 118-122.

## BYLAE III.

### VOORWAARDES VAN OORGAWE DEUR DIE KOMMISSARIS-GENERAAL, A.J. SLUYSKEN, AAN GENL. CLARKE EN ADML. ELPHINSTONE VOORGELê

| | |
|---|---|
| Answers to the annexed Articles of Capitulation. | Voorslagen van Capitulatie, gedaan door den Commissaris en de Regeering van Caap de goede Hoop aan den Generaal Clarke, als commandeerende het Leger van Zyne Groot Britannische Majesteit, en den Vice Admiraal George Keith Elphinstone, Ridder van het Bath, commandeerende de Vloot van hooggem. Zyne Majesteit. |
| Art. 1. | Art. 1. |
| The Capitulation being signed the Castle and the Town are to be surrendered to a detachment of His Brittanick Majesty's Troops at 11 O Clock this day. | De Capitulatie getekend zynde, zal het Casteel en de Stad worden overgegeven aan een Detachement Troupes van Zyne Groot Britannische Majesteit. |
| Art. 2. | Art. 2. |
| Agreed. | De Militairen zullen met alle Krygs Eer uittrekken, en buiten gemarcheerd zynde, haare Wapenen nederleggen, en Krygsgevangen zyn, dog de Officieren haare Degens behouden. |
| Art. 3. | Art. 3. |
| Agreed. | Diegene der Militaire Officieren, welke op hun Woord van Eer, om niet tegen het Ryk van Engeland, geduurende deezen Oorlog, te zullen dienen, zullen verzoeken van hier te vertrekken, zal hetzelve worden toegestaan, zelfs met neutraale Scheepen, dog in dien Gevalle op haare eige Kosten, met vryheid om haare Eigendommen te realiseeren en mede te neemen. |
| Art. 4. | Art. 4. |
| Agreed. | De Officieren welke verlangen alhier te blyven, zal zulks worden geaccordeert, buiten eenige Dienst. |

Art. 5.

Alle onder afgeschreeven Gagie gestelde en geligte Dienaaren der E. Compe. zullen in deeze Colonie mogen verblyven.

Art. 5.

Agreed in it's fullest latitude.

Art. 6.

Alles wat aan de Compagnie behoord, zal ter goede trouwe worden overgegeven, onder Inventaris, zonder agterhouding, dog de Eigendommen der Comps. Dienaaren, zo aan de penne, de Zeevaarende als de Militaire Stand, mitsgaders van alle Burgers en Ingezetenen, zullen vry en onaangeroerd blyven, zo wel als hetgeen toebehoord aan Godshuizen, Weezen en publique Gestichten.

Art. 6.

Agreed.

Art. 7.

De Colonisten zullen alle haare Voorregten, welke thanks genieten, blyven behouden, zo wel als der presentie Godsdienst, zonder eenige Verandering.

Art. 7

Agreed.

Art. 8.

Zyne Groot Britannische Majesteit zal, tot voorkoming van de totale Ruine der Ingezetenen, de Waarde van het papiere Geld doen standgrypen.

Art. 8

Agreed. The answer to this Article is at the foot of the Capitulation.

Art. 9.

Geene nieuwe Belastingen zullen worden ingevoerd, maar de tegenswoordige, uit aanmerking van het Verval der Colonie, zo veel mogelyk worden gemodificeerd.

Art. 9.

Agreed.

Art. 10.

De Commissaris, als Gouverneur, Krygsgevangen zynde, zal na Overgave van alles wat aan de Compagnie behoord, vryheid hebben om op syn Woord van Eer te mogen vertrekken, zelfs des verkiesende met een neutraal Schip.

Art. 10.

Agreed.

Art. 11.

Hem zal toegestaan zyn, om alles wat hem toebehoord, volgens zyn Verklaaring op zyn Woord van Eer, mede te voeren of te realiseeren, zonder eenige belemmering.

Art. 11.

Agreed.

Art. 12.

Agreed.

Art. 12.

Ook zal hy, na dat alle Papieren, Plans &c. aan het Gouvernement behoorende ter goede trouwe zal hebben overgeleverd, vryheid hebben, om alle die Papieren, welke hem behooren, en tot Verdediging van zijn Gedrag, geduurende den Tyd van zyn Ministerie, nodig heeft, na zig en mede te neemen, zodanig als hy zulks zoude hebben mogen doen, was hy door zynen Souverain ontslagen geworden.

Art. 13.

Agreed.

Art. 13.

Eindelyk zal niemand, het zy Dienaaren van de Compagnie, Zeelieden, Militairen, Burgers ofte wie het weezen mogte, tot den dienst van Zyne Groot Britannische Majesteit worden geprest, nog geëngágeerd, als met zyn eige vrye Wille.

Aldus Gedaan en Voorgeslagen by den ondergetekende Commissaris, mitsgrs. de Leden van den politiquen Raad, uitmakende de Regeeringe van het Gouvernement van Caab de goede Hoop - In het Casteel de goede Hoop den Zestiende Dag der Maand September van het Jaar Duizend Zeeven honderd Vyf en Negentig.

(Geteekend) A.J. SLUYSKEN,
J.I. RHENIUS,
R.J. GORDON,
J.J. LE SUEUR,
O.G. DE WET,
C. BRAND,
W.S. VAN RIJNEVELD,
E. BERGH.

Answer to Article 8.

It having been represented to us that the utmost confusion must ensue in the Colony and that it would in all probability be attended with the Entire ruin of it, if the paper money now in circulation in it were deprived of that security which can alone give any effect to the 8th article, We therefore consent that the Lands and Houses the property of the Dutch East India Company in this settlement shall continue the security of that part of the money which is not already secured by Mortgages upon the Estates of Individuals by it's having been lent to them. This is to be however without prejudice to the Government of Great Britain having the use of the Buildings &c. for public purposes and we will further represent to His Majesty's Government the infinite

importance of this subject to the future prosperity of the Colony and request that they will take it into Consideration in Order to make such arrangements as may appear proper for it's final liquidation if practicable.

RUSTENBURG 16th Septr. 1795.

(Signed) ALURED CLARKE,
General.
G.K. ELPHINSTONE,
Vice Admiral.

A true and exact Copy of the Original.
(Signed) H. ROSS, Secretary.
(Initialed) A.C.[1)]

1) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, pp. 127-130.

# BYLAE IV.

## ONGEVALLELYS VAN DIE BRITTE

1.

OPGAWES VAN GEDOODES, GEWONDES EN VERMISTES VAN DIE TROEPE EN SEEMANNE ONDER BEVEL VAN GENL.-MAJ. CRAIG TUSSEN 7 AUGUSTUS EN 3 SEPTEMBER 1795.

| KORPS | Gedood | Gewond | | | | | Vermis |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manskappe | Majoors | Kapteins | Onder-Offisiere | Tromslaners | Manskappe | Manskappe |
| 2e Bataljon 78e Regiment . . | 1 | 1 | 1 | .. | .. | 15 | 2 |
| St. Helena Korps . . . . . | 1 | .. | 1 | .. | .. | 1 | .. |
| Matrose . . . . . . . . . . | 1 | .. | .. | 1 | 1 | 10 | 3 |
| Mariniers . . . . . . . . . | .. | .. | .. | .. | .. | 6 | .. |
| TOTAAL | 3 | 1 | 2 | 1 | 1 | 32 | 5 |

Name van Gewonde Offisiere:-

Maj. Monypenny 78e Regiment.

Kapt. Hercules Scott 78e Regiment.

Kapt. Dentaffe St. Helena Korps.

Mnr. Harty, Adelbors R.N.

(Get) J.H. CRAIG, Genl.-Maj.[1)]

1) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, p. 117.

2.

OPGAWE VAN DIE GEDOODES EN GEWONDES VAN DIE TROEPE EN SEEMANNE ONDER BEVEL VAN GENL. ALURED CLARKE OP 14 SEPT. 1795.

| KORPS | Gedood | | | Gewond | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Sersante | Tromslaners | Manskappe | Sersante | Tromslaners | Manskappe |
| Grenadiers 78e . . . . . | .. | .. | .. | .. | .. | 2 |
| " 84e . . . . . | .. | .. | .. | .. | .. | 1 |
| " 95e . . . . . | .. | .. | .. | .. | .. | 4 |
| " 98e . . . . . | .. | .. | .. | .. | .. | 2 |
| Ligte Infanterie 78e . . . | .. | .. | .. | .. | .. | 2 |
| " " 95e . . . | .. | .. | .. | .. | .. | 2 |
| " " St.Helena Kompanie | .. | .. | .. | 1 | .. | 2 |
| 98e Regiment . . . . . | .. | .. | .. | .. | .. | 1 |
| Ligte Kompanie Seemanne . . . | | | 1 | .. | .. | .. |
| TOTAAL | | | 1 | 1 | | 16 |

(Get) WALTER CLIFFE, Waarn. Adj.-Genl.[2]

2) Ibid., p. 126.

3.

OPGAWE VAN GEDODES EN GEWONDES VAN DIE TWEE BATALJONNE SEEMANNE WAT AAN WAL GEDIEN HET AAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP, TUSSEN 1 AUGUSTUS EN 16 SEPTEMBER 1795.

Eerste Bataljon deur kapt. Temple Hardy aangevoer.—

Agt Seemanne gewond.

(Get.) T. HARDY.

Tweede Bataljon deur kapt. J.W. Spranger aangevoer.—

Een Seeman gedood.

Mnr. Joseph Harty, Adelbors van die Rattlesnake en

Drie Seemanne gewond.

(Get.) J.W. SPRANGER.[3]

3) Ibid., p. 131. Die opgawe van die Kaapse Magte word nie gegee nie omdat dit nêrens gevind kan word nie.

## AFKORTINGS IN VOETNOTE

| | |
|---|---|
| Acc. . . . . . . . | Aanwinste |
| B.O. . . . . . . . | Britse Okkupasie. |
| C. . . . . . . . | Politieke Raad. |
| C.J. . . . . . . . | Raad van Justisie. |
| K.A. . . . . . . . | Kaapse Argief. |
| M. . . . . . . . | Diverse Stukke. |
| N. . . . . . . . | Notarisse. |
| V.C. . . . . . . . | Woordelikse Afskrifte. |

# LITERATUUR EN BRONNELYS.

## A. ARGIVALE BRONNE

### 1. Onuitgegewe Argivale Bronne

#### (a) Kaapse Argief, Kaapstad.

(i) Aanwinste (Acc.).

| | |
|---|---|
| Acc. 137: | Duminy Papers. |
| Acc. 316: | General and Garrison Orders, 15th July, 1795 - 13th March, 1796. |
| Acc. 455: | Archives of Henry Dundas, 1st Viscount Melville, being original documents, manuscripts and autograph letters formerly in the possession of Henry Dundas, Home Secretary, 1791-1794, Secretary for War, 1794-1801. |

(ii) Britse Okkupasie (B.O.).

| | |
|---|---|
| B.O.: 32-34: | Miscellaneous Documents (Memorials), 1-111, 1795-1803. |
| B.O.: 48: | Letter Book: Craig to Dundas, 16th June, 1795 - 22nd May, 1797. |
| B.O.: 85: | Sketches of the Political and Commercial History of the Cape of Good Hope, 1795. |
| B.O.: 86: | Letters and Copies Received, 1795-1804. |
| B.O.: 88: | Conditions of Surrender and Articles of Capitulation of Cape Colony, 1795. Proclamation by Governors, 1797. |

(iii) Diverse Stukke (M).

| | |
|---|---|
| M.57(b): | Beskuldigings teen en verdediging van De Lille, 1795. |
| M.58(c): | Letter dated 27th August, 1795, from the Military Council on Defence Plans. |
| M.74: | Louies Reynders se Dagboek, 1793-1803. |

(iv) Insolvente Boedels (M.O.I.B.).

| | |
|---|---|
| M.O.I.B. 21600: | Joernal van kapt. J.J. Kibourgh, van die Meuronse Regiment, 1787-1814. |

(v) Leibbrandt Manuskripte (LM.).

| | |
|---|---|
| LM.V(c): | Marginalia Resolutiën Raad van Politie, 1793-1795. |
| LM.VI: | Council of Policy "Memoriën en Instructiën Requesten en Nominatiën - Precis, 1657-1795. |
| LM.XIII: | Letters Dispatched Precis, 1792-1795. |
| LM.XIV: | Requesten Precis, 1792-1795. |

(vi) Notarisse (N).

| | |
|---|---|
| N. 19-20: | Minuutaktes van Verklaringen en Protesten, 1795-1796. |
| N. 68: | Minuutaktes van Verklaringen, Certifikaten, Mitsgaders Actens van Jus Delibirandi en Renuntiatie, Feb. 1796-Des. 1796. |

(vii) Politieke Raad (C.).

C. 81: Resolutiën, Raad van Politie, 1787.

C. 108: Resolutiën, Raad van Politie, 1795, Jan.-Sept.

C. 109: Resolutiën, Raad van Politie (Secrete), 1794 Sept. - 1795 Sept.

C. 112: Resolutiën, Raad van Politie (Secrete), 1795 Feb.-Mei.

C. 119: Notule van Raad van Politie (klad), 1795.

C. 220: Bylagen tot de Resolutiën Raad van Politie, 1795, Jan.-Feb.

C. 221: Bylagen tot de Resolutiën Raad van Politie, 1795 Mrt.-Apr.

C. 222: Bylagen tot de Resolutiën Raad van Politie, 1795 Mei-Sept.

C. 476: Inkomende Brieven Raad van Politie, 1791-1793. (Brie-van Ontvang met Maria Louisa.)

C. 477: Inkomende Brieven Raad van Politie, 1792-1795.

C. 481: Inkomende Brieven Raad van Politie (en Rapporten Posthouder Baai Fals), 1794-1795.

C. 573: Uitgaande Brieven, Raad van Politie, 1795.

C. 687: Origineel Placaat Boek, 1792-1795.

C. 689-691: Brieven van Commissarissen-Generaal Nederburgh en Frykenius aan Raad van Politie, 1792-1793.

C. 698-699: Brieven en Papieren van A.J. Sluysken aan de Gecommitteerdens.

C. 704-707: Memoriën en Instructiën, 1775-1795.

C. 786-787: Losse Stukken.

C. 795: Militêre Stukken, 1745-1795.

C. 797: Militêre Kommissarisse, 1789-1795.

C. 799: Gemengde Stukke, 1714-1795.

C. 800: Burgerbesware en Kommissie van Ondersoek, 1742-1796.

C. 802: Kladbriewe en Afskrifte, 1792-1795.

(viii) Raad van Justisie (CJ).

CJ. 77-78: Oorspronklike Regsrolle en Notule, 1795-1796.

CJ. 255: Geheime Notule 1789-1804.

CJ. 652: Criminele Procedures, Fiscaal contra Lieut.-Col de Lille.

CJ. 2492: Inkomende Briewe 1793-1795.

CJ. 3601-3602: Diverse Konsepnotulen, Verbale en Bylae, 1791-1799.

(ix) Woordelikse Afskrifte (VC.).

VC. 58: Documents copied by Dr. G.M. Theal in the Public Record Office, London, and the British Museum.

VC. 64: Memorie aan Zyne Hoogheid van de Militaire Commissie, 25 September 1789, en Brieven en Rapporten van de Militaire Commissie, 1790.

VC. 65-68: Brieven en Bylagen van den Commissaris A.J. Sluysken, 1793-1795.

VC. 75: Marnitz, P.W.: Verhaal van de Overgaave van de Kaap de Goede Hoop aan de Engelschen door een vriend der waarheid aldaar. In't tweede jaar der Batavische Vryheid.

VC. 76: Campagne, H.D.: Memorie en Byzonderheden wegens de Overgave der Kaap de Goede Hoop, 1795. Als mede een stuk getiteld "Relaas gegeven door den's lands Kapitein Dekker wegens het voorgevallene tusschen denzelve, den Engelsche Admiraal Sir George Keith Elphinstone, en den Commissaris Sluysken aan Kabo de Goede Hoop". Beide afschriften van de originele stukken in't Haagsch Archief aanwesig, en alhier ontvangen in't jaar 1885.

VC. 81: Correspondence in respect of British Occupation of the Cape in 1795.

VC. 117: Beredeneerde Memorie over den Staat van defensie van Cabo de Goede Hoop, 1786.

VC. 173: Manuskrip in Duits betreffende Kaapse Geskiedenis. (Berlynse Staatsbiblioteek 890). Ongedateer (vermoedelik 1778).

(b) Argief van die Burgerkrygsraad, Kaapstad.

1/2 : Notules, 1787-1795.

2/1 : Inkomende Briewe aan die Krygsraad Kaapstad, 1712-1795.

3/1 : Uitgaande Briewe, 1795.

4/1 : Instruksies van die Burger Krygsraad en Direkteur van die Militêre Arteliers en Artillerie Konstruksie Winkels.

6/1 : Monsterrolle en Diverse Lyste.

2. Gedrukte Argivale Bronne.

Janisch, H.R.: Extracts from the St. Helena Records. St. Helena, 1885.

Leibbrand, H.C.V. en Heeres, J.E.: Memoriën van den Gouverneur Van de Graaff over de Gebeurtenissen aan de Kaap de Goede Hoop, 1780-1806. 's Gravenhage, 1916.

Nederburgh, S.C.: Echte Stukken betreffende het Volbragt onderzoek der Verrichtingen van de Generale Commissie in den Jare 1791 benoemd geweest over de O.I. Bezittingen van den Staat en de Kaab de Goede Hoop, benevens den Finalen Uitslag van Hetzelve. Den Haag, 1803.

Neethling, C.L.: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken, voormalige commissaris van Cabo de Goede Hoop, en Verdediging van't Gedrag der Caapsche Burgery. Plek van uitgawe onvermeld, 1797.

Sluysken, A.J.: Verbaal gehouden by den Commissaris van de Caap de Goede Hoop, A.J. Sluysken, zeedert het arrivement der Engelsche Vloot, onder den Admiraal Sir George Keith Elphinstone,

den 10 Juny 1795, en de overgaave van die Kolonie aan de wapenen van Groot-Brittannien, den 16 September daar aanvolgende. Den Hage, 1797.

Theal, G.M.: Belangryke Historiesche Dokumenten over Zuid-Afrika, (3 Dele.) Kaapstad en Londen, 1896 en 1911.

________ : Records of the Cape Colony, 1793-1796. Londen, 1897.

B. LETTERKUNDIGE BRONNE.

(i) Land- en Reisbeskrywings.

BARROW, J.: An Account of Travels into the Interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, Twee Dele. Londen, 1801-1804.

DAMBERGER, C.F.: Travels through the Interior of Africa, from the Cape of Good Hope to Morocco, in the years 1781 and 1797. Londen, 1801.

DE JONG, C.: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen, in de Jaren 1791 tot 1797. 2 Dele. Haarlem, 1802.

KOLBE, PETER: Naaukeurige en Uitvoerige Beschryving van de Kaap de Goede Hoop, Dl. I. Amsterdam, 1727.

PERCIVAL, R.: An Account of the Cape of Good Hope including its capture by the British in 1795. Londen, 1804.

SPARRMAN, A.: Reize naar de Kaap de Goede Hoop, de Landen van den Zuidpool en Rondom de Waereld. (2 Dele.) Leiden, 1787.

ST. PIERRE, J.H. BERNADIN DE.: A voyage to the Isle of France, Isle of Bourbon and the Cape of Good Hope. Londen, 1800.

STOUT, B.: Cape of Good Hope and its Dependencies. Londen, 1820.

VAN BOECHENROEDER, B.F.: Berigt nopens de Volkplanting de Kaap de Goede Hoop. Amsterdam, 1806.

(ii) Periodieke Publikasies.

Cape Monthly Magazine, 1875.

The Annual Register (Londen), 1770-1800 (XIII-XLII).

The Gentleman's Magazine and Historical Chronicle (Londen), 1774-1796 (XLIV-LXVI).

The Political State of Europe (Londen), 1795, (X).

C. HISTORIESE WERKE.

Algemene Geschiedenis der Nederlanden. Utrecht, 1949.

ALLARDYCE, A.: Memoir of the Hon. George Keith Elphinstone, K.B., Viscount Keith, Admiral of the Red. Edinburgh, 1882.

ARKIN, M.: "John Company at the Cape. A History of the Agency under Pringle, (1794-1815), based on a study of the Cape of Good Hope 'Factory Records'", Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Drie-en twintigste jaargang, Dl. II. 1960.

BARNARD, C.J.: "Robert Jacob Gordon se loopbaan aan die Kaap", Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Dertiende jaargang, Dl. I. 1950.

BENTLEY, R.: The Naval History of Great Britain from the Declaration of War by France in 1793 to the Accession of George IV, Dl. I. Londen, 1837.

BEYERS, C.: Die Kaapse Patriotte, 1779-1791. Kaapstad, 1929.

BLEBY, A.S.: South Africa and the British Empire. Kaapstad, 1912.

BÖESEKEN, A.J.: "Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap", Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Sewende jaargang, 1944.

BURNE, ALFRED H.: The Art of War on Land. Harrisburg, 1947.

CAMPBELL, C.T.: British South Africa. Londen, 1807.

COLEBRANDER, H.T.: Koloniale Geschiedenis, Dl. I. 's Gravenhage, 1925.

COLVIN, I.D.: The Cape of Adventure. Londen, 1912.

CORY, G.E.: The Rise of South Africa, Dl. I. Londen, 1827.

DE HAAN, C.J. en VAN WINTER, P.J.: Nederlanders over de Zeeën. Utrecht, 1940.

Dictionary of National Biography, Dl. XII. Londen, 1887; Dl. XVII. Londen, 1887.

DOUGLAS, M.: The Cape and its Story. Londen, 1907.

FISHER, R.B.: The Importance of the Cape of Good Hope as a Colony to Great Britain. Londen, 1816.

FURBER, H.: Henry Dundas, first Viscount Melville, 1742-1811. Londen, 1931.

GIE, S.F.N.: Geskiedenis van Suid-Afrika, Dl. I. Stellenbosch, 1924.

HARLOW, VINCENT T.: The Founding of the Second British Empire, Dl. I. Londen, 1952.

HEERES, J.E.: De Overgang van de Kaapkolonie van Nederlands in Engelands Bezit. Indisch Genootschap, 1907.

IDENBURGH, P.J.: De Kaap de Goede Hoop Gedurende de Laatste Jaren van het Nederlandsch Bewind. Leiden, 1946.

JAMES, W.: Naval History of Great Britain, 1793-1820, (6 dele). Londen, 1847.

JEANS, T.T. en STRUBEN, C.: The Sea and South Africa. Kaapstad, 1944.

LAUTS, G.: Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop, Nederlandsche Volkplanting, 1652-1806. Amsterdam, 1854.

MARAIS, J.S.: Maynier and the first Boer Republic. Kaapstad, 1944.

MARTIN, R. MONTGOMERY.: History of South Africa. (Tweede Uitgawe.) Londen, 1843.

MOODY, D.: South-African Annals, 1652-1795. Pietermaritzburg, 1855.

MULLER, C.F.J.: Johannes Frederik Kirsten oor die toestand van die Kaapkolonie in 1795. Pretoria, 1960.

NIJPELS, G.: Hoe Nederland Ceilon Verloor. 's Gravenhage, 1908.

PALIT, D.K.: The Essentials of Military Knowledge. Londen, 1953.

PALLAND, A. VAN: General Remarks on the Cape of Good Hope. Kaapstad, 1917.

PARGITER, R.B. en EADY, H.G.: The Army and Sea Power. Londen, 1927.

PARKINSON, C. NORTHCOTE: Trade in the Eastern Seas 1793-1815. Londen, 1954.

PASTON, G.: Side-lights on the Georgian Period. Londen, 1902.

PERRIN, W.G.: The Keith Papers, Dl. I, Navy Records Society, LXII. Londen, 1927.

RAS, A.C.: Die Kasteel en ander vroeë Kaapse Vestingswerke, 1652-1713. Kaapstad, 1949.

RICHMOND, H.: The Navy in India, 1763-1783. Londen, 1931.

ROUX, G.A.: Europese Oorloë en die Kaap (1652-1795). Stellenbosch, 1941. Ongepubliseerde M.A.-proefskrif.

ROUX, P.E.: Die Verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oosindiese Kompanjie (1652-1759). Stellenbosch, 1925.

THEAL, G.M.: History and Ethnography of Africa South of the Zambesi before 1795, Dl. III. Londen, 1910.

The Cambridge History of the British Empire, Dl. VIII, (Tweede Uitgawe). Londen, 1963.

The New Cambridge Modern History, Dl. VIII. Londen, 1965; Dl. IX. Londen, 1965.

TURNER, L.C.F.: The Cape of Good Hope and the Trafalgar Campaign. Johannesburg, 1938. Ongepubliseerde M.A.-proefskrif.

―――――― : "The Cape of Good Hope and the Anglo-French conflict, 1791-1806", Historical Studies, Australia and New Zealand, 9, (36). Mei, 1961.

VAN DEN BERGH, N.: Uit de Dagen der Kompagnie. Haarlem, 1904.

VAN DER WALT, A.J.H., WIID, J.A. en GEYER, A.L., verwerk en bygewerk deur KRUGER, D.W.: Geskiedenis van Suid-Afrika. (Tweede Uitgawe.) Kaapstad, 1965.

VAN KAMPEN, N.G.: Geschiedenis der Nederlanders buiten Europa, of Verhaal van de Togten, Ontdekkingen, Oorlogen, Veroveringen en Inrigtingen der Nederlanders in Aziën, Afrika, Amerika en Australië, van het Laatst der Zestiende Eeuw tot op Dezen Tijd, 3 Dele. Haarlem, 1831-1832.

VERDUYN DEN BOER, J.H.: Schetsen uit het Kaapse Leven van de 18e en 19e eeuw. Kaapstad, 1929.

VOIGT, J.C.: Fifty Years of History of the Republic in South Africa, 1795-1845, Dl. I. Londen, 1899.

WALKER, E.A.: History of South Africa, (Tweede Uitgawe). Londen, 1941.

WATERMEYER, E.B.: Selections from the writings of the late E.B. Watermeyer. Kaapstad, 1877.

——————— : "The Capture of the Cape in 1795", Cape Monthly Magazine, Dl. II, 1875.

——————— : Three Lectures on the Cape of Good Hope under the Government of the Dutch East India Company delivered to the Mechanics Institute. Kaapstad, 1857.

WIERINGA, P.A.C.: De oudste Boeren Republiek Graaff-Reinet en Zwellendam. 's Hage, 1921.

WILMOT, A. en CHASE, J.: History of the Colony of the Cape of Good Hope from its discovery to the year 1819. Kaapstad, 1869.

WORSFOLD, B.S.: Story of South Africa. Londen, 1898.